# Agri versekering

## Polisdokument

kingprice.co.za

Gelisensieerde versekeraar | FDV nr. 43862

King Price INSURANCE

PERSONAL ♦ COMMERCIAL ♦ LIFE

Agri

# Hier's wat binne-in is

## Welkom by jou eie King Price polisdokument (KPPD)

Klik hier


| | |
|---|---|
| Welkom by ons familie | 5 |
| Algemene uitsluitings en B's & V's | 6 |
| Die dinge wat jy moet doen | 21 |
| Ons eisprosedure | 23 |
| Aangegewe voordele en groep persoonlike ongevalle | 28 |
| Aanspreeklikheid: Standaard | 34 |
| Besproeiingstelsels | 54 |
| Brand | 65 |
| Cybersure | 87 |
| Diefstal | 105 |
| Elektroniese toerusting | 108 |
| Geboue, huisinhoud en draagbare besittings | 119 |
| Geboue omvattend | 143 |
| Geld | 163 |
| Getrouheid | 172 |
| Gewasse: Hael | 178 |
| Gewasse: Inkomstewaarborg | 196 |
| Gewasse: Vrugte | 209 |
| Glas | 220 |
| Goedere in transito | 223 |
| Kantoorinhoud | 228 |
| Lewende hawe en wild | 241 |
| Motor | 259 |
| Onklaarraking van masjinerie | 288 |
| Onklaarraking van masjinerie: Sake-onderbreking | 293 |
| Onklaarraking van masjinerie: Verslegting van voorraad | 302 |
| Rekeninge ontvangbaar | 306 |
| Sake: Alle risiko's | 308 |
| Sake-onderbreking | 312 |
| Toevallige skade | 330 |
| Vaartuie | 334 |


**Aanhangsel**


| | |
|---|---|
| Standaardtegniek vir nadoodse ondersoeke en monsterinsameling | 343 |

# Ons kontakbesonderhede

## As jy antwoorde nodig het... Gee ons ’n luitjie

| | |
|---|---|
| Polisadministrasielyn | 0860 21 00 00 |
| E-pos | agri@kingprice.co.za |
| Aanlyn | kingprice.co.za |
| Dien ’n eis in | agri@kingprice.co.za |

## Ons hoor graag van jou... Klagtes of komplimente

By King Price is ons nie net supergoedkoop en -doeltreffend nie, maar ook net so weetgierig, en ons wil seker maak ons doen ons allerbeste. Goeie diens is vir die koning uiters belangrik.

As jou konsultant jou dus op ’n koninklike wyse bederf het, of net eenvoudig jou dag bederf het, moet tog nie huiwer om ons te laat weet nie.

**Of jy nou klagtes of komplimente het, stuur gerus jou e-pos direk aan die koning by king@kingprice.co.za**



# Sasria

Sasria is die enigste korttermynversekeraar wat spesiale risikodekking verskaf aan alle persone en besighede wat bates in Suid-Afrika besit, asook aan staatsentiteite. Dit is unieke dekking teen buitengewone risiko's soos burgerlike beroering, openbare onluste, stakings, oproer en terrorisme, en Suid-Afrika is 1 van die paar lande in die wêreld wat hierdie versekering verskaf.

**Neem asseblief kennis: Om vir Sasria-dekking te kwalifiseer, moet jy en enigiemand wat deur jou versekeringspolis gedek word, aan die bepalings en voorwaardes in hierdie King Price-polisdokument voldoen.**

## Jou Sasria-premie

As 'n sakeversekeringskliënt kan jy kies of jy hierdie bykomende dekking van Sasria wil hê of nie. As jy besluit om hierdie dekking by jou koninklike polis in te sluit, sal jou maandelikse premie die Sasria-premie insluit, wat ons dan namens jou aan Sasria sal betaal.

Hier's die somme:

- Persoonlike versekering van voertuie (insluitend motor-, motorfiets-, sleepwa- en woonwadekking) = R2.02 per voertuig.
- Besigheidsvoertuie (alle voertuie word vir besigheidsdoeleindes gedek): R4.54 per voertuig.
- Vaartuie: 0.001090% van versekerde bedrag, met 'n minimum van R5.00 per vaartuig.
- Geboue, huisinhoud en draagbare besittings: 0.000363% van versekerde bedrag, met 'n minimum van R3.00.

Klik hier vir die Sasria-polisdokument, wat meer inligting bevat.

## Sasria se kontakbesonderhede

| | |
|---|---|
| Aanlyn | sasria.co.za |
| Posbus | 653367, Benmore 2010 |
| Adres | Frickerweg 36, Illovo, Sandton 2196 |
| Foon | +27 11 214 0800/0861 72 77 42 |
| Faks | +27 11 447 8630/0861 72 73 29 |
| Registrasie nr. | 1979/000287/06 |
| BTW nr. | 4140119340 |
| FDV nr. | 39117 |
| E-pos | contactus@sasria.co.za |



# Jou eie King Price agri-versekeringspolisdokument

**Baie geluk**

**Jou boerderybesigheid word nou deur die koning beskerm**

Aangesien jy reeds deel is van King Price se koninklike familie, besef ons dis nie nodig om jou te sê hoe wys jou besluit is nie.

Ons gaan nie doekies omdraai nie... Dis lank, trouens, dis meer as 350 bladsye lank. En dis omvattend. Terwyl jy lees, sal jy woorde soos 'aansteeklike epidemies' en 'kapitaaltoevoegings' teëkom. Wat nog te sê van 'Trojaanse'. Wie wil nou 'n lang en waarskynlik vervelige polisdokument lees?

Om eerlik te wees, miskien wil jy. Omdat dit jou polisdokument vir jou boerderybesigheid is. Dit verduidelik die dekking wat jou besigheid sal hê en dit sit die fyner besonderhede van jou polis en al jou verantwoordelikhede op (hopelik) die duidelikste moontlike manier uiteen.

Daarom, lees dit asseblief, gaan al die besonderhede in jou polisskedule na en maak seker dat jy die polisbewoording deeglik verstaan. As enigiets onduidelik is, of as jy jou inligting op datum moet bring, bel ons sommer dadelik by 0860 21 00 00. Dis in jou beste belang.

Ons is trots daarop om die King Price agri-versekeringspolisdokument in Afrikaans te publiseer, maar wil net bevestig dat die Engelse King Price agri policy document steeds as die oorspronklike dokument gesien moet word, vir alle nodige doeleindes. Onthou, onakkurate besonderhede = ontoepaslike dekking vir jou besigheid.

Koninklike groete,

King Price
0860 21 00 00
agri@kingprice.co.za
Gelisensieerde versekeraar | FDV nr. 43862
12/21

# Algemene uitsluitings en B's & V's

Hierdie algemene uitsluitings asook bepalings en voorwaardes is van toepassing op alle aspekte van jou agri-versekeringspolis by King Price Insurance.

## Verwysings na 'jy'/'jou'/'versekerde'

Alle verwysings in hierdie polis na 'jy', 'jou' of 'versekerde' beteken die polishouer wat in jou polisskedule gemeld word.

**Neem asseblief kennis: Jou risikoprofiel bepaal jou premie en alle ander veranderlikes wat verband hou met die dekking wat ons adverteer en aanbied. Dit is jou verantwoordelikheid om jou profiel 100% korrek en op datum te hou.**

## Verwysings na 'ons'

King Price Insurance Company Limited (2009/012496/06)

| | |
|---|---|
| FDV nr. | 43862 |
| Adres | Posbus 284, Menlyn, Pretoria 0063<br>Blok A, Menlyn Corporate Park, Corobaylaan 175,<br>Waterkloof Glen x11, Pretoria 0181 |
| Foon | 0860 21 00 00 |
| E-pos | agri@kingprice.co.za |
| Aanlyn | kingprice.co.za |

## Verwysings na die 'makelaar'/'tussenganger'

Die versekeringsmakelaarsmaatskappy wat as jou tussenganger met ons optree en wat die reg het om jou polis te administreer.

## Jou versekeringskontrak

Jou kontrak met ons bestaan uit hierdie polisbewoording, jou polisskedule, algemene bepalings en voorwaardes, alle skriftelike korrespondensie en enige mondelinge ooreenkomste wat aangegaan word. Maak asseblief seker dat jy vertroud is met die inhoud van al hierdie dokumente en dat die besonderhede wat in jou polisskedule aangeteken is 100% korrek is.
Onthou, onakkurate besonderhede = ontoepaslike dekking.

## Polisskedule

Die term 'bylae' beteken die dokumente of latere endossemente by hierdie polis, wat uitgereik word as bewys van jou versekering en jou dus geregtig maak op die voordele soos omskryf in die verskillende afdelings van die polis.

## Oop ruimtes

Die omskrewe voorval of omstandigheid wat in jou polisskedule aangedui is, is nie deur hierdie polis verseker nie indien die versekerde bedrag, skadeloosstellingsperk of vergoeding in jou polisskedule:

- Oopgelaat is, of geen geldelike bedrag daarteenoor aangedui word nie.
- As 'nul', 'nie van toepassing nie', 'nie gedek nie' of 'geen skadeloosstelling verleen nie' aangedui is.

## Versekeringstydperk

Die 'versekeringstydperk' beteken die tydperk wat in jou polisskedule gemeld word. Hierdie tydperk begin op die begindatum wat in jou polisskedule gemeld word, en op voorwaarde dat die eerste premie (betaalbaar deur jou) betaal is. Hierdie tydperk sluit ook enige daaropvolgende tydperk in waarvoor ons 'n premie aanvaar.

## Lande waar jy gedek is

Die volgende afdelings word wêreldwyd gedek:

- Alle risiko's.
- Draagbare elektroniese toerusting.
- Aangegewe voordele.
- Groep persoonlike ongevalle.

Alle ander afdelings word in Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland (Eswatini), Zimbabwe, Mosambiek en Malawi gedek.

## Jurisdiksie

Hierdie polis is onderworpe aan die wette van Suid-Afrika.

## Belastings/BTW

Alle premies, versekerde bedrae en bybetalings wat betaalbaar is, sluit alle belastings/ BTW in.

## Versekerbare belang

Jy kan slegs eiendom verseker waarin jy 'n versekerbare belang het. Jy het 'n versekerbare belang in 'n item slegs as jy 'n direkte finansiële verlies sal ly indien die item verloor of beskadig word. Dit is baie belangrik dat jy in die verkoopstadium vir ons akkurate inligting gee, om seker te maak dat jy korrek verseker word.

## Skadeloosstellingsperk

Die bedrag betaalbaar, insluitend enige regskoste wat deur 'n eiser van jou verhaalbaar is vir 'n voorval, sal hoogstens die versekerde bedrag soos gemeld in jou polisskedule wees.

## Verifiëring van dekking en bewys van eienaarskap

Gaan asseblief alle besonderhede op jou polisskedule sorgvuldig na en kontak ons of jou makelaar onmiddellik indien enige besonderhede verkeerd is.

Indien jy ons of jou makelaar nie binne 14 dae na die datum waarop die polisskedule aan jou gepos of aan jou gegee is kontak nie, sal die inligting daarin as korrek beskou word.

Maak seker dat die versekerde bedrae realisties is en dat jy nie oor- óf onderverseker is nie. Jou makelaar sal jou hiermee kan help en advies kan gee.

Bewaar asseblief alle kwitansies, betaalbewyse en waardasiesertifikate van jou items op 'n veilige plek, omdat ons jou om bewys van eienaarskap of bewys van waarde kan vra vir 'n item wat jy by ons verseker het.

## Wanneer dit begin

Die aanvangsdatum (begindatum) van jou dekking is die datum waarop ons ooreengekom het dat die polis sal begin. Jou eerste premie moet ook teen daardie datum betaal wees.

## Jou premie

Jou premie is die bedrag wat jy vooruit, op die ooreengekome betaaldatum, moet betaal om die dekking te kry wat jy gekies het. Die premie kan jaarliks, halfjaarliks, kwartaalliks of maandeliks betaal word.
Jou keuse, ons plesier.

## En as jy nie betaal nie

Sê nou maar jou maandelikse debietorder of die debietorder vir jou jaarlikse, halfjaarlikse of kwartaallikse premiebetaling word deur jou bank teruggestuur, met die gevolg dat jou versekeringspremie wat aan ons verskuldig is nie vir die versekeringstydperk betaal word nie. Dit sal beteken:

- Jy sal geen dekking hê vir die tydperk ten opsigte waarvan jy nie betaal het nie.
- 'n Poging sal aangewend word om die onbetaalde premie op 'n meer geskikte datum in te vorder, sodat jou dekking van krag kan bly.
- Indien die premie steeds nie betaal word nie, sal jy ongelukkig ook nie vir daardie tydperk gedek word nie.
- Hierdie onderbreking in dekking kan ook meebring dat jou polis se tariewe herbereken word.

**Neem asseblief kennis: Indien ons 2 maande na mekaar nie jou maandelikse betaling ontvang nie, hetsy op die betaaldatums of binne die grasietydperke van daardie maande, sal ons onmiddellik jou hele polis kanselleer en jy sal nie meer dekking hê nie.**

Op jaarlikse, halfjaarlikse en kwartaallikse polise moet jy op die ooreengekome betaaldatum of binne die grasietydperk betaal. Die polis sal eindig op die laaste dag van die tydperk ten opsigte waarvan die laaste premie betaal is.

Om dus ononderbroke dekking en gemoedsrus te verseker, maak asseblief seker dat daar elke maand genoeg geld in jou bankrekening is op die datum wat jy versoek het dat ons jou premie debiteer.
Onthou, geen premie betaal nie = geen dekking.

## As 'n verandering nodig is

Jy kan op enige tydstip veranderings aan jou polis aanbring deur ons net te bel of 'n e-pos aan ons te stuur. Enige verandering wat jy aanbring, sal geld vanaf die tydstip en datum waarop ooreengekom is. 'n Bygewerkte polisskedule sal dan aan jou gestuur word. Maak dan asseblief net seker dat die veranderings aangebring is net soos jy dit versoek het.
Onthou, onakkurate besonderhede = ontoepaslike dekking.

**Neem asseblief kennis: King Price kan ook veranderings aan jou polis aanbring, soos en wanneer ons dit nodig ag. Wanneer ons veranderings aanbring, sal ons jou 31 dae kennis gee. As veranderings aan jou polisskedule aangebring word, word alle vorige weergawes ongeldig.**

## Dokumentasie ingedien namens jou

Jy moet seker maak dat alle dokumentasie wat voltooi en ingedien word namens jou, akkuraat en volledig is. Indien jou makelaar die dokumentasie aan ons stuur, moet jy vir ’n kopie hiervan vra en alle inligting bevestig en verseker dat dit korrek is, voordat dit aan ons gestuur word.

## As jy ons wil verlaat

Hopelik sal jy nooit hierdie afdeling hoef te gebruik nie, maar net ingeval dit nodig is, geld die volgende:

- Jy kan jou polis enige tyd kanselleer, en dit sal onmiddellik van krag wees. Indien jy kanselleer, sal ons die betrokke gedeelte van jou premie minus administratiewe koste terugbetaal, met dien verstande dat geen geldige eis gedurende daardie tydperk ingedien is nie.
- Ons kan ook jou polis kanselleer deur jou 31 dae kennis te gee. Ons sal jou mondelings, per e-pos of per pos (gerig aan jou laaste bekende adres) kennis gee.
- Jou polis sal outomaties gekanselleer word wanneer jou maandelikse premies vir 2 opeenvolgende maande nie betaal word nie, hetsy op die betaaldatums of binne die grasietydperke in daardie maande. Jou polis en dekking sal eindig op die laaste dag van die tydperk ten opsigte waarvan jy laas jou premie betaal het.

## Deel van inligting

Ter wille van gesonde versekeringspraktyke, word daar soms van versekeraars verwag om persoonlike inligting te verwerk met betrekking tot eise, versekering en die finansiële geskiedenis van ons kliënte. Jou privaatheid is vir ons van kardinale belang en dis waarom ons dit beskerm in lyn met die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligitng No. 4 van 2013. Vir meer inligting omtrent ons privaatheids-beskerming aangeleenthede, verwys asseblief na ons privaatheidsbeleid.

## Dubbele versekering... Dubbele dekking = nie ’n dubbele uitbetaling nie

Indien ’n eis ook deur ’n ander versekeringspolis in jou besit gedek word, sal ons jou net vir ons gedeelte uitbetaal. As jy dus ’n item elders vir R100,000 verseker en dieselfde item is ook by ons vir R100,000 verseker, sal ons net die helfte betaal en die ander versekeraar sal vir die res van die bedrag aanspreeklik wees.

## Besigheid

Met besigheid bedoel ons die omvang van jou besigheidsaktiwiteite soos op jou polisskedule uiteengesit.

## Die versekerde bedrag van jou geboue en gemiddeld

**Versekerde bedrag**
**- Bybetaling**
**- Dubbele versekering, indien van toepassing**
**- Onderversekering, indien van toepassing**

} = *Jou uitbetaling*



Die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, is die maksimum bedrag wat ons vir enige van jou eiendomsverwante eise sal betaal, minus die bybetaling wat deur jou betaalbaar is, en minus enige dubbele en onderversekering, indien van toepassing.

Jy moet jou eiendom vir die vervangingswaarde daarvan verseker. Dit beteken die bedrag wat dit jou ten tyde van die eis sal kos om jou eiendom te herstel, vervang of herbou.

Die vervangingswaarde van 'n gebou moet byvoorbeeld ook genoegsaam voorsiening maak vir al die buitegeboue, mure, los en vaste toebehore, en die volgende moontlike bykomende koste:

- Professionele en munisipale gelde.
- Slopingskoste.
- Afvalverwydering.
- Beveiliging van die perseel.

Indien jy jou eiendom vir 'n bedrag van minder as die vervangingswaarde daarvan verseker, sal ons jou eis proporsioneel uitbetaal. As die waarde van jou gebou byvoorbeeld R400,000 is en jy verseker dit net vir R200,000 (50% van die vervangingskoste), sal jy net vir 50% van die verlies vergoed word.

**Hier's die somme:**

$$\text{Onderversekering-berekening} = \frac{\text{eisbedrag} \times \text{versekerde bedrag}}{\text{Vervangingswaarde}}$$

**Neem asseblief kennis: Jy moet seker maak dat jou vervangingswaarde realisties is, sodat jy genoeg dekking sal hê as jy dit ooit nodig het. Onthou, dis altyd beter om eerder oorverseker as onderverseker te wees.**

## Ander partye se regte

Net jy, die polishouer, het regte volgens hierdie polis. Net jy mag eis volgens hierdie polis, selfs al is jou dekking uitgebrei om 'n ander party vir hul verlies of skade te dek. Betaling aan jou onthef ons van enige verdere aanspreeklikheid teenoor 'n derde party.

## Volg die reëls

Jy moet aan die bepalings en voorwaardes van hierdie en al die ander afdelings van die polis voldoen. Indien jy nie daaraan voldoen nie, kan dit die uitkoms van jou eis affekteer.

## Hou dit veilig

Indien jy die dienste van 'n wettig geregistreerde sekuriteitsmaatskappy moet gebruik om jou eiendom te beveilig, sal die werknemers van die sekuriteitsmaatskappy as jou eie werknemers beskou word, selfs al word hulle nie direk deur jou betaal nie. Hul werknemerstatus sal beperk word tot die pligte wat in die ooreenkoms tussen jou en die sekuriteitsmaatskappy uiteengesit is.

## Vertel die waarheid

Enige wesenlike wanvoorstelling, wanbeskrywing of nie-openbaarmaking sal die betrokke item, afdeling of onderafdeling van die polis ongeldig maak. Onthou, eerlikheid betaal.

## Hou by die regulasies

Jy moet aan al die toepaslike wetsbepalings en regulasies, riglyne vir beste praktyke, en munisipale en provinsiale regulasies voldoen wat op jou besigheidsaktiwiteite, werknemers, kliënte, goedere, dienste en produkte (vervaardig, voortgebring of verskaf) van toepassing is, asook die toepaslike bepalings van die Korttermynversekeringswet, Wet 53 van 1998, soos gewysig.

## Geen skending nie

Die voorwaardes en waarborge van hierdie polis sal afsonderlik op elk van die versekerde risiko's van toepassing wees, nie gesamentlik op die risiko's nie. 'n Verbreking van enige voorwaarde of waarborg sal dus die polis slegs ongeldig maak ten opsigte van al die risiko's waarop die verbreking van toepassing is, en nie die polis ten opsigte van die ander risiko's affekteer nie.

## Kragstuwing-beskerming

Alle elektroniese toerusting moet toegerus wees met die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde (SABS)-goedgekeurde kragstuwings- en weerligdetektorproppe, of 'n stuwingsbreker moet in die verdeelbord geïnstalleer wees. As jy nie hierdie voorsorgmaatreëls tref nie, sal jy die bybetaling wat in jou polisskedule gemeld word, moet betaal indien jy vir die verlies van of skade aan eiendom na 'n kragstuwing of weerligslag eis.

## Verklaringsgrondslag/premie-aanpassings

Indien die premie vir enige afdeling van hierdie polis op grond van geraamde syfers bereken is, moet jy ons na die verstryking van elke versekeringstydperk van die inligting voorsien wat nodig kan wees om die premie vir die tydperk te herbereken. Enige verskille sal deur of aan jou betaal word.

## Verwydering van struike en bosse

Dekking deur ons 'Brand'-afdeling en dekking vir strooidak-risiko is onderhewig daaraan dat struike, bosse, gras en onkruid skoongemaak en onderhou word tot by die grens omtrek. Hierdie vereiste is nie van toepassing op bewerkte, versorgde tuine of die bome in hierdie tuine nie, maar takke en blare wat op enige afdak oorskryding maak, hetsy strooi of nie, moet terug gesnoei en gehandhaaf word.

## Strooidak-risiko's

Alle geboue met gras-, riet- of strooidakke moet na onderskrywing verwys word vir spesiale aanvaarding voordat hulle verseker kan word.

**Skoorstene**

Indien 'n skoorsteen die dak van 'n versekerde strooidakgebou penetreer, en vaste brandstowwe soos hout of antrasiet in die kaggel gebruik word, is dekking aan die volgende minimum spesifikasies onderworpe:

- Die skoorstene en skoorsteenpype moet van nie-ontvlambare materiaal gemaak wees en in ooreenstemming wees met die SABS se Nasionale Standaard SANS 10400.
- Geen brandbare stowwe mag:
  - Die skoorsteen penetreer nie.
  - Nader as 200mm aan die binnekant van die skoorsteenpyp wees nie.
- Die uitlaatopening moet minstens 1m ver wees van die punt naaste aan die dak.

Hoë skoorstene van soliede baksteen of ander soortgelyke boumateriaal moet met 'n volle baksteendikte van 220mm gebou word en op so 'n wyse dat die buitekante wat met die dekriet in aanraking kom, nie warm word nie. Die sementvoeë in die skoorsteen moet behoorlik opgevul wees.

Indien 'n staalskoorsteen of een van soortgelyke materiaal 'n strooidakvlak penetreer:

- Moet dit aan die onderkant, tussen en bokant die boonste dekrietoppervlakke met plaatmetaal afgewerk word, of poliësterlap wat met veselglas versterk is.
- Moet die wydte van die oorslaglas minstens 250mm wees.
- Moet die voeringmateriaal in die skoorsteen wat in kontak met die staalskoorsteenpyp is, nie in kontak met die dekrietlaag wees nie.

**Neem asseblief kennis: Indien 'n skoorsteen nie aan hierdie vereistes voldoen nie maar wel die dak penetreer, is ons nie aanspreeklik vir verlies of skade voortspruitend uit 'n vuur wat jy met vaste brandstof soos hout, brikette of antrasiet in 'n strooidakgebou of lapa aansteek nie.**

**Brandblussers**

Jy moet brandblussers in elke kombuis- en kookarea installeer, asook op elke verdieping van versekerde strooidakgeboue, ooreenkomstig die volgende minimum spesifikasies:

- Hierdie brandblussers moet droë chemiese of koolstofdioksied ($CO_2$)-brandblussers wees, met 'n minimum kapasiteit van 4.5kg $CO_2$.
- Die brandblussers moet maklik sigbaar en bereikbaar wees.
- Die brandblussers moet jaarliks gediens word en te alle tye ten volle in werking wees.

**Neem asseblief kennis: Jy's gedek in die geval van defekte aan brandblussers weens omstandighede wat aan jou onbekend of buite jou beheer is.**

**Weerligafleiers**

Jy moet King Price-goedgekeurde weerligafleiers installeer om alle versekerde strooidakgeboue te beskerm, ooreenkomstig die volgende minimum spesifikasies:

- ’n Weerligafleier moet hoog genoeg wees om ’n beskermende hoek te verskaf van minstens 45 grade tot die struktuur/strukture wat deur die afleier beskerm word, geneem vanaf die hoogste punt van die mas tot op die grond. Waar daar onbeskermde skoorstene en gewelente is, moet ’n perifere weerligafleier gebruik word.
- Alle weerligafleiers moet met ’n aardelektrode verbind wees.
- Metale wat in die strooidakkonstruksie gebruik word, moet met die struktuur se geaarde metaalhoofwaterpyp of aardelektrode verbind wees.
- Weerligafleiers moet minstens elke 3 jaar deur ’n weerligafleier-installeringspesialis getoets word.

**Ontspanningsvure**

Met betrekking tot oop vure, ontspanningsvure, vuurputte, kampvure en vreugdevure word die volgende vereis:

- Winderige en ander weerstoestande moet in ag geneem word voordat ’n vuur aangesteek word, om te verhoed dat gloeiende kole op ontvlambare materiaal of strooidakgeboue gewaai of geskiet word.
- Vuurputte en ontspanningsvure mag nie binne 8m van ontvlambare materiaal of strooidakgeboue wees nie.
- Vreugdevure en kampvure mag nie binne 15m van ontvlambare materiaal of strooidakgeboue wees nie.
- Blare en ander ontvlambare materiaal moet verwyder word rondom die plek waar die vuur aangesteek word, om te voorkom dat die vuur per ongeluk versprei.
- Oop vreugdevure, ontspanningsvure en draagbare vuurherde wat buite gebruik word, moet konstant dopgehou word en onder toesig wees.
- Genoeg brandblustoestelle, sand of water moet geredelik beskikbaar wees om ’n vuur in ’n noodgeval te blus.
- Vuurputblussers moet vir vuurputte gebruik word, en alle vure moet behoorlik geblus word na gebruik.

**Watertoevoer en drenkstelsels**

Daar moet konstante watertoevoer en druk van minstens 4 bar wees, om te verseker dat ’n strooidak deeglik natgemaak kan word in die geval van ’n brand of naderende brand.

Jy moet drenkstelsels op die hoogste punte van strooidakke installeer. Die stelsels moet jaarliks getoets en gediens word, en ’n goeie werkende toestand moet gehandhaaf word.

Pype en spuitkoppe moet brandbestand wees.

## Gewasse

Hierdie klousules en uitsluitings is van toepassing op al 3 afdelings van die koning se gewas versekering.

**Toegang tot die versekerde eiendom**

Jy moet ons, of enige 1 van ons verteenwoordigers, toegang gee tot jou versekerde eiendom ten alle tye, soos wat redelik is.

**Openbaarmaking**

Voordat jy hierdie versekering uitneem, en voordat jy veranderings aan jou bestaande polis aanbring, moet jy:

- Ons vertel van enigiets wat jy weet, of wat redelikerwys van jou verwag kan word om te weet, wat 'n invloed kan hê op ons besluit om jou risiko's te verseker, of op die voorwaardes van ons versekering van jou risiko's.
- Al die plase en landerye benoem waarin jy 'n belang het en waar spesifieke tipes gewasse geplant of moontlik geplant sal word.

As jy dit nie doen nie:

- Kan ons ons aanspreeklikheid ten opsigte van 'n eis verminder of uitsluit, of die polis kanselleer vanaf die datum van die wanvoorstelling of nie-openbaarmaking.
- Sal jy nie gedek word vir enige area van 'n gewas wat nie gespesifiseer word nie.
- Sal enige eis wat jy instel ten opsigte van 'n gewas wat jy moontlik onderverseker het, aan die beginsel van eweredigheid onderworpe wees. Dit beteken jou eis sal in verhouding tot die onderversekering verminder word.

**Onteiening**

Jy's nie gedek vir verlies of skade wat direk of indirek ontstaan as gevolg van die wettiglike beslaglegging, konfiskering, rekwisisie of nasionalisering van enige geoeste of on-geoeste, versekerde gewas.

**Geen oordrag**

Jy mag nie, onder geen omstandighede, jou regte teenoor ons met betrekking tot hierdie polis, oordra, afstaan, oor doen of in enige manier daarvan ontslae raak nie.

## Algemene uitsluitings... Dinge wat NIE deur die koning gedek word nie

**Neem asseblief kennis: Indien jou eis afgewys word omdat ons sê dat 1 of meer van hierdie uitsluitings van toepassing is, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

Hierdie algemene uitsluitings is van toepassing op alle aspekte van jou versekeringspoliskontrak. Jy sal nie skadeloos gestel word vir enige verlies, skade, dood, besering of aanspreeklikheid wat direk of indirek deur enige van die volgende veroorsaak of daardeur aangehelp word nie...

### Aansteeklike epidemies

Jy's nie gedek vir enige aansteeklike epidemie of pandemie nie.

### Asbes

Jy's nie gedek vir die verlies, skade, dood, besering, siekte of aanspreeklikheid van enige aard hoegenaamd, wat direk of indirek veroorsaak word of waartoe op enige wyse bygedra word deur asbes in enige hoeveelheid of vorm nie.

### Elektroniese rooktoestelle, e-sigarette en e-vloeistowwe

Jy's nie gedek vir die aanspreeklikheid, insluitend verlies, koste en uitgawes, wat direk of indirek veroorsaak word deur, voortspruit uit, 'n gevolg is van of verband hou met elektroniese rooktoestelle, e-sigarette en e-vloeistowwe nie, ongeag of daar 'n verwante oorsaak van verlies is wat gelyktydig of in enige volgorde kon bygedra het tot 'n verlies, koste of uitgawe.

**Neem asseblief kennis: 'n Elektroniese rooktoestel is 'n battery-aangedrewe toestel wat 'n vloeistof in dampe omskep wat ingeasem kan word deur 'n mondstuk, insluitend maar nie beperk nie tot battery-aangedrewe sigarette, pype, sigare, waterpype en verdampers, maar met uitsluiting van stoominasemtoestelle, verstuiwingstoestelle en verdampers wat vir mediese doeleindes gebruik word.**

Hierdie uitsluiting sluit die ontwerp, vervaardiging, verspreiding, verkoop, instandhouding, gebruik en herstel van sodanige toestel in, en die inaseming van dampe wat deur sodanige toestel voortgebring word.

**Neem asseblief kennis: 'n E-vloeistof of e-sap beteken die nikotienoplossing, geur of enige ander middel wat in 'n elektroniese rooktoestel gebruik word, insluitend die ontwerp, vervaardiging, verspreiding, verkoop, instandhouding of gebruik van sodanige vloeistof of sap.**

## Gekonfiskeerde, verbeurde, teruggehoue of gesteelde eiendom

Enige eiendom wat voorheen gesteel is en onwettig in jou besit is, ongeag of jy geweet het dat dit gesteel is.

## Gevare wat uitgesluit word

Jy's nie gedek vir enige verlies of skade:

- As gevolg van 'n oorsaak wat nie skielik en onvoorsien was nie.
- As gevolg van verbruikbare dele of dele met 'n beperkte lewensduur.
- Wat volgens 'n onderhouds- of bruikhuurooreenkoms verhaalbaar is.
- Wat voorkom terwyl 'n item toetse van enige aard ondergaan, doelbewus oorlaai word, of gebruik word op 'n ander wyse of vir 'n ander doel as dié waarvoor dit ontwerp is.
- Wat direk of indirek veroorsaak word deur:
  - Inherente gebrek of defek, geleidelike agteruitgang of waardevermindering, insluitend stygende klammigheid en slytasie, roes en muf, of verbleiking en verweer.
  - 'n Styging in die ondergrondse watertafel of druk wat daardeur veroorsaak word.
  - Gebrekkige smering of 'n gebrek aan olie of verkoelingsmiddel.
  - Elektroniese onklaarraking of meganiese of elektriese fout of onderbreking.
  - Diens, instandhouding, skoonmaak, herstel, kleuring, restourasie, bleiking of wysiging.
  - Peste of insekte.

## Gevolglike verlies

Jy's nie gedek vir die gevolglike verlies of skade nie, behalwe indien die polisskedule spesifiek meld dat skade of verlies van hierdie aard gedek sal word.

## Kontaminasie of besoedeling

Jy's nie gedek vir enige regaanspreeklikheid, verlies of skade wat direk of indirek deur besoedeling, kontaminasie of sypeling veroorsaak word nie.

## Kernrisiko's

Jy's nie gedek nie ten opsigte van verlies of skade wat direk of indirek veroorsaak word deur:

- Kernreaksie.
- Ionisasie, uitstraling van of kontaminasie deur radioaktiwiteit wat afkomstig is van enige kernbrandstof of kernafval, of van die verbranding van kernbrandstof.
- Die radioaktiewe, toksiese, plofbare of ander gevaarlike eienskappe van enige kerninstallasie, kernreaktor of ander kerntoerusting, of enige kernonderdeel daarvan.
- Enige wapen of toestel wat atoom- of kernsplyting, -samesmelting of 'n soortgelyke reaksie gebruik, of radioaktiewe krag of materiaal.
- Die radioaktiewe, toksiese, plofbare of ander gevaarlike eienskappe van enige radioaktiewe materiaal.

## Kontraktuele aanspreeklikheid

Jy's nie gedek vir enige verlies voortspruitend uit 'n skending van 'n kontrak of ooreenkoms nie.

## Nasionalisering

Jy's nie gedek vir nasionalisering, konfiskering, kommandering or rekwisisie deur 'n wettige ingestelde owerheid nie.

## Onwettige bedrywighede

Jy's nie gedek vir enige verlies of skade wat veroorsaak word deur die gebruik van die versekerde eiendom vir of in verband met 'n onwettige bedrywigheid en/of die pleeg van 'n misdaad nie.

## Oproer, oorlog, politieke optrede, terrorisme of enige pogings daartoe

Jy's nie gedek vir:

- Burgerlike beroering, enige arbeidsoptrede of staking, openbare wanorde of enige daad wat daarop bereken is om enige van die volgende teweeg te bring.
- Oorlog, optrede van 'n buitelandse vyand of oorlogsbedrywighede (ongeag of oorlog verklaar is of nie) of burgeroorlog.
- Militêre opstand of magsoorname, krygswet, rebellie of revolusie wat die afkondiging of handhawing van krygswet bepaal.
- Enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken is om enige staat, regering of provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme, geweld of protes teen hulle omver te werp of te beïnvloed.

- Enige optrede wat daarop bereken is om verlies of skade te veroorsaak met die voorneme om ’n politieke oogmerk te bevorder, om maatskaplike, ekonomiese, godsdienstige, persoonlike, etniese of ideologiese verandering teweeg te bring.
- Enige terreurdaad, insluitend die gebruik van of dreigement om krag of geweld te gebruik, deur enige persoon of groep persone (ongeag of hulle alleen of namens ’n ander optree, en of dit skadelik is vir menselewens of nie), met die voorneme om ’n regering te beïnvloed of die publiek aan vrees te onderwerp.
- Die optrede van ’n wettige owerheid om op enige ander wyse ’n gebeurtenis te hanteer waarna in enige van die klousules hierbo verwys word.

## Rekenaarverliese

Jy’s nie gedek vir die onvermoë of faling van enige rekenaar (insluitend dataverwerkingstoerusting, mikroskyfie, geïntegreerde stroombaan of soortgelyke toestel in ’n rekenaar of nie-rekenaartoerusting) om data, kode of inligting vas te lê, te bewaar of te behou of toegang daartoe te verkry, as gevolg van:

- Enige programfout, verkeerde invoer of onopsetlike kansellasie van data of programme.
- Enige virus, korruptering, malware, Trojaanse perd, tyd- of logikabom, wurm of enige ander destruktiewe of ontwrigtende kode, media of program.

## Sanksiebeperking

Jy’s nie gedek nie, en ons sal nie ’n betaling doen of ’n voordeel verskaf wat ons sal blootstel aan enige sanksie, verbod of beperking ingevolge enige resolusies van die Verenigde Nasies (VN), of die handels- of ekonomiese sanksies, wette of regulasies van die Europese Unie (EU), Verenigde Koninkryk (VK) of Verenigde State van Amerika (VSA).

## Werkstaking

Jy’s nie gedek vir staking of vertraging van enige werk, proses of werksaamheid nie.



# Die dinge wat jy moet doen

## Betaal ons

Betaal jou premies betyds en deurentyd, per maandelikse debietorder of jaarliks, halfjaarliks of kwartaalliks, soos ooreengekom. Betaal aan die begin van elke versekeringstydperk ten opsigte waarvan versekeringsdekking bestaan.

## Wees eerlik

Gee altyd vir ons ware en volledige inligting wanneer jy om dekking aansoek doen, veranderings aan jou polis aanbring of ’n eis indien. Ons gebruik die inligting wat jy aan ons verskaf, om die dekking, dekkingsvoorwaardes en die betaalbare premie te bepaal. Onakkurate of onvolledige inligting kan meebring dat jy nie dekking het nie, en kan die uitkoms van jou eis affekteer. Dit geld ook wanneer enigiemand anders namens jou optree. Onthou, eerlikheid betaal.

## Sê vir ons

Laat weet ons onmiddellik van enige veranderings in jou omstandighede wat ’n invloed kan hê op of ons vir jou dekking sal gee of dit sal voortsit, of wat die dekkingsvoorwaardes of die premie wat ons jou vra, kan affekteer.

Dit sluit enige veranderings tot, of verkeerde besonderhede in, enige van jou inligting, soos:

- Persoonlike en besigheidsinligting: Al jou persoonlike en besigheidsbesonderhede in jou polisskedule is baie belangrik.
- Adres: Indien jou adres om enige rede verander, of as jy vir ’n geruime tyd by ’n ander adres as die versekerde adres ’n versekerde voertuig parkeer of masjinerie of toerusting gebruik.
- Voertuigbesonderhede: Enige veranderings aan die eienaarskap van die voertuig, die gereelde bestuurder, waarvoor die voertuig gebruik word, of waar dit geparkeer word.
- Finansiële status: Enigiets wat ons oor jou finansiële posisie of dié van ’n lid, vennoot of direkteur moet weet. Dit hou spesifiek verband met wanbetalings, siviele vonnisse, sekwestrasies, administrasiebevele, skuldhersiening, likwidasies of besigheidsredding van maatskappye.
- Oneerlikheid: Sê vir ons van enige veroordelings vir oortredings in verband met oneerlikheid, roekelose en nalatige bestuur of alkoholverwante bestuursoortredings deur jou of enige persoon wat deur hierdie polis gedek word.
- Veranderings aan die versekerde struktuur: Stel ons in kennis van enige wysigings, toevoegings of verbeterings wat aan die gebou aangebring word.
- Enige ander faktore wat jou dekking kan beïnvloed.

## Kyk na jou goed

Neem redelike, nodige stappe om verlies, skade, besering of aanspreeklikheid te voorkom of tot die minimum te beperk.


Dit sluit in:

- Nakoming van alle wetsvereistes, vervaardigers se aanbevelings en beste praktyke met betrekking tot jou besigheid, sy werknemers, kliënte en die goedere en dienste wat deur jou vervaardig of verskaf word.
- Instandhouding van die versekerde eiendom of items in ’n bruikbare en goeie toestand.

## Maak seker jou alarm voldoen aan die vereistes

Die alarm wat by jou versekerde perseel geïnstalleer is, moet:

- Deur King Price goedgekeur wees.
- Aan SAIDSA- en SAIA-vereistes voldoen.
- Te alle tye in ’n goeie werkende toestand wees.
- Geaktiveer wees wanneer die versekerde geboue ook al onbewoon is.
- Gekoppel wees aan ’n gewapende reaksie-eenheid, indien ons dit vereis.



# Ons eisprosedure

Die koning en sy adviseurs streef daarna om alle geldige eise so gou as moontlik uit te betaal. Dit is egter in al ons polishouers, en daarom ook in jou belang, dat ons die geldigheid van 'n eis ondersoek. Daarom kan vertragings met die magtiging van eise soms voorkom. Jammer, nie almal is so eerlik soos jy nie, en daarom moet ons eise nagaan om seker te maak. Hoop jy verstaan?

### Hoe om te eis

Heel eerste... Indien jy 'n voorval het en jy deur die koning se agri-versekering gedek word, is dit uiters belangrik dat jy King Price se kommersiëleversekeringspan of jou makelaar so gou as moontlik na die voorval bel. Ons sal dan jou eis op 'n toepaslike wyse hanteer.

**Bewaar asseblief sommer nou ons besonderhede: 0860 21 00 00 en agri@kingprice.co.za**

## Wat om te doen as jy moet eis

### Sê vir ons

Hoe gouer jy ons laat weet, hoe vinniger kan ons jou help. Neem asseblief kennis van hierdie belangrike spertye:

- Meld jou eis, of enige voorval wat tot 'n eis kan lei, so gou as moontlik by ons aan, maar nie later nie as 31 dae na die voorval.
- Dit sluit voorvalle in waarvoor jy nie dadelik wil eis nie, maar wat in die toekoms tot 'n eis kan lei.
- Gee vir ons so gou as moontlik al die dokumente in verband met jou eis.
- Geen eis (behalwe 'n eis in die afdelings 'Besigheidsonderbreking', 'Getrouheid' of 'Persoonlike ongevalle') sal na 24 maande vanaf die datum van die voorval betaalbaar wees nie, tensy die eis die onderwerp van hangende regsaksie is of daar ten opsigte van jou regsaanspreeklikheid teenoor 'n derde party geëis word.
- Indien jy die uitkoms van 'n eis betwis, gee die Polishouerbeskermingsreëls jou 90 dae vanaf die dag waarop jy die eerste keer oor die uitkoms ingelig is, om ons van jou beswaar in kennis te stel.
- Onmiddellik hierna het jy 6 maande om 'n dagvaarding aan ons te beteken; indien dit nie binne hierdie 6 maande gedoen word, nie, verbeur jy jou reg om hierdie beslissing te betwis.

- Na die skikking van ’n eis moet jy aan alle redelike opdragte en versoeke voldoen wanneer hulp nodig is om die eiendom uit te ken en fisies terug te kry. Indien jy versuim om dit te doen, sal jy onmiddellik aanspreeklik word om alle bedrae wat ten opsigte van die eis aan jou uitbetaal is, terug te betaal.

## Sê vir die polisie

Indien jy in ’n voertuigongeluk betrokke is, moet jy dit binne 24 uur by die polisie aanmeld, selfs al is daar geen skade aan jou voertuig nie.

Indien jy die slagoffer van diefstal, kaping, inbraak, verlies van eiendom of enige misdaadverwante voorval was, moet jy die polisie so gou as moontlik inlig, maar nie later nie as 24 uur nadat jy van die voorval bewus geword het.

## Kom jou belofte na

Jy moet asseblief vir ons die volgende gee:
- Alle inligting en dokumente wat ons aanvra, binne die tyd wat ons bepaal.
- Ware en volledige inligting wanneer jy ’n eis by ons en die owerhede aanmeld. Ons handel volgens die inligting wat jy verskaf. Enige inligting wat misleidend, verkeerd of vals is, sal dus die verwerking van jou eis benadeel.

## Bewaar jou kwitansies op ’n veilige plek

Jy moet asseblief:
- Eienaarskap en die waarde van enige item waarvoor jy eis, bewys.
- Beskadigde items waarvoor jy eis beskikbaar stel vir inspeksie, sodat ons die volle omvang en aard van die skade kan vasstel.

## Doen die papierwerk

Jy moet vir ons ’n afskrif gee van:
- Die polisieverslag.
- Die polisiesaaknommer.
- Jou verklaring aan die polisie.
- Besonderhede van die polisiestasie en die polisiebeampte wat die verklaring afgeneem het.
- ’n Volledige lys van alle verlore, gesteelde of beskadigde items.
- Enige ander relevante dokumente wat nodig is om die geldigheid van jou eis te bevestig.
- Besonderhede van enige derde party wat by die voorval betrokke was, indien van toepassing.

## Kontroleer en laat weet ons

Indien daar enige ander versekeringspolis is wat dieselfde versekerde voorval dek, moet ons dit weet.

## Hou ons op hoogte

Jy moet ons onmiddellik laat weet indien:

- Jy bewus word van enige moontlike vervolging, regsaksie of eis wat teen jou ingestel kan word, as gevolg van 'n voorval waarvoor jy reeds geëis het.
- Enige ander relevante of nuwe inligting intussen aan die lig gekom het in verband met 'n versekerde voorval waarvoor jy geëis het, selfs al kom hierdie inligting eers na vore nadat jy die eis ingedien het, of indien die eis reeds afgehandel is.

## Wag vir ons om jou te help

Moet nooit enige vervanging of herstelwerk toelaat waarvoor ons nog nie magtiging gegee het nie. Kry eers ons skriftelike goedkeuring voordat jy van enige beskadigde eiendom ontslae raak, of verliese wat jy moontlik gely het, herstel of vervang. Versuim om goedkeuring te kry, kan meebring dat jou eis afgewys word.

## Help ons om jou te help

Jy moet die volgende doen of daarvan kennis neem:

- Betaal al die bybetalingsbedrae plus enige bykomende bybetalings wat jy vir elke eis moet bydra, indien van toepassing, en soos in jou polisskedule aangedui.
- Die bybetaling wat jy moet betaal, sal bestaan uit:
  - Die basiese bybetaling wat op elke spesifieke versekerde voorval of item van toepassing is. (Bybetalings is ook betaalbaar in omstandighede waar jy nie die voorval veroorsaak het nie.)
  - Enige bykomende bybetalings wat op sekere versekerde voorvalle of omstandighede van toepassing kan wees, waarvan die besonderhede in jou polisskedule verskyn.
- Help ons, waar moontlik, met enige verhaling teen 'n derde party wat vir die verlies of skade verantwoordelik is. Ons sal jou vergoed vir enige redelike ekstra onkoste wat hiervoor aangegaan word.
- Voldoen aan ons opdragte en versoeke, soos en wanneer ons jou hulp nodig het.

## Skikkingsopsies

Ons het die keuse om jou eis op enige van die volgende maniere te skik:

- Kontantuitbetaling aan jou.
- Herstel van die beskadigde item by ’n hersteller van ons keuse.
- Vervanging van die item by ’n verskaffer van ons keuse.
- ’n Kombinasie van enige van die bogenoemde.

Die maksimum bedrag wat ons sal betaal, is die bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

**Neem asseblief kennis: Waar ’n item waarvoor jy eis gefinansier word, sal ons die finansieringsinstelling betaal voordat ons die oorblywende deel van die versekerde bedrag aan jou betaal.**

## Kry dit gedoen

Enige herstelwerk of vervangings moet afgehandel word binne 6 maande nadat jou eis geskik is.

## Datum van verlies

Die begrip ‘datum van verlies’ verwys na die datum waarop ’n voorval wat aanleiding gee tot ’n eis of verlies, plaasgevind het.

## Gebeurtenis

Enige reeks gebeurtenisse wat uit ’n enkele oorsaak voortspruit.

## Slegs 1 afdeling geld

Jy kan slegs vir dieselfde verlies, skade of aanspreeklikheid vir dieselfde voorval, binne 1 afdeling van die polis eis.

## Eiskoste

Ons sal betaal vir die assesserings wat gedoen moet word ten opsigte van eise kragtens jou polis. As jy egter 'n persoon wil aanstel om jou met die voorbereiding van jou eis te help, sal skadeloosstelling vir die koste wat jy hiervoor aangaan met behoorlike diskresie hanteer word.

## Eerlikheid betaal altyd

Indien jy of enigiemand namens jou 'n eis, of inligting of dokumente in verband met 'n eis, indien wat op enige wyse bedrieglik, oneerlik of kunsmatig verhoog is, sal ons die hele eis verwerp en jou polis terugwerkend kanselleer, vanaf die datum waarop die voorval aangemeld is of vanaf die datum waarop die voorval plaasgevind het, wat ook al die vroegste is. Indien jou eis afgewys word weens bedrog of oneerlikheid, sal jy enige onkoste wat ons moontlik in verband met die eis aangegaan het, aan ons moet terugbetaal.

## Laat die koning jou beskerm

Wanneer jy 'n eis indien, kan ons namens jou of volgens jou verpligtinge teenoor ander mense optree, om koste te verhaal of 'n eis wat hulle teen jou kan hê te verdedig. Indien ons ook 'n bybetaling wat jy reeds betaal het, kan verhaal, sal ons dit aan jou terugbetaal. Ontspan, ons is daar om jou te help.

## Laat ons die moeilike deel hanteer

Moet nooit skuld erken of aanbied om te skik met enige ander party wat betrokke is by 'n voorval waarby jy betrokke is nie. Ons sal nie gebind word deur so 'n erkenning of aanbod wat jy maak nie.



# Aangegewe voordele en groep persoonlike ongevalle



## In kort...

Groep persoonlike ongevalledekking is ’n uitstekende manier om jou sakefamilie te beskerm. King Price bied dekking vir liggaamlike besering van jou prinsipale, vennote, direkteure, lede en werknemers. Die dekking word by jou besigheid se unieke behoeftes aangepas, op die grondslag van jaarlikse verdienste of ’n skadeloosstellingsperk. Jy kan ook kies of jy dekking vir aangegewe voordele en/of groep persoonlike ongevalleversekering wil hê.

## Keuse van dekking

### Jou keuse, ons plesier

**In hierdie afdeling het jy ’n keuse van dekking vir jou werknemers, lede of direkteure ten opsigte van:**
**A. Groep persoonlike ongevalle**
**B. Aangegewe voordele**
**C. Beide bogenoemde opsies**

**Groep persoonlike ongevalle**
Dekking op ’n omvattende grondslag vir ’n groep werknemers, benoemde werknemers of hul poste.

**Aangegewe voordele**
Dekking op die grondslag van jou werknemers se jaarlikse verdienste.



## A. Groep persoonlike ongevalle en B. Aangegewe voordele

### Wat deur die koning gedek word

Jy's gedek vir liggaamlike besering van jou prinsipaal, vennoot, direkteur, lid of werknemer, soos gemeld in jou polisskedule, met dien verstande dat die liggaamlike besering:

- Op 'n toevallige, gewelddadige, eksterne en sigbare wyse veroorsaak word.
- Direk en onafhanklik van enige ander oorsaak, binne 24 kalendermaande na die voorval lei tot die dood of ongeskiktheid van die persoon wat gedek word.

Jy's gedek vir die volgende, tot die versekerde bedrag wat op jou polisskedule staan:

- Dood.
- Permanente ongeskiktheid, soos uiteengesit in die voordeeltabel hieronder.
- Tydelike totale ongeskiktheid, wat omskryf word as totale en absolute ongeskiktheid voortspruitend uit die persoon se gewone besigheid of beroep.
- Mediese onkoste, wat alle nodige koste en uitgawes is vir kunsmatige hulpmiddels en kunsledemate; mediese, chirurgiese, tandheelkundige, verpleeginrigting- of hospitaalbehandeling (insluitend koste en uitgawes wat aangegaan word vir noodvervoer, bevryding van die persoon indien vasgekeer, en om die persoon na 'n veilige plek te bring) as gevolg van liggaamlike besering en wat aangegaan word binne 24 maande na die voorval wat tot die eis lei.
- Jaarlikse verdienste, wat die totale bedrag is van die jaarlikse loon, salaris en lewenskostetoelae wat deur jou ten tyde van die besering betaal word, plus oortyd, huishuurkoste, voedseltoelaes en kommissie betaal gedurende die 12 maande onmiddellik voor die datum van die voorval wat tot die eis lei.
- Weeklikse verdienste, wat 1 twee-en-vyftigste van die jaarlikse verdienste beteken.
- Blootstelling, insluitend liggaamlike besering wat veroorsaak word deur hongersnood, dors en/of blootstelling aan die elemente wat direk of indirek uit die voorval voortspruit.
- Lewensondersteuning-masjiene. Nieteenstaande enigiets vervat in die omskrewe voorvalle, sal die gemelde 24-maandetydperk nie 'n tydperk/e insluit waar die dood van so 'n persoon uitsluitlik deur die gebruik van lewensondersteuning-masjiene, -toerusting of -apparaat vir tydperke van minstens 3 opeenvolgende dae vertraag word nie.
- Verdwyning. In die geval van die verdwyning van 'n versekerde persoon (indien ons tevrede gestel word dat die persoon 'n besering opgedoen het wat deur hierdie afdeling gedek word, en dat hierdie besering tot die persoon se dood gelei het), sal ons vir die doeleindes van die versekering wat deur hierdie afdeling verskaf word, hul dood veronderstel, met dien verstande dat indien daar, nadat ons betaling hiervolgens gedoen het ten opsigte van hul veronderstelde dood, gevind word dat die persoon leef, jy die betaling aan ons sal terugbetaal.

| **Versekerde besering** | **% van versekerde bedrag, of bedrag wat betaal word** |
|---|---|
| Dood | 100 |
| Permanente ongeskiktheid veroorsaak deur:<br>• Verlies deur fisieke skeiding by of bokant die handgewrig of enkel van 1 of meer ledemate<br>• Permanente en totale verlies van:<br>- Hele oog<br>- Sig in oog<br>- Sig in oog behalwe waarneming van lig<br>• Permanente en totale gehoorverlies in:<br>- Albei ore<br>- 1 oor | <br><br>100<br><br>100<br>100<br>75<br><br>100<br>25 |
| Permanente en totale spraakverlies | 100 |
| Beserings wat lei tot permanente, totale onvermoë om jou gewone beroep of enige ander beroep te beoefen waarvoor jy op grond van jou kennis of opleiding toegerus is | 100 |
| Verlies van 4 vingers | 70 |
| Verlies van duim: 1 of albei falankse | 25 |
| Verlies van wysvinger: 1, 2 of 3 falankse | 10 |
| Verlies van enige ander vinger: 1, 2 of 3 falankse:<br>• Per vinger | 6 |
| Verlies van middelhandbeen (eerste, tweede, derde, vierde of vyfde):<br>• ’n Bykomende bedrag van | 5 |
| Verlies van tone:<br>• Almal aan 1 voet<br>• Groottoon, 1 of albei tone<br>• Ander tone behalwe groottoon, indien meer as 1 verloor: Per toon | <br>30<br>5<br>5 |
| Jou totale en absolute onvermoë om jou gewone beroep/besigheid te beoefen/bedryf | Die weeklikse bedrag wat in jou polisskedule gemeld word |
| Mediese, chirurgiese, tandheelkundige, verpleeginrigting- of hospitaalbehandeling tot en met die bedrag aangegaan binne 24 maande na die diefstal of poging tot diefstal (insluitend die koste van kunsmatige hulpmiddels en kunsledemate, en nooddienste) | Die redelike uitgawes tot en met die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word |

**Neem asseblief kennis:**

- **Indien 'n besering nie in die tabel hierbo gespesifiseer word nie, kan ons 'n bedrag betaal wat, geheel na ons goeddunke, met 'n besering in die tabel ooreenstem.**
- **Permanente, totale verlies van die gebruik van 'n liggaamsdeel, in die tabel hierbo, sal beskou word as 'n verlies van daardie liggaamsdeel.**
- **Ons sal die vergoeding aan jou betaal, namens die oorledene of beseerde persoon se boedel.**

## A. Groep persoonlike ongevalle en B. Aangegewe voordele

## Opsionele dekking

### Dek meer. Betaal 'n bietjie meer

**Jy kan kies om die volgende opsies by jou basiese 'Aangegewe voordele en groep persoonlike ongevalle'-dekking te voeg. Indien jy enige opsie byvoeg, sal dit slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisskedule aangeteken is en 'n bykomende premie betaal word.**

### Besigheidsbeperking

Jy's soos volg gedek vir die toevallige liggaamlike besering van jou prinsipaal, vennoot, direkteur, lid of werknemer, wat in die loop van hul diens by jou besigheid gebeur:

- Die vergoeding wat vir tydelike totale ongeskiktheid gespesifiseer word, sal betaalbaar wees vir nie meer as die getal weke wat in jou polisskedule gemeld word nie en sodanige betaling sal eindig sodra die besering wat die ongeskiktheid veroorsaak het, sover redelikerwys moontlik herstel het, nieteenstaande die feit dat permanente ongeskiktheid kan voortduur.
- Enige vergoeding wat deur ons betaalbaar is vir enige tydperk van tydelike totale ongeskiktheid of vir mediese onkoste, sal verminder word met 'n bedrag gelykstaande met die vergoeding wat deur of ten behoewe van sodanige persoon ontvang word of ontvangbaar is ingevolge enige ongevallewetgewing, vir tydelike ongeskiktheid vir dieselfde of 'n korter tydperk, of ten opsigte van mediese onkoste.
- Hierdie persoon moet, nadat hulle 'n toevallige liggaamlike besering opgedoen het waarvoor vergoeding volgens hierdie afdeling betaalbaar kan wees, 'n mediese ondersoek en enige gespesifiseerde behandeling ondergaan wanneer ons dit redelikerwys van die persoon vereis. Ons is nie aanspreeklik vir enige betaling tensy hierdie voorbehoudsbepaling tot ons bevrediging nagekom is nie.
- Dubbele versekering is nie op hierdie afdeling van toepassing nie.
- Hierdie afdeling dek nie dood of besering wat direk of indirek veroorsaak word deur, verband hou met, of voortspruit uit oorlog, inval, optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (ongeag of oorlog verklaar word of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of magsoorname nie.

## Brandwonde

Jy's soos volg gedek vir permanente skending van jou prinsipaal, vennoot, direkteur, lid of werknemer, as gevolg van toevallige uitwendige brandwonde:

| **Permanente skending weens toevallige uitwendige brandwonde op die gesamentlike oppervlak van** | **% van versekerde bedrag of bedrag wat betaal word** |
|---|---|
| Gesig en nek: 100% van die oppervlak geskend | 60 |
| Gesig en nek: Minder as 100% van die oppervlak geskend | Die deel wat die werklik geskende oppervlak van 100% uitmaak |
| Dele van die liggaam behalwe die gesig en nek: 100% van die oppervlak geskend | 30 |
| Dele van die liggaam behalwe die gesig en nek: Minder as 100% van die oppervlak geskend | Die deel wat die werklik geskende oppervlak van 100% uitmaak |

**Neem asseblief kennis: Jy's nie gedek nie tensy die skending meer as 10% is vir die item waarvoor 'n eis ingedien word.**

## A. Groep persoonlike ongevalle en B. Aangegewe voordele

## Wat NIE deur die koning gedek word nie

Jy's nie gedek vir 'n voorval wat tot dood, ongeskiktheid of mediese onkoste lei nie:

- Terwyl die persoon per lugvaartuig reis, behalwe as 'n passasier, en nie 'n lid van die bemanning of vir die doeleindes van enige vakkundige of tegniese werksaamheid daarin of daarop is nie.
- Indien die persoon selfdood pleeg of hulself opsetlik beseer.
- Wat uitsluitlik veroorsaak word deur 'n bestaande fisieke gebrek of ander swakheid.
- As gevolg van die feit dat die persoon onder die invloed van alkohol, dwelms of verdowingsmiddels is, tensy dit toegedien word deur 'n lid van die mediese beroep (behalwe die persoon self), of tensy dit voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van 'n lid van die mediese beroep (behalwe die persoon self).
- As gevolg van die persoon se deelname aan enige oproer, burgerlike beroering of terrorisme.

- Wat direk of indirek voortspruit uit, verleng of verhaas word deur, of toe te skryf is aan swangerskap, bevalling, aborsie, miskraam, verloskundige prosedures of enige gevolge daarvan.
- Terwyl die persoon deelneem aan, of as gevolg van deelname aan, motorfiets-, vierwielmotorfiets- of driewielmotorfietsry (hetsy as 'n bestuurder of passasier) behalwe in jou besigheid.
- Voortspruitend uit wedrenne van enige aard wat die gebruik behels van enige kragaangedrewe voertuig, vaartuig of tuig.
- Voortspruitend uit bergklim wat die gebruik van toue of gidse vereis, wintersport waarby sneeu of ys betrokke is, polo te perd, hinderniswedlope, beoefening van enige sport as 'n beroepsportpersoon, vlerksweef, valskermsweef, valskermspring, brugspring, stoei, boks of gevegskunste.



# Aanspreeklikheid: Standaard

### In kort…

As 'n besigheidseienaar is jy vir baie dinge verantwoordelik… Dit sluit die veiligheid van jou werkfamilie en die breë publiek in. 'n Hofsaak waarin jou besigheid verantwoordelik gehou word vir skade aan eiendom wat aan ander behoort, of lewensverlies, kan verlammend wees. Dis waarom ons jou sal dek vir enige regsaanspreeklikheid ná besering of skade aan ander wat in die loop van, of met betrekking tot, jou besigheid gebeur.

## Keuse van dekking

### Jou keuse, ons plesier

**In hierdie afdeling kan jy kies om volgens 1 van die volgende opsies gedek te word:**
**A. Eise ingestel-grondslag**
**B. Eise aangegaan-grondslag**

**Neem asseblief kennis:**

- **Werk weg van die werkplek is outomaties ingesluit, tensy dit spesifiek uitgesluit word.**
- **Bykomende 'Oormaataanspreeklikheid'-versekering is outomaties ingesluit by ons 'Aanspreeklikheid'-dekking. Hierdie bykomende dekking is beperk tot R25,000,000. Raadpleeg asseblief jou polisskedule vir besonderhede.**
- **Jy word oral in die wêreld gedek, maar daar is geen dekking as die aanspreeklikheid wat ontstaan, verband hou met:**
  - **Enige besigheid wat deur jou, op jou of vanaf jou perseel bedryf word.**
  - **Enige kontrak om werk buite Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Eswatini (Swaziland), Zimbabwe, Mosambiek en Malawi te verrig.**

**Die versekerde**
Enige persoon of persone, maatskappy of ander entiteit wat as 'n versekerde in jou polisskedule benoem is, wat as 'n direkteur, lid, vennoot of prinsipaal van die besigheid optree; insluitend:
- Hul voorgangers in daardie spesifieke besigheid as direkteur, lid, vennoot of prinsipaal.
- Enige persoon wat gedurende die versekeringstydperk 'n direkteur, lid, vennoot, werknemer of prinsipaal word, maar beperk in soverre aanspreeklikheid slegs deur die versekerde gedra word.

**Werknemer**
Vir die doeleindes van dekking deur hierdie afdeling is 'n werknemer enige persoon wat:
- Volgens 'n diens- of vakleerlingskapkontrak by jou in diens is.
- Deur jou gehuur of aan jou geleen word, en oor wie jy te alle tye in die loop van jou besigheid beheer mag uitoefen en aan wie jy opdragte mag gee in die uitvoering van hul werk.

**Eerste eisdatum**
Enige reeks eise wat gedurende die versekeringstydperk teen jou ingestel word deur 1 of meer eisers en wat uit 1 of meer voorvalle met 1 oorspronklike oorsaak voortspruit, sal hanteer word asof hulle almal die eerste keer teen jou ingestel is op die datum waarop jy die voorval by ons aangemeld het. Of, as jy nie van die voorval bewus was nie, sal dit die datum wees waarop die eerste eis van die reeks skriftelik aanvanklik teen jou ingestel is.

**Manifestering van skade of besering**
Waar die feite nie vanself spreek nie en ons nie onderling kan ooreenkom wanneer die besering of skade wat tot 'n eis aanleiding gegee het plaasgevind het nie, sal, vir die doeleindes van die bepaling van skadeloosstelling:
- Besering geag word te gebeur het toe die eiser die eerste keer 'n gekwalifiseerde mediese praktisyn oor sodanige besering geraadpleeg het, ongeag dit op daardie tydstip korrek gediagnoseer is of nie. Indien geen sodanige konsultasie plaasgevind het nie, word die besering geag te gebeur het toe jy die eerste keer van die besering in kennis gestel is.
- Skade geag word te gebeur het toe dit die eerste keer vir die eiser duidelik geword het, selfs al was die oorsaak onbekend.

**Produk**
'n Produk is enige tasbare eiendom (insluitend houers en etikette) nadat dit nie meer in jou bewaring of onder jou beheer is nie, en wat jy ontwerp, gespesifiseer, geformuleer, vervaardig, gebou, geïnstalleer, verkoop, verskaf, versprei, behandel, gediens, gewysig of herstel het, met inbegrip van enige gratis of tegniese advies wat jy met die promosie van die produk verskaf het. 'n Produk sluit kos en drank uit wat deur jou aan jou personeel verskaf word as 'n werknemervoordeel.

**Besoedeling**
Besoedeling beteken die uitlating, storting, vrylating, verspreiding, wegdoening, sypeling of ontsnapping van enige vloeibare, vastestof-, gasagtige of termiese irriteermiddel of kontaminant op land, in die water of atmosfeer, insluitend die voortbrenging van reuke, geluide, vibrasies, lig, elektrisiteit, uitstraling, veranderings in temperatuur en enige ander sensoriese verskynsel.

## A. Eise ingestel-grondslag

### Wat deur die koning gedek word

Jy's gedek vir skadevergoeding waarvoor jy regtens aanspreeklik is om te betaal, voortspruitend uit die toevallige dood of siekte van, of liggaamlike besering aan, ander mense, of die toevallige verlies van of skade aan hul tasbare eiendom, wat gebeur het in die loop van of met betrekking tot jou besigheid. Die aanspreeklikheid moet ontstaan op of na die terugwerkende datum wat in jou polisskedule aangedui word, en moet lei tot 'n skriftelike eis wat aanvanklik teen jou ingestel word, gedurende die versekeringstydperk.

Die bedrag wat ons ten opsigte van 'n eis sal betaal, is beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, en sluit in:
- Regskoste aangegaan waarvoor jy aanspreeklik kan wees.
- Verwante regsuitgawes.

Jy moet:
- Enige voorval wat tot 'n eis kan lei, so gou as redelikerwys moontlik by ons aanmeld.
- Alle besonderhede van die voorval op skrif aan ons verskaf wanneer ons jou vra om dit te doen.
- Al die inligting, dokumente of bewyse aan ons verskaf waarvoor ons vra, en binne die spertye wat ons bepaal.

In die geval van kansellasie of nie-hernuwing van hierdie afdeling:
- Sal enige eis voortspruitend uit 'n versekerde voorval wat jy by ons aangemeld het, wat gedurende die 48 maande onmiddellik na kansellasie of nie-hernuwing skriftelik aanvanklik teen jou ingestel word, hanteer word asof die eis teen jou ingestel is op die dag waarop jy die voorval aangemeld het. Indien die eiser minderjarig is, sal die tydperk van 48 maande verleng word tot die verstryking van 12 maande nadat die eiser meerderjarig geword het.

- Kan jy 'n versekerde voorval wat tot 'n eis kan lei, en wat jy nie voorheen by ons aangemeld het nie, nog tot 15 dae na kansellasie of nie-hernuwing by ons aanmeld, met dien verstande dat:
  - Die voorval gedurende die versekeringstydperk plaasgevind het.
  - Enige daaropvolgende eis wat skriftelik aanvanklik teen jou ingestel word as gevolg van die voorval, hanteer word asof dit aanvanklik ingestel is op die dag voor die kansellasie of nie-hernuwing, en onderworpe is aan die 48-maandetydperk wat hierbo verduidelik is.

## B. Eise aangegaan-grondslag

### Wat deur die koning gedek word

Jy's gedek vir skadevergoeding waarvoor jy regtens aanspreeklik is om te betaal, voortspruitend uit die toevallige dood of siekte van, of liggaamlike besering aan, ander mense, of die toevallige verlies van of skade aan hul tasbare eiendom, wat gebeur het in die loop van of met betrekking tot jou besigheid.

Die aanspreeklikheid moet ontstaan gedurende die tydperk van versekering by ons, en moet daartoe lei dat 'n skriftelike eis aanvanklik teen jou ingestel word gedurende die versekeringstydperk.

Die bedrag wat ons ten opsigte van 'n eis sal betaal, is beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, en sluit in:
- Regskoste aangegaan waarvoor jy aanspreeklik kan wees.
- Verwante regsuitgawes.

Jy moet:
- Enige voorval wat tot 'n eis kan lei, so gou as redelikerwys moontlik by ons aanmeld.
- Alle besonderhede van die voorval op skrif aan ons verskaf wanneer ons jou vra om dit te doen.
- Al die inligting, dokumente of bewyse aan ons verskaf waarvoor ons vra, en binne die spertye wat ons bepaal.

## A. Eise ingestel-grondslag en B. Eise aangegaan-grondslag

## Wat deur die koning gedek word

### Aanjaag en ontsnapping van diere en loslopende diere

Jy's gedek indien 'n dier wat jy besit die verlies van of skade aan grond of eiendom wat aan joune grens of enigiets wat op daardie grond groei, veroorsaak, is ons aanspreeklikheid beperk tot R500,000.

Jy's nie gedek vir aanspreeklikheid voortspruitend uit:
- Die aanjaag van diere op 'n openbare pad, tensy jy aan alle toepaslike padverkeersordonnansies voldoen.
- Diere wat afdwaal, tensy alle heinings langs openbare paaie in 'n goeie toestand is, en alle hekke wat direkte toegang tot openbare paaie bied, te alle tye gesluit is.

### Aanspreeklikheid volgens ooreenkoms

Jy's gedek vir aanspreeklikheid voortspruitend:
- Uit enige kontrak aangegaan met, of skadeloosstelling verskaf aan, Transnet, staats- of semi-staatsdepartemente, provinsiale administrasies, munisipaliteite en/of soortgelyke instansies wat die gebruik van spoorwegsylyne dek, of ten opsigte van vervoerooreenkomste (gevaarlike persele) en/of ooreenkomste van 'n soortgelyke aard.
- Uit die verlies van of skade aan eiendom wat aan Transnet behoort terwyl dit in jou bewaring of onder jou beheer is.
- Deur of in verband met 'n voertuig, sleepwa, lokomotief of rollende materiaal wat aan Transnet behoort terwyl dit deur jou of namens jou by enige spoorwegsylyn gebruik word.

### Bykomende versekerde

Jy's gedek, asof 'n afsonderlike polis aan elkeen uitgereik is, vir die volgende:
- In die geval van jou dood of dié van enige persoonlike verteenwoordiger van jou, ten opsigte van aanspreeklikheid wat jy aangaan en waarvoor jy ingevolge hierdie versekering kan eis:
  - Jou vennoot, direkteur of werknemer (indien jy dit versoek het).
  - Jou familielid/-lede wat gewoonlik op dieselfde perseel as jy bly of wat finansieel van jou afhanklik is.
  - In soverre dit deur die voorwaardes van 'n kontrak vereis word en in verband met aanspreeklikheid voortspruitend uit die uitvoering van die kontrak, enige werkgewer wat benoem is in 'n kontrak wat deur jou vir die doeleindes van die besigheid aangegaan is.

- Ten opsigte van die aktiwiteite van enige sosiale of sportklub, welsynsorganisasie, noodhulp-, brandweer- of ambulansdiens, kantien of dies meer, wat aan jou behoort of deur jou ten bate van jou werknemers gestig is:
  - Enige beampte of lid daarvan.
  - Enige besoekende sportspan of lid daarvan.

Met dien verstande dat:
- Ons aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.
- Enige persoon/organisasie op wie hierdie uitbreiding van toepassing is, nie geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis nie.

**Neem asseblief kennis: Hierdie dekking geld slegs ten opsigte van aanspreeklikheid waarvoor jy gedek sou word indien die eis teen jou ingestel is. Vir die doeleindes van hierdie dekking doen ons afstand van alle subrogasieregte of aksie wat ons teen enige van bogenoemde kan hê of verkry. Elke party op wie hierdie dekking van toepassing is, moet al die uitsluitings en bepalings en voorwaardes van hierdie versekering, in soverre hulle van toepassing kan wees, in ag neem en nakom en is daaraan onderworpe.**

## Diere wat nie aan jou behoort nie

Jy’s gedek vir regsaanspreeklikheid voortspruitend uit diere wat nie aan jou behoort nie, wat met jou toestemming op jou grond wei.

**Neem asseblief kennis: Jy’s nie gedek vir die verlies van of skade aan sulke diere nie.**

## Gratis advies

Jy’s gedek vir voorvalle wat veroorsaak word deur jou onopsetlike versuim om jou regsplig van behoorlike sorg teenoor ’n ander persoon of party na te kom terwyl jy tegniese inligting of advies verskaf, met dien verstande dat jy nie gedek is nie vir aanspreeklikheid voortspruitend uit:
- Jou insolvensie.
- Finansiële dienste of kosteberamings wat deur of namens jou verskaf word.
- Lastering.
- ’n Ontwerp of formule, of toesig, behandeling of advies, verskaf deur of namens jou, in ruil vir ’n fooi of voordeel van ’n aard.
- Tegniese inligting of advies verskaf in verband met ’n produk, tensy ons ‘Aanspreeklikheid vir produkte’-dekking by jou polisskedule ingesluit is.

## Huurderaanspreeklikheid

Jy's gedek vir die uitsluitings in verband met:


- Die eienaarskap, besit of gebruik deur of namens jou, van enige meganies aangedrewe voertuie.
- Skade aan eiendom wat aan jou behoort, sal nie van toepassing wees op 'n perseel wat deur jou as huurder (maar nie die eienaar daarvan nie) bewoon word nie.

## Kruisaanspreeklikhede

Waar meer as 1 versekerde in jou polisskedule benoem is, is elkeen van hulle afsonderlik gedek, en nie gesamentlik nie. Indien 'n eis vir aanspreeklikheid wat deur hierdie afdeling gedek word tussen hulle ontstaan, sal elke versekerde hanteer word asof 'n afsonderlike polis aan hulle uitgereik is, met dien verstande dat ons aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

## Lewende hawe by skoue en veilings: Perde uitgesluit

Jy's gedek vir regsaanspreeklikheid voortspruitend uit die tentoonstelling van lewende hawe en terwyl hierdie lewende hawe onder jou bewaring is tydens 'n veiling.



## Los sleepwaens

Jy's gedek vir aanspreeklikheid wat ontstaan indien 'n sleepwa wat gekoppel was aan 'n meganies aangedrewe voertuig wat jy besit of gebruik of wat namens jou besit of gebruik word, per ongeluk los raak, met dien verstande dat ons nie aanspreeklik is nie indien:

- Die voorval, as dit nie was dat hierdie afdeling bestaan het nie, deur enige ander King Price-polis gedek sou word.
- Sodanige aanspreeklikheid binne die bestek van enige vorm van verpligte derdepartyversekeringswetgewing val, ongeag of sodanige versekering van krag is of aangegaan is.

## Nood mediese uitgawes

Jy's gedek vir alle redelike uitgawes wat jy aangaan vir onmiddellike mediese behandeling wat nodig is ten tyde van 'n ongeluk wat besering veroorsaak aan enigiemand wat ingevolge hierdie afdeling 'n eis teen jou kan instel.

## Oesbespuiting

Jy's gedek vir regsaanspreeklikheid voortspruitend uit oesbespuiting met insekdoders en dies meer op landbougrond of veld wat jy besit of bewoon.

**Neem asseblief kennis: Jy's nie gedek vir regsaanspreeklikheid wat voortspruit uit lugbespuiting van gesaaides, plantasies, landbougrond of veld nie.**

## Onregmatige inhegtenisneming en laster

Jy's gedek vir skadevergoeding:

- Voortspruitend uit onregmatige inhegtenisneming (insluitend aanranding in verband met sodanige onregmatige inhegtenisneming).
- Ten opsigte van laster.

**Neem asseblief kennis: Ons aanspreeklikheid is beperk tot R250,000 in enige enkele jaarlikse versekeringstydperk.**

## Parkeerterreine

Jy's gedek vir regsaanspreeklikheid voortspruitend uit die verlies van of skade aan voertuie en hul inhoud en toebehore, wat aan jou huurders, kliënte, besoekers en werknemers behoort, terwyl hulle parkeergeriewe gebruik wat deur jou verskaf word.

## Regsverdedigingskoste

Jou werknemer, vennoot of direkteur is gedek vir koste en uitgawes wat met ons toestemming deur hulle aangegaan word om enige strafregtelike saak te verdedig wat teen hulle aanhangig gemaak word in die loop van hul werk vir jou, voortspruitend uit 'n beweerde oortreding van die wette soos hierin omskryf gedurende die versekeringstydperk, met dien verstande dat:

- Ons nie enige koste in die geval van 'n appèl sal dek nie, tensy 'n senior advokaat wat deur ons goedgekeur is, aangedui het dat die appèl behoort te slaag.
- Sodanige persoon nie gedek is ten opsigte van 'n boete of strafheffing wat deur 'n landdros of regter opgelê word, of 'n voortspruitende verlies nie.
- Ons aanspreeklikheid beperk is tot die bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

Sodanige persoon moet die uitsluitings en bepalings en voorwaardes van hierdie polis in ag neem en nakom, en is daaraan onderworpe soos jy, in soverre hulle van toepassing kan wees.

**Neem asseblief kennis: Indien dekking ten tyde van 'n voorval wat tot 'n eis ingevolge hierdie klousule aanleiding gee, ook deur enige ander versekering verskaf word, is ons nie aanspreeklik vir enige koste nie, behalwe 'n bedrag waarvoor jy aanspreeklik is bo en behalwe die dekking wat deur die ander versekering verskaf word, en beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.**

## Sekuriteitsmaatskappye

Jy's gedek vir aanspreeklikheid voortspruitend uit 'n sekuriteitsmaatskappy wat deur jou gekontrakteer word om jou versekerde eiendom te beskerm, indien jy regtens aanspreeklik word vir die optrede of versuim van die werknemers van die sekuriteitsmaatskappy in die loop van hierdie diens, asof hulle jou werknemers is. Ons aanspreeklikheid is beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

Indien die sekuriteitsmaatskappy ten tyde van 'n voorval wat tot 'n eis aanleiding gee, ingevolge enige ander polis op dekking vir die voorval geregtig is, is ons nie aanspreeklik om 'n betaling te doen nie, behalwe ten opsigte van enige bedrag bo die bedrag wat ingevolge die ander polis betaalbaar is.

## Verkryging en nuwe besigheid

Hierdie dekking sluit enige maatskappy in wat gedurende die versekeringstydperk deur jou gestig of verkry word, vir 90 dae na die stigting of verkryging, met dien verstande dat:

- Die terugwerkende datum ten opsigte van die nuwe maatskappy geag word die datum te wees waarop ’n pas gestigte of verkreë maatskappy die eerste keer aanspreeklikheidsversekering van die aard wat hierdeur verseker word op ’n ‘eise ingestel’-grondslag gekoop het, onderworpe aan ’n verklaring deur die pas verkreë maatskappy se vorige bestuur dat daar geen bekende of aangemelde eise of omstandighede is wat waarskynlik op die datum van die verkryging tot ’n eis aanleiding sal gee nie. In die afwesigheid van sodanige verklaring, is die terugwerkende datum die datum van verkryging.
- Jou sakebedrywighede onveranderd bly.
- Die jaarlikse omset van alle pas gestigte of verkreë maatskappye nie 5% van jou geraamde jaarlikse omset, wat jy by die aanvang van hierdie polis gemeld het, oorskry nie.
- Jy ons binne 90 dae na die stigtings of verkrygings daarvan in kennis stel, en dat ons die voorwaardes van hierdie afdeling van die polis dienooreenkomstig kan wysig.

## Verspreiding van brand

Jy’s gedek vir skade of liggaamlike besering veroorsaak deur die verspreiding van ’n veld- of bosbrand, ooreenkomstig 1 van die volgende 3 opsies. Ons aanspreeklikheid is beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word vir die verspreiding van brand:

- Met uitsluiting van verspreiding na woude, ander plantasies en suikerrietlande.
- Insluitend verspreiding na woude, ander plantasies en suikerrietlande.
- Met uitsluiting van verspreiding na woude en ander plantasies maar met insluiting van verspreiding na suikerrietlande.

**Neem asseblief kennis:**

- **Jy moet aan alle toepaslike wetgewing voldoen.**
- **Jy moet alle redelike stappe neem om te voorkom dat ’n brand wat op jou eiendom ontstaan, versprei.**

### Voertuie wat deur diere getrek word

Jy's gedek vir regsaanspreeklikheid voortspruitend uit 'n voertuig in jou besit of bewaring of onder jou beheer, wat deur diere getrek word. Dit sluit die dood van of besering aan enige persoon in wat nie 'n werknemer van jou is nie, terwyl sodanige persoon in of op 'n fiets of voertuig wat deur diere getrek word, vervoer word, of daarin, daarop of daaruit klim.

### Werktuie


Jy's gedek vir aanspreeklikheid voortspruitend uit die werking van enige meganies aangedrewe voertuig wat jy besit of gebruik, of wat namens jou besit of gebruik word, asook van enige toerusting wat deel uitmaak van sodanige voertuig of daaraan vas is, met dien verstande dat ons nie aanspreeklik is nie indien:

- Sodanige aanspreeklikheid binne die bestek van enige vorm van motorversekerings- of verpligte derdepartyversekeringswetgewing val, ongeag of sodanige versekering van krag is of aangegaan is.
- Jy enige ander vorm van motorversekering het wat sulke voorvalle dek.

## Opsionele dekking

### Dek meer. Betaal 'n bietjie meer

**Jy kan kies om die volgende opsies by jou basiese 'Aanspreeklikheid'-dekking te voeg. Indien jy enige opsie byvoeg, sal dit slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisskedule aangeteken is en 'n bykomende premie betaal word.**



## Brandbluskoste

Jy's gedek vir koste met betrekking tot die blus en bestryding van 'n brand (insluitend die gebruik van waterbomme) benewens enige ander betaling waarvoor ons ingevolge 'Aanspreeklikheid'-dekking aanspreeklik kan wees, met dien verstande dat jy regtens vir sodanige koste aanspreeklik is en die versekerde eiendom in gevaar was weens die brand.

**Neem asseblief kennis:**

- **Ons aanspreeklikheid is beperk tot R500,000 of die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, per eis.**
- **Ons aanspreeklikheid sluit die redelike koste en uitgawes in wat jy regtens aanspreeklik is om te betaal vir 'n opsporingsvliegtuig wat behoort aan enige organisasie wat deur die Brandbestrydingsvereniging van Suid-Afrika (FPASA) gekontrakteer word en deur 'n FPASA-brandbestrydingsbeampte versoek word om 'n brand op te spoor of 'n waterbom-helikopter of -vliegtuig te lei. Ons aanspreeklikheid ten opsigte hiervan is beperk tot R25,000 per voorval of gedurende 'n jaarlikse versekeringstydperk.**
- **As jy nie 'n lid van 'n geregistreerde brandbeskermingsvereniging (BBV) is nie, is jy nie gedek vir enige brandbestrydingskoste (insluitend koste vir waterbom- en opsporingsvliegtuie) nie. Jy's ook nie gedek vir enige koste as gevolg van 'n brand wat van jou plaas af of oor jou plaas versprei nie.**

## Damwalle

Jy's gedek vir aanspreeklikheid wat ontstaan indien 'n damwal breek of oorstroom. Wat ons sal betaal, sluit enige regskoste in wat deur eisers van jou verhaalbaar is, en alle ander koste en uitgawes wat met ons toestemming aangegaan word, vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met 1 oorspronklike oorsaak of gedurende enige enkele jaarlikse versekeringstydperk. Ons aanspreeklikheid is beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

## Eiendom wat aan werknemers en besoekers behoort

Jy's gedek vir eiendom wat aan jou, jou direkteure en werknemers en enige besoekers op jou perseel behoort, met dien verstande dat:

- Ons aanspreeklikheid ten opsigte van eiendom wat aan 'n besoeker of gas behoort, beperk is tot R50,000.
- Ons aanspreeklikheid ten opsigte van eiendom wat aan jou en jou werknemers behoort, beperk is tot R10,000.

**Neem asseblief kennis: Ons aanspreeklikheid sluit regskoste in wat deur eisers van jou verhaalbaar is, en alle ander koste en uitgawes wat met ons toestemming aangegaan word, vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met 1 oorspronklike oorsaak of bron.**

## EU-aanspreeklikheid: Produkte

Jy's gedek vir besering en skade wat voortspruit uit goedere of produkte wat jy na enige land in die EU of die Europese Vryhandelsvereniging (EVHV) uitvoer, ten opsigte van uitsprake wat in die eerste instansie in howe van die EU of EVHV gelewer word.

Met die verstande dat jy:

- 'n Stelsel in werking stel en in stand hou waarvolgens hierdie goedere of produkte duidelik volgens lotnommer, reeksnommer, datumstempel of op 'n ander soortgelyke wyse geïdentifiseer word.
- Die datum aanteken waarop die goedere of produkte die eerste keer in omloop gebring is, en rekords hou vir minstens 10 jaar na hierdie datum.
- Hierdie inligting en alle stawende dokumente enige tyd wanneer ons daarom vra, aan ons of aan 'n agent wat deur ons aangestel is, beskikbaar stel.

## Gebrekkige vakmanskap

Jy's gedek vir regskoste wat deur eisers van jou verhaalbaar is, en alle ander koste en uitgawes wat met ons toestemming aangegaan word, vir aanspreeklikheid weens gebrekkige vakmanskap, wat voortspruit uit enige enkele voorval of reeks voorvalle met 1 oorspronklike oorsaak of gedurende enige enkele jaarlikse versekeringstydperk, beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

Jy's nie gedek vir:

- Die koste om foutiewe werk te herstel of te onttrek.
- Aanspreeklikheid voortspruitend uit ondoeltreffendheid van werk of werk wat nie die resultate lewer wat verwag is of waarop aanspraak gemaak is nie.
- Aanspreeklikheid wat ontstaan voordat die werk oorhandig word.
- Aanspreeklikheid wat uit gebrekkige ontwerp voortspruit.
- Aanspreeklikheid wat uit werk aan 'n lugvaartuig of 'n deel/onderdeel daarvan voortspruit.

**Neem asseblief kennis:**

- **Indien 'n kliënt enige vuurwapen/s wil laat 'inskiet' of verstellings daaraan wil laat aanbring, moet dit onder jou beheer of die beheer van jou gids, werknemer of afgevaardigde persoon gedoen word.**
- **Jy moet te alle tye aan die vereistes van alle toepaslike wette, ordonnansies en regulasies voldoen.**

## Kommersiële jag- en wildbesigtigingsaktiwiteite

Jy's gedek vir aanspreeklikheid voortspruitend uit kommersiële jag- en wildbesigtigingsaktiwiteite, met dien verstande dat:

- Geen alkohol tydens jagaktiwiteite gebruik word nie.
- Kliënte wat aan wildbesigtigingsaktiwiteite deelneem, te alle tye deur jou of deur 'n gids, werknemer of ander persoon wat deur jou afgevaardig is, vergesel moet word.
- Skietsones duidelik afgebaken moet wees en aan jaggroepe/jagters/kliënte verduidelik moet word voordat enige jagaktiwiteite begin.

**Neem asseblief kennis:**

- **Alle korrespondensie, kennisgewings en vrywaringskennisgewings moet in minstens 2 van Suid-Afrika se amptelike tale wees en vertoon word, en indien 'n kliënt, jagter, gas of ander deelnemende party 'n tolk verlang, moet 1 beskikbaar gestel word. Sodanige vrywaringskennisgewing moet duidelik by die ingang van jou perseel vertoon word.**
- **Die bewoording van jou skadeloosstellings-/vrywaringskennisgewing moet aan ons voorgelê en deur ons goedgekeur word.**
- **Die skadeloosstellings-/vrywaringskennisgewing tussen jou en jou kliënte moet deur albei partye onderteken en op rekord geplaas word voordat enige kommersiële jag- of wildbesigtigingsaktiwiteite onderneem word.**
- **Vuurwapens mag onder geen omstandighede op medejagters, kliënte of enige ander persone gerig word nie.**

## Ondoeltreffendheid

Jy's gedek vir eise wat teen jou ingestel word vir verlies en skade, wat jy regtens aanspreeklik is om te betaal, as gevolg van ondoeltreffendheid van produkte wat jy lewer.

'Ondoeltreffendheid' beteken dat 'n produk:
- Nie aan die vereistes voldoen soos verwag is nie.
- Nie geskik is om gebruik te word nie.

**Neem asseblief kennis: Ons aanspreeklikheid is beperk tot R100,000 vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met 1 oorspronklike oorsaak, en R500,000 vir enige enkele jaarlikse versekeringstydperk.**

## Pakhuispersoneel

Jy's gedek vir regsaanspreeklikheid voortspruitend uit growwe nalatigheid van jou:
- Koelkamer-operateurs.
- Vrugtepakkers.
- Vrugtegradeerders.
- Pakhuispersoneel.
- Wynkelder-operateurs, wynmakers en/of wynbotteleerders.

Met dien verstande dat:
- Elke kliënt of organisasie van jou 'n standaardkontrak moet teken ten opsigte van aflewerings wat daartoe lei dat jy 'n derde party se eiendom berg, verwerk of in stand hou.
- Jy eiendom vir berging, verwerking of instandhouding aanvaar slegs as die derde party wat berging, verwerking of instandhouding versoek, tot die bepalings en voorwaardes van sodanige standaardkontrak ingestem het deur die bepalings en voorwaardes te teken en te dateer.
- 'n Afskrif van hierdie bepalings en voorwaardes by ons ingedien word en nie op enige wyse sonder ons skriftelike toestemming verander word nie.
- Indien 'n eis ontstaan ten opsigte van 'n derde party se eiendom wat reeds op die aanvangsdatum van jou 'Pakhuispersoneel'-dekking in jou bewaring of onder jou beheer is, die onus op jou is om te bewys dat die skade waarvoor geëis word ná die aanvangsdatum voorgekom het.
- Jy te alle tye sigbaar 'n vrywaringskennisgewing van aanspreeklikheid by jou perseel moet vertoon.

Jy’s nie gedek vir verlies van of skade aan ’n derde party se eiendom wat aan ’n versekerde of versekerbare gevaar toe te skryf is, of wat ingevolge enige polis vir die onklaarraking van masjinerie, verslegting van voorraad na die onklaarraking van masjinerie of verlies van inkomste/wins na die onklaarraking van masjinerie versekerbaar is, hetsy sodanige dekking by jou King Price agri-polis ingesluit is of nie.

**Neem asseblief kennis: Vir elke eis ingevolge ‘Pakhuispersoneel’-dekking is jy aanspreeklik vir die eerste 10%, met ’n minimum van R5,000, of die bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, wat ook al die grootste is.**

## Produkte

Jy’s gedek vir ’n versekerde voorval wat op ’n ander plek as op jou besigheidsperseel gebeur maar binne ’n gebied wat in jou polisskedule gemeld word, en wat veroorsaak word deur ’n produk wat jy in verband met jou besigheid verkoop of verskaf, insluitend verkeerde aflewering en die aflewering van verkeerde goedere.

Ons aanspreeklikheid, insluitend vir regskoste wat deur eisers van jou verhaalbaar is, en alle ander koste en uitgawes wat met ons toestemming aangegaan word, vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met 1 oorspronklike oorsaak, of gedurende enige enkele jaarlikse versekeringstydperk, is beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

Jy’s nie gedek vir

- Die koste om die produk wat die besering of skade veroorsaak het, of deel/onderdeel daarvan, te herstel, wysig, onttrek, op te knap of te vervang. ‘Vervanging’ sluit krediet of terugbetaling toegestaan asook enige alternatiewe produk in wat deur of namens jou verskaf word, in plaas van om die defektiewe produk te vervang.
- Die koste van die sloping, uitbreking, aftakeling, aflewering, herbouing, verskaffing en installering van die produk, en enige ander eiendom wat noodsaaklik is vir sodanige herstel, verandering of vervanging, tensy fisies beskadig deur die produk.
- Aanspreeklikheid wat voortspruit uit die feit dat ’n produk of enige deel/onderdeel daarvan nie sy bedoelde funksie kan vervul nie, of nie soos gespesifiseer of gewaarborg funksioneer nie.

**Neem asseblief kennis: Jy’s egter gedek vir voortspruitende besering of skade in hierdie verband.**

- Aanspreeklikheid wat voortspruit uit produkte wat bedoel is om in ’n lugvaartuig geïnstalleer te word of deel daarvan uit te maak, of wat deel daarvan uitmaak.
- Besering of skade wat plaasvind in die VSA of Kanada en wat veroorsaak word deur of deur middel van, of in verband met, enige produkte wat deur of in opdrag van jou verkoop of verskaf is, indien hierdie produkte na jou wete deur of namens jou na die VSA of Kanada uitgevoer is.
- Enige defek in ’n produk of enige deel/onderdeel daarvan, waarvan jy bewus was voordat hierdie dekking begin het.

## Verlengde verslagdoening

Jy kan die tydperk waarbinne jy ’n voorval moet aanmeld wat tot ’n eis kan lei, verleng vir ’n ooreengekome tydperk van hoogstens 36 maande, met dien verstande dat:

- Jy ’n bykomende premie betaal.
- Jy hierdie opsie kan kies slegs as ons jou ‘Gemeenregtelike en werkgewersaanspreeklikheid’-dekking kanselleer of weier om dit te hernu, en jy moet dit binne 31 dae na sodanige kansellasie of nie-hernuwing skriftelik uitoefen. Wanneer hierdie opsie uitgeoefen is, kan dit nie deur jou óf deur ons gekanselleer word nie.
- Jy nie ander versekering van soortgelyke omvang en dekking in vergelyking met hierdie afdeling het nie.
- Ons slegs aanspreeklik is vir versekerde voorvalle wat ná die terugwerkende datum maar voor die datum van kansellasie of nie-hernuwing voorkom.
- Eise wat aanvanklik teen jou ingestel word of voorvalle wat deur jou aangemeld word gedurende die verlengde aanmeldingstydperk, hanteer sal word asof hulle aanvanklik ingestel of aangemeld is op die dag voor die kansellasie of nie-hernuwing.
- Die totale bedrag betaalbaar deur ons vir eise wat ingestel of voorvalle wat aangemeld word gedurende ’n verlengde aanmeldingstydperk, nie die versekerde bedrag wat op die dag voor die kansellasie of nie-hernuwing van toepassing is, sal verhoog nie.

**Neem asseblief kennis: Jy’s nie gedek vir eise wat voortspruit uit ’n voorval wat gedurende die verlengde aanmeldingstydperk aangemeld word, wat skriftelik aanvanklik teen jou ingestel word meer as 48 maande na die dag voor die kansellasie of nie-hernuwing nie. Indien die eiser minderjarig is, sal die 48-maandetydperk verleng word tot 12 maande nadat die eiser meerderjarig geword het.**

## Werkgewersaanspreeklikheid

Jy's gedek vir skadevergoeding wat jy regtens aanspreeklik is om te betaal as gevolg van die dood of siekte van of besering aan 'n persoon wat ingevolge 'n diens- of vakleerlingskapkontrak by jou in diens is.

Met dien verstande dat die voorval plaasvind:

- In die loop van en in verband met die persoon se diens by jou.
- Binne Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland (Eswatini), Zimbabwe, Malawi of Mosambiek.
- Op of na die terugwerkende datum wat in jou polisskedule gemeld word, en wat daartoe lei dat 'n eis skriftelik aanvanklik teen jou ingestel word, gedurende jou dekkingstydperk.

**Neem asseblief kennis: Jy's gedek, met inbegrip van regskoste en verwante uitgawes, tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.**

Jy's nie gedek vir:

- Aanspreeklikheid wat volgens ooreenkoms deur jou aanvaar word, tensy jy nog steeds in dieselfde mate aanspreeklik sou gewees het indien die ooreenkoms nie aangegaan is nie.
- Aanspreeklikheid vir siekte of inkorting toeskryfbaar aan 'n geleidelik werkende oorsaak wat nie uit 'n skielike en identifiseerbare ongeluk of voorval voortspruit nie.
- Boetes, strafvoltrekkings of bestraffende skadevergoeding.
- Skadevergoeding ten opsigte van uitsprake in die eerste instansie gelewer of verkry in 'n ander hof as 'n hof met bevoegde jurisdiksie binne Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho of Swaziland (Eswatini).
- Regsuitgawes wat deur enige eiser van jou verhaal word, maar wat nie aangegaan word in of verhaalbaar is van die omstandighede wat hierbo beskryf word nie.
- Enige eis wat voortspruit uit 'n voorval wat aan jou bekend is maar wat nie aan ons bekend gemaak word nie, en wat nie by ons aangemeld word voordat hierdie versekering begin nie.
- Enige eis (in die geval van kansellasie of nie-hernuwing van hierdie afdeling) wat nie skriftelik aanvanklik teen jou ingestel word binne die 48-maande tydperk (of verlengde tydperk ten opsigte van minderjariges) nie.
- Dood, besering, siekte of aanspreeklikheid wat direk of indirek veroorsaak word deur, verband hou met, of voortspruit uit oorlog, inval, optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (ongeag of oorlog verklaar word of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre mag of magsoorname.

## A. Eise ingestel-grondslag en B. Eise aangegaan-grondslag

### Wat NIE deur die koning gedek word nie

Jy's nie deur 'Gemeenregtelike aanspreeklikheid' gedek nie vir verlies of skade as gevolg van:

- Aanspreeklikheid wat voortspruit uit besering aan jou werknemers of enige persoon wat 'n vakleerling is by jou, in die loop van hul diens of vakleerlingskap by jou.
- Aanspreeklikheid wat volgens ooreenkoms deur jou aanvaar word, tensy jy nog steeds in dieselfde mate aanspreeklik sou gewees het indien die ooreenkoms nie aangegaan is nie.
- Aanspreeklikheid met betrekking tot besering of skade wat direk of indirek veroorsaak word deur, in verband met, voortspruit uit, of toeskryfbaar is aan:
  - Plofstowwe of die ontploffing van 'n stoomketel.
  - Oorstroming, insluitend damwalle wat breek of oorloop.
  - Brand of ontploffing.
- Besering of skade wat voorkom ná die voltooiing en oorhandiging van werk en wat direk of indirek veroorsaak word deur, deur middel van of in verband met enige gebrek, fout of weglating in die werk.
- Boetes, strafvoltrekkings, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding.
- Besering, skade aan eiendom of aanspreeklikheid wat direk of indirek veroorsaak word deur, verband hou met, of voortspruit uit oorlog, inval, optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (ongeag of oorlog verklaar word of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre mag of magsoorname.
- Besering of skade wat direk of indirek veroorsaak word deur, deur middel van of in verband met:
  - Enige advies of behandeling van 'n professionele aard (behalwe toevallige noodhulpbehandeling) wat deur jou of volgens jou opdrag gegee of toegedien word.
  - Die eienaarskap, besit of gebruik deur of namens jou van enige meganies aangedrewe voertuig (behalwe 'n trapfiets of grassnyer), sleepwa, vaartuig, lokomotief of rollende materiaal. Hierdie uitsluiting is nie van toepassing op 'n besering of skade wat veroorsaak word deur of ontstaan in verband met die laai of aflaai van 'n voertuig, waar die aanspreeklikheid vir die besering of skade nie deur enige ander versekering gedek word nie.
  - 'n Lugvaartuig, insluitend brandstofinname van die lugvaartuig, die eienaarskap, besit, instandhouding, bedryf of gebruik van 'n lugvaartuig of 'n lugredery, en die eienaarskap, huur of bruikhuur van enige lughawe, landingstrook of helikopterdek. Hierdie uitsluiting is nie op modelvliegtuie van toepassing nie.

- Goedere of produkte (insluitend houers) wat deur jou verkoop of verskaf word, indien die besering of skade op ’n ander plek as op jou perseel plaasvind. Hierdie uitsluiting is nie van toepassing indien jy ons opsionele aanspreeklikheidsdekking vir produkte het nie.

- Die eienaarskap of okkupasie van enige grond of geboue, indien dit uitgebrei word om by ’n gebouepolis ingesluit te word.
- Eise vir vergoeding en regskoste en -uitgawes ten opsigte van sterfte, besering of siekte wat toe te skryf is aan ’n geleidelik werkende oorsaak wat nie uit ’n skielike en identifiseerbare ongeluk of gebeurtenis voortspruit nie.
- Enige voorval wat aan jou bekend is maar wat nie aan ons bekend gemaak word nie en wat voorgekom het voordat hierdie ‘Aanspreeklikheid’-dekking begin het.
- Skadevergoeding ten opsigte van uitsprake wat gelewer is deur, of verkry is in, ’n hof met bevoegde jurisdiksie binne Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Mosambiek, Swaziland (Eswatini) en Malawi, insluitend enige regskoste en -uitgawes wat deur enige eiser van jou verhaal word en wat nie in hierdie gebiede aangegaan of verhaalbaar is nie.
- Enige eis voortspruitend uit, gebaseer op of in verband met onregmatige mededinging (insluitend handelsmerk-, handelsnaam-, domeinnaam- of advertensieskending), onbillike sakepraktyke, misbruik van monopoliemag, kartelbedrywighede of op enige wyse met betrekking tot ’n oortreding van ’n bepaling van die Wet op Mededinging, Wet 89 van 1998, soos gewysig, of enige soortgelyke bepaling, wet of regulasie wat van krag kan wees in enige jurisdiksie of land waarin die aanspreeklikheid ontstaan.
- Enige aanspreeklikheid vir die verlies van gebruik van eiendom wat voortspruit uit of veroorsaak word deur besoedeling, kontaminasie of deursypeling, insluitend die koste van die neutralisering of opruiming van die besoedeling. Hierdie uitsluiting sal nie van toepassing wees op eise wat uit ’n skielike, onbeplande en onvoorsiene voorval voortspruit nie, tensy dit spesifiek in jou polisskedule uitgesluit word.
- Skade veroorsaak deur vibrasie of die verwydering of verswakking of versteuring van stutwerk vir grond, ’n gebou of struktuur.
- Skade aan:
  - Eiendom wat aan jou of jou werknemers behoort of in jou of hul bewaring of onder jou of hul beheer is. Hierdie uitsluiting geld nie vir persele wat tydelik deur jou geokkupeer word om in te werk, of die inhoud daarvan nie, maar jy’s net gedek indien sodanige skade direk voortspruit uit werk wat deur jou of jou werknemer gedoen word.
  - ’n Deel van enige eiendom waarop jy werk of gewerk het, indien die skade die direkte gevolg van daardie werk is.
  - Enige ondergrondse kabels, pype en pypleidings, wat veroorsaak word terwyl slote gegrawe word.

# Besproeiingstelsels

### In kort...

Die koning kan jou hele besproeiingstelsel dek, van die wiele en draaispil tot die krag- en watertoevoer... Tot in die fynste detail. En ons gee jou verskeie keuses. Jy kan kies om net die stelsel, óf die krag- en watertoevoer te verseker. Of albei. Jy kan ook jou dekkingsvlak kies: Van omvattende dekking wat voorsiening maak vir alles wat verkeerd kan loop, tot brand alleenlik of aanspreeklikheid teenoor derde partye alleenlik. Jou keuse, ons plesier. Regtig.

## Keuse van dekking

### Jou keuse, ons plesier

**Binne hierdie afdeling kan jy die volgende eiendom dek wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is:**

- **Besproeiingstelsel/s**
- **Krag- en watertoevoer wat nie deel van die besproeiingstelsel/s is nie**

**Jy kan ook kies om jou besproeiingstelsel/s en jou krag- en watertoevoer op 3 maniere te dek:**

**A. Omvattende dekking**
**B. Brand alleenlik**
**C. Aanspreeklikheid teenoor derde partye alleenlik**

## Wat ons bedoel

**Vereffeningsgrondslag**

In die geval van ’n geldige eis:

- Indien ’n besproeiingstelsel herstel kan word, sal ons die koste dek om dit tot ’n werkende toestand te herstel, gebaseer op die gebruiklike daaglikse loontariewe in die distrik, asook gewone vrag-, oprigtings- en doeanekoste.
- Indien ’n besproeiingstelsel heeltemal vernietig is, is ons aanspreeklikheid beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.
- Ons kan kies om ’n beskadigde besproeiingstelsel te herstel of te vervang, of om die bedrag van die skade in kontant te betaal.

**Versekerde bedrag**

Jy moet elke besproeiingstelsel wat in jou polisskedule gemeld word vir die nuwe vervangingswaarde daarvan verseker, insluitend aftakelings-, heroprigtings- en vragkoste, met dien verstande dat:

- Indien skade beperk is tot 'n onderdeel of onderdele van 'n besproeiingstelsel, ons aanspreeklikheid beperk is tot die waarde van die onderdeel of onderdele toegelaat vir die versekerde bedrag, plus aftakelings-, heroprigtings- en vragkoste.
- Indien die versekerde bedrag ten tyde van die verlies van of skade aan 'n versekerde besproeiingstelsel laer is as die nuwe vervangingswaarde, jy as jou eie versekeraar beskou word vir die verskil, en dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies dra. Elke besproeiingstelsel is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.
- Indien 'n noodsaaklike onderdeel, toebehoorsel of passtuk, of die hele besproeiingstelsel, nie in Suid-Afrika as 'n standaarditem (klaarvervaardigde produk) beskikbaar is nie, ons aanspreeklikheid beperk is tot die waarde van daardie onderdeel, toebehoorsel, passtuk of stelsel ten tyde van die verlies of skade, tot hoogstens die waarde volgens die vervaardiger se jongste pryslys. Die koste om sodanige onderdeel, toebehoorsel of toerusting in te voer, word gedek.
- Indien 'n besproeiingstelsel aan 'n opskortende verkoops- of soortgelyke ooreenkoms onderworpe is, enige eisbetaling wat deur ons verskuldig is aan die eienaar betaal sal word, wie se ontvangs van die betaling 'n volle en finale vereffening van ons verpligting ten opsigte van verlies of skade sal wees.

**Besproeiingstelsel**

'n Besproeiingstelsel (draaispil) sluit die vaste en los toebehore in wat daarop of daaraan vas is, en deur die vervaardiger as standaardtoebehore voorsien word, insluitend die:

- Spilpunt en stut.
- Beheerkas (paneel).
- Torings, elk met hul eie vaste en los toebehore en gemonteerde toerusting (elektriese kabelwerk, spuitkoppe, elektriese motors en ratkaste, en mikronvloeiskakelaars).
- Oorhang.
- Buitebande op elke toring.

**Krag- en watertoevoer**

Die krag- en watertoevoer sluit in:

- Enige krageenheid/-punt wat nie deel van die torings uitmaak nie maar aan die spilpunt vas is.
- Enige soortgelyke, verwante toerusting (bo- of ondergronds).
- Kabels en harnasse.
- Kompressors en dryfstelsels.
- Kragkabelverlengings (bo- of ondergronds) vanaf die spilpunt na die openbare toevoer.
- Ondergrondse pyplyne.

- Pompe, ongeag of dit uitsluitlik vir die spilpunt gebruik word of nie.
- Transformators.
- Versnellingsmotors.

Alle bykomende elektriese kabelwerk vanaf die beheerkas na die kragtoevoer, asook die elektriese motor en waterpomp, en die ondergrondse pyplyne vanaf die watertoevoer na die stelsel, moet in jou polisskedule gemeld word, met afsonderlike versekerde bedrae.

## A. Omvattende dekking

### Wat deur die koning gedek word

Jy's gedek vir die toevallige fisiese verlies van of skade aan die eiendom wat in jou polisskedule gemeld word. Die bedrag betaalbaar vir alle verliese of skade voortspruitend uit 1 oorspronklike oorsaak of bron is beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

## B. Brand alleenlik

### Wat deur die koning gedek word

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan die hele of 'n deel van die eiendom wat in jou polisskedule gemeld word, wat veroorsaak word deur:
- Brand.
- Weerlig of donderslag.
- Ontploffing.

**Neem asseblief kennis: Verlies en skade wat deur 'Aardbewing', 'Kwaadwillige beskadiging' en 'Spesiale gevare' gedek word, sal geag word deur brand veroorsaak te gewees het.**

### Aardbewing

Jy's gedek vir verlies of skade veroorsaak deur 'n aardbewing, maar met uitsluiting van skade aan eiendom in die ondergrondse werksaamhede van enige myn.

## Kwaadwillige skade

Jy's gedek vir verlies of skade wat direk veroorsaak word deur, deur middel van of as gevolg van die opsetlike of moedswillige daad van enige persoon met die doel om sodanige skade te veroorsaak, maar met uitsluiting van skade aan:

- Roerende eiendom wat gesteel word of beskadig word wanneer dit gesteel word.
- Roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by jou perseel in- of uitgebreek word of terwyl daar probeer word om in of uit te breek.
- Onroerende eiendom wat deur jou besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur:
  - Die verwydering of gedeeltelike verwydering van die eiendom, of enige poging daartoe.
  - Die sloping, gedeeltelike sloping of enige poging daartoe, van die eiendom of enige deel daarvan, met die doel om dit te steel.

Jy's nie gedek vir:

- Skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing.
- Gevolglike of indirekte skade, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is.
- Skade wat voortspruit uit die totale of gedeeltelike staking van werk, of die vertraging of onderbreking of staking van 'n proses of werksaamheid.
- Skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat voortspruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur 'n wettig ingestelde owerheid.

**Neem asseblief kennis: Indien jou eis afgewys word omdat ons sê dat 1 of meer van hierdie uitsluitings van toepassing is, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

## Spesiale gevare

Jy's gedek vir verlies of skade veroorsaak deur:

- Storm, wind, water, hael of sneeu, maar met uitsluiting van skade aan eiendom:
  - Voortspruitend uit 'n proses wat dit ondergaan wat noodwendig die gebruik of aanwending van water behels.
  - Veroorsaak deur 'n getygolf as gevolg van 'n aardbewing of vulkaniese uitbarsting.
- Lugvaartuie en ander lugtoestelle, en voorwerpe wat daaruit laat val word.
- Botsing deur diere, bome (behalwe as hulle afgekap word), antennes, satellietskottels en voertuie, maar jy's nie gedek vir enige skade aan of vir eiendom in of op sodanige voertuie nie.

Volgens hierdie uitbreiding vir spesiale gevare is jy nie gedek nie vir:
- Slytasie of geleidelike agteruitgang.
- Skade wat veroorsaak of vererger word deur:
  - Insakking of grondverskuiwing.
  - Jou versuim om alle redelike voorsorgmaatreëls te tref vir die instandhouding en veiligheid van die versekerde eiendom en om skade tot die minimum te beperk.

## C. Aanspreeklikheid teenoor derde partye alleenlik

### Wat deur die koning gedek word

Jy's gedek vir enige ongeluk veroorsaak deur, deur middel van of in verband met enige besproeiingstelsel wat in jou polisskedule gemeld word, of in verband met die laai en/of aflaai van sodanige stelsel ten opsigte waarvan jy regtens aanspreeklik word om alle bedrae, insluitend die eiser se koste en uitgawes, te betaal ten opsigte van:
- Die dood of liggaamlike besering van enige persoon, maar met uitsluiting van die dood of liggaamlike besering van enige persoon in jou diens voortspruitend uit en gedurende die loop van sodanige diens, en enige lid van jou huishouding.
- Skade aan eiendom, behalwe eiendom wat aan jou behoort of wat in jou bewaring of onder jou beheer is.

Jy's ook gedek vir:
- Koste en uitgawes waarvoor ons skriftelike toestemming gegee het, met dien verstande dat ons geregtig is om te reël vir verteenwoordiging by enige doodsondersoek of ondersoek ten opsigte van enige dood waarvoor geëis word, en om in enige landdroshof strafregtelike gedinge te verdedig ten opsigte van 'n handeling wat lei tot of verband hou met 'n gebeurtenis waarvoor geëis word, en dat ons aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.
- Enige persoon/persone wat 'n versekerde besproeiingstelsel volgens jou opdrag of met jou toestemming bedryf of beheer, met dien verstande dat:
  - Daardie persoon/persone die bepalings en voorwaardes en uitsluitings van hierdie versekering moet nakom en uitvoer en daaraan onderworpe is in soverre dit van toepassing kan wees.
  - Ons nie aanspreeklik is nie ten opsigte van eise wat deur enige lid van dieselfde huishouding as daardie persoon ingestel word.
  - Daardie persoon nie op dekking volgens enige ander versekering geregtig is nie, behalwe ten opsigte van 'n bedrag wat nie deur daardie versekering verhaalbaar is nie.

## Alle opsies

## Opsionele dekking

### Dek meer. Betaal 'n bietjie meer

**Jy kan kies om die volgende opsies by jou omvattende 'Besproeiingstelsel'-dekking te voeg. Indien jy enige opsie byvoeg, sal dit slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisskedule aangeteken is en 'n bykomende premie betaal word.**

### Brandbluskoste

Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, sal geag word skade aan die versekerde eiendom te wees en sal betaalbaar wees benewens enige ander betaling waarvoor ons volgens hierdie afdeling aanspreeklik kan wees, met dien verstande dat jy regtens vir sodanige koste aanspreeklik is en die versekerde eiendom deur brand bedreig is. Die bedrag betaalbaar is beperk tot R10,000.

### Krediettekort

Indien 'n totale verliesvereffening vir 'n besproeiingstelsel minder is as die bedrag wat volgens 'n bestaande afbetalings- of bruikhuurooreenkoms aan die finansier verskuldig is, sal ons ook aan jou die tekort betaal minus:

- Enige agterstallige paaiemente of huurgeld, insluitend rente betaalbaar op sodanige agterstallige bedrae.
- Premieterugbetalings vir die kansellasie van enige versekeringsdekking wat met die stelsel verband hou.
- Die verhoogde paaiemente of huurgeld wat betaal sou word indien daar geen reskapitaalwaarde aan die einde van die finansieringstydperk bestaan het nie, bereken tot die maand waarin die eis betaal word.
- Die bybetaling wat deur jou betaalbaar is.

Jy's nie gedek vir:

- Enige bedrag wat die versekerde bedrag minus die bybetaling betaalbaar vir die besproeiingstelsel oorskry.
- Krediettekort, indien die bedrag van enige enkele paaiement, behalwe die finale reswaarde-bedrag, na die aanvanklike paaiement, met meer as 10% van enige ander paaiement verskil.
- 'n Tekort wat die resultaat is van 'n hervoorskot volgens 'n afbetalingsooreenkoms of herfinansiering volgens 'n bruikhuurooreenkoms.

## Skade aan buitebande

Jy's gedek vir totale verlies van of onherstelbare skade aan die buitebande van die omvattend versekerde besproeiingstelsel/s in jou polisskedule, veroorsaak deur enige onsigbare of versteekte voorwerp terwyl op die land of enige ander oppervlak, met dien verstande dat:

- Ons aanspreeklikheid per buiteband beperk is tot 10% van die versekerde bedrag vir die besproeiingstelsel. Jy's gedek vir buitebande met 'n waarde bo hierdie 10%, met dien verstande dat hulle in jou polisskedule gemeld word.
- Jy op jou eie koste al die skade en slytasie deur 1 of meer erkende versolers moet laat ondersoek om vas te stel of 'n band herstel kan word of nie, en wat die omvang van die slytasie is.

## Verwydering van wrakstukke

Jy's gedek vir koste en uitgawes wat jy aangaan ten opsigte van die opruiming en verwydering van puin en wrakstukke van enige versekerde besproeiingstelsel/s na 'n suksesvolle eis vir 'n versekerde voorval, met dien verstande dat benewens ons skadeloosstellingsperk vir die besproeiingstelsel, ons aanspreeklikheid vir die verwydering van wrakstukke beperk is tot R5,000 of die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, wat ook al die grootste is, per voorval.

## A. Omvattende dekking

## Wat NIE deur die koning gedek word nie

Jy's nie gedek vir:

- Terughouding, konfiskering, beslaglegging, vernietiging of rekwisisie deur 'n wettig ingestelde owerheid of ander regsproses.
- Verlies of skade waarvoor 'n verskaffer, kontrakteur of hersteller verantwoordelik is, hetsy volgens wet of kontrak.
- Die verlies van of skade aan versekerde eiendom wat veroorsaak word deur:
  - Enige bedrieglike skema, skelmstreek, plan of valse voorwendsel waarvan jy (of enige persoon in wie se bewaring die versekerde eiendom is) die slagoffer is, of bedrog deur of die oneerlikheid van jou prinsipaal of agent.
  - Oorverhitting, inploffing, kraking, brekasie, sweisbreuk, nippellekkasie of ander gebrek. Hierdie uitsluiting is slegs van toepassing op houers, pype, buise en soortgelyke apparaat.
  - Verandering, bleiking, skoonmaak, kleuring, vervaardiging, herstel, restourasie, versiening, opknapping, toetsing of enige ander werk daarop of daaraan.

- Foutiewe of gebrekkige ontwerp, formule, spesifikasie, tekening, plan, materiale, vakmanskap of professionele advies, gewone instandhouding, geleidelike agteruitgang, waardevermindering, korrosie, roes, oksidasie of ander chemiese werking of reaksie, ryp, verandering in temperatuur, uitsetting of vogtigheid, gisting of ontkieming, klammigheid, droogheid, nat of droë verrotting, krimping, verdamping, gewigsverlies, kontaminasie, besoedeling, verandering in kleur, geur, tekstuur of afwerking, of eie slytasie.
- Termiete, motte, insekte, ongedierte, inherente foute, dampe, gebreke, latente defekte, wisseling in atmosferiese of klimaatstoestande, of die werking van lig.
- Chemikalieë, olies, vloeistowwe, gasse of dampe weens lekkasie of uitloop uit die houer waarin dit is.
- Droogte.
- ’n Brandstof- of watertekort.
- ’n Owerheid wat wettiglik water, gas of elektrisiteit voorsien, se uitoefening van sy mag om die toevoer te weerhou of te beperk, tensy sodanige besluit direk toe te skryf is aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid.

• Gevolglike verlies, behalwe indien die besproeiingstelsel weens slytasie of meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, weiering of brekasie beskadig word.
• Waardevermindering, hetsy dit ontstaan weens herstelwerk ná ’n versekerde voorval of nie.
• Slytasie of meganiese, elektroniese of elektriese onklaarrakings, weierings of brekasies.
• Skade aan buitebande deur lekkasies, snye of barste.

### B. Brand alleenlik

## Wat NIE deur die koning gedek word nie

Jy’s nie gedek vir:

• Gevolglike verlies, behalwe indien die besproeiingstelsel weens slytasie of meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, weiering of brekasie beskadig word.
• Waardevermindering, hetsy dit ontstaan weens herstelwerk ná ’n versekerde voorval of nie.
• Slytasie of meganiese, elektroniese of elektriese onklaarrakings, weierings of brekasies.
• Skade aan buitebande deur lekkasies, snye of barste.
• Terughouding, konfiskering of rekwisisie deur doeane of ander beamptes of owerhede.

Tensy spesifiek ingesluit, is jy nie gedek vir:

- Die verlies van of skade aan eiendom wat veroorsaak word deur 'n verhittings- of droogproses wat dit ondergaan.
- Die verlies van of skade aan eiendom wat gedurende die versekeringstydperk deur 'n mariene polis verseker is, behalwe bo die bedrag wat volgens die mariene polis betaalbaar sou gewees het indien hierdie versekering nie aangegaan is nie.

## C. Aanspreeklikheid teenoor derde partye alleenlik

### Wat NIE deur die koning gedek word nie

Jy's nie gedek vir:

- Enige deel van 'n eis wat binne die bestek van verpligte motorvoertuigversekeringswetgewing val, ongeag of versekering volgens sodanige wetgewing van krag is of aangegaan is.
- Die dood of liggaamlike besering van enige persoon wat in of op 'n versekerde besproeiingstelsel vervoer word, of daarop of daarvan af klim ten tyde van 'n voorval waarvoor geëis word.
- Enige gevolglike verlies.

**Neem asseblief kennis: Ons aanspreeklikheid vir derdeparty-eise is beperk tot R2,500,000 per voorval, tensy anders bepaal in jou polisskedule.**

## Alle opsies

### Wat NIE deur die koning gedek word nie

Jy's nie gedek vir enige ongeluk, besering, verlies, skade of aanspreeklikheid:

- Terwyl 'n versekerde besproeiingstelsel met jou wete en toestemming vir ander doeleindes gebruik word as in ooreenstemming met die klousule 'beskrywing van gebruik'.
- Wat buite Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland (Eswatini), Zimbabwe en Malawi aangegaan word, hoewel jy gedek is vir die verlies van of skade aan 'n versekerde besproeiingstelsel terwyl dit in transito is ter see, per lug of tussen hawens of plekke in hierdie gebiede, insluitend terwyl dit op- en afgelaai word tydens sodanige transito.

**Neem asseblief kennis: Ten opsigte van al die dekkingsopsies is jy nie gedek vir 'n eis wat kontraktueel ontstaan nie, tensy jy ook aanspreeklik sou gewees het in die afwesigheid van so 'n kontraktuele ooreenkoms.**

## Alle opsies

## Ons B's en V's

### Afstanddoening van subrogasieregte

Ons doen afstand van alle subrogasie- of gedingvoeringsregte wat ons kan hê of kan verkry teen enige ander persoon op wie hierdie dekking van toepassing is. Elke sodanige persoon moet die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie versekering nakom en uitvoer en sal daaraan onderworpe wees in soverre dit van toepassing kan wees.

### Beskrywing van gebruik

Jou besproeiingstelsel/s moet uitsluitlik vir boerderydoeleindes deur jou gebruik word, en vir jou eie gebruik alleenlik. Jy's gedek terwyl sodanige besproeiingstelsel onder beheer of in die bewaring van 'n lid van die motorhandel is vir opknapping, versiening of herstelwerk, met uitsluiting van verhuring.

### Kruisaanspreeklikheid

Waar meer as een 1 versekerde in jou polisskedule benoem word, sal ons elke versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos stel en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan, sal hanteer word asof afsonderlike polisse aan elk uitgereik is, met dien verstande dat ons totale aanspreeklikheid hoogstens die versekerde bedrag/bedrae sal wees wat in die polisskedule gemeld word.

### Onderhoud

Jy, of enigeen wat namens jou optree, of enige ander persoon wat jou versekerde besproeiingstelsel met jou wete en toestemming bedryf of beheer, moet alle redelike stappe doen om die stelsel teen verlies of skade te beveilig en dit in 'n doeltreffende toestand te hou, en ook toesien dat gereelde onderhoudinspeksies daarop uitgevoer word om die doeltreffende werking daarvan te verseker, met dien verstande dat:

- Ons te alle tye vrye toegang het om sodanige stelsel te ondersoek.
- In die geval van 'n ongeluk of onklaarraking, sodanige stelsel nie sonder toesig gelaat mag word sonder om behoorlike voorsorgmaatreëls te tref om verdere skade of verlies te voorkom nie. Indien sodanige stelsel gebruik word voordat die nodige herstelwerk gedoen is, is enige uitbreiding van die skade of verdere skade geheel en al jou eie risiko.

- Dekking vir ’n besproeiingstelsel wat ouer as 5 jaar is, onderworpe is aan ’n omvattende verslag deur ’n ingenieur, of ’n gemagtigde en goedgekeurde agent of verteenwoordiger van die vervaardiger, wat moet bevestig dat sodanige stelsel in ’n goeie werkende toestand is en geen herstelwerk nodig is nie, en ook die mate van agteruitgang moet bepaal. Sodanige stelsels moet daarna jaarliks ’n inspeksie ondergaan.

**Neem asseblief kennis: Jy moet die naam van die vervaardiger aan ons verskaf voordat hierdie dekking kan begin.**

## Premie-aanpassing: Gespesifiseerde besproeiingstelsels

Indien ’n versekerde besproeiingstelsel gedurende die versekeringstydperk van die hand gesit word en deur ’n ander besproeiingstelsel vervang word, sal geen premie-aanpassing gedoen word nie, met dien verstande dat die toepaslike versekerde bedrae en uitbreidings dieselfde bly. Indien die versekerde bedrae na die vervanging verskil, of as jy uitbreidings byvoeg of skrap, sal jou premie dienooreenkomstig aangepas word.



# Brand

## In kort...

’n Brand kan enige besigheid verwoes, ongeag hoe groot dit is. Die rook en vlamme, en die water en skuim wat gebruik word om brande te blus, kan jou besigheid se bates sowel as die gebou en die inhoud daarvan beskadig. Ons brandversekering bied omvattende dekking vir die finansiële verlies wat jou besigheid na ’n brand kan ly.

## Keuse van dekking

### Jou keuse, ons plesier

**Binne hierdie afdeling kan jy die volgende eiendom dek wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is:**

| Kolom 1: | Kolom 2: | Kolom 3: | Kolom 4: | Kolom 5: |
|---|---|---|---|---|
| Geboue, insluitend verhuurder se vaste en los toebehore, huurder se verbeterings, mure (behalwe damwalle), hekke, hekpale en heinings. Waterverhitting-stelsels en drukwaterpype is uitgesluit. | Huurgeld en alternatiewe perseel. | Vaste en los toebehore, aanleg, masjinerie, toerusting en ander inhoud waarvoor jy verantwoorde-lik is. | Bedryfs-voorraad, grondstowwe, of goedere wat vervaardig word. | Ander diverse eiendom wat op u polis aangedui word. |

## Wat ons bedoel

**'Brand'-dekking**

Verlies van of skade aan die hele of 'n deel van die eiendom wat in jou polisskedule gemeld word, wat deur jou besit word of waarvoor jy verantwoordelik is (insluitend verbouings of veranderings wat deur jou as huurder aan die geboue en strukture aangebring word), as gevolg van:

- Brand, weerlig of donderslag, onderaardse brand, ontploffing of aardbewing (met uitsluiting van verlies van of skade aan eiendom weens die ondergrondse werksaamhede van 'n myn).
- Spesiale gevare soos storm, wind, water, hael en sneeu, maar met uitsluiting van verlies of skade:
  - Voortspruitend uit 'n proses wat die eiendom ondergaan wat noodwendig die gebruik of aanwending van water behels.
  - Veroorsaak deur 'n getygolf as gevolg van 'n aardbewing of vulkaniese uitbarsting.
  - In die ondergrondse werksaamhede van 'n myn.
  - In die ope lug (behalwe geboue, strukture en toerusting wat ontwerp is om in die ope lug te wees of te werk), tensy anders bepaal in jou polisskedule.
  - Aan enige strukture wat nie ten volle met 'n dak bedek is nie.
  - Aan keermure.
- Lugvaartuie en ander lugtoestelle, en voorwerpe wat daaruit laat val word.
- Botsing deur diere, bome (behalwe as hulle afgekap word), antennes, satellietskottels en voertuie, maar jy's nie gedek vir enige skade aan of vir eiendom in of op sodanige voertuie nie.

'Spesiale gevare' dek nie die volgende nie:

- Plastiektonnels of enige ander tonnels, tensy anders bepaal in jou polisskedule.
- Slytasie of geleidelike agteruitgang.
- Verwoesting of skade wat veroorsaak of vererger word deur:
  - Lekkasie of uitloop vanaf enige sprinkelaar- of drenkstelsel in die versekerde geboue of in geboue wat versekerde eiendom bevat.
  - Insakking of grondverskuiwing, tensy anders bepaal in jou polisskedule.
  - Jou versuim om alle redelike voorsorgmaatreëls te tref vir die instandhouding en veiligheid van die versekerde eiendom en om verwoesting of skade tot die minimum te beperk.

**Die waarde van jou voorraad**

Jy moet jou bedryfsvoorraad verseker vir die maksimum hoeveelheid voorraad wat jy op enige gegewe tydstip sal hê. Indien hierdie maksimum hoeveelheid op enige tydstip toeneem of afneem, moet jy ons laat weet. Dit sal verseker dat jy steeds behoorlike dekking het.

Waar die omvang van enige verlies of skade meer is as die syfer wat jy as die maksimum gespesifiseer het, sal die beginsel van eweredigheid toegepas word, en slegs 'n persentasie van die versekerde bedrag sal aan jou uitbetaal word. Die beginsel van eweredigheid word toegepas wanneer jy jou eiendom onderverseker het.

Indien jy jou voorraad op 'n verklaringsgrondslag verseker het, moet jy jou voorraad so gereeld aan ons verklaar soos in jou polisskedule aangedui word.

## Wat deur die koning gedek word

**In die 'Brand'-afdeling is jy gedek vir verlies of skade ten opsigte van die volgende:**

### Antennes en satellietskottels

Jy's gedek vir skade aan antennes en satellietskottels wat deur onklaarraking of hul ineenstorting veroorsaak word, is beperk tot R5,000 per voorval.

### Alle ander inhoud

Dit sluit in:

- Geld en seëls, beperk tot R7,500.
- Dokumente, manuskripte, besigheidsboeke, planne, rekenaarstelselrekords en media-ontwerpe, maar slegs vir die waarde van die materiaal en arbeidskoste, en nie vir die waarde wat die inligting daarin vir jou inhou nie.
- Patrone, modelle en gietvorms, maar slegs vir die waarde van die materiaal en arbeidskoste.
- Persoonlike eiendom (insluitend fietse) wat aan jou en jou prinsipale, vennote, direkteure en werknemers behoort, beperk tot R7,500 per persoon.



**Dokumente**
Jy's gedek vir items soos verbandaktes, transportaktes, films, bande, adressograafplate, oordragaktes, volmagte, tenderdokumente en ooreenkomste, aktes, verbandbriewe, sertifikate, testamente, manuskripte, besigheidsboeke, kaarte, planne, tekeninge, uittreksels, spesifikasies, rekenaarprogramme en -rekords (hetsy op papier, mikrofilm, magneetband of skyf, en geskrewe en gedrukte dokumente) in verband met die besigheid, wat deur jou besit word of waarvoor jy verantwoordelik is, en wat normaalweg by die kantoorperseel gehou word, tot en met die bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

Jy's nie deur 'dokumente' gedek nie vir:

- Geld, geldige pos- of inkomsteseëls, gekanselleerde en ongekanselleerde koepons, sekuriteite, toonderobligasies of tjeks.
- Enige skriftelike opdrag om 'n bedrag geld te betaal, of enige skriftelike bewys van skuld of verpligting.
- Alle eiendom wat vervoer of aangehou word as monsters of vir verkoop of aflewering na verkoop.
- Rekenaarsagteware en rekenaardatadraende media, tensy anders bepaal in jou polisskedule.
- Koste, heffings en uitgawes aangegaan om film- of videotonele en klankbane oor op te neem.

## Argitek- en ander professionele gelde

Jy's gedek vir professionele gelde wat nodig is vir die herstel of vervanging van versekerde eiendom, beperk tot 'n maksimum van 25% van die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

## Beskadiging deur wilde bobbejane, ape of diere

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan die gebou/e en die inhoud binne hierdie volkome toegeboude gebou/e soos vermeld in jou polisskedule, wat veroorsaak is deur wilde bobbejane, ape of diere, met dien verstande dat ons aanspreeklikheid beperk is tot R10,000 per voorval.

**Neem asseblief kennis: 'Wilde bobbejane, ape of diere' beteken dié wat vrylik in die natuurlike omgewing woon en nie as troeteldiere of plaasdiere aangehou word nie, en sluit nie knaagdiere, motte of ongediertes in nie.**

## Brandbluskoste

Jy's gedek vir redelike koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, met dien verstande dat jy regtens aanspreeklik is vir hierdie koste en dat die versekerde eiendom in gevaar was weens die brand. Hierdie koste sal betaalbaar wees benewens enige ander betaling waarvoor ons volgens hierdie afdeling aanspreeklik kan wees.

## Eiendom wat tydelik verwyder word

Jy's gedek vir eiendom gemeld in jou polisskedule wat tydelik van die perseel verwyder word, binne Suid-Afrika, Malawi, Namibië, Botswana, Lesotho en Swaziland (Eswatini), word gedek vir verlies of skade wat veroorsaak word deur 'n voorval wat deur hierdie afdeling gedek word.

Die eiendom moet:

- Per pad, spoor of binnelandse waterweg vervoer word.
- Verwyder word met die doel om dit skoon te maak, op te knap of te herstel.

## Huur en alternatiewe perseel

Jy's gedek vir jou verlies aan huurgeld ontvangbaar indien jy 'n gebou besit wat onder kolom 2 verseker is en deur 'n betalende huurder bewoon word ten tyde van 'n voorval wat deur hierdie afdeling gedek word en wat die gebou onverhuurbaar maak. Jy's ook gedek indien die versekerde gebou wat jy besit en bewoon, onbewoonbaar gemaak word en jy elders huur moet betaal.

Jy's gedek vir die huurgeld wat jy aan die gebou se eienaar of verhuurder verskuldig is indien jy 'n betalende huurder is in 'n gebou wat onverhuurbaar gemaak word deur 'n voorval wat deur hierdie afdeling gedek word.

Dekking is beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, en tot die getal maande wat jy spesifiseer.

Die bedrag wat ons sal betaal, word bepaal deur die verhouding van die versekerde bedrag tot die werklike huur ontvangbaar/betaalbaar.

## Herstel en vervanging

Jy's gedek vir die herstel en vervanging van eiendom en indien eiendom, behalwe voorraad, beskadig word, sal die bedrag betaalbaar bereken word op grond van die koste van vervanging of herstel met dieselfde tipe eiendom, maar nie beter nie, as die versekerde eiendom toe dit nuut was, op dieselfde perseel, met dien verstande dat:

- Die vervanging of herstel redelik vinnig uitgevoer moet word (dit kan op 'n ander perseel wees, met dien verstande dat ons aanspreeklikheid nie daardeur verhoog word nie).
- Ons eers aanspreeklik sal wees om te betaal nadat koste deur jou aangegaan is om die eiendom te vervang of te herstel.

Waar die versekerde eiendom wat deur 'n omskrewe gevaar beskadig word, 'n meetbare werkvermoë het en dit nie moontlik is om sodanige eiendom volgens die herstelwaardevoorwaarde te vervang of te herstel nie, sal ons die koste betaal van vervanging van sodanige eiendom met eiendom van gehalte, kapasiteit, werkvermoë of produksie so na as moontlik aan, maar nie minderwaardig nie in vergelyking met, dié van die oorspronklike eiendom, in ooreenstemming met die herstelwaardevoorwaarde.

## Huurdersklousule

Jy's gedek vir enige handeling of versuim deur 'n eienaar van 'n gebou of 'n huurder, behalwe jy, wat sonder jou medewete plaasvind. Jy moet ons in kennis stel sodra jy bewus word van so 'n handeling wat strydig is met enige van die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling, en jy sal verantwoordelik wees vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop 'n verhoogde risiko voorkom.



## Insakking en grondverskuiwing

Jy's gedek vir verlies of skade wat deur insakking en grondverskuiwing veroorsaak word, maar met uitsluiting van:

- Dreine, waterlope, grensmure, tuinmure, skerm- en keermure, hekpale, hekke, heinings, opritte, plaveisel, swembadrante en tennisbane.
- Skade toeskryfbaar aan gebrekkige ontwerp, onvoldoende kompaktering of opvulling, en swak konstruksie.
- Die verwydering of verswakking van stutwerk.
- Strukturele verbouings, aanbouings of herstelwerk.
- Uitgrawings bo- of ondergronds, behalwe uitgrawings in die loop van mynboubedrywighede.
- Normale vassakking, inkrimping en uitsetting.
- Inkrimping of uitsetting van klei of soortgelyke tipes grond weens die klammigheid of waterinhoud daarvan.
- Skade wat bestaan het toe hierdie dekking begin het.
- Voortvloeiende verlies, behalwe verlies aan huurgeld.

**Neem asseblief kennis: Indien ons sê dat dekking deur hierdie uitbreiding nie van toepassing is nie, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

## Kamp- en grensheinings: Brand en weerlig alleenlik

Jy's gedek vir brand en weerlig skade aan jou kamp- en grensheinings, mits hulle:

- Te alle tye vir hul vervangingswaarde verseker word. Ons aanspreeklikheid is beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word en, indien jy onderverseker is, word jy geag jou eie versekeraar te wees vir die verskil en dra jy 'n eweredige deel van die verlies.
- Versekerbaar is. Ons is nie aanspreeklik vir die verlies van of skade aan die kamp- en grensheinings indien dit blyk dat jou heinings by die aanvang van hierdie dekking nie in 'n versekerbare toestand was nie.

## Kapitaaltoevoegings

Jy's gedek vir verbouings en verbeterings aan en toevoegings tot die versekerde eiendom (behalwe bedryfsvoorraad en -materiaal), beperk tot 25% van die versekerde bedrag. Jy moet ons so gou as moontlik van sodanige verbouings, verbeterings en toevoegings laat weet, om daarvoor gedek te word.

## Kragstuwings en weerligslae

Jy’s gedek vir die verlies van of skade aan die versekerde eiendom, wat deur kragstuwings en weerligslae veroorsaak word, tot en met die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

## Kwaadwillige beskadiging

Jy’s gedek vir die versekerde eiendom wat in jou polisskedule gemeld word indien dit opsetlik beskadig word.

Jy’s nie gedek vir:

- Skade opsetlik veroorsaak deur jou of, met jou medewete of toestemming, deur jou prinsipale, vennote, lede en direkteure.
- Eiendom wat gesteel word, of beskadig word wanneer dit gesteel word.
- Eiendom wat beskadig word terwyl diewe toegang tot die perseel verkry of dit verlaat.
- Die verwydering of gedeeltelike verwydering, sloping of poging tot of gedeeltelike sloping, van jou gebou, waar daar ’n poging tot of suksesvolle diefstal uit jou gebou of enige deel daarvan is.
- Gevolglike verlies, behalwe verlies aan huurgeld of die koste van alternatiewe verblyf.
- Skade of verlies veroorsaak deur die staking, vertraging of onderbreking van werk of enige proses.
- Verlies of skade indien die gebou vir meer as 31 opeenvolgende dae onbewoon gelaat is, of leeg staan of verlate is, tensy anders bepaal in jou polisskedule.
- Spontane ontbranding.

## Munisipale planondersoekgelde

Jy’s gedek vir munisipale planondersoekgelde met dien verstande dat die totale bedrag wat volgens enige item verhaalbaar is, hoogstens die versekerde bedrag vir die betrokke gebou beloop.

## Onderversekering

**Nie van toepassing op windpompe, wild en volstruise nie**

Indien die versekerde eiendom ten tyde van ’n verlies in totaal meer werd is as die versekerde bedrag, word jy geag jou eie versekeraar te wees vir die verskil, en sal jy ’n eweredige deel van die verlies dra. Elke item van hierdie afdeling is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

**Van toepassing op windpompe, wild en volstruise**
Indien dit ten tyde van ’n verlies van versekerde wild, volstruise en windpompe weens ’n versekerde gevaar blyk dat die getal van die spesifieke soort wild, volstruise en windpompe hoër is as die getal wat verseker is, word jy geag jou eie versekeraar te wees vir die verskil, en sal jy ’n eweredige deel van die verlies dra. Elke item van hierdie afdeling is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## Openbare toevoerverbindings

Jy’s gedek vir toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteits- en telekommunikasieverbindings wat jou eiendom is of waarvoor jy regtens verantwoordelik is, tussen die versekerde eiendom en die hooftoevoerverbindingspunte.

## Pluimvee

Jy’s slegs gedek vir die vrekte van pluimvee as gevolg van ‘spesiale gevare’ mits die pluimvee minstens 6 weke oud is, en met dien verstandate dat die vrekte van die pluimvee onderworpe is aan ’n versekerde gevaar wat gepaardgaan met die fisiese verlies van, of skade aan die struktuur of strukture, waarin die pluimvee gehuisves word.

## Rekenaarstelselrekords

Jou dekking vir die versekering van enige item ten opsigte van rekenaarstelselrekords word beperk tot die koste van materiaal en die koste van die klerklike werk en rekenaartyd wat bestee word om sulke rekords te reproduseer (met uitsluiting van enige onkoste verbonde aan die produksie van inligting wat daarin opgeneem moet word). Jy’s nie gedek vir die waarde wat die inligting daarin vir jou inhou nie.

## Ruvoer en tabak

Jy’s gedek vir die verlies van ruvoer, hooi, strooi, kaf en soortgelyke gewasse in geboue, asook tabak in lugdroogskure, as gevolg van brand of weerlig soos omskryf in hierdie afdeling, beperk tot 75% van die versekerde bedrag. Indien enige ander versekering bestaan, sal ons die eweredige deel van 75% van die markwaarde van die eiendom onmiddellik voor die brand of die versekerde bedrag, wat ook al die minste is, betaal, met dien verstande dat:

- Jy as jou eie versekeraar beskou word vir 25% van die markwaarde van die versekerde eiendom of die versekerde bedrag, wat ook al die minste is, en minstens 25% van enige verlies sal dra.
- Ons aanspreeklikheid ten opsigte van ruvoer wat in toegeboude geboue geberg word, beperk is tot R250,000 per gebou, tensy anders bepaal in jou polisskedule.
- Ons aanspreeklikheid ten opsigte van ruvoer wat geberg word in geboue wat nie volkome toegebou is nie, beperk is tot R100,000 per gebou, tensy anders bepaal in jou polisskedule.

## Sekuriteitskoste

Jy’s gedek vir die koste wat met ons vooraf toestemming aangegaan word om ’n versekerde eiendom ná ’n versekerde voorval te beskerm of te probeer beskerm. Hierdie bedrag sal betaal word benewens enige ander betaling waarvoor ons volgens hierdie afdeling aanspreeklik kan wees.

Dekking is beperk tot R500 per dag, met ’n maksimum perk van R10,000 per voorval.

## Skade aan watertenks, -apparaat of -pype

Jy’s gedek vir die verlies van of skade aan watertenks, waterapparaat en waterpype op die versekerde eiendom of wat in die versekerde geboue geïnstalleer is, soos gemeld in jou polisskedule.

## Slopings- en opruimingskoste

Jy’s gedek vir koste met betrekking tot die sloping en afbreking van geboue en masjinerie, die verwydering van puin (insluitend voorraadpuin) en verskaffing, oprigting en instandhouding van skuttings wat vereis word tydens sloping, terreinopruiming en boubedrywighede.

Jy’s nie gedek vir enige koste wat aangegaan word vir die verwydering van puin vanaf enige ander terrein behalwe die terrein van die versekerde eiendom en die gebied onmiddellik aangrensend daaraan nie.

## Spontane ontbranding

Jy’s gedek vir die vernietiging of beskadiging van versekerde eiendom deur brand wat deur sy eie spontane fermentasie, verhitting of ontbranding veroorsaak word.

## Tabak: Spesiale gevare

Ten opsigte van tabak in lugdroogskure is jy gedek vir:

- Tot 75% van enige verlies en nie meer as 75% van die totale versekerde bedrag nie.
- Verlies veroorsaak deur water, mits die dak van die gebou deur ’n versekerde gevaar beskadig word en water die gebou binnedring.

## Tydelike verwydering

Jou versekerde eiendom word gedek terwyl dit tydelik na elders op die versekerde perseel of na enige ander perseel verskuif is, insluitend terwyl dit in transito is per pad, spoor of binnelandse waterweg, op enige plek in Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland (Eswatini), Zimbabwe en Malawi, met dien verstande dat:

- Tensy dit tydelik verwyder word met die doel om dit skoon te maak, op te knap of te herstel, of vir ’n soortgelyke proses, ons aanspreeklikheid beperk is tot 15% van die versekerde bedrag.
- Die bedrag betaalbaar beperk is tot die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien die verlies nie voorgekom het op die deel van die perseel waarvandaan dit tydelik verwyder is nie.

## Tydelike herstelwerk en maatreëls na ’n verlies

Jy’s gedek vir redelike koste en uitgawes wat jy aangaan om tydelike herstelwerk te laat doen en tydelike maatreëls te tref soos redelikerwys nodig kan wees na ’n versekerde voorval. Ons aanspreeklikheid is beperk tot R10,000 per voorval.

## Vereistes van openbare owerhede

Jy’s gedek vir die koste om te verseker dat die versekerde gebou aan die vereistes van sentrale of plaaslike regeringsowerhede voldoen, met dien verstande dat dit nie die versekerde bedrag oorskry nie.

Jy’s nie gedek vir enige koste:

- Indien die gebou voor die voorval nie aan die vereistes voldoen het nie, of waar ’n kennisgewing van nie-voldoening voor die voorval aan jou beteken is.
- Vir enige skade wat nie deur hierdie afdeling verseker word nie.
- Vir onbeskadigde eiendom of gedeeltes van die eiendom.
- Waar die gebou nie gebou of herstel kan word waar dit voor die voorval gestaan het nie.
- Van enige munisipale en ander belastings, ontwikkelings- of ander koste of aanslag as gevolg van waardevermeerdering.

## Verhindering van toegang

Jy’s gedek indien eiendom binne ’n omtrek van 50km vanaf die versekerde perseel, soos gemeld in jou polisskedule, gedurende die versekeringstydperk verloor word of deur ’n omskrewe gevaar beskadig word, en dit die gebruik van of toegang tot die versekerde eiendom wat deur hierdie afdeling gedek word verhinder of belemmer, sal ons betaal vir enige verlies aan huurgeld wat jy as gevolg daarvan kan ly, tot en met die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word. Die berekening van verlies aan huurgeld sal gebaseer word op die huur wat betaalbaar is onmiddellik voor die voorval, of die ekwivalente huurwaarde daarvan.

## Voertuigvrag

Indien enige versekerde eiendom op 'n voertuig gelaai bly binne die versekerde perseel, is jy gedek vir die verlies van of skade wat aan daardie eiendom veroorsaak word deur enige van die versekerde gevare, tensy dit meer spesifiek deur die 'Goedere in transito'-afdeling verseker word. Hierdie dekking geld ten opsigte van die voorraad bo die versekerde bedrag in kolom 4.

## Waterverhitting en -pype

Jy's gedek vir die:

- Verlies van of skade aan waterverhittingstelsels en drukwaterpype, indien hulle onder kolom 5 verseker is, wat veroorsaak word deur roes, verwering, geleidelike agteruitgang of slytasie.
- Kraak of bars van 'n waterverhittingstelsel en die onderdele daarvan, en enige versteekte drukwaterpype.
- Koste van herstel of vervanging van 'n waterverhittingstelsel en die onderdele daarvan, en enige versteekte drukwaterpype.

**Neem asseblief kennis: Jy's nie gedek vir rioolpype nie.**

# Opsionele dekking

## Dek meer. Betaal 'n bietjie meer

**Jy kan kies om die volgende opsies by jou basiese 'Brand'-dekking te voeg. Indien jy enige opsie byvoeg, sal dit slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisskedule aangeteken is en 'n bykomende premie betaal word.**

## Eskalasie

Gedurende elke versekeringstydperk sal die versekerde bedrag/bedrae in kolom 1 en 3 verhoog word met die gedeelte van die persentasie wat in jou polisskedule gemeld word. Tensy anders ooreengekom, sal hierdie bepalings slegs van toepassing wees op die versekerde bedrag/bedrae wat by die aanvang van die versekeringstydperk van krag is.

Op elke hernuwingsdatum moet jy ons in kennis stel van die bedrag/ bedrae wat vir die komende versekeringstydperk verseker moet word, en die persentasieverhoging wat vir daardie tydperk nodig is. Indien jy versuim om dit te doen, sal ons voortgaan om die persentasies van die vorige tydperk toe te pas, totdat ons in kennis gestel word van 'n verandering vir die nuwe hernuwingstydperk.

## Insakking en grondverskuiwing

Jy's gedek vir verlies of skade wat aan jou eiendom veroorsaak word deur insakking, as gevolg van afwaartse of sywaartse beweging van die grond wat dit ondersteun, weens natuurlike verskuiwings of menslike aktiwiteit. Hierdie dekking is onderworpe daaraan dat die gebou se fondament en konstruksie deur 'n gelisensieerde strukturele ingenieur ontwerp en goedgekeur moet wees.

Jy's nie gedek vir skade veroorsaak deur:

- Volumeveranderings in kleigrond, of in klip, veroorsaak deur veranderings in die vogvlakke.
- 'n Styging in die watertafel of druk wat daardeur veroorsaak word.
- Uitgrawings: Insluitend die verwydering van laterale ondersteuning.
- Verwydering of verswakking van pilare.
- Gebrekkige ontwerp, materiaal en vakmanskap.
- Normale vestiging, inkrimping of uitsetting van die grond wat die strukture ondersteun.
- Swak kompaktering van grond wat gebruik word om ruimtes onder plaveisel en vloere op te vul.
- Bykomende onderstutting van fondamente wat nodig is vir die herstel van die gebou, of om verdere skade te voorkom.
- Dreine, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, hekke, pilare of heinings, tensy spesifiek verseker.
- Werksmense wat besig is met strukturele veranderings, aanbouings of herstelwerk aan 'n gebou wat op die versekerde perseel geleë is.
- Gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld of die koste van alternatiewe verblyf.

**Neem asseblief kennis: Indien jou eis afgewys word omdat ons sê dat 1 of meer van hierdie uitsluitings van toepassing is, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

## Lekkasie

Jy's gedek vir die toevallige fisiese verlies van of skade aan die versekerde eiendom wat veroorsaak word deur die uitloop of lekkasie van tenks, sprinkelaars, drenkstelsels, brandblustoerusting of pype, of die verskyning van chemikalieë, olies, vloeistowwe, gasse of dampe (insluitend die verlies van hierdie chemikalieë, olies, vloeistowwe, gasse of dampe).

**Neem asseblief kennis: Jy's nie gedek nie indien die oorsaak van die uitloop, lekkasie of verskyning toe te skryf is aan of aangehelp is deur slytasie, of indien jy nie toerusting gereeld en ooreenkomstig aanbevole of 'n deskundige se spesifikasies in stand gehou het nie, of enige ander geleidelik werkende oorsaak.**

## Oproer en staking

Jy's gedek vir verlies van of skade aan die versekerde eiendom weens:

- Burgerlike beroering, arbeidsonrus, oproer, staking of uitsluiting.
- Die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming, onderdrukking of hantering op enige ander wyse van enige gebeurtenis waarna hierbo verwys word.

Jy's nie gedek:

- Waar die skade binne Suid-Afrika of Namibië plaasvind, tensy spesifieke 'Oproer en staking'-dekking verkry is.
- Vir gevolglike verlies van enige aard, behalwe verlies aan huurgeld of die koste van alternatiewe verblyf.
- Vir verlies weens die terughouding of konfiskering van geld deur enige wettig ingestelde owerheid.
- Vir skade of verlies veroorsaak deur die staking, vertraging of onderbreking van werk of enige proses.
- Vir verlies weens oorlog, optrede van 'n buitelandse vyand, oorlogsbedrywighede (ongeag of oorlog verklaar is of nie) of burgeroorlog.
- Vir verlies weens 'n militêre opstand of magsoorname, krygswet, rebellie of revolusie wat die afkondiging of handhawing van krygswet bepaal.
- Vir verlies weens enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken is om enige staat, regering of provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme, geweld of protes teen hulle omver te werp of te beïnvloed.
- Vir verlies weens enige optrede wat daarop bereken is om verlies of skade te veroorsaak met die voorneme om 'n politieke oogmerk te bevorder, om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring.
- Vir verlies weens enige terreurdaad, insluitend die gebruik van of dreigement om krag of geweld te gebruik, deur enige persoon of groep (ongeag of hulle alleen of namens 'n ander optree), met die voorneme om 'n regering te beïnvloed of die publiek aan vrees te onderwerp.
- Vir verlies wat voortspruit uit die optrede van 'n wettige owerheid om op enige ander wyse 'n gebeurtenis te hanteer waarna in enige van die klousules hierbo verwys word.

**Neem asseblief kennis: Indien jou eis afgewys word omdat ons sê dat 1 of meer van hierdie uitsluitings van toepassing is, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

## Plastiektonnels

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan plastiektonnels, met dien verstande dat:

- Die plastiek minstens 200 mikrons dik is.
- Die tonnels volgens die vervaardiger se spesifikasies geïnstalleer word.
- Jy die vervaardiger se waarborg op die plastiek aan ons verskaf.

**Neem asseblief kennis: Dekking sal slegs geld vir 2 jaar vanaf die tydstip waarop die plastiek as nuut geïnstalleer word.**


## Skadu- en haelnette

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan skadu- en haelnette, met dien verstande dat:

- Die nette volgens die vervaardiger se spesifikasies geïnstalleer word.
- Jy die vervaardiger se waarborg op die nette aan ons verskaf.

Ons aanspreeklikheid is soos volg beperk:

| Ouderdom van nette | % van eis wat ons sal betaal |
|---|---|
| 0 – 24 maande | 100% |
| 25 – 36 maande | 75% |
| 37 – 48 maande | 50% |
| 49 – 60 maande | 25% |
| 60+ maande | Geen dekking nie |





## Verslegting van voorraad

Jy's gedek vir die verslegting van voorraad in versekerde geboue as gevolg van skade wat op die versekerde perseel voorkom en waarvoor ons ingevolge 'Onklaarraking van masjinerie'-dekking betaal het of aanspreeklikheid aanvaar het. Ons aanspreeklikheid is beperk tot R100,000 of die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, wat ook al die minste is.

Jy's nie gedek vir verlies of skade wat direk of indirek veroorsaak word deur:

- Droogte.
- Waterbesoedeling.
- 'n Brandstof- of watertekort.
- 'n Fout in enige deel van die installasie wat aan die versekerde perseel behoort.
- 'n Owerheid wat volgens wet gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te voorsien, se uitoefening van sy mag om die toevoer te weerhou of te beperk, tensy sodanige besluit direk toe te skryf is aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid.
- 'n Temperatuurverandering as gevolg van die totale of gedeeltelike onderbreking van die openbare kragtoevoer na die versekerde perseel, wat deur meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking veroorsaak word, tensy sodanige onderbreking langer as 24 uur duur.

## Verslegting van voorraad: Versekerde gevare alleenlik

Jy's gedek vir die verslegting van voorraad in versekerde geboue as gevolg van brand, weerlig, donderweer, storm, wind, hael of sneeu. Ons aanspreeklikheid is beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

Jy's nie gedek vir verlies of skade wat direk of indirek veroorsaak word deur:

- Droogte.
- Waterbesoedeling.
- 'n Brandstof- of watertekort.
- 'n Fout in enige deel van die installasie wat aan die versekerde perseel behoort.
- 'n Owerheid wat volgens wet gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te voorsien, se uitoefening van sy mag om die toevoer te weerhou of te beperk, tensy sodanige besluit direk toe te skryf is aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid.
- 'n Temperatuurverandering as gevolg van die totale of gedeeltelike onderbreking van die openbare kragtoevoer na die versekerde perseel, wat deur meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking veroorsaak word, tensy sodanige onderbreking langer as 24 uur duur.

**Van toepassing op windpompe, wild en volstruise**
Indien dit ten tyde van 'n verlies van versekerde wild, volstruise en windpompe weens 'n versekerde gevaar blyk dat die getal van die spesifieke soort wild, volstruise en windpompe hoër is as die getal wat verseker is, word jy geag jou eie versekeraar te wees vir die verskil, en sal jy 'n eweredige deel van die verlies dra. Elke item van hierdie afdeling is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## Wat NIE deur die koning gedek word nie

Tensy anders bepaal in hierdie afdeling, is jy nie gedek nie vir verlies van of skade aan eiendom (insluitend 'Opsionele' dekking):

- Weens blootstelling daarvan aan 'n verhittings-, droog- of waterproses (tensy spesifiek ingesluit).
- Veroorsaak deur 'n tsoenami of getygolf wat uit 'n aardbewing voortspruit.
- Veroorsaak deur die ondergrondse werksaamhede van 'n myn.
- Wat gedurende die versekeringstydperk deur 'n mariene polis verseker is, behalwe bo die bedrag wat volgens die mariene polis betaalbaar sou gewees het indien hierdie versekering nie aangegaan is nie.
- Wat in die ope lug gelaat word, behalwe as die goedere ontwerp is om in die ope lug gebruik te word of te werk, tensy dit in jou polisskedule gestipuleer is.
- As gevolg van strukture wat nie heeltemal met 'n dak bedek is nie, tensy in jou polisskedule gemeld.
- Veroorsaak deur foute in die ontwerp of konstruksie van die gebou, of indien die struktuur nie ten tyde van konstruksie deur die betrokke plaaslike owerheid goedgekeur sou gewees het nie.
- Veroorsaak deur keermure, dreine of geboude waterlope.
- Wat besproeiingstelsels op wiele en draaispilstelsels is.
- Wat rekenaarstelselrekords; sekuriteite, obligasies of tjeks; en plofstowwe is.
- Wat direk of indirek veroorsaak word deur, deur middel van, of as gevolg van die optrede van enige wettig ingestelde owerheid.
- Wat lewende hawe, wild of volstruise, groeiende gewasse, groeiende tabak, staande of afgekapte bome, of katoen is.
- Wat enige tipe bedekking is wat deel uitmaak van of gebruik word in verband met tonnels.

**Neem asseblief kennis: Hierdie afdeling dek nie enige motor- of elektroniese toerusting nie. Motor- en elektroniese toerusting moet spesifiek deur die betrokke afdelings verseker word, tensy hulle deel uitmaak van kolom 4.**

## Ons B's en V's

### Arbeiders, kontrakteurs en werknemers

Indien 'n arbeider, kontrakteur of werknemer sonder jou medewete iets doen of versuim om iets te doen en dit strydig met die voorwaardes van hierdie afdeling is, sal jy nog steeds gedek wees. Jy moet ons egter oor hierdie handeling of versuim inlig sodra jy daarvan bewus word.

### Berging van ruvoer

Alle ontvlambare materiaal en vegetasie binne minstens 5m van 'n versekerde gebou of struktuur waarin ruvoer van enige aard gehou of geberg word, moet skoongemaak en van die perseel verwyder word.

### Besproeiingspype en pomptoerusting onder normale vloedhoogte

Besproeiingspype en pomptoerusting wat onder die normale vloedhoogte geleë is, moet na onderskrywing verwys word vir spesiale aanvaarding. Indien geen aanvaarding onderhandel word nie, sal jy bykomend tot die verskuldigde bybedrag vir 30% van enige eis aanspreeklik wees.

### Graanbergingsfasiliteite

Jy moet 'n gedokumenteerde graansuierinspeksie- en gebruiksplan hê. 'n Weeklikse graansuier-inspeksiekontrolelys moet opgestel, gedateer en geliasseer word. Dit moet rekords insluit van:

- Muwwe reuke.
- Kondensasie op of in die dak en mure.
- Verkleuring, of groen muwwe neerslag op die mure.
- Graanverwerking.

Noukeurige rekords van gebergde graan moet te alle tye beskikbaar wees.

'n Onderhoudsplan moet gedokumenteer word en moet dakinspeksies en herstelwerk aan alle graanbergingsfasiliteite op 'n rotasiegrondslag insluit, met gedokumenteerde inspeksies elke 5 jaar. Toetsing vir lekkasies, strukturele inspeksies en herstelwerk aan silowande moet elke 5 jaar gedoen word. Herstelwerk aan graanbergingsfasiliteite moet deur gemagtigde kontrakteurs gedoen word en inspeksiewaarborge moet gehou word.

Daar moet by al die graanbergingsfasiliteite deurlopende bedryfsbeheer oor alle geïnstalleerde pomptoerusting wees.

Na swaar reën en voor die reënseisoen moet ad hoc-dakinspeksies gedoen word en die bevindings moet aangeteken word.

Produkte wat in graanbergingsfasiliteite geberg word, moet voldoen aan die graderingsregulasies van die Direktoraat: Plant- en Gehaltebeheer van die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling.

Die voginhoud van gebergde graan mag nie die volgende vlakke oorskry nie:
- Mielies: 14%.
- Sojabone: 13%.
- Sorghum: 14%.
- Koring: 13%.
- Sonneblom: 10%.
- Mout en gars: 13%.

**Neem asseblief kennis: Jy's nie gedek vir waterskade aan graanvoorraad (insluitend stormskade, indien dit aan gevolglike skade te wyte is), slytasie, gebrekkige ontwerp of vakmanskap, of swak onderhoud nie, hetsy deur jou of 'n kontrakteur.**

## Hamermeule

Geen maalproses mag uitgevoer word binne enige versekerde gebou of struktuur, of binne 5m van so 'n gebou of struktuur nie.

## Outomatiese herstelling

Geen versekerde bedrag sal verminder word met die bedrag van 'n eis wat deur ons betaal word of betaalbaar is nie, maar jy sal aan ons 'n bykomende premie op hierdie bedrag moet betaal, proporsioneel bereken vanaf die datum van die verlies of skade tot aan die einde van die versekeringstydperk.

## Palette

Alle voorraad moet minstens 150mm van die vloer af gelig en op palette, rakke of dies meer geplaas word. Indien hierdie klousule nie nagekom word nie, sal jy vir 25% van 'n eis aanspreeklik wees.

## Spoorweg- en ander subrogasie-klousule

Jy sal nie benadeel word deur die ondertekening van Transnet se besteldiensvrywaringsklousule ten opsigte van gevaarlike persele of ander spesiale ooreenkomste met Transnet oor privaat sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie.

## Wild en volstruise

### Alle spesies

Alle wild en volstruise van spesifieke spesies moet verseker word.

### Brand en weerlig

In die geval van die vrekte of vernietiging van versekerde wild en volstruise wat deur weerlig alleenlik of deur brand en weerlig alleenlik veroorsaak word, ongeag of ander versekering bestaan of nie, is ons aanspreeklikheid beperk tot die eweredige gedeelte van die markwaarde van die eiendom of die versekerde bedrag, wat ook al die minste is, of kan ons die wild of volstruise na ons goeddunke vervang.

Jy's nie gedek vir:

- Die verlies van of skade aan wild en volstruise wat nie die eiendom is nie van, in trust gehou word deur, of in bewaring of onder die beheer is van, jou of 'n werknemer of agent van jou.
- Die konfiskering, rekwisisie, vernietiging of terughouding van enige wild en volstruise op las van enige wet, regerings- of openbare owerheid.
- Die slag van wild en volstruise sonder ons toestemming, behalwe in die geval van 'n besering veroorsaak deur 'n versekerde gevaar wat meebring dat 'n dier om humanitêre redes onmiddellik geslag moet word, met dien verstande dat:
  - 'n Veearts van ons keuse 'n nadoodse ondersoek kan uitvoer.
  - Jy nie vir gevolglike verlies gedek is nie.

### Diere se kondisie

Die versekerde wild en volstruise moet by die aanvang van hierdie versekering almal in goeie kondisie, gesond en vry van besering wees.

### Vrekte

Met die vrekte van 'n versekerde dier moet jy ons onmiddellik daarvan in kennis stel en ons 'n geleentheid gee om die karkas te ondersoek, deur nie daaraan te sny of daarmee weg te doen nie, tot 24 uur nadat jy ons van die vrekte laat weet het. Jy moet op jou eie koste en binne 14 dae nadat jy gevra is, ons voorsien van sodanige inligting, veeartssertifikate en bevredigende bewys van die vrekte, identiteit en waarde van die dier/e wat ons kan vereis.

Dit is jou verantwoordelikheid om te bewys dat 'n versekerde dier nie gevrek het weens 'n oorsaak wat uitgesluit word nie. Indien jou eis suksesvol is, moet jy op die voordeligste manier van die karkas ontslae raak, en enige bedrag wat daardeur verkry word, behoort aan ons.

Indien jy eis vir die vrekte van wild en volstruise wat deur weerlig veroorsaak is, moet jou eis 'n beëdigde verklaring insluit:

- Om te bevestig dat die dier/e se vrekte deur weerlig veroorsaak is.
- Wat die totale getal wild en volstruise in jou besit verklaar, asook die totale getal wild en volstruise wat nie die eiendom is nie van, in trust gehou word deur, of in bewaring of onder die beheer is van, jou of 'n werknemer of agent van jou, ten tyde van die verlies.

## Verandering en wanbeskrywing

Dekking deur hierdie afdeling sal nie benadeel word nie deur enige verandering of wanbeskrywing van okkupasie hetsy as gevolg van die verskuiwing van prosesse of masjinerie of op grond van strukturele veranderings of herstelwerk aan geboue, masjinerie of toerusting, indien jy ons so gou as prakties moontlik na 'n voorval daarvan in kennis stel en enige bykomende premie wat nodig is, betaal.

## Verbandhouer

Die belang van enige verbandhouer sal nie benadeel word deur enige handeling of versuim aan die kant van die verbandgewer sonder die verbandhouer se medewete nie. Die verbandhouer moet ons laat weet sodra hy/sy van enige sodanige handeling of versuim bewus word, en sal verantwoordelik wees vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko bekend word.

## Verbreking van voorwaardes

Die voorwaardes van hierdie afdeling geld afsonderlik vir elk van die versekerde risiko's en nie gesamentlik vir al die risiko's nie. 'n Verbreking van enige voorwaarde sal dus die afdeling slegs ongeldig maak ten opsigte van die risiko's waarop die verbreking van toepassing is, en nie die afdeling ten opsigte van die ander risiko's affekteer nie.

## Voorraadverklaringsvoorwaardes

Ten opsigte van bedryfsvoorraad en -materiaal wat deur hierdie afdeling verseker word, word die premie op 75% van die versekerde bedrag/bedrae bereken.

- Jy moet die markwaarde van jou bedryfsvoorraad en -materiaal binne 31 dae na die laaste van elke maand/kwartaal (soos in jou polisskedule gemeld) skriftelik bevestig, anders sal jy geag word die versekerde bedrag van hierdie eiendom as die markwaarde daarvan te verklaar het.
- Na elke versekeringstydperk sal jou premie op die gemiddelde versekerde bedrag bereken word, wat die totaal is van die waardes wat jy verklaar het of geag word te verklaar het, gedeel deur die getal verklarings wat gedoen moes word. Indien die voortvloeiende premie verskil van die voorlopige premie, sal die verskil deur of aan jou betaalbaar wees, na gelang van die geval. Die bedrag wat deur ons betaalbaar is, is egter beperk tot 50% van die voorlopige premie.
- Enige eis in hierdie afdeling sal betaal word op die grondslag van die markwaarde onmiddellik voor die skade.
- Indien dit ná die skade blyk dat die bedrag van jou vorige verklaring minder is as die bedrag wat verklaar moes gewees het, sal die bedrag wat deur jou verhaal sou kon word verminder word in die verhouding wat die verklaarde bedrag staan tot die bedrag wat verklaar moes gewees het, of tot die versekerde bedrag, wat ook al die minste is. Hierdie bepalings is kumulatief van toepassing, en die beginsel van eweredigheid sal ook toegepas word.
- As teenprestasie om nie die versekering met die bedrag van 'n verlies te verminder nie, sal jy 'n bykomende premie op die bedrag van die verlies betaal vanaf die datum waarop dit gebeur totdat die versekeringstydperk verstryk. Hierdie ekstra premie sal nie in ag geneem word in die finale aanpassingspremie nie, en sal apart wees daarvan.
- Ons aanspreeklikheid is beperk tot die versekerde bedrag, en 'n premie is nie ontvangbaar op waardes bo die versekerde bedrag nie.
- Hierdie voorwaardes geld afsonderlik vir elke item van die spesifikasies waarop hierdie voorraadverklaringsvoorwaardes van toepassing is.

## Wegdoen met geredde goedere

Indien ons jou vir 'n beskadigde item uitbetaal of dit vervang, word ons die eienaar van die beskadigde eiendom en kan ons na goeddunke daarmee wegdoen. Indien jy tot ons bevrediging kan bewys dat jou belange in so 'n geval benadeel sal word, kan ons jou die eerste keuse gee om die eiendom terug te koop teen die billike intrinsieke waarde of die markwaarde daarvan, wat ook al die hoogste is.

# Cybersure

## In kort…

Cybersure is die kuberkuur vir besighdede wat op hul IT-stelsels staatmaak… Dit beteken omtrent elke moderne besigheid soos joune. Cybersure verseker jou besigheid teen finansiële verlies, ontwrigting en reputasieskade wat uit kuberaanvalle voortspruit. Dit dek jou sagteware en data, en dit beskerm jou teen aanspreeklikheid voortspruitend uit die misbruik, en derdeparty-aanvalle op, jou IT-infrastruktuur. Jou Cybersure-dekking sluit ook uitgawes rondom dataskending, ekstra koste en verlies van inkomste as gevolg van versekerde voorvalle in.

## Wat ons bedoel

**Waar hierdie terme ook al in hierdie polisdokument voorkom, beteken hulle die volgende.**

### Aanlyn media aktiwiteite

Teks, beelde, video's of klank wat deur jou webwerf, sosiale media teenwoordigheid of e-pos versprei word.

### Beperking van aanspreeklikheidsdekking per kop

Die bedrag per kop waarvoor ons aanspreeklik is onder hierdie versekering tydens die polistydperk, minus die ooreengekome bybetaling, soos gemeld in jou polisskedule.

### Betaalkaart handelsmerk

American Express, Discover, JCB, Mastercard, Visa of 'n ander entiteit, insluitend 'n verkrygende bank of betaalkaartverwerker, wat kontraktueel verplig is om die vereistes van jou PCI-DSS verpligtinge na te kom.

### Bybetalingsbedrag

Die eerste bedrag wat jy moet betaal vir elke versekerde voorval voor 'n eis deur ons betaal kan word, soos gemeld in jou polisskedule.

## Data

Digitale inligting, ongeag van die manier waarop dit gebruik of vertoon word (soos teks, syfers, beelde, video's of sagteware).

## Data-onderwerp

'n Geïdentifiseerde of identifiseerbare natuurlike persoon wat die onderwerp van persoonlike data is.

## Data-oortreding

Die skending van sekuritiet wat lei tot die toevallige of onwettige vernietiging, verlies, verandering, ongemagtigde openbaarmaking van, of toegang tot, persoonlike data of vertroulike inligting wat oorgedra, gestoor of andersins verwerk word op jou rekenaarstelsels of die rekenaarstelsel van 'n diensverskaffer.

## Derde party

Enige persoon of regspersoon anders as jou besigheid soos gemeld in jou polisskedule.

## Derdepartyeis

Enige geskrewe eis of bewering vir vergoeding of skade teen jou deur 'n derde party.

## Deskundige

'n Persoon of regspersoon wat deur ons of in konsultasie met ons aangestel is, insluitend voorval reaksie verskaffers, forensiese rekenmeesters, prokureurs of skakelbeamptes.

## Diefstal

Enige kwaadwillige daad wat bestaan uit die onwettige kopiëring of verkryging, byvoorbeeld, van vertroulike inligting, data of persoonlike data vanaf rekenaarstelsels.

## Diensontseggingsaanval

'n Kwaadwillige aanval wat lei tot totale of gedeeltelike ontneming, ontwrigting of onbeskikbaarheid van jou rekenaarstelsels of jou rekenaarnetwerk deur 'n oorlading van navrae, insluited verspreide diensontseggingsaanvalle.

## Diensverskaffer

Enige derde party wat IT-dienste aan jou verskaf ooreenkomstig aan 'n geskrewe kontrak wat die dienste wat gelewer word, uiteensit. Dit sluit nie IT-dienste in wat verder deur 'n diensverskaffer uitgekontrakteer word nie.

## Direkteure en beamptes

Enige van jou voormalige, huidiglike of toekomstige prinsipale, vennote, lede en direkteure.

## Eksterne party

’n Derde party wat nie ’n werknemer, direkteur of beampte van jou besigheid is nie.

## Elektroniese media

IT-toestelle, insluitend eksterne skywe, CD-ROMs, DVD-ROMs, magneetbande of -skywe, en USB-stokkies wat gebruik word vir die opname en stoor van data.

## Fondse

Geld of ’n amptelike nasionale geldeenheid wat jy besit of wat namens jou deur ’n finansiële instelling in elektroniese formaat gestoor word.

**Neem asseblief kennis: Geldeenhede wat aan ’n handelsmerk gekoppel is, digitale en virtuele geldeenhede word nie gesien as geld of ’n amptelike nasionale geldeenheid nie.**

## Hardeware

Die fisiese komponente van jou rekenaarstelsels, wat gebruik word om data, insluitend elektroniese media, te stoor, oor te dra, te prosesseer, te lees, te wysig of te beheer.

## Infrastruktuur

Kommunikasie-toebehore, lugversorging, kragtoevoerinstallasies, losstaande kragopwekkers, frekwensie-omskakelaar eenhede, transformators en enige ander fasiliteite wat gebruik word vir die instandhouding van elektroniese fasiliteite wat rekenaarstelsels en data ondersteun.

## Internetdiens

Dienste wat die gebruik van die internet in staat stel, insluitend:
Diensverskaffers wat verantwoordelik is vir die voorsiening van dienste, hardeware en tegniese toerusting vir toegang tot, en die gebruik van, die internet.

- Domeinnaamstelsel-diensverskaffers.
- Ander internet- en eksterne netwerkdiensverskaffers verantwoordelik vir internet-uitruilings, Vlak-1 netwerkverskaffers.
- Kabelnetwerk, satelliet en radio-kommunikasie netwerkoperateurs.

## Intranet

’n Privaat of beperkte interne datanetwerk.

## IT-dienste

Dienste insluitend die werking, verwerking, instandhouding, beskerming en stoor van jou hardeware, infrastruktuur, elektroniese data of rekenaarsagteware, insluitend IT-wolk dienste, soos IaaS, PaaS en SaaS.

**Neem asseblief kennis: Dit sluit nie eksterne telekommunikansie-dienste in nie.**

## Jou rekenaarstelsels

Die rekenaarstelsels wat deur jou besigheid besit, verhuur, gelisensieer of gehuur en beheer word.

## Kuberafpersing

’n Geloofwaardige dreigement deur ’n derde party om ’n kuberinsident op jou rekenaarstelsel te veroorsaak.

## Kuberinsident

’n Kwaadwillige daad (inslutend ’n diensontseggingsaanval of die diefstal van jou data), wanware of menslike nalatigheid wat ’n impak op jou rekenaarstelsel of die rekenaarstelsels van ’n diensverskaffer het, of ’n redelike vermoede van so ’n daad, wanware of menslike nalatigheid.

## Kubermisdaad

Diefstal van fondse wat jy nie in staat is om terug te kry nie, wat die direkte resultaat is as gevolg van ’n derde party se bedrieglike elektroniese oorplasing vanaf jou maatskappy se bankrekening, of as gevolg van ’n direkte resultaat van ’n eksterne party se bedrieglike veranderinge van jou rekenaarstelsels.

## Kuberterrorisme

’n Daad deur ’n individu of ’n groep individue, deur die gebruik van rekenaarstelsels, om jou rekenaarstelsels of -netwerke te beskadig, vernietig, ontwrig of toegang tot dit te kry, vir godsdienstige, ideologiese of politieke doeleindes, insluitend maar nie beperk tot die beïnvloed van enige regering of om die publiek of ’n deel van die publiek in vrees te laat nie.

### Kwaadwillige daad

’n Ongemagtigde of onwettige daad wat gepleeg word met die doel om skade te veroorsaak aan, of om toegang te kry tot, of data te openbaar vanuit rekenaarstelsels of -netwerke deur die gebruik van enige rekenaarstelsel of -netwerk.

### Losprys

Geld, bitcoin of ander digitale geldeenhede wat deur derde partye vereis word gedurende kuberafpersing.

### Menslike nalatigheid

Enige nalatige daad of weglating wat deur jou of ’n werknemer gepleeg word gedurende die werking van jou rekenaarstelsel.

**Neem asseblief kennis: Dit sluit nie die nie-nakoming met die vereistes wat in ‘Ons B’s en V’s: Sekuriteit’ uiteensit, in nie.**

### Outomatiese, verlengde verslagdoeningstydperk

Die verlenging van die tydperk van versekering, waarin ’n eis aangemeld kan word, soos gemeld in jou polisskedule.

### PCI-DSS

Payment Card Industry Data Security Standards.

### PCI forensiese ondersoeker

’n Forensiese ondersoeker wat ’n deskundige op sy gebied is en goedgekeur word deur die PCI se Raad vir Veiligheidstandaarde.



## Persoonlike data

Inligting wat betrekking het op 'n data-onderwerp wat geïdentifiseer kan word, direk of indirek, in verwantskap tot ander inligting (soos 'n naam, identifikasienommer, ligging, aanlyn identifiseerder, of tot 1 of meer faktore eie aan die fisiese, fisiologiese, genetiese, verstandelike, kulturele of sosiale identiteit van die data onderwerp) soos gedefinieer deur toepaslike wette oor die beskerming van data.

## Regsverdedigingskoste

Koste, uitgawes of fooie vir deskundiges, ondersoeke, hofverskynings, opnames, nagaan van prosedures wat benodig word vir jou siviele, kommersiële, administratiewe of kriminele verdediging.

**Neem asseblief kennis: Dit sluit nie algemene koste soos salarisse en bokoste in nie.**

## Regulerende owerheid

Enige toesighoudende owerheid, onafhanklike openbare gesag, reguleerder, regeringsorganisasie of statutêre liggaam wat gemagtig is om statuêre verpligtinge af te dwing wat verband hou met die beheer of verwerking van persoonlike data in ooreenstemming met toepaslike wette oor die beskerming van data.

## Rekenaarnetwerk

1 of meer rekenaarstelsels wat aanmekaar verbind is of andersins beskik is om data oor te dra.

## Rekenaarstelsels

Die IT- en kommunikasiestelsels, insluitend hul hardeware, infrastruktuur en sagteware, wat gebruik word om te vervaardig, toegang te verleen, prosesseer, beskerm, monitor, stoor, terug te kry, vertoon of data oor te dra.

## Reputasie-beskermingstydperk

Die tydperk soos gemeld in jou polisskedule wat met die versekerde voorval begin.

## Sagteware

'n Digitale standaard, aangepaste of individuele ontwikkelde program, of 'n toepassing wat deur 'n rekenaarstelsel gehou of gehardloop word, wat bestaan uit 'n stel instruksies wat oor die vermoë beskik, wanneer dit by 'n masjien-leesbare medium geïnkorporeer word, om 'n masjien wat inligting kan prosesseer in staat te stel om indikasies aan te dui, en uitvoerings of 'n spesifieke funksie of resultaat te verrig.

## Skadeloosstellingstydperk

Die tydperk waarin jou besigheid onderbreek word deur die algehele of tydelike onbeskikbaarheid van jou rekenaarstelsels, wat begin nadat die wagtydperk verstreke is en eindig wanneer die rekenaarstelsels ten volle herstel is, en die bruto wins bereik die vlak voor die onbeskikbaarheid van jou rekenaarstelsels. Die tydperk is beperk tot 'n maksimum hoeveelheid dae soos gemeld in jou polisskedule.

## Terrorisme

Dade wat gepleeg word vir vir politiese, godsdienstige, ideologiese of soortgelyke doeleindes, insluitend die intensie om enige regering te beïnvloed en om die publiek, of enige deel van die publiek, in vrees te laat.

## Terugwerkende datum

Die datum soos gemeld in jou polisskedule.

## Totale beperking van aanspreeklikheid

Die maksimum bedrag waarvoor ons aanspreeklik is volgens hierdie versekering tydens die tydperk soos gemeld in jou polisskedule.

## Verhoogde bedryfskoste

Bykomende redelike en noodsaaklike koste wat jy aangaan met die hoofdoel om die versekerde verlies van bruto wins te vermy of te verminder, wat, sonder sulke uitgawes, sou plaasgevind het gedurende die skadeloosstellingstydperk soos gemeld in jou polisskedule. Ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag van die bruto wins verlies wat dus vermy is.

## Verlies aan bruto wins

Die redelike berekening van die vermindering in netto wins (voor belasting) wat vorige handelpatrone en marktoestande in ag neem, plus enige voortgesette staande koste. Die berekening is gebaseer op 'n analise van jou inkomste en uitgawes gedurende die 12 maande voor die ontdekking van 'n versekerde voorval. Die berekening neem ook enige redelike projeksies van toekomstige winsgewendheid indien geen verlies gely is nie, in ag.

Die basies bedrag betaalbaar per dag is 1/365 van die jaarlikse bruto wins gedurende die 12 maande voor die algehele of gedeeltelike onbeskikbaarheid van jou rekenaarstelsels.

Ons aanspreeklikheid is beperk tot hierdie basiese betaalbare bedrag gemaal met die hoeveelheid dae wat jou besigheid onderbreek is, mits die hoeveelheid dae nie die maksimum dae van die skadeloosstellingstydperk soos gemeld in jou polisskedule, oorskry nie.

### Versekerde voorval

Enige kubervoorval, kuberafpersing, kubermisdaad en derdepartyeis.

### Vertroulike inligting

Enige vorm van kommersiële sensitiewe besigheids- of handelsgeheime wat nie vir die publiek toeganklik is nie, of dit 'vertroulik' gemerk is, of nie.

### Voortgesette staande kostes

Vaste kostes wat steeds ten volle betaal moet word tydens die skadeloosstellingstydperk.

### Wagperiode

Die tydperk, soos gemeld in jou polisskedule, wat begin met die ontdekking van ’n versekerde geval wat veroorsaak dat jou rekenaarstelsels gedeeltelik of heeltemal onbeskikbaar is.

### Wanware

Ongemagtigde of onwettige sagteware of kode, insluitend virusse, spioenware, rekenaarwurms, Trojaanse perde, wortelstel, losprysware, sleutelaantekenaar, bellers en skelm sekuriteitsagteware, wat ontwerp is om skade te berokken of toegang tot rekenaarstelsels en -netwerkte te kry, of dit te ontwrig.

### Werknemer

Enige persoon wat aan jou dienste lewer of arbeid verskaf soos in ’n kontrak geïmpliseer of gestipuleer. Dit sluit eksterne werknemers uit wat deur jou gehuur word om dienste te verskaf, wat binne jou operasionele struktuur en onder jou funksionele magtiging werk, maar sluit direkteure en beamptes in.

## Hoe om te eis

### Stel ons in kennis

Laat weet ons so gou as moontlik van enige versekerde voorval, insluitend:

- Enige derdepartyeis of gebeurtenis wat mag lei tot ’n derdepartyeis.
- Enige werklike of vermoedelike data-oortreding, kubervoorval, kuberafpersing of kubermisdaad wat tot ’n betaling onder die polis kan lei.

Ons reaksievennoot vir kubervoorvalle is AveS en hulle het ’n kontaksentrum wat elke dag van die jaar, 24-uur per dag beman word.

Hul kontakbesonderhede is:

AVeS Bedryfsentrum vir kuberveiligheid

| | |
|---|---|
| Foon | +27 10 020 8714 |
| E-pos | kingprice@aves.co.za |

**Neem asseblief kennis: Die kontakbesonderhede vir Cybersure eise verskyn ook in jou polisskedule.**

Jy moet ook:

- Bewyse kan lewer van die versekerde voorval en die waarskynlike gevolge kan beskryf.
- Alle redelike en nodige maatreëls tref om die duur en effek van enige versekerde voorval te verminder.
- Alles prakties doen en toestemming gee om te laat doen, om die oorsaak en gevolg van die versekerde voorval te bewerkstellig.
- Alle hardeware, sagteware en data bewaar, en dit beskikbaar stel vir ons.
- ’n Gedetailleerde uiteensetting van koste, uitgawes en die vermindering van jou bruto wins, met bewyse, insluitend enige toepaslike verslae, rekeningboeke, rekeninge, fakture en ander dokumente wat ons mag benodig, verskaf.
- Voldoen aan enige redelike vereistes wat deur ons gestel word.

### Eise teen jou

Jy moet:

- Geen aanspreeklikheid aanvaar, geen betaling maak, skikking aanvaar, of enige derdepartyeis aanvaar, sonder ons geskrewe toestemming nie.
- Ons help om ondersoek in te stel, eise te verdedig en te skik, en ook hulp te verleen aan enige prokureur of ander kundige wat ons namens jou aanstel om jou eise te verdedig.
- Die bybetaling, wat ons vereis om aan enige skikking te voldoen, aan enige derde party betaal.

### Samewerking

As ons vra, moet jy, op ons onkoste:

- Saam met ons werk en ons help, dit sluit die verskaffing van inligtng in en jy moet kan verseker dat getuienisse wat in jou diens is, in 'n hof sal getuig en saam met ons sal werk.
- Enige wettige regte afdwing wat ons of jy dalk teen enige derde party mag hê wat aanspreeklik gehou kan word vir jou kubervoorval, dit sluit in dat jy ons magtiging gee om hofverrigtinge in jou naam teen sodanige derde partye aan te bring en om sodanige verrigtinge te skik.
- Dokumente uitvoer wat ons benodig om jou regte onder hierdie polis te beskerm.

## A. Eerste party

## Wat deur die koning gedek word

**Neem asseblief kennis:**

- **Jou dekking is onderhewig aan die terugwerkende datum, toepaslike beperkinge en bybetalingsbedrae soos gemeld in jou polisskedule, asook aan die uitsluitings, en bepalings en voorwaardes, van hierdie versekering.**
- **Versekerde voorvalle onder 'A. Eerste party' moet eers deur jou ontdek word, en aan ons gerapporteer word, tydens die versekeringstydperk of gedurende 'n outomatiese, uitgebreide verslagtydperk.**

### Besigheidsonderbreking

Jy's gedek vir die verlies van bruto wins en verhoogde koste van werk aangegaan gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die direkte resultaat van die totale en gedeeltelike onbeskikbaarheid van jou rekenaarstelsels of jou diensverskaffer se rekenaarstelsel, veroorsaak deur 'n kubervoorval wat deur die hierdie polis gedek word.

### Herstel

Jy's gedek vir enige redelike en noodsaaklike koste om jou data en sagteware te herstel na 'n kubervoorval, tot die naaste moontlike toestand waarin dit onmiddellik voor die kubervoorval was.

## Kuberafpersing

Jy's gedek vir enige losprys wat jy betaal, mits dit wettiglik toelaatbaar is en ons het geskrewe toestemming gegee, asook enige ander redelike en noodsaaklike koste om kuberafpersing op te los. Sou ons vra, moet jy enige relevante wetstoepassingsowerhede van die kuberafpersing in kennis stel.

**Neem asseblief kennis: Ons aanspreeklikheid teenoor die beëindiging van 'n kubervoorval op jou rekenaarstelsel wat veroorsaak is deur 'n derde party, is beperk tot 'n eenmalige losprysbetaling.**

## Kubermisdaad

Jy's gedek vir enige fondse wat onwettig by jou geneem is as 'n direkte gevolg van kubermisdaad.

## PCI-DSS

Jy's gedek vir enige geldboetes en strawwe wat teen jou gehef word deur 'n betaalkaart handelsmerk as gevolg van jou oortreding van PCI-DSS, wat direk deur 'n kuberaanval veroorsaak is.

Indien dit deur 'n betaalkaart handelsmerk vereis word, word jy ook gedek vir enige redelike en noodsaaklike koste vir:

- 'n PCI-forensiese deskundige om 'n vermoedelike verbreking van PCI-DSS te ondersoek.
- PCI-DSS-herbevestiging.

## Voorval en oortreding reaksie

Jy's gedek vir die redelike en noodsaaklike koste as gevolg van 'n werklike of vermoedelike kubervoorval:

- Vir 'n deskundige om ondersoek in te stel oor die kubervoorval en aan jou terug te rapporteer.
- Om aan toepaslike wette oor die beskerming van data te voldoen (soos om jou regulerende owerheid of data-onderwerpe in kennis te stel).
- Om 'n interne krisisbeheersentrum (insluitend 'n noodtelefoonlyn) te bedryf, wat deur werknemers behartig mag word, wat oortyd lone vir die eerste 31 dae na die aanmelding van 'n kuberaanval aan ons, mag vereis.
- Om krediet en dienste vir die monitoring van identiteitsdiefstal, tot voordeel van die data-onderwerpe wat deur die data onderbreking geaffekteer is, aan te koop, mits ons geskrewe toestemming gegee het.

- Vir ’n deskundige om jou reputasie te bestuur en te beskerm tot die einde van die reputasie-beskermingstydperk na ’n kubervoorval.
- Vir wettige verdedigingskoste wat aangegaan is om op jou regulerende owerheid se aksie te reageer of te verdedig.

Jy’s ook gedek vir enige wettiglik versekerbare administratiewe boetes soos opgelê deur jou regulerende owerheid as ’n direkte gevolg van data-oortreding.

## B. Derde party (aanspreeklikheid)

## Wat deur die koning gedek word

**Neem asseblief kennis:**
- **Jou dekking is onderhewig aan die terugwerkende datum, toepaslike beperkinge en bybetalingsbedrae soos gemeld in jou polisskedule, asook aan die uitsluitings, en bepalings en voorwaardes, van hierdie versekering.**
- **Derdepartyeise moet eers teen jou gemaak word, en aan ons gerapporteer word, tydens die versekeringstydperk of gedurende ’n outomatiese, uitgebreide verslagtydperk. Enige voorval waarvan jy bewus word en aan ons rapporteer gedurende die versekeringstydperk of outomatiese, uitgebreide verslagtydperk, wat lei tot ’n derdepartyeis, sal gesien word as reeds aangemeld en dat die derdepartyeis reeds gemaak is tydens die versekeringstydperk.**

### Media-aanspreeklikheid

Jy’s gedek vir enige bedrae waarvoor jy wettiglik aanspreeklik is om te betaal, wat spruit uit ’n derdepartyeis vir:
- Laster.
- Skending van kopiereg, titel, slagspreuk, handelsmerk, handelsnaam, diensmerk, diensnaam of domeinnaam.
- Regsverdedigingskoste, mits ons geskrewe toestemming gegee het.

**Neem asseblief kennis: Mits hierdie spruit uit jou aanlyn media aktiwiteite.**

### Netwerksekuriteit-aanspreeklikheid

Jy's gedek vir enige bedrae waarvoor jy wettiglik aanspreeklik is om te betaal, wat spruit uit 'n derdepartyeis vir 'n kubervoorval op jou rekenaarstelsels wat jy nagelaat het om te voorkom en wat skade, verandering, vernietiging of die steel van data of 'n diensontseggingsaanval op derde partye se rekenaarstelsels veroorsaak het.

### Vertroulikheid-en-privaatheid-aanspreeklikheid

Jy's gedek vir enige bedrae waarvoor jy wettiglik aanspreeklik is om te betaal, wat onstaan uit:

- 'n Derdepartyeis vir 'n data-oortreding met betrekking tot vertroulike inligting of persoonlike data van 'n derde party, insluitend enige werknemer.
- Die ootreding van die toepaslike wette oor die beskerming van data.
- Regsverdedigingskoste, mits ons geskrewe toestemming gee.

## Wat NIE deur die koning gedek word nie:
## A. Eerste party en B. Derde party (aanspreeklikheid)

**Neem asseblief kennis: Hierdie uitsluitings geld al dan nie die insidente wat direk of indirek vanuit die volgende spruit.**

### Agterstallige betalings

Jy's nie gedek indien jy, of 'n diensverskaffer, versuim het om 'n betaling te maak wat lei tot die hernuwing of verlenging van enige huurkontrak, lisensie, of die bestelling van goedere en dienste nie.

### Beleggingsverliese

Jy's nie gedek vir enige verlies aan beleggings of handeldryf nie, insluitend sonder enige beperkinge die onvermoë om sekuriteite te verkoop, oor te dra of andersins ontslae van te raak.

### Boetes en strawwe

Jy's nie gedek vir enige boetes, strafskadevergoeding of strawwe nie.

**Neem asseblief kennis: Jy's gedek vir enige geldboetes en boetes wat teen jou gehef word deur 'n betaalkaart handelsmerk wat spruit uit jou oortreding van PCI-DSS onder 'A. Eerste party: PCI-DSS'.**

## Derdepartyeise

Jy’s nie gedek vir derdepartyeise wat deur of namens enige van die volgende ingedien word nie:

- ’n Wettiglike entiteit met effektiewe beheer oor jou.
- Jou filiale.
- ’n Wettiglike entiteit oor wie jy of jou filiale effektiewe beheer het.
- ’n Persoon wat ’n meerderheidsaandeel oor jou besit.
- ’n Wettiglike entiteit waarin jy ’n finansiële belang het, ongeag van die bedrag.
- ’n Vennootskap of gesamentlike onderneming.

## Derdeparty-verskaffers

Jy’s nie gedek vir die mislukking, onderbreking of agteruitgang van infrastruktuur of verwante dienste nie, waarvan jy nie in beheer is nie, of enige derde party-verskaffers wat die volgende dienste verskaf:

- Telekommunikasie.
- Internetdienste.
- Satelliet en kabel.
- Elektrisiteit, gas en water.

## Ex gratia skikkings

Jy’s nie gedek vir ex gratia of diskresionêre skikkings, of gebare van welwillendheid nie, insluitend afslag, dienskrediete, kortinge, prysverlagings, koepons, pryse, toekennings of enige ander kontraktuele of nie-kontraktuele aansporings en promosies.

## Foutiewe beskrywing

Jy’s nie gedek vir onakkurate, onvoldoende of onvolledige beskrywing van enige goedere of dienste of die prys daarvan nie.

## Foutiewe planne en spesifikasies

Jy’s nie gedek vir enige foute, defekte of weglatings in ontwerp, plan of spesifikasies van jou rekenaarstelsels wat veroorsaak dat jou stelsels nie geskik is vir hul doel nie.

## Gedrag

Jy’s nie gedek vir gedrag indien dit kwaadwillig, oneerlik, doelbewus of roekeloos is nie.

## Geskeduleerde aftyd

Jy’s nie gedek vir geskeduleerde aftyd, beplande onderbrekings of ledige tydperke met betrekking tot jou rekenaarstelsels of parte van rekenaarstelsels nie.

## Kontraktuele aanspreeklikheid

Jy’s nie gedek vir kontraktuele aanspreeklikheid wat meer is as enige regsaanspreeklikheid wat andersins sou ontstaan nie.

**Neem asseblief kennis: Jy’s gedek vir boetes wat deur ’n betaalkaart handelsmerk teen jou geëis word, onder ‘A. Eerste party: PCI-DSS’.**

## Liggaamlike besering

Jy’s nie gedek vir liggamlike besering, sielkundige besering, trauma, siekte of dood nie.

**Neem asseblief kennis: Jy’s gedek vir lyding.**

## Nalatigheid

Jy’s nie gedek vir enige nalatige advies, ontwerp, spesifikasies, formule of ander skending van professionele diens nie.

## Onbeheerde publikasies

Jy’s nie gedek vir publisering op enige webwerwe waar inhoud sonder registrasie gepubliseer kan word nie, of enige webwerf of inhoud wat nie direk deur jou beheer word nie.

## Ongelisensieerde sagteware

Jy’s nie gedek vir die gebruik van ongelisensieerde sagteware nie.

## Regulerende nie-nakoming

Jy’s nie gedek indien jy versuim om redelike stappe te neem om saam te werk met, of die oplegging van ’n bevel te verhoed nie, instruksie of aanwysing deur, jou regulerende owerheid, wat direk of indirek spruit vanuit ’n versekerde voorval.

## Skending van intellektuele eiendom

Jy’s nie gedek vir diefstal, skending of die openbaarmaking van intellektuele eindom nie, insluitend patente, handelsmerke en kopieregte.

**Neem asseblief kennis: Jy’s gedek vir aanspreeklikheid vir vertroulikheid en privaatheidheid, asook media, onder ‘B. Derde party (aanspreeklikheid)’.**

## Subgekontrakteerde IT-dienste

Jy's nie gedek vir IT-dienste wat 'n diensverskaffer uitgekontrakteer het aan 'n derde party nie.

## Tasbare eiendom

Jy's nie gedek vir die verlies van of skade aan tasbare eiendom of enige ander gevolglike verliese nie, insluitend die verlies van gebruik van tasbare eiendom.

## Terrorisme

Jy's nie gedek vir terrorisme nie.

**Neem asseblief kennis: Jy's gedek vir kuberterrorisme.**

## Verbetering

Jy's nie gedek vir enige koste vir die verbetering van jou rekenaarstelsel, buiten die toestand soos dit was voor die kubervoorval nie, tensy onvermydelik.

## Versuim om inhoud te verwyder

Jy's nie gedek indien jy 'n klagte of 'n versoek van 'n derde party ontvang en jy versuim om data van 'n webwerf of webblad wat deur jou beheer word, te verwyder nie.

## Voorvalle voor die versekeringstydperk

Jy's nie gedek vir voorvalle wat redelik kan lei tot 'n versekerde voorval, wat voor die versekeringstydperk gebeur het, en waarvan jy weet of redelik geweet het nie.

## Wettige beslaglegging

Jy's nie gedek vir die beslaglegging, konfiskering, eis, vernietiging of skade aan jou rekenaarstelsel, as gevolg van die aksie, vereiste of bevel van enige regering, reguleerder, hof of enige ander liggaam wat binne sy wettige gesag optree nie.



## Ons B’s en V’s

### Betaling deur meer as 1 afdeling

Enige eis wat onder meer as 1 afdeling se dekking val, sal onderhewig wees aan die hoogste toepaslike bybetalingsbedrag.

**Neem asseblief kennis: Eise vir besigheidsonderbreking mag onderhewig wees aan ’n wagtydperk.**

### Gekontrakteerde IT-diensverskaffers

Enige data-oortreding of kubervoorval wat op die rekenaarstelsels van ’n diensverskaffer voorkom met wie jy ’n geskrewe kontrak het, vir IT-dienste wat hulle aan jou verskaf, sal gedek word asof dit op jou rekenaarstelsels plaasgevind het, tensy anders gemeld.

### Ons aanspreeklikheid

Ons is nie aanspreeklik vir enige bybetalingsbedrag nie. Ons aanspreeklikheid is beperk met elke versekerde voorval, asook met die totale aanspreeklikheidsperk, soos gemeld in jou polisskedule.

### Oorspronklike oorsaak

Enige versekerde voorvalle wat voortspruit uit dieselfde oorsponklike oorsaak sal gesien word as 1 versekerde voorval en dekking het geskied met die eerste versekerde voorval in die reeks, insluitend die toepassing van bybetalingsbedrae en perke van aanspreeklikheid.

### Sekuriteit

Ons mag nie ’n eis uitbetaal indien jy onakkurate antwoorde op jou voorstelvorm verskaf het nie, veral met betrekking tot IT-sekuriteit.

### Skeibaarheid

Onafdwingbare voorwaardes sal nie ’n effek hê op enige ander voorwaardes nie en, indien prakties, sal vervang word met afdwingbare voorwaardes met dieselfde of soortgelyke bedoelinge.

## Subrogasie

Indien enige betalings onder hierdie versekering gemaak word, sal ons ons subrogasie-regte uitoefen en namens jou optree met betrekking tot al jou regte om van ’n derde party af te eis. Jy moet alles in jou vermoë doen om die regte te beveilig en moenie die regte benadeel nie. Enige gelde wat verhaal is sal eerstens toegepas word tot enige koste en onkoste wat ons moes aangaan met betrekking tot die verhaling, tweedens enige betalings wat aan ons gemaak moet word, en derdens enige ander betalings wat deur jou gemaak is.

## Terugwerkende datum

Versekerde voorvalle word slegs gedek indien dit voortspruit uit ’n kwaadwillige daad of menslike fout wat na die terugwerkende datum gepleeg word, soos gemeld in jou polisskedule.

## Toekenning

Jy mag nie enige wettige regte of belange in hierdie versekering toeken tensy ons geskrewe toestemming gegee het nie.

## Vertroulikheid

Jy mag nie die bestaan van hierdie polis bekend maak nie, behalwe teenoor jou senior bestuur of professionele adviseurs of indien jy wettiglik vereis word om dit te doen, tensy ons skriftelike toestemming gegee het. Indien jy dit wel doen, hoef ons nie ’n eis uit te betaal vir kuberafpersing onder ‘A. Eerste party’ nie, of ons mag jou dekking onder daardie afdeling kanselleer soos op die dag van die bekendmaking.

## Wesenlike verandering in risiko

Jy moet ons dadelik in kennis stel, so vinnig prakties moontlik, van enige wesenlike verandering in risiko waarvan jy bewus is, of redelik bewus van behoort te wees, insluitend sonder beperkinge enige samesmeltings deur of met jou gedurende die versekeringstydperk. Ons is nie aanspreeklik vir enige versekerde voorval wat spruit vanuit die wesenlike verandering in risiko tensy ons ingestem het tot so ’n verandering en ons het enige addisionele premie wat ons benodig, ontvang.

## Wette en regulasies

Indien enige voorsiening van hierdie verskering in stryd is met die wette of regulasies van enige jurisdiksie waarin dit van toepassing is, moet dit verander word sodat dit aan sulke wette en regulasies voldoen.

# Diefstal

## In kort...

Dit is besigheidseienaars se verantwoordelikheid om seker te maak dat die besigheid selfs ná ’n rooftog sy gang gaan. Die koning se diefstalversekering vir besighede dek alles – van die verlies van, of skade aan, jou voorraad of jou kliënte se goedere, tot die vergoeding van skade aan eiendom wat jy besit of waarvoor jy verantwoordelik is.

**Wat ons met ‘diefstal dekking’ bedoel**
Jy’s gedek vir die diefstal van eiendom wat aan jou behoort, of waarvoor jy verantwoordelik is, binne die geboue by die adres soos gemeld op jou polisbylae.

Die diefstal of poging tot diefstal moet (tensy anders gemeld op jou polisbylae) gepaard gaan met:

- Gedwonge en gewelddadige toetrede na binne of buite die gebou.
- ‘n Bedreiging van geweld.

Wanneer jy eis vir die diefstal van dokumente, manuskripte, besigheidsboeke, rekenaarstelsel- rekords en -media, planne, ontwerpe, patrone, modelle en vorms, is jou eis beperk tot die waarde van materiale en die koste aan die arbeid verbonde.

## Wat deur die koning gedek word

**Jy’s gedek vir verlies of skade as gevolg van:**

### Indien die dief genooi word om jou perseel binne te kom

Jy’s gedek vir diefstal indien dit gepleeg word deur ’n persoon wat voor sluitingstyd genooi of toegelaat word om jou perseel binne te kom.

### Lopers

Onderworpe aan bevredigende bewys deur jou dat die versekerde perseel met behulp van ’n loper of ander soortgelyke toestel (behalwe ’n duplikaatsleutel) betree of verlaat is, sal dit vir die doeleindes van ’n versekerde voorval as ’n kragdadige en gewelddadige betreding (of verlating) beskou word.

## Skade aan geboue

Jy's gedek vir, bykomende tot die bedrag soos gemeld op jou polisbylae:
Skade aan die geboue, insluitend die verhuurder se toebehore, by die versekerde perseel, wat gebeur weens diefstal of poging tot diefstal.
Die verlies van geboue, en die verhuurder se toebehore, by die versekerde perseel weens diefstal of poging tot diefstal wat gepaard gaan met gedwonge en gewelddadige toetrede na binne of buite die gebou, of weens diefstal of poging tot diefstal, of 'n bedreiging van geweld.

Jy's ook gedek vir alle redelike koste en uitgawes wat jy mag aangaan om tydelike herstelwerk toe te pas, en tydelike maatreëls wat redelik noodsaaklik mag wees, na die verlies of skade wat die oorsaak van die eis was onder hierdie afdeling, beperk tot R5,000, of die bedrag soos gemeld op jou polisbylae, watter een ook al die grootste is, vir een gebeurtenis.


## Slotte en sleutels

Jy's gedek vir die koste om slotte en sleutels van 'n versekerde gebou te vervang nadat 'n sleutel vir sodanige perseel verdwyn het, of as jy goeie rede het om te glo dat 'n ongemagtigde persoon in besit van 'n duplikaatsleutel kan wees.

**Neem asseblief kennis: Elke eis word beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.**

## Tydelike herstelwerk

Jy's gedek vir die redelike koste wat jy ná 'n diefstal of poging tot diefstal vir tydelike herstelwerk aangaan, en om tydelike maatreëls te tref wat na 'n versekerde voorval nodig is.



## Opsionele dekking

### Dek meer. Betaal ’n bietjie meer

**Jy kan kies om die volgende opsie by jou basiese ‘Diefstal’-dekking te voeg. Indien jy dit byvoeg, sal die opsie slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisskedule aangeteken is en ’n bykomende premie betaal word.**

### Diefstal sonder kragdadige of gewelddadige betreding/verlating

Jy’s gedek vir diefstal of poging tot diefstal sonder kragdadige of gewelddadige betreding/verlating.

Jy’s nie gedek vir diefstal of poging tot diefstal deur ’n prinsipaal, vennoot, lid, direkteur of werknemer nie.

## Wat NIE deur die koning gedek word nie

Jy’s nie gedek vir verlies of skade:

- As gevolg van diefstal deur ’n prinsipaal, vennoot, direkteur of lid van die huishouding, of indien hulle medepligtig aan die diefstal was.
- As gevolg van ’n ontploffing wat gebruik word om toegang tot die gebou te probeer kry.
- Indien dit deur die ‘Brand’- of ‘Glas’-afdeling van hierdie polis gedek kan word.
- Indien die items meer spesifiek elders verseker word.
- Ten opsigte van kontant, bank- en valutanote, tjeks, posorders, geldwissels, geldige verhandelbare seëls en dokumente of sertifikate van ’n verhandelbare aard, tensy in jou polisskedule gemeld word dat hulle gedek word.
- Waarby die gebruik van die sleutels (insluitend duplikaatsleutels) en diefalarm betrokke is, tensy die sleutels en alarmkode met geweld of dreigement van geweld verkry is.

**Neem asseblief kennis:**

- **Jy’s nie gedek vir die bybetaling soos gemeld op jou polisbylae.**
- **Jy moet ons dadelik in kennis stel van enige veranderinge aan die versekerde perseel wat jou premie kan beïnvloed, die dekking wat ons aanbied, of enige ander voorwaardes wat mag geld.**
- **Die maksimum bedrag wat ons vir enige eis sal betaal is vermeld in jou polisbylae, tensy anders voorsien in hierdie afdeling.**
- **Verwys na die algemene afdeling vir meer oor hierdie en ander bepalings wat van toepassing is op hierdie afdeling.**

# Elektroniese toerusting

## In kort...

Die jongste toestel, die nuutste app (toep), konstante bywerkings... Terwyl dit al klaar moeilik is om tred te hou met tegnologie, wil jy nie ook nog stres oor die versekering van die elektronika wat jou besigheid in die moderne digitale omgewing doeltreffend laat werk nie. Die tegno-bedrewe King Price gee jou gemoedsrus as enigiets verkeerd loop met jou rekenaars, gelisensieerde sagteware, skandeerders en drukkers. Jy kan kies om gevolglike verlies of wesenlike skade te verseker... Of albei.

**Wat ons met 'ongeval' bedoel**

Onderbreking van die openbare kragtoevoer by die eindpunte van die toevoerlyne in die perseel weens enige toevallige oorsaak behalwe:

- Die opsetlike optrede van die versekerde of enige voorsieningsowerheid.
- Droogte of 'n brandstoftekort by enige elektrisiteitvoorsiener.

**Wat ons met 'skadeloosstellingstydperk' bedoel**

Die tydperk waarin die resultate van die besigheid geraak word as gevolg van die ongeval, wat begin met die getal ure/dae in jou polisbylae aangedui as die tyduitsluiting na die plaasvind van die ongeval, en wat eindig nie later nie as die verstryking van die tydperk in jou polisbylae aangeteken as die skadeloosstellingstydperk ná so 'n gebeurtenis. Die tyduitsluiting is nie van toepassing nie op verlies of skade wat direk veroorsaak word deur brand, storm (weerlig uitgesluit), insakking, wind of die ineenstorting van geboue.

## Keuse van dekking

### Jou keuse, ons plesier

**In hierdie afdeling het jy 'n keuse van dekking vir jou elektroniese toerusting ten opsigte van:**

**A. Wesenlike skade**

**B. Gevolglike verlies**

## A. Wesenlike skade

### Wat deur die koning gedek word

Jy's gedek vir die fisiese verlies van of skade aan die versekerde eiendom wat in jou polisbylae beskryf word, weens enige oorsaak wat nie uitgesluit word nie, terwyl die eiendom:

- Op enige plek binne daardie gedeelte van die gebou wat deur jou geokkupeer word, op die perseel soos gemeld in jou polisbylae, aan die werk of rustend is.
- In transito is, insluitend die oplaai en aflaai daarvan, of terwyl dit onderweg tydelik by enige perseel gehou word.
- Tydelik verwyder word uit daardie gedeelte van die gebou wat deur jou geokkupeer word, of verseker word by die perseel soos gemeld in jou polisbylae.

### Brandbluskoste

Redelike koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand word gedek, met dien verstande dat jy regtens aanspreeklik is vir hierdie koste en dat die versekerde eiendom in gevaar is weens die brand.

## A. Wesenlike skade

### Wat NIE deur die koning gedek word nie

Verlies of skade, ongeag die oorspronklike oorsaak van die verlies of skade, weens:

- Wanfunksionering of foutwerking van die versekerde toerusting, tensy dit gepaardgaan met fisiese skade wat deur hierdie afdeling gedek word.
- Verlies of skade verhaalbaar volgens 'n instandhoudings- of bruikhuurooreenkoms wat die versekerde eiendom dek.
- Foute of defekte wat tydens die aangaan van hierdie dekking of gedurende die dekkingstydperk aan jou (of jou verantwoordelike werknemers) bekend is, en wat nie aan ons openbaar gemaak is nie, of enige verlies of skade as gevolg van die fout of defek.
- Vermorsing van materiaal of dies meer, slytasie, die ontwikkeling van swak kontakte, of krapmerke op geverfde of gepoleerde oppervlakke van 'n kosmetiese aard.
- Onderdele met 'n kort lewensduur, soos (maar nie beperk nie tot) gloeilampe, kleppe, kontakpunte, X-straalbuise, katodestraalbuise, termioniese emissiebuise, sekerings en offerstroombane. Indien hierdie onderdele beskadig word as gevolg van fisiese verlies of beskadiging van ander onderdele van die versekerde eiendom (soos gedek deur hierdie afdeling), sal ons jou dek vir die reswaarde voor die verlies van hierdie uitruilbare onderdele.

- Die koste van die reproduksie van data of programme, hetsy dit op kaarte, bande, diskette of anders opgeneem word, tensy 'B. Gevolglike verlies' spesifiek daarvoor voorsiening maak.
- Verlies van gebruik van die versekerde eiendom of ander gevolglike verlies, skade of aanspreeklikheid van watter aard ook al, behalwe vir verliese wat deur hierdie afdeling gedek word.
- Verlies weens diefstal of die wegraak van die versekerde eiendom, tensy die verlies gepaardgaan met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van daardie gedeelte van die gebou wat deur jou geokkupeer word by die perseel soos gemeld in jou polisbylae, of as gevolg van diefstal of enige poging daartoe wat volg op geweld of 'n dreigement van geweld, behalwe ten opsigte van draagbare skoot- en notaboekrekenaars waar kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die gebou of die gedeelte van die gebou wat deur jou geokkupeer word nie van toepassing sal wees nie. Dit is 'n voorwaarde dat skoot- en notaboekrekenaars afsonderlik in jou polisbylae gespesifiseer moet word.
- Verlies van die versekerde eiendom deur diefstal terwyl in transito of terwyl dit tydelik van die versekerde perseel verwyder word, tensy jy die verlies direk met 'n spesifieke voorval kan verbind.
- Diefstal van die versekerde eiendom uit enige onbewaakte motorvoertuig waar die eiendom:
  - Oornag in die motorvoertuig gelaat is, tensy die voertuig gehuisves word in 'n gebou wat behoorlik beveilig en gesluit is en toegang tot die voertuig of gebou met kragdadige en gewelddadige betreding en verlating gepaardgaan.
  - In 'n ruimte van die motorvoertuig gehou word waar dit vir verbygangers sigbaar is.

Indien jy met videotoesig-materiaal (of enige ander afdoende bewysstukke) kan bewys dat 'n poging aangewend is om die voertuig met behulp van die voertuig se afstandbeheerder te sluit, maar dat die sluitmeganisme geblokkeer is deur diewe wat 'n elektroniese toestel gebruik het, sal hierdie bewyse genoegsaam wees om aan die vereiste van kragdadige en gewelddadige betreding of verlating vir enige verlies uit die kajuit of kattebak van die voertuig te voldoen.

**Neem asseblief kennis: Hierdie uitsluiting is nie van toepassing nie indien die voertuig gekaap is, in 'n padongeluk betrokke was, onklaar geraak het en die versekerde eiendom weens omstandighede buite beheer van die voertuigbemanning/-bestuurder noodgedwonge onbewaak gelaat is.**

## Virusse, Trojane en wurms

Jy's nie gedek vir verlies of skade van watter aard ook al wat direk of indirek veroorsaak word deur of in verband met die werking van enige rekenaarvirus, Trojaan of wurm/s of ander soortgelyke skadelike media nie.

## A. Wesenlike skade

## Wat ons sal betaal

**Die bedrag wat ons vir 'n eis sal betaal, word in jou polisbylae gemeld. Ons sal ook vir die volgende betaal, tot en met die versekerde bedrag:**

### Opruimingskoste

Die redelike en noodsaaklike koste ten opsigte van die sloping of demontering van die eiendom; verwydering van puin; oprigting en instandhouding van skuttings en ander soortgelyke strukture wat vereis word tydens sloping, demontering, puinverwydering en herbouing, word gedek tot hoogstens 25% van die bedrag van die eis.

### Professionele fooie

Professionele fooie wat nodig is vir die herstel of vervanging van die eiendom, beperk tot hoogstens 25% van die versekerde bedrag, soos gemeld in jou polisbylae.

### Spoedaflewering en oortyd

Die redelike en noodsaaklike bykomende koste van spoedaflewering, lugvrag, oortyd en Sondag- en vakansieloonkoerse betaalbaar ten opsigte van die herstel of vervanging. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal, is 50% van die bedrag wat die herstel of vervanging sou gekos het indien hierdie bykomende koste nie aangegaan is nie.

## B. Gevolglike verlies

## Wat deur die koning gedek word

### Herstel van data/programme

Jy's gedek vir die redelike en noodsaaklike koste vir die heropstel of hersamestelling van data of programme, opgeneem of gestoor op datadraende media, wat verlore raak as gevolg van diefstal, toevallige uitwissing (wat 'n voorval insluit wat deur 'A. Wesenlike skade' gedek word) of die opsetlike kansellasie, skrapping of korruptering van data of programme waarvoor voorsiening gemaak word in 'A. Wesenlike skade', met dien verstande dat:

- Dekking nie koste weens programfoute, foutiewe invoer of die onopsetlike kansellasie, skrapping of korruptering van data of programme sal insluit nie.
- Wanneer die sagteware verseker word, jy aan die begin van elke versekeringstydperk 'n bylae van hierdie programme aan ons sal verskaf.

### Verhoogde bedryfskoste

Jy's gedek vir die bykomende redelike en noodsaaklike koste wat jy aangaan as gevolg van die toevallige fisiese verlies van of skade aan die versekerde eiendom, voortspruitend uit 'n voorval wat deur 'A. Wesenlike skade' gedek word, met die uitsluitlike doel om die onderbreking of belemmering van jou normale besigheid te voorkom of te verminder, minus enige bedrag wat bespaar is.

Hierdie dekking is nie direk of indirek op die volgende van toepassing nie:

- Die dekking wat vir die herstel van data of programme verskaf word.
- Die intrinsieke waarde (insluitend die herstelwaarde) van die eiendom wat deur 'A. Wesenlike skade' gedek word.

### B. Gevolglike verlies


### Wat NIE deur die koning gedek word nie

Jy's nie gedek vir gevolglike verlies weens enige van die volgende nie:

- Boetes of strawwe vir kontrakskending ten opsigte van die laat of nie-uitvoering van bestellings, of enige strawwe van watter aard ook al.
- Verlies van wins of gevolglike verlies van enige aard, tensy dit spesifiek gedek word.
- Enige bykomende bedrag waarmee verlies verhoog word omdat jy nie vernietigde of beskadigde eiendom kan of wil vervang of herstel nie, of as gevolg van toevoegings, wysigings of verbeterings wat aan die beskadigde of verlore eiendom aangebring word wanneer dit herstel word.

### Virusse, Trojane en wurms

Jy's nie gedek vir verlies of skade van watter aard ook al wat direk of indirek veroorsaak word deur of in verband met die werking van enige rekenaarvirus, Trojaan of wurm/s of ander soortgelyke skadelike media.



## A. Wesenlike skade en B. Gevolglike verlies

## Opsionele dekking

### Dek meer. Betaal 'n bietjie meer

**Jy het die keuse om die volgende opsie by jou basiese 'Elektroniese toerusting'-dekking te voeg. Indien jy dit byvoeg, sal die opsie slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisbylae aangeteken is en 'n bykomende premie betaal word.**

### Nie-kragdadige en nie-gewelddadige betreding van 'n voertuig: A. Slegs wesenlike skade

Gedek vir verlies van of skade aan goedere in die kajuit of kattebak van 'n voertuig indien jy verklaar dat die voertuig gesluit was, maar geen bewyse van kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die voertuig bestaan nie, met dien verstande dat:

- Jy die polisie se saaknommer aan ons kan verskaf.
- Hierdie dekking slegs van toepassing sal wees op eiendom wat in jou polisbylae gemeld word.

**Neem asseblief kennis:**

- **Hierdie opsionele dekking maak nie voorsiening vir items wat uit 'n voertuig gesteel is terwyl die items gehou is in 'n ruimte van die motorvoertuig waar dit vir verbygangers sigbaar is nie.**
- **Daar is 'n addisionele bybetaling gelykstaande aan 10% van die eiswaarde met 'n minimum van R 1000.**

### Onversoenbaarheidsdekking

Jy's gedek vir koste wat aangegaan word ten opsigte van:

- Modifikasies of veranderings aan die versekerde eiendom ná 'n versekerde voorval wat deur hierdie afdeling gedek word, om die bedryfsintegriteit van die elektroniese stelsel te verseker.
- Vervanging of opgradering van wettige programme om versoenbaarheid met die gemodifiseerde elektroniese stelsel te bereik.
- Die herstel van voorheen vasgelegde data wat ontoeganklik geword het weens die modifikasies aan die elektroniese stelsel, of as gevolg van die vervanging of opgradering van wettige programme.

Altyd met dien verstande dat:
- Die koste waarvoor hierbo voorsiening gemaak word, redelikerwys en noodsaaklikerwys aangegaan word om normale werkomstandighede in stand te hou.
- Die dekking wat ten opsigte van enige enkele voorval verskaf word, beperk word tot die bedrag wat in jou polisbylae gemeld word.

## Oproer en staking

Jy's gedek vir verlies van of skade aan die versekerde eiendom weens:
- Burgerlike beroering, arbeidsonrus, oproer, stakings of uitsluitings.
- Die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming, onderdrukking of hantering op enige ander wyse van enige gebeurtenis waarna hierbo verwys word.

Jy's nie gedek nie:
- Waar die skade binne Suid-Afrika of Namibië plaasvind, tensy spesifieke dekking vir 'Oproer en staking' verkry is.
- Vir gevolglike verlies van enige aard, behalwe verlies aan huurgeld of die koste van alternatiewe verblyf.
- Vir verlies weens die terughouding of konfiskering van geld deur enige wettig ingestelde owerheid.
- Vir skade of verlies veroorsaak deur die staking, vertraging of onderbreking van werk of enige proses.
- Vir verlies weens oorlog, optrede van 'n buitelandse vyand, oorlogsbedrywighede (ongeag of oorlog verklaar is of nie) of burgeroorlog.
- Vir verlies weens 'n militêre opstand of magsoorname, krygswet, rebellie of revolusie wat die afkondiging of handhawing van krygswet bepaal.
- Vir verlies weens enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken is om enige staat, regering of provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme, geweld of protes teen hulle omver te werp of te beïnvloed.
- Vir verlies weens enige optrede wat daarop bereken is om verlies of skade te veroorsaak met die voorneme om 'n politieke oogmerk te bevorder of om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring.
- Vir verlies weens enige terreurdaad, insluitend die gebruik van of dreigement om krag of geweld te gebruik, deur enige persoon of groep (ongeag of hulle alleen of namens 'n ander optree), met die voorneme om 'n regering te beïnvloed of die publiek aan vrees te onderwerp.
- Vir verlies weens die optrede van 'n wettige owerheid om op enige ander wyse 'n gebeurtenis te hanteer waarna in enige van die klousules hierbo verwys word.

**Neem asseblief kennis: Indien jou eis afgewys word omdat ons sê dat 1 of meer van die uitsluitings hierbo van toepassing is, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

### Telkom (of ’n soortgelyke diensverskaffer) se verbindingslyne: B. Gevolglike verlies alleenlik

Jy’s gedek vir gevolglike verlies vir die herstel van data/programme, en verhoogde bedryfskoste weens die toevallige onderbreking van Telkom (of ’n soortgelyke diensverskaffer) se verbindingslyne, met dien verstande dat:

- Jou dekking 12 uur ná die onderbreking begin en nie later nie as 31 dae ná die onderbreking eindig.
- Daar geen dekking is nie vir verlies veroorsaak deur die opsetlike optrede van enige Telkom-owerheid, of deur die uitoefening van Telkom se reg om toegang tot sy verbindingslyne te beperk of te weerhou.

### A. Wesenlike skade en B. Gevolglike verlies

## Ons B’s en V’s

### Brandbluskoste

Redelike koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand word gedek, met dien verstande dat jy regtens aanspreeklik is vir hierdie koste en dat die versekerde eiendom in gevaar is weens die brand.

### Eweredigheid

Die beginsel van eweredigheid sal geld ten opsigte van beide ’n totale en gedeeltelike verlies waar die herstel- of vervangingskoste (indien die hele versekerde eiendom verloor of vernietig is) meer as die versekerde bedrag is, in welke geval jy as jou eie versekeraar beskou word vir die verskil. Ons sal ’n eweredige gedeelte van die verlies of skade betaal. Elke item van hierdie afdeling (indien daar meer as 1 is) waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie bepaling onderworpe.



## Gedeeltelike verlies

Indien die versekerde eiendom herstelbare skade opdoen, sal ons vir die herstelkoste betaal wat aangegaan word om die beskadigde eiendom tot sy werkende toestand te herstel, met dien verstande dat:

- Die koste van enige bykomende verandering, toevoeging, verbetering of opknapping wat tydens die herstelwerk uitgevoer word, nie deur hierdie afdeling gedek word nie.
- Indien jy betaal vir tydelike noodsaaklike herstelwerk in belang van veiligheid of om verdere verlies of beskadiging van die versekerde eiendom te beperk, ons die redelike koste van hierdie tydelike herstelwerk sal dra. Indien hierdie tydelike herstelwerk die verlies vererger of bykomende verlies of beskadiging van die versekerde eiendom veroorsaak, sal enige bykomende koste of die gevolge daarvan vir jou rekening wees.

## Huurdersklousule

Jou dekking word nie geraak nie deur enige handeling of versuim deur enige eienaar van 'n gebou of enige huurder (behalwe jy) wat sonder jou medewete plaasvind. Jy moet ons in kennis stel sodra jy bewus word van so 'n handeling of versuim wat strydig is met die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling, en jy is verantwoordelik vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop 'n verhoogde risiko voorkom.

## Huurkoop-/finansieringsooreenkomste

Waar die versekerde eiendom aan 'n opskortende verkoops- of soortgelyke ooreenkoms onderworpe is, sal ons eers die finansier betaal en hierdie betaling sal beskou word as betaling aan jou.

## Kapitaaltoevoegings en wisselkoersbewegings

Jy's gedek vir:

- Bykomende toerusting of programme van 'n soortgelyke aard as dié gemeld in jou polisbylae wat deur jou gekoop word, met dien verstande dat, ten opsigte van die verlies of skade weens elektriese, meganiese of elektroniese onklaarraking of ontploffing, jou dekking eers sal begin ná bevredigende voltooiing van installering, ingebruikneming of toetsing, en inwerkingstelling by jou perseel.
- Voorsiening vir die waardevermindering of waardevermeerdering van die rand teenoor die geldeenheid van die land van oorsprong van die versekerde eiendom, en ander inflasietendense wat kan lei tot 'n verhoging in die versekerde bedrag (wat die geïnstalleerde nuwe vervangingswaarde verteenwoordig) van die versekerde eiendom, met dien verstande dat die verhoging nie 25% van die totale versekerde bedrag vir 'A. Wesenlike skade' oorskry nie, en dit word ooreengekom dat jy ons na die verstryking van elke versekeringstydperk in kennis sal stel van die veranderings en die bykomende premie daarop sal betaal.

## Kragstuwing en weerligslag

Waar jy eis vir verlies van of skade aan eiendom weens kragstuwing of weerligslag, sal die bybetaling egter nie geld nie indien jy die versekerde eiendom op toepaslike en voldoende wyse met SABS-goedgekeurde veiligheidsmeganismes teen wisselings in die kragtoevoer en weerligslag beskerm.

## Skikkingsgrondslag

Die dekking wat deur hierdie afdeling verskaf word, word beperk tot die versekerde bedrag soos gemeld in jou polisbylae, of enige spesifieke perk in hierdie afdeling. Jy het die keuse om jou elektroniese toerusting vir die markwaarde of vervangingswaarde daarvan te verseker. Die versekerde bedrag of spesifieke perk sluit die koste in van demontering, heroprigting, vervoer en verwydering van die beskadigde versekerde eiendom en, waar van toepassing, invoerbelasting en BTW.

## Totale verlies

**Vervangingswaarde**

Vervangingswaarde sal van toepassing wees op eiendom wat nie meer as 7 jaar (of ander bykomende tydperk wat skriftelik deur ons toegelaat word) voor die versekerde voorval gekoop is nie. Opgraderings en verbeterings sal saam met die ouderdom van die versekerde eiendom in ag geneem word om die bedrag betaalbaar ten opsigte van ’n eis te bereken.

In die geval van die totale verlies of vernietiging van die versekerde eiendom is die dekkingsgrondslag die koste van vervanging of herstel, op dieselfde terrein, van nuwe eiendom van gelykstaande werkverrigting en kapasiteit of, indien dit nie moontlik is nie, vervanging daarvan deur nuwe eiendom met die naaste gelykwaardige werkverrigting en/of kapasiteit aan dié van die verlore of beskadigde eiendom, met dien verstande dat die vervangings- of herstelwerk op ’n ander terrein uitgevoer kan word en op enige manier wat vir jou vereistes geskik is, op voorwaarde dat ons aanspreeklikheid nie daardeur verhoog word nie.

**Markwaarde**

Markwaarde is die huidige aankoopprys van tweedehandse/gebruikte eiendom van gelykstaande werkverrigting of kapasiteit met dié van die verlore of beskadigde eiendom en in ’n wesenlik soortgelyke toestand.

Indien geen soortgelyke eiendom beskikbaar is nie, word die markwaarde bereken deur die volgende af te trek:

- 20% vir die eerste jaar na die aankoopdatum.
- 10% per jaar vir elke daaropvolgende jaar.

Dit is onderworpe aan 'n minimum skadeloosstelling van 40% van die huidige nuwe vervangingswaarde van die naaste gelykwaardige eiendom.

Ten opsigte van eiendom wat nie deur 'A. Wesenlike skade' gedek word nie, is die dekkingsgrondslag die markwaarde van die versekerde eiendom onmiddellik voor die verlies of skade.

Die versekerde eiendom word geheel na ons goeddunke as totaal vernietig beskou indien die herstelkoste van die eiendom gelyk aan of groter as die markwaarde daarvan onmiddellik voor die verlies of skade is.

## Verhindering van toegang

Indien eiendom binne 'n omtrek van 50km vanaf die versekerde perseel, soos gemeld in jou polisbylae,  gedurende die versekeringstydperk verloor word of deur 'n omskrewe gevaar beskadig word, en dit die gebruik van of toegang tot die versekerde eiendom wat deur hierdie afdeling gedek word verhinder of belemmer, sal ons betaal vir enige verlies voortspruitend uit die onderbreking of belemmering wat jou verhoed om toegang tot die versekerde eiendom te hê.

## Waar jy gedek word

Jy's op enige plek in die wêreld gedek ten opsigte van skootrekenaars, notaboek- of handrekenaars (palmtops), asook alle ander draagbare rekenaartoerusting wat tydelik buite die perseel gehou word, mits dit in jou polisbylae aangeteken is.



# Geboue, huisinhoud en draagbare besittings

### In kort...

Hierdie afdeling dek jou vir skade aan die fisiese strukture van jou eiendom, insluitend jou huis en buitegeboue. Jy's ook gedek vir alles in hierdie geboue... Al die dinge wat van jou huis 'n tuiste maak. En dan, omdat ons gaaf is, is jy ook gedek vir al die items wat jy gereeld saamneem wanneer jy jou eiendom verlaat, soos jou selfoon, skootrekenaar en duur juweliersware en horlosies. Jy's boonop ook gedek vir aanspreeklikheid wat aan die risiko's gekoppel is.

## Wat ons bedoel

**Geboue**

Die fisiese en permanente strukture van die eiendom soos jou huis en buitegeboue, of hulle nou los staan van die eiendom of nie, by die adres wat in jou polisskedule aangeteken is, insluitend:

- Privaat wonings, motorhuise, gastehuisies, huiswerkerskwartiere, ateljees, stalle, aantrekkamers, tuinhuisies, kweekhuise en huurders se verbeterings.
- Permanente los en vaste toebehore.
- Huishoudelike vaste brandstoftenks.
- Ingeboude meubels, toestelle en klimaatbeheerstelsels.
- Ingeboude swembaddens, vaste swembadmasjinerie, warmbaddens, spa's en saunas.
- Ornamentele dammetjies en fonteintjies.
- Ondergrondse dienspype, kabels, rioolpype, dreine, tenks, mangate en deksels, huishoudelike boorgate, pompe en vaste opwekkers.
- Elektrisiteits- en telefoonkabels of openbare toevoerverbindings.
- Mure, keermure, heinings, hekke, motors, opritte, voetpaaie, trappe, terrasse, patio's, weerbestande tennisbane en spreiligte.
- Eksterne vaste radio-, TV- en telekommunikasie-antennes, satellietskottels, en hul toebehore en maste.
- Geïnstalleerde besproeiingstelsels en vaste filtrasie-aanlegte.

**Huisinhoud**
Die inhoud van die geboue wat deur jou besit of aan jou verhuur word, in jou bewaring of op kommissie is, en waarvoor jy regtens verantwoordelik is of wat jy ooreengekom het om te verseker, insluitend maar nie beperk nie tot:
- Huishoudelike goedere en toerusting.
- Persoonlike besittings en klere.
- Meublement.
- Besigheidsinhoud.
- Verkoelde, bevrore en ander voedsel en drank.
- Buitelug- en tuinartikels.
- Afstandbeheerde kragaangedrewe speelgoed en modelle.
- Geld.

Jy's nie gedek vir:
- Enige deel van die geboue.
- Voertuie, motorfietse en vaartuie, behalwe speelgoed en modelle.
- Lugvaartuie, insluitend afstandbeheerde kragaangedrewe speelgoed en modelvliegtuie.

**Neem asseblief kennis: Damme en damwalle, landingsplekke, seehoofde, brûe, duikslote, gruispaadjies en bedekkings, swembadskoonmaaktoerusting, en windpompe en hul toerusting, word uitgesluit.**

**Draagbare besittings**
Eiendom wat normaalweg gedra word of ontwerp is om aan of deur 'n persoon gedra te word vir privaat doeleindes, wat deur jou besit word of waarvoor jy regtens verantwoordelik is, insluitend maar nie beperk nie tot:
- Digitale en videokameras.
- Gehoorapparate.
- Handsakke en bagasie.
- Juweliersware en horlosies.
- Klere.
- MP3/4-spelers en iPods.
- Musiekinstrumente.
- Sonbrille en brille.
- Sporttoerusting (nie vir beroepsdoeleindes nie).

## Wat deur die koning gedek word

Jy's gedek vir die skielike en onvoorsiene direkte, fisiese verlies van of skade aan die hele of 'n deel van die versekerde eiendom wat in jou polisskedule gemeld word, weens enige oorsaak wat nie spesifiek uitgesluit word nie, tot en met die versekerde bedrae wat in jou polisskedule gemeld word vir elk van hierdie afdelings:

- Draagbare besittings.
- Geboue.
- Huisinhoud.

## Opsionele dekking

### Dek meer. Betaal 'n bietjie meer

**Jy kan kies om die volgende opsies by jou basiese 'Geboue, huisinhoud en draagbare besittings'-dekking te voeg. Indien jy enige opsie byvoeg, sal dit slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisskedule aangeteken is en 'n bykomende premie betaal word.**

### Eweredigheidsbeskermervoordeel

In die geval van verlies van of skade aan jou huisinhoud sal ons die toepassing van die eweredigheidsbeginsel laat vaar, met dien verstande dat:

- Jy ons 'Huisinhoud-inventarisvorm' volledig ingevul en aan ons teruggestuur het, en die versekerde bedrag van jou huisinhoud dienooreenkomstig aangepas het. Klik hier om toegang tot hierdie vorm te kry.
- Die bedrag waarmee jy onderverseker is, minder as 25% van hierdie versekerde bedrag is.
- Ons aanspreeklikheid is beperk tot die versekere bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.



## Insakking: Uitgebreide dekking

Jy's gedek vir redelike koste om die versekerde gebou te vervang of te herstel na insakking of rysing van die grond wat die gebou stut, of grondverskuiwing, met dien verstande dat sodanige verlies of skade nie veroorsaak word deur en nie ontstaan uit die volgende nie:

- Die kompaktering van opvullings.
- Gebrekkige ontwerp, materiaal of vakmanskap.
- Inkrimping of uitsetting van die gebou.
- Mynboubedrywighede.
- Uitgrawings.
- Vassakking.
- Verbouings, aanbouings of herstelwerk aan die gebou.

Jy's nie gedek vir:

- Die verlies van of skade aan soliede vloerblaaie of enige ander deel van die gebou voortspruitend uit die beweging van sodanige blaaie, tensy die fondamente wat die buitemure van die gebou ondersteun op dieselfde tyd weens dieselfde oorsaak beskadig word.
- Die verlies van of skade aan swembaddens, tennisbane, patio's, terrasse, opritte, paadjies, septiese of opgaartenks, dreine, waterlope, mure, hekke, hekpale en heinings, tensy die gebou op dieselfde tyd weens dieselfde oorsaak beskadig word.
- Die koste van werk wat nodig is om verdere verlies of skade weens insakking, rysing of grondverskuiwing te voorkom, behalwe waar toepaslike ontwerpvoorsorgmaatreëls ingestel is toe die gebou oorspronklik gebou is en tydens latere aanbouings daaraan.

## Meganiese onklaarraking: Elektriese stowe alleenlik

Jy's gedek vir die toevallige meganiese of elektriese onklaarraking van enige elektriese stoof in jou versekerde geboue, beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, met dien verstande dat ons nie aanspreeklik is nie vir skade weens:

- Slytasie, waardevermindering, muf, roes, motte, ongedierte, insekte of larwes, enige skoonmaak-, kleur-, herstel- of restourasieproses, of geleidelike agteruitgang, insluitend die werking van lig, atmosferiese en klimaatstoestande.
- 'n Gebrek aan instandhouding.
- Foutiewe of gebrekkige ontwerp, materiaal of vakmanskap.
- Inherente gebrek of latente defek.
- Krapmerke, skaafmerke, duike of afsplintering.
- Verontagsaming van die vervaardiger se aanwysings.

**Neem asseblief kennis: Jy's ook nie gedek vir skade wat deur die vervaardiger se waarborg gedek word nie.**

## Oproer en staking

Jy's gedek vir verlies van of skade aan jou versekerde eiendom weens:

- Burgerlike beroering, arbeidsonrus, oproer, staking of uitsluiting.
- Die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming, onderdrukking of hantering op enige ander wyse van enige gebeurtenis waarna hierbo verwys word.

Jy's nie gedek:

- Waar die skade binne Suid-Afrika of Namibië plaasvind, tensy spesifieke 'Oproer en staking'-dekking verkry is.
- Vir gevolglike verlies van enige aard, behalwe verlies aan huurgeld of die koste van alternatiewe verblyf.
- Vir verlies weens die terughouding of konfiskering van geld deur enige wettig ingestelde owerheid.
- Vir skade of verlies veroorsaak deur die staking, vertraging of onderbreking van werk of enige proses.
- Vir verlies weens oorlog, optrede van 'n buitelandse vyand, oorlogsbedrywighede (ongeag of oorlog verklaar is of nie) of burgeroorlog.
- Vir verlies weens 'n militêre opstand of magsoorname, krygswet, rebellie of revolusie wat die afkondiging of handhawing van krygswet bepaal.
- Vir verlies weens enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken is om enige staat, regering of provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme, geweld of protes teen hulle omver te werp of te beïnvloed.
- Vir verlies weens enige optrede wat daarop bereken is om verlies of skade te veroorsaak met die voorneme om 'n politieke oogmerk te bevorder, om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring.
- Vir verlies weens enige terreurdaad, insluitend die gebruik van of dreigement om krag of geweld te gebruik, deur enige persoon of groep (ongeag of hulle alleen of namens 'n ander optree), met die voorneme om 'n regering te beïnvloed of die publiek aan vrees te onderwerp.
- Vir verlies wat voortspruit uit die optrede van 'n wettige owerheid om op enige ander wyse 'n gebeurtenis te hanteer waarna in enige van die klousules hierbo verwys word.

**Neem asseblief kennis: Indien jou eis afgewys word omdat ons sê dat 1 of meer van hierdie uitsluitings van toepassing is, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

## Spesiale vervanging van geisers

Jy's gedek indien jy, na die totale verlies van 'n konvensionele geiser weens 'n versekerde gevaar, dit wil vervang deur 'n hittepomp, of 'n sonkrag- of gas-geiser, beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

Indien die koste om die geiser te vervang meer is as die versekerde bedrag, word jy as jou eie versekeraar beskou vir die verskil en dra jy 'n eweredige deel van die verlies.

## Wat NIE deur die koning gedek word nie

Jy's nie gedek nie vir:

- Verlies of skade veroorsaak deur, of voortspruitend uit:
  - Meganiese of elektriese foute of onklaarraking, slytasie, geleidelike agteruitgang, of die gebruik van materiaal of onderdele wat nie geskik is nie of gebrekkig is.
  - Inherente defek, of gebrekkige ontwerp of vakmanskap.
  - Misbruik of opsetlike dade deur jou, insluitend sloping, verandering, skoonmaak, opknapping, herstel, restourasie, herraming, instandhouding, herversiering, heropknapping, of 'n soortgelyke proses.
  - Roes, oksidasie, korrosie, motte, ongedierte of insekte, normale vassakking, kromtrekking of inkrimping, verrotting, swam, skimmel, stygende klammigheid of besmetting.
  - Onkruid of wortels.
  - Droogheid, vogtigheid of blootstelling aan lig of uiterste temperature (tensy die verlies deur brand veroorsaak word).
  - Afsplintering, krapmerke, ontsiering of verbleiking.
  - Besoedeling of kontaminasie.
  - Enigiets wat geleidelik gebeur, insluitend rook en stygende klammigheid.
  - Koumerke, krapmerke, skeure, duike, braking of bevuiling deur jou troeteldiere.
  - Erosie langs kus of rivier.
  - Insakking, grondverskuiwing of grondrysing, tensy anders bepaal in jou polisskedule.
  - Enige bouwerk.
  - Diefstal, poging tot diefstal, vandalisme of kwaadwillige dade, tensy al die sekuriteitvereistes gemeld in jou polisskedule ten volle nagekom word.
  - Diefstal of wederregtelike toe-eiening deur 'n huurder of onderhuurder, of deur die familie of bediendes van sodanige huurder of onderhuurder.
  - Storm, wind, water, hael en sneeu tydens opknapping van, aanbouing aan of uitbreiding van die versekerde eiendom, in soverre sodanige skade of verlies toeskryfbaar is aan of vererger word deur die opknapping, aanbouing of uitbreiding.
  - Nie-nakoming van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977 (of enige vervanging van die wet, of provinsiale of plaaslike wetgewing of regulasie van toepassing op die boustandaarde of instandhouding van geboue).
- Die verlies van, of skade aan, geld.

- Skade veroorsaak deur diefstal of poging tot diefstal.
- Die verlies van juweliersware en horlosies uit ’n ongeokkupeerde voertuig.
- Die verlies van versekerde eiendom uit ’n ongeokkupeerde voertuig, tensy sodanige items verberg is en daar kragdadige en gewelddadige toegang tot die geslote voertuig is.
- Die diefstal van items uit ’n onbewaakte tent, sleepwa of woonwa, tensy daar kragdadige en gewelddadige toegang is.
- Die verlies van of skade aan:
  - Enige gemotoriseerde rolstoel, gholfwaentjie, gholfkarretjie, bromponie, of rybare speel- of miniatuurvoertuig wat gebruik word in omstandighede waar enige padverkeerswetgewing van toepassing is.
  - Enige vierwielmotorfiets.
- Die verlies van of skade aan vuurwapens of gewere, tensy dit in ’n geweerkluis bewaar word wanneer dit nie deur ’n persoon gedra word nie.
- Verlies of skade veroorsaak deur ontploffing van foutief gelaaide of oorlaaide ammunisie in vuurwapens of gewere.
- Die onklaarraking van items wat nog binne die vervaardiger se waarborgtydperk is, of waarvoor jy vergoed sal word volgens enige ander kontrak, wetgewing, waarborg of versekering.
- Die verlies van of skade aan seëls, munte of versamelstukke wat veroorsaak word deur:
  - Verbleiking, kreukel, duike, krapmerke, skeure, slytasie, kleure wat loop, klammigheid of uiterste temperature.
  - Hantering of werk daaraan.
  - Die herstel-, restourasie- of opknappingsproses.
  - Ander gebruik as ’n versamelstuk.
  - Die verdwyning van ’n enkele seël, munt of ander versamelstuk wat as deel van ’n versameling verseker is, tensy dit gemonteer is in ’n album en die bladsy ook verloor word.
- Die verlies van of skade aan ’n horlosie of stuk juweliersware wat teen meer as R15,000 gewaardeer is, tensy ’n professionele waardasie wat op ’n datum voor die verlies of skade uitgereik is, ingedien word.
- Verlies van of skade aan eiendom wat meer spesifiek elders verseker is.
- Enige voortvloeiende of indirekte verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld.

**Neem asseblief kennis: Indien ’n versekerde gebou vir meer as 60 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word diefstaldekking opgeskort tensy jy vooraf ons skriftelike toestemming verkry het. Gedurende enige tydperk wat die gebou nie bewoon word nie, is jy vir ’n bykomende bybetaling van 20% van die totale eis aanspreeklik.**

## Alternatiewe verblyf en verlies aan huurgeld

Jy's gedek indien versekerde verlies of skade beteken dat jy nie op die versekerde perseel kan woon nie, met dien verstande dat:

- Die maksimum tydperk wat ons sal dek 12 maande is.
- Die bedrag beperk word tot 25% van die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

Indien meer as 1 eiendom in jou polisskedule gemeld word, sal hierdie perk afsonderlik van toepassing wees op elke eiendom waarvoor geëis word.

- Die dekking redelike verblyf vir jou troeteldiere insluit.
- Die dekking verlies insluit van werklike huurgeld wat jy sou verdien het as dit nie vir die verlies was nie.
- Die dekking koste uitsluit wat jy deur enige ander versekering kan verhaal.

**Neem asseblief kennis: Indien verlies aan huurgeld deur beide 'Geboue' en 'Inhoud' gedek word vir dieselfde voorval, word jy net deur 1 van hierdie afdelings gedek.**

## Argitek- en professionele gelde

Na verlies van of skade aan die geboue deur 'n voorval wat nie in die spesifieke uitsluitings uitgesluit word nie, sal ons jou vir die volgende noodsaaklike bykomende koste vergoed:

- Gelde aan argitekte, landmeters, raadgewende ingenieurs.
- Regsgelde.
- Slopings- en puinverwyderingsgelde.
- Opruiming van die terrein en beveiliging van die terrein en woning.
- Gelde om aan die vereistes van sentrale of plaaslike regeringsowerhede te voldoen.

Hierdie koste word beperk tot 10% van die versekerde bedrag vir die geboue.



## Bankkaarte, geld en Krugerrande

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan geld en Krugerrande, of verlies voortspruitend uit die diefstal van jou bankkaarte, met dien verstande dat:

- Die verlies, skade of diefstal uit 'n geslote kluis by jou privaat woning moet plaasvind.
- Enige verlies of skade voortspruitend uit diefstal of poging tot diefstal met kragdadige en gewelddadige toegang gepaard moet gaan.
- Ons aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, per jaar.
- Jy al die voorwaardes nagekom het waarvolgens jou bankkaarte uitgereik is.
- Skadeloosstelling deur enige ander versekering uitgesluit word.

## Bankkluis-uitbreiding

Indien jou polisskedule meld dat juweliersware of horlosies in 'n bankkluis bewaar moet word, is jy net vir hierdie items gedek terwyl hulle in 'n brandkluis by 'n geregistreerde bank is. Ons sal egter tot en met 25% van die versekerde bedrag van die item betaal indien dit verloor of beskadig word terwyl dit tydelik uit die bankkluis verwyder is (maksimum 21 dae) om gedra te word.

## Berging en verwydering

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan versekerde eiendom terwyl dit geberg word, in transito is na of vanaf 'n bergingsplek, en in transito tydens 'n permanente verandering van adres, met dien verstande dat:

- Die berging of transito in Suid-Afrika is.
- Die verpakking, verwydering en berging deur erkende professionele vervoer- en bergingskontrakteurs uitgevoer word.
- Jy redelike stappe gedoen het om items in ooreenstemming met hul waarde te beveilig.
- Die items nie meer spesifiek elders verseker is nie.
- 'n Bykomende bybetaling van R2,500 geld.
- Die maksimum tydperk 21 dae is.

## Besigheidsinhoud

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan jou besigheidsinhoud wat by die versekerde adres gehou word, beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, met dien verstande dat:

- Enige verlies of skade voortspruitend uit diefstal of poging tot diefstal met kragdadige en gewelddadige toegang gepaard moet gaan.
- Skadeloosstelling deur enige ander versekering uitgesluit word.

## Besigheidsinhoud: Uitgebreide dekking

Jy's gedek tot en met die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word (indien ingesluit) vir die verlies van of skade aan jou:

- Handelsvoorraad en monsters.
- Besigheidstoerusting.
- Data.

## Brandbluskoste

Redelike koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand word gedek, met dien verstande dat jy regtens aanspreeklik is vir hierdie koste en dat die versekerde eiendom in gevaar was weens die brand.

## Data en dokumente

Jy's gedek vir redelike koste wat jy aangaan, beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, om:

- Jou privaat data op jou privaat rekenaar te herbou, wat jy nie kan herwin nadat dit direk as gevolg van 'n versekerde voorval verloor of beskadig is nie.
- Verlore of beskadigde aktes, effekte, sekuriteite en privaat regsdokumente te vervang, met dien verstande dat ons slegs aanspreeklik is vir die waarde van materiaal en die koste van arbeid, en nie vir die waarde wat die inhoud van hierdie dokumente vir jou het nie.

## Eiendom van gaste en huishoudelike personeel

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan die eiendom van gaste wat tydelik by jou bly, en die eiendom van huishoudelike personeel wat permanent op die versekerde perseel bly, met dien verstande dat:

- Ons aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.
- Die items nie meer spesifiek elders verseker is nie.
- 'n Bykomende bybetaling van R2,500 geld.
- Die verlies of skade op die versekerde perseel gebeur.
- Juweliersware, horlosies, geld en bankkaarte uitgesluit word.
- Verlies of skade voortspruitend uit diefstal of poging tot diefstal met kragdadige en gewelddadige toegang gepaard moet gaan.

## Eiendom wat aan studente, skoliere en ouers behoort

Jy’s gedek vir die verlies van of skade aan versekerde eiendom terwyl dit by ’n kosskool, kollege, universiteit of ander studenteblyplek, of ’n verpleeginrigting is, insluitend in transito daarnatoe en terug, tot en met die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, met dien verstande dat:

- Verlies of skade voortspruitend uit diefstal of poging tot diefstal met kragdadige en gewelddadige toegang gepaard moet gaan.
- Die items nie meer spesifiek elders verseker is nie.

## Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom ten tyde van ’n verlies in totaal meer werd is as die versekerde bedrag, word jy geag jou eie versekeraar te wees vir die verskil, en sal jy ’n eweredige deel van die verlies dra. Elke item van hierdie afdeling is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## Geiser

Jy’s gedek vir die redelike vervangings- of herstelkoste ná die verlies van of skade aan ’n geiser, beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word. Ons sal die bybetaling kwytskeld indien jy uit die staanspoor ’n King Price-gemagtigde verskaffer gebruik.

## Geskenke

Jy’s gedek, tot en met die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, vir redelike koste wat aangegaan word om verlore of beskadigde geskenke wat op die versekerde perseel bewaar is te vervang of te herstel. Die dekking geld vir 31 dae voor of na ’n herdenking, verlowing, troue, verjaardag of godsdienstige viering.

## Herstelling van gespesifiseerde items

In die geval van ’n suksesvolle eis vir verlore of beskadigde eiendom, is die skadeloosstellingsgrondslag die koste om die verlore of beskadigde eiendom of ’n deel daarvan te vervang deur soortgelyke nuwe eiendom, beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

## Huurdersklousule

Indien ’n huurder van die versekerde gebou sonder jou wete iets doen, of versuim om iets te doen, wat strydig is met die uitsluitings en die bepalings en voorwaardes van hierdie polis, sal jou dekking nie ongeldig gemaak word nie. Jy moet ons van sodanige handeling of versuim laat weet sodra jy daarvan bewus word.

## Huur van markiestent

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan 'n markiestent wat jy tydelik huur, en die beligting, verhitting en meublement daarby, met dien verstande dat:

- Dit nie elders meer spesifiek gedek word nie.
- Die verlies of skade op die versekerde perseel gebeur.
- Jy vir 'n bybetaling van R2,500 aanspreeklik is.
- Ons aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

## Identiteitsdiefstal

Jy's gedek vir regskoste en uitgawes wat jy aangaan in verband met die ongemagtigde of onwettige gebruik van jou persoonlike inligting, ID-dokument, paspoort of bestuurslisensie deur 'n derde party, wat werklike of potensiële benadeling tot gevolg het en lei tot regsaanspreeklikheid of finansiële verlies, met dien verstande dat:

- Ons aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, per kalenderjaar.
- Jy moet jou bank of finansiële instelling in kennis stel binne 24 uur nadat die diefstal ontdek is, en vir ons 'n afskrif van hierdie kennisgewing stuur.
- Ons by die begin van hierdie versekering ingelig moet word oor en moet instem tot enige regskoste en uitgawes waarvoor ons in hierdie afdeling aanspreeklik kan wees vir betaling.

Jy's nie gedek vir identiteitsdiefstal wat deur die volgende veroorsaak word nie:

- Jou eie nalatigheid.
- Familielede of persone wat op die versekerde perseel bly.
- Deur of in verband met jou beroep of besigheid.

## Inflasie

Die versekerde bedrag vir jou gebou/e op die versekerde perseel sal outomaties elke maand in ooreenstemming met die boukoste-indeks verhoog word om die uitwerking van inflasie teen te werk. Geen bykomende premie sal gedurende die versekeringstydperk gevra word nie, maar jou premie sal volgens die aangepaste versekerde bedrag op die hernuwingsdatum herbereken word. Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat die versekerde bedrag te alle tye die volle vervangingswaarde van jou geboue verteenwoordig.

## Inhoud van yskas en vrieskas

Jy's gedek tot en met die versekerde bedrag soos gemeld in jou polisskedule, vir die koste wat aangegaan word om bederfde voedsel en drank in jou huishoudelike yskas of vrieskas te vervang, met dien verstande dat dit veroorsaak is deur:

- Toevallige onklaarraking of foutiewe werking van die yskas of vrieskas.
- Toevallige onderbreking van die openbare kragtoevoer na die geboue.

## Kapitaaltoevoegings

Jy's gedek vir verbouings, aanbouings en verbeterings aan die versekerde perseel (maar nie vir normale inflasieverhogings nie), met dien verstande dat:

- Ons aanspreeklikheid beperk is tot 20% van die versekerde bedrag.
- Jy ons binne 60 dae nadat bouwerk begin het, daarvan in kennis stel.
- Jy enige bykomende verskuldigde premie aan ons betaal.

## Kolhou, of voltal in rolbal

Ons sal jou R2,500 betaal indien jy 'n kolhou slaan of 'n voltal behaal, met dien verstande dat:

- Die prestasie op 'n erkende gholfbaan of rolbalbaan behaal word.
- Die ronde of wedstryd volgens die amptelik erkende reëls gespeel word.
- Die klub skriftelike bevestiging aan ons stuur.

## Koop van 'n nuwe huis

Indien jy voor oordrag intrek in 'n versekerde eiendom wat jy gekoop het, is jy vir die tydperk tussen die ondertekening van die koopkontrak en die oordrag van die eiendom in jou naam deur die akteskantoor, gedek vir skade aan die geboue, met dien verstande dat:

- Jy nie vir alternatiewe verblyf of verlies aan huurgeld gedek is nie.
- Jy nie die gebou meer spesifiek elders verseker het nie.

## Lekkasie

Jy's tot en met die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, gedek vir die redelike koste:

- Om die oorsprong van 'n water-, gas- of olielek uit jou vaste interne pype wat waarskynlik skade aan die versekerde geboue of huisinhoud sal veroorsaak, op te spoor en toegang daartoe te verkry.
- Wat aangegaan word in verband met 'n waterlek uit die ondergrondse dienspype waarvoor jy regtens aanspreeklik is buite die versekerde perseel.
- Om enige voortspruitende skade aan jou versekerde geboue te herstel, met dien verstande dat die eerste sodanige lekkasie na die begindatum van hierdie versekering voorgekom het.

## Matte, gordyne en toestelle

Indien jou huis gemeubileerd verhuur word, is jy vir jou matte, gordyne en huishoudelike toestelle teen toevallige verlies of skade gedek, met dien verstande dat:

- Ons aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.
- Jy nie die items meer spesifiek elders verseker het nie.

## Mediese onkoste vir gaste en huiswerkers


Jy's gedek vir die mediese onkoste van 'n gas, besoeker of huiswerker wat voortspruit uit 'n toevallige liggaamlike besering, beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, met dien verstande dat:

- Die huiswerker op jou versekerde perseel vir jou werk.
- Jy die mediese onkoste aangegaan en betaal het.
- Die besering in die uitvoering van die huiswerker se pligte opgedoen is, of veroorsaak is deur 'n defek in die gebou op die versekerde perseel.
- Dit nie elders meer spesifiek verseker word nie.

## Meganiese en elektriese onklaarraking

Jy's gedek vir skielike en onverwagte skade aan vaste masjinerie vir huishoudelike gebruik, wat op jou versekerde perseel geïnstalleer is, beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, met dien verstande dat ons nie aanspreeklik is nie vir:

- Waardevermindering.
- Geleidelik werkende oorsake soos slytasie, roes, muf, korrosie, verrotting en geleidelike agteruitgang.
- Die gebruik van materiaal of onderdele wat nie geskik is nie of gebrekkig is.
- Verlies of skade veroorsaak deur 'n gebrek aan instandhouding.
- Verlies van of skade aan windpompe.
- Verlies of skade veroorsaak deur huishoudelike plae soos knaagdiere, miere en motte.



## Noodlottige besering

Ons sal die versekerde bedrag soos gemeld in jou polisskedule betaal indien jy sterf binne 90 dae nadat jy beseer is deur brand, diefstal, poging tot diefstal, kaping of inbraak by jou privaat woning of buitegeboue, of op jou perseel.

## Nuwe besittings

Ons sal ’n verhoging van die versekerde bedrag vir nuut gekoopte eiendom toelaat, met dien verstande dat:

- Ons aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.
- Jy ons binne 21 dae van die aankoop in kennis stel.
- Jy enige bykomende verskuldigde premie aan ons betaal.

## Nuwe toebehore

Jy’s gedek vir die vervangings- of herstelkoste vir die verlies van of skade aan nuwe vaste en los toebehore, ingeboude meubels en toestelle wat op jou versekerde perseel geïnstalleer is, beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, met dien verstande dat:

- Jy ons van die nuwe vaste en los toebehore laat weet binne 21 dae nadat jy dit gekoop het.
- Jy enige bykomende verskuldigde premie aan ons betaal.

## Omgewingsvoordele

Indien jou gebou heeltemal vernietig word deur ’n versekerde voorval en ons ingestem het om dit te herstel, sal ons tot en met die versekerde bedrag soos gemeld in jou polisskedule betaal om enige kombinasie van die volgende te installeer:

- ’n Reënwatertenk.
- Sonkragstelsels, insluitend sonkragwarmwater- of fotovoltaïese kragstelsels.
- ’n Warmwaterhitte-uitruilstelsel.
- ’n Gryswater-herwinningstelsel.

## Ontvallingskoste

In die geval van ’n ongeluk wat tot jou dood lei, sal ons R10,000 as ’n bydrae tot ontvallingskoste aan jou boedel betaal.

## Openbare toevoer- en hoofverbindings

Jy's gedek, tot en met die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, vir koste wat redelikerwys en noodsaaklikerwys aangegaan word as gevolg van toevallige verlies van of skade aan water-, rioolstelsel-, gas-, elektrisiteits- of telefoonverbindings tussen jou geboue en die openbare toevoer, en wat aan jou behoort of waarvoor jy regtens aanspreeklik is.

## Opruimingskoste

Jy's gedek vir die redelike koste wat aangegaan word om ná versekerde verlies of skade puin vanaf die versekerde adres te verwyder. Dekking is beperk tot 10% van die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

## Opsporing van lekplekke

Jy's gedek vir redelike koste wat aangegaan word om die oorsprong van 'n water-, gas- of olielek uit 'n vaste huishoudelike water- of verhittingstoestel op te spoor, asook vir enige voortspruitende skade en nodige herstelwerk aan vloere, mure en plafonne, beperk tot R100,000, en met dien verstande dat die eerste sodanige lekkasie gedurende die versekeringstydperk voorgekom het.

## Slotte, sleutels en afstandbeheertoestelle

Jy's gedek vir koste wat direk as gevolg van die verlies of beskadiging van enige sleutels en slotte vir die versekerde geboue redelikerwys en noodsaaklikerwys aangegaan word.

## Spesiale verbouings na persoonlike besering

Jy's gedek vir verbouings aan die versekerde perseel wat nodig is om toegang tot die woning moontlik te maak as gevolg van jou of jou gade of familielede se permanente ongeskiktheid na 'n ongeluk wat gedurende die versekeringstydperk gebeur, beperk tot R100,000 per voorval.

## Stelle en pare

Indien enige deel van 'n paar, stel of versameling verloor of beskadig word, sal ons hoogstens die waarde van die item wat verloor of beskadig is, betaal.

As jy dus eis vir 'n gesteelde item wat deel van 'n stel of paar uitmaak, sal ons óf die individuele item vervang óf die kontantekwivalent uitbetaal. Ons sal nie die volle stel of paar vervang nie.

## Swembad- en boorgatmasjinerie

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan die toerusting en masjinerie van saunas, spa's, swembaddens en huishoudelike boorgate op die versekerde perseel, wat voortspruit uit toevallige eksterne oorsake of elektriese of meganiese steuring of onklaarraking, beperk tot R10,000 per voorval.

Jy's nie gedek vir:

- Verlies of skade veroorsaak deur slytasie of geleidelike agteruitgang.
- Roes.
- Outomatiese swembadskoonmaaktoerusting.
- Windpompe.

## Traumaberading

Jy's gedek vir die koste van traumabehandeling wat deur 'n geregistreerde professionele berader aan jou, jou familie en huiswerkers gegee word, vir trauma ná 'n diefstal, inbraak, kaping of brand op jou versekerde perseel. Dekking word beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, met dien verstande dat:

- Sodanige huiswerkers op die versekerde perseel werk.
- Jy sodanige koste aangegaan en betaal het.
- Hierdie koste nie deur enige ander versekering gedek word nie.

## Tuinmeubels en items wat buite is

Jy's gedek vir verlies van of skade aan jou buitelug- en tuinitems terwyl hulle in die tuin op die versekerde perseel is, beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word of R15,000, wat ook al die minste is.

## Tuinrestourasie

Jy's gedek vir die vervanging van bome, struike en plante op die versekerde perseel ná beskadiging deur brand, weerlig, botsing of impak, diefstal of vandalisme, beperk tot 5% van die versekerde bedrag vir die perseel en hoogstens R25,000 per voorval.

## Tydelike verwydering van toebehore

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan permanente toebehore terwyl hulle tydelik vanaf die versekerde perseel verwyder word vir herstel of restourasie, met dien verstande dat hulle nie vir langer as 60 dae verwyder word nie.

Ons aanspreeklikheid is beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, of die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien die skade voorgekom het op die deel van die perseel waarvandaan sodanige toebehore tydelik verwyder is, wat ook al die minste is.

## Veeartskoste

Jy’s gedek vir veeartskoste in verband met die behandeling van enige kat of hond wat jy besit, indien dit in ’n padongeluk beseer is, beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

## Veiligheidswagte

Indien ’n versekerde voorval by jou versekerde perseel waarvoor jou eis toegestaan is, jou kwesbaar laat vir verdere verlies of skade, is jy gedek vir die redelike koste van tydelike maatreëls om jou eiendom te beveilig om verdere verlies of skade te voorkom (soos om ’n veiligheidswag te huur), met dien verstande dat ons aanspreeklikheid beperk is tot R10,000 per voorval.

## Verbandhouerklousule

Die belange van die verbandhouer kry voorkeur bo jou belange, maar is beperk tot die uitstaande bedrag van jou verband. Hierdie belange sal nie deur enige handeling of versuim van die verbandgewer of eienaar van die versekerde geboue ongeldig gemaak word nie, met dien verstande dat sodanige handeling of versuim sonder die wete van die verbandhouer plaasvind.



## Vereistes van openbare owerhede

Jy's gedek vir sodanige bykomende koste van herstel of herbouing van beskadigde geboue wat nodig is om aan bou- of ander regulasies van enige Parlementêre wet of enige ordonnansie van 'n provinsiale, munisipale of ander plaaslike owerheid te voldoen, met dien verstande dat:

- Die volgende uitgesluit word:
  - Koste in verband met nakoming van enige voormelde regulasies.
  - Koste in verband met skade wat voor hierdie versekeringstydperk voorgekom het.
  - Koste in verband met skade wat nie deur hierdie afdeling gedek word nie.
  - Omstandighede waarin kennisgewing aan jou beteken is voordat die skade gebeur het.
  - Koste in verband met onbeskadigde eiendom, of onbeskadigde dele van eiendom, behalwe die fondamente van die beskadigde deel, tensy fondamente spesifiek uitgesluit word.
- Jy nie gedek is nie vir die koste om beskadigde eiendom te herstel tot die toestand daarvan toe dit nuut was, indien die nodigheid om aan enige van voormelde regulasies te voldoen nie ontstaan het nie.
- Jy nie gedek is nie vir munisipale of ander belastings, ontwikkelings- of ander heffing of aanslag wat uit waardevermeerdering voortspruit en wat betaalbaar kan wees ten opsigte van die eiendom, of deur jou, ter voldoening aan enige van voormelde regulasies.
- Jy gedek is vir die volle of gedeeltelike herstel of herbouing van eiendom op 'n ander terrein, indien voormelde regulasies dit vereis, met dien verstande dat ons aanspreeklikheid nie daardeur verhoog word nie. Sodanige herstel of herbouing moet met nadat die skade plaasgevind het, of binne sodanige verdere tyd wat ons (gedurende gemelde 12 maande) skriftelik kan bevestig.
- Indien ons aanspreeklikheid volgens enige item van hierdie afdeling, behalwe hierdie klousule, met die toepassing van enige van die uitsluitings of bepalings en voorwaardes van hierdie afdeling verminder word, ons aanspreeklikheid volgens hierdie klousule ten opsigte van enige sodanige item dan proporsioneel verminder sal word.
- Ons aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

## Verlies van water deur lekkasie

Jy's gedek vir die koste van water wat weens lekkasie uit pype op die versekerde perseel verloor word, indien jy vir betaling vir hierdie water verantwoordelik is, met dien verstande dat:

- Indien die kwartjaarlikse lesing van waterverbruik 50% hoër is as die gemiddelde lesing vir die laaste 4 kwartjaarlikse lesings, sal ons aanspeeklikheid beperk wees tot R25,000. Indien dit verskil met minder as 50% is, is ons nie aanspreeklik nie.
- Ons sal 'n maksimum bedrag van R25,000 in totaal betaal vir 2 aparte voorvalle in enige 12-maande versekeringstydperk.
- Jy met die ontdekking van 'n lekkasie (deur fisiese bewys of by ontvangs van 'n abnormaal hoë waterrekening) onmiddellik stappe doen om die betrokke pyp(e) te herstel.
- Jy nie vir die koste van herstelwerk, insluitend herstelwerk aan die geaffekteerde pyp/e, gedek is nie.
- Ons is nie aanspreeklik vir eise:
  - Voortspruitend uit lekkende krane, geisers, toiletstelsels en swembaddens.
  - Indien die watervlak van 'n swembad aangevul moet word as gevolg van 'n lekkende toevoer- of afvoerpyp.
  - Indien die versekerde perseel onbewoon is vir meer as 31 dae.

## Verwydering van bome wat omgeval het: Geen skade aan die versekerde geboue nie

Jy's gedek vir koste wat jy noodsaaklikerwys met ons skriftelike toestemming aangaan om bome wat omgeval het op die versekerde perseel te verwyder, beperk tot R5,000 in enige 12-maande periode van dekking, mits die omval van die boom as gevolg van brand, weerlig, ontploffing, storm, wind, water, hael of sneeu is.

**Neem asseblief kennis: Indien bome wat omgeval het versekerde geboue beskadig, word hul verwydering deur 'Opruimingskoste' gedek.**

## Wasgoed

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan jou klere op 'n wasgoedlyn op die versekerde perseel, van sonop tot sononder, beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

## Aanspreeklikheid teenoor ander... Wat gedek word

**Neem asseblief kennis: Jy's gedek vir die volgende, tot en met die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.**

### Aanspreeklikheid as die eienaar van die versekerde gebou

Jy's gedek indien jy, en die lede van jou huishouding wat by jou woon, regtens aanspreeklik is vir:

- Die toevallige dood of liggaamlike besering van ander persone as lede van jou huishouding of jou huiswerkers.
- Die toevallige verlies van of skade aan eiendom wat behoort aan ander persone as lede van jou huishouding of jou huiswerkers.

Dit sluit regskoste in wat iemand anders van jou kan verhaal, en waartoe ons instem, om 'n eis teen jou te skik of te verdedig.

### Aanspreeklikheid vir huiswerkers

Jy's gedek vir alle bedrae waarvoor jy regtens aanspreeklik is in die geval van die dood of liggaamlike besering van enige van jou huiswerkers, wat veroorsaak word deur 'n ongeluk terwyl hulle vir jou werk. Dit sluit regskoste in wat iemand anders van jou kan verhaal, en waartoe ons instem, om 'n eis teen jou te skik of te verdedig.



## Aanspreeklikheid teenoor ander... Wat NIE gedek word nie

**Neem asseblief kennis: Hierdie uitsluitings is van toepassing op jou aanspreeklikheid teenoor ander mense, ongeag of jy vir die verlies van of skade aan die versekerde geboue, huisinhoud of draagbare besittings eis of nie.**

Jy’s nie gedek vir aanspreeklikheid voortspruitend uit:

- Enige bedryf, besigheid of beroep.
- Enige voorval wat skade aan ander mense se eiendom of besering aan hulle veroorsaak, en waar ’n eis vir skade aan die gebou self nie gedek sou wees nie.
- Die eienaarskap van enige grond of gebou, behalwe die grond of gebou wat deur hierdie polis gedek word.
- Die eienaarskap, besit of gebruik van hysers.
- Die eienaarskap of besit van diere, behalwe huiskatte en honde.
- Die eienaarskap, besit of gebruik van motors, lug- en watervaartuie.
- Die gebruik van wapens en vuurwapens.
- Skadevergoeding en regskoste wat deur ’n hof buite Suid-Afrika teen jou toegestaan word.

Jy mag dus nie eis vir skade aan jou gebou wat uit die ineenstorting van ’n swak geboude muur voortspruit nie. Dit beteken as hierdie voorval waarvoor jy nie kon eis nie, veroorsaak dat ’n besoeker beseer word, sal jou aanspreeklikheid teenoor hierdie persoon ook nie gedek word nie.

Jy’s nie gedek vir aanspreeklikheid wat reeds deur wette en/of ander versekerings-kontrakte gedek word nie, soos enige:

- Verpligte motorversekeringswet.
- Wetgewing oor beroepsgesondheid en -veiligheid.
- Wetgewing oor vergoeding vir beroepsbeserings en -siektes.
- Aander versekeringskontrak.

**Neem asseblief kennis: Hierdie uitsluitings is van toepassing op jou aanspreeklikheid teenoor ander mense, ongeag of jy vir die verlies van of skade aan die versekerde geboue, huisinhoud of draagbare besittings eis of nie.**

## Ander oorsake

Jy's nie gedek vir verlies of skade wat veroorsaak word, of waartoe bygedra word, deur:

- Volumeveranderings in kleigrond of in klip, veroorsaak deur veranderings in die vogvlakke of waterinhoud.
- Krapmerke, afsplintering, kraking, duike, bytmerke, skeure of bemorsing.
- 'n Styging in die ondergrondse watertafel of druk wat daardeur veroorsaak word.
- Foute in die ontwerp of konstruksie van die gebou, of indien die struktuur nie ten tyde van konstruksie deur die betrokke plaaslike owerheid goedgekeur sou gewees het nie.
- Konstruksie, verbouing of herstelwerk, of gebrekkige vakmanskap of materiaal.
- 'n Gebrek aan instandhouding.

## Diefstal en ander opsetlike beskadiging

Jy's nie gedek vir verlies of skade wat veroorsaak word deur diefstal en ander opsetlike dade:

- Wat opsetlik deur jou, enige lede van jou huishouding of jou huurder veroorsaak word.
- Wat met jou of hul medewete of toestemming gebeur.
- Wanneer die gebou verlate of vakant is.
- Uit buitegeboue, ongeag of hulle los staan van die huis, tensy daar sigbare tekens van kragdadige toegang tot die buitegeboue is.
- Terwyl die hele gebou of 'n deel daarvan verhuur of onderverhuur word (met dien verstande dat die verblyf van tot en met 5 betalende gaste, loseerders of inwoners nie as 'n uitlening, verhuring of onderverhuring van die gebou beskou sal word nie), tensy daar sigbare tekens van kragdadige toegang is.
- Indien mense in die gebou woon maar dit vir meer as 45 dae aaneen onbewoon gelaat is, behalwe indien dit vooraf met ons ooreengekom is.

## Diefstal uit onbewoonde geboue

Diefstal word slegs gedek indien daar mense in die gebou woon, maar nie wanneer die gebou vir meer as 45 dae aaneen nie bewoon word nie. Daar moet sigbare tekens van gewelddadige toegang tot of verlating van die gebou wees. Daar's ook geen dekking vir die diefstal van vaste en los toebehore tydens verbouings en aanbouings aan die eiendom nie, tensy die gebou bewoon word.

## Keermure en onderstutting

Jy's nie gedek vir:

- Skade aan keermure, tensy hulle volgens strukturele ingenieurspesifikasies ontwerp en gebou is.
- Bykomende onderstutting van fondamente wat nodig is om verdere skade te voorkom.

## Riool-/afvoerpype

Jy's nie gedek vir lekkasie, bars, oorloop of enige ander skade aan riool-/ afvoerpype, of enige skade as gevolg daarvan nie.

## Skroei

Jy's nie gedek vir verlies of skade veroorsaak deur skroei nie. So indien skade veroorsaak word deur 'n warm yster wat met die strykkant na onder op 'n kombuistoonbank geplaas word, of as 'n sigaret jou mat skroei, sal jy nie daarvoor kan eis nie.

## Strooidakgeboue

Jy's nie gedek vir verlies of skade in verband met 'n gras-, riet- of strooidak indien die geboue nie vir spesiale aanvaarding na ons onderskrywingsafdeling verwys is nie.

## Vakante, verlate of onwettig bewoonde eiendomme

Indien die eiendom leeg staan, verlate is of onwettig bewoon word, is jy nie gedek nie vir:

- Diefstal, poging tot diefstal en ander opsetlike dade.
- Brand en ontploffing.
- Toevallige skade.

## Verbouings en aanbouings

Jy's nie gedek nie:

- Indien natuurkragte (wind, donderweer, weerlig, storm, hael, vloed of sneeu) hetsy die beskadiging van strukture wat nie 'n dak het nie of gedeeltelik met 'n dak bedek is, veroorsaak of daartoe bydra.
- Vir glas en sanitêre ware wat per ongeluk breek.
- Vir persoonlike aanspreeklikheid.
- Vir boumateriaal en vaste en los toebehore wat gesteel word, en verbeterings.

## Voorafbestaande skade

Jy's nie gedek vir enige skade wat voor die versekerde voorval bestaan het, of voordat jou versekeringsdekking by ons begin het nie.

# Geboue omvattend

## In kort...

Wat versekering betref, maak ons erns met jou besigheid. Plaas dus jou agri-versekering in die koning se veilige hande en kies ons dekking vir die eiendomme wat aan jou behoort, of waarvoor jy verantwoordelik is.

## Keuse van dekking

### Jou keuse, ons plesier

**Binne hierdie afdeling kan jy die volgende eiendom dek wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is:**
**A. Geboue**
**B. Openbare toevoerdings**
**C. Huur en alternatiewe perseel**
**D. Regsaanspreeklikheid**
**E. Kwaadwillige beskadiging**

### A. Geboue

Jy's gedek vir skade aan geboue wat jy besit of waarvoor jy verantwoordelik is, wat as die perseel in jou polisskedule aangeteken is, insluitend alle buitegeboue, sport- en ontspanningstrukture, insluitend maar nie beperk nie tot swembaddens, tennisbane (insluitend spreiligte), saunas, borrelbaddens (Jacuzzi's), waterpompe, swembadtoerusting, boorgatmotors, outomatiese hek-/motorhuisdeur -motors, die verhuurder se los en vaste toebehore, volvloermatte, hysers met al die gepaardgaande toerusting, transformators, motors, stoomketels, lugversorgingseenhede, bystand-kragopwekkers, grens- en ander mure (behalwe damwalle), hekke, hekpale, heinings, teer- of geplaveide paaie, paadjies, opritte, patio's of parkeerareas.

**Neem asseblief kennis: Die geboue en buitegeboue moet van steen, klip, beton of metaal op 'n metaalraamwerk met leiklip-, teël-, metaal-, beton- of asbesdak wees, tensy anders bepaal in jou polisskedule.**

## B. Openbare toevoerverbindings

Jy's gedek vir toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteits- en telekommunikasieverbindings wat jou eiendom is of waarvoor jy regtens verantwoordelik is, tussen die versekerde eiendom en die hooftoevoerverbindingspunte.

## C. Huur en alternatiewe perseel

**Huur**

Jy's gedek vir jou verlies aan huurinkomste voortspruitend uit 'n versekerde voorval wat deur 'A. Geboue' gedek word, mits jy die eienaar van die versekerde gebou is en dit ten tyde van 'n voorval deur 'n betalende huurder bewoon word.

Dekking is beperk tot:

- Die bedrag wat jy sou ontvang het gedurende die tyd wat dit verg om die gebou weer bewoonbaar te maak.
- Die maksimum bedrag wat jy werklik ontvang, of die redelike markverwante huurwaarde soos deur ons bepaal vir die verhuurde perseel, wat ook al die laagste is.
- Slegs die deel wat werklik verhuur word, indien die gebou net gedeeltelik verhuur word.
- 'n Maksimum van 25% van die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

**Alternatiewe perseel**

As jy ten tyde van 'n voorval die eienaar en bewoner van die versekerde gebou is, sal jy deur hierdie afdeling gedek word. Jy sal gedek word vir die huurkoste om soortgelyke alternatiewe verblyf te kry as gevolg van 'n versekerde voorval wat deur 'A. Geboue' gedek word.

Dekking is beperk tot:

- Die werklike huurbedrag wat jy vir 'n ander perseel betaal gedurende die tyd wat dit verg om die versekerde gebou weer bewoonbaar te maak.
- 'n Maksimum van 25% van die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.



## D. Regsaanspreeklikheid

Jy's gedek, indien jy, as die eienaar van die eiendom, regtens aanspreeklik is vir die toevallige:

- Siekte of dood of liggaamlike besering van enige persoon.
- Verlies van of skade aan enige persoon se tasbare eiendom.

Indien die aanspreeklikheid voorkom gedurende die tydperk van versekering, en dit voortspruit uit 'n voorval met betrekking tot versekerde geboue in hierdie afdeling, sal ons die maksimum bedrag, met inbegrip van regskoste en uitgawes, soos aangeteken in jou polisskedule, ten opsigte van 'n eis betaal.

Jy sal nie dekking vir die volgende hê nie:

- Dood, besering, siekte of skade opgedoen of gely deur:
  - Enige lid van jou huishouding.
  - Enige persoon in jou diens, voortspruitend uit en in die loop van hul diens by jou.
  - Enige ander persoon voortspruitend uit die eienaarskap, besit, instandhouding, herstel, werking of gebruik van meganies aangedrewe voertuie (behalwe fietse en grassnyers).
- Skade aan eiendom:
  - Wat aan jou behoort.
  - Onder jou of jou werknemer se toesig of beheer.
  - Wat direk of indirek veroorsaak word deur die vibrasie, verwydering, verswakking of versteuring van die stut van enige grond, gebou of ander struktuur.
- Aanspreeklikheid wat volgens ooreenkoms aanvaar word, tensy jy nog steeds aanspreeklik sou gewees het indien die ooreenkoms nie aangegaan is nie:
  - Tensy jy in die loop van jou besigheid 'n kontrak met 'n sekuriteitsmaatskappy aan gegaan het om jou perseel te beskerm, sal die sekuriteitsmaatskappy se personeel as jou werknemers beskou word.
  - Waar die sekuriteitsmaatskappy gedek word vir aanspreeklikheid wat deur hulle of hul werknemers aangegaan word, moet die sekuriteitsmaatskappy eers van hul eie versekering eis, in welke geval die dekking wat deur hierdie polis verskaf word nie tot hul eis sal bydra nie.
- Aanspreeklikheid vir besering, skade of verlies van die gebruik van eiendom, insluitend die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming, wat direk of indirek veroorsaak word deur deursypeling, besoedeling of kontaminasie, tensy die deursypeling, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike, onbeplande en onvoorsiene voorval veroorsaak word.
- Boetes, strafvoltrekkings, of bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding.
- Skadevergoeding (insluitend regskoste en uitgawes) in die eerste instansie toegeken deur 'n buitelandse hof, arbiter of bevoegde tribunaal, behalwe in Namibië, Botswana, Lesotho of Swaziland (Eswatini).
- Aanspreeklikheid waar jy geregtig is om te eis volgens die dekking wat deur die 'Gemeenregtelike aanspreeklikheid'-afdeling van hierdie polis verskaf word.
- Enige voorval ten opsigte waarvan dekking deur ander versekering verskaf word, behalwe 'n oorblywende deel wat nie deur daardie versekering gedek word nie.

## E. Kwaadwillige beskadiging

Jy's gedek vir eiendom, soos aangeteken in jou polisskedule, wat opsetlik beskadig word.

Jy's nie gedek vir:
- Skade opsetlik veroorsaak deur jou of, met jou medewete of toestemming, deur jou prinsipale, vennote, lede en direkteure.
- Eiendom wat gesteel word, of beskadig word wanneer dit gesteel word.
- Eiendom wat beskadig is terwyl diewe toegang tot die perseel verkry of dit verlaat.
- Die verwydering of gedeeltelike verwydering, of die sloping, poging tot of gedeeltelike sloping, van jou gebou, tydens 'n poging tot of suksesvolle diefstal uit jou gebou of enige deel daarvan.
- Gevolglike verlies, behalwe verlies aan huurgeld of die koste van alternatiewe verblyf.
- Skade of verlies veroorsaak deur die staking, vertraging of onderbreking van werk of enige proses.
- Verlies of skade waar die gebou vir meer as 31 opeenvolgende dae onbewoon gelaat is, of leeg staan of verlate is, tensy skriftelik anders ooreengekom.

**Uitbreiding vir spontane ontbranding**

Hierdie afdeling word uitgebrei om vernietiging of skade aan die versekerde eiendom deur brand in te sluit wat deur sy eie spontane fermentasie, verhitting of ontbranding veroorsaak word.

## Alle opsies

## Wat deur die koning gedek word

Jy's volgens 'A. Geboue' gedek vir verlies of skade as gevolg van:
- Brand, weerlig, donderslag, onderaardse brand, ontploffing of aardbewing.
- Spesiale gevare soos storm, wind, water, hael en sneeu, met uitsluiting van verlies van of skade aan eiendom:
  - Voortspruitend uit 'n proses wat die eiendom ondergaan wat noodwendig die gebruik of aanwending van water behels.
  - Veroorsaak deur 'n getygolf as gevolg van 'n aardbewing.
  - Veroorsaak deur slytasie of geleidelike agteruitgang.
  - Veroorsaak deur, of waar die volgende bydra tot, die verlies van of skade aan die gebou.
- Insakking of grondverskuiwing.
- Waar jy nie alle redelike voorsorgmaatreëls vir die instandhouding en beveiliging van die eiendom getref het nie.

- Diefstal of poging tot diefstal wat met sigbare, kragdadige of geweldadige betreding of verlating van die versekerde gebou. Jy's nie gedek vir diefstal indien die versekerde gebou bewoon, onwettiglik bewoon of verlate gelaat word vir 31 opeenvolgende dae nie.
- Lugvaartuie en ander lugtoestelle, en voorwerpe wat daaruit laat val word.
- Botsing deur diere, bome (behalwe as hulle afgekap word), antennes, satellietskottels en voertuie, maar jy's nie gedek vir skade aan of vir eiendom in of op sodanige voertuie nie.
- Toevallige breekskade aan glas of sanitêre ware, vaste spieëlglas en vaste glas in stowe, vensters, deure, boligte, dakvensters, kweekhuise, glashuise en verandas, vaste wasbakke, voetstukke, opwasbakke, latrinebakke, spatskerms en spoelbakke (maar met uitsluiting van afsplintering, krapmerke en ander ontsiering).
- Ineenstorting of onklaarraking van televisie- of radiomaste of -antennes.
- Opsetlike dade deur derde partye.
- Toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteits- en telefoonverbindings wat aan jou behoort of waarvoor jy regtens verantwoordelik is, tussen die versekerde eiendom en die hooftoevoerverbindingspunte.
- Waterverhittingstelsels wat afsonderlik gespesifiseer word, enige verlies of skade veroorsaak deur die bars of oorloop van waterverhittingstelsels (wat geisers, sonkrag-waterverhittingstelsels en stoomketels insluit), wateropgaartenks, spoelbakke en drukwaterpype wat 'n vaste deel van die gebou uitmaak. Die gevolglike skade veroorsaak deur die water word gedek deur 'Spesiale gevare' (storm, wind, water, hael of sneeu).

Alle geisers moet aan SABS 1254 voldoen en moet:
- Toegerus wees met vakuumbrekers in warm en koue lyne.
- 'n Oorlooppyp daaraan gekoppel hê.
- 'n Geïnstalleerde geiserdrupbak hê.
- 'n Geïnstalleerde elektriese isolasieskakelaar binne 1m van die geiser (nie die elektriese stroombreker in die verdeelbord nie) hê.

Elke geiser wat geïnstalleer word, is onderworpe aan 'n afsonderlike premie soos gemeld in jou polisskedule.

**Neem asseblief kennis: Die verlies van of skade aan eiendom as gevolg van die ondergrondse werksaamhede van 'n myn word uitgesluit.**

## Argitek- en ander professionele gelde

Jy's gedek vir professionele gelde wat nodig is vir die herstel of vervanging van die eiendom, beperk tot hoogstens 25% van die versekerde bedrag, soos gemeld in jou polisskedule.

## Beperkings

Jy's gedek vir:

- Geld en seëls, tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.
- Dokumente, manuskripte, planne, besigheidsboeke, ontwerpe, patrone, modelle en gietvorms, rekenaarstelsels, -rekords en -media. Die bedrag wat ons hiervoor sal betaal, word beperk tot die koste van materiaal en arbeid.

# Wat ons bedoel

**Dokumente**

Items soos verbandaktes, transportaktes, films, bande, adressograafplate, oordragaktes, volmagte, tenderdokumente en ooreenkomste, aktes, verbandbriewe, sertifikate, testamente, manuskripte, besigheidsboeke, kaarte, planne, tekeninge, uittreksels, spesifikasies, rekenaarprogramme en -rekords (hetsy op papier, mikrofilm, magneetband of skyf, en geskrewe of gedrukte dokumente) in verband met die besigheid, wat deur jou besit word of waarvoor jy verantwoordelik is, en wat normaalweg by die kantoorperseel gehou word, tot en met die bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

Jy's nie deur 'Dokumente' gedek nie vir:

- Geld, geldige pos- of inkomsteseëls, gekanselleerde en ongekanselleerde koepons, sekuriteite, toonderobligasies of tjeks.
- Enige skriftelike opdrag om 'n bedrag geld te betaal, of enige skriftelike bewys van skuld of verpligting.
- Alle eiendom wat gedra of gehou word as monsters of vir verkoop of aflewering na verkoop.
- Rekenaarsagteware en rekenaardatadraende media, tensy anders bepaal in jou polisskedule.
- Koste, heffings en uitgawes aangegaan om film- of videotonele en klankbane oor op te neem.

## Beskadiging deur wilde bobbejane, ape of diere

Jy's gedek vir die koste met betrekking tot die verlies van of skade aan die versekerde eiendom, veroorsaak deur wilde bobbejane, ape of diere, met dien verstande dat 'wilde bobbejane, ape of diere' beteken dié wat vrylik in 'n natuurlike omgewing leef en nie as troeteldiere of plaasdiere aangehou word nie, en nie knaagdiere, motte en ongedierte insluit nie.

**Neem asseblief kennis: Die maksimum wat ons vir enige enkele voorval sal uitbetaal, word in jou polisskedule gemeld.**


## Blindings, boorgat- en swembadpompmasjinerie, hekmotors, sonkappe, uithangborde en –toerusting

Jy's gedek vir skade veroorsaak deur 'n versekerde gevaar, aan uithangborde, blindings, sonkappe, hekmotors, boorgat- en swembadpompmasjinerie en -toerusting op jou perseel waarvoor jy verantwoordelik is, maar met uitsluiting van die eerste bedrag betaalbaar soos gemeld in jou polisskedule.

**Neem asseblief kennis: Die maksimum wat ons vir enige enkele voorval sal uitbetaal, word in jou polisskedule gemeld.**

## Brandbluskoste

Jy's gedek vir redelike koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand word gedek, met dien verstande dat jy regtens aanspreeklik is vir hierdie koste en dat die versekerde eiendom in gevaar was weens die brand.



## Eiendom wat tydelik verwyder word

Jy's gedek vir eiendom gemeld in jou polisskedule wat tydelik van die perseel verwyder word, binne Suid-Afrika, Malawi, Namibië, Botswana, Lesotho en Swaziland (Eswatini), word gedek vir verlies of skade wat veroorsaak word deur 'n voorval wat deur hierdie afdeling gedek word. Die eiendom moet:

- Per pad, spoor of binnelandse waterweg vervoer word.
- Verwyder word met die doel om dit skoon te maak, op te knap of te herstel.

## Herstel en vervanging

Indien eiendom behalwe voorraad beskadig word, sal die bedrag betaalbaar bereken word op grond van die koste van vervanging of herstel met dieselfde tipe eiendom, maar nie beter nie, as die versekerde eiendom toe dit nuut was, op dieselfde perseel, met dien verstande dat:

- Die vervanging of herstel redelik vinnig uitgevoer moet word (dit kan op 'n ander perseel wees, met dien verstande dat ons aanspreeklikheid nie daardeur verhoog word nie).
- Ons eers aanspreeklik sal wees om te betaal nadat koste deur jou aangegaan is om die eiendom te vervang of te herstel.

Waar die versekerde eiendom wat deur 'n omskrewe gevaar beskadig word 'n meetbare werkvermoë het en dit nie moontlik is om sodanige eiendom volgens die herstelwaardevoorwaarde te vervang of te herstel nie, sal ons die koste betaal van vervanging van sodanige eiendom met eiendom van gehalte, kapasiteit, werkvermoë of produksie so na as moontlik aan, maar nie minderwaardig nie in vergelyking met, dié van die oorspronklike eiendom, in ooreenstemming met die herstelwaardevoorwaarde.

## Huurdersklousule

Jou dekking sal nie geraak word deur enige handeling of versuim deur 'n eienaar van 'n gebou, of 'n huurder (behalwe jy), wat sonder jou medewete plaasvind nie. Jy moet ons laat weet sodra jy bewus word van enige handeling of versuim wat strydig is met enige van die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling. Jy sal verantwoordelik wees vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop 'n verhoogde risiko voorkom.

## Insakking en grondverskuiwing

Jy's gedek vir die koste van verlies van of skade aan eiendom wat deur insakking en grondverskuiwing veroorsaak word, behalwe verlies of skade veroorsaak aan of deur die volgende:

- Dreine, waterlope, grensmure, tuinmure, skerm- en keermure, hekpale, hekke, heinings, opritte, plaveisel, swembadrante of tennisbane; of toeskryfbaar aan gebrekkige ontwerp, onvoldoende kompaktering of opvulling, swak konstruksie.
- Verwydering of verswakking van die stut van strukturele veranderings, aanbouings of herstelwerk.
- Uitgrawings bo- of ondergronds, behalwe uitgrawings in die loop van mynboubedrywighede.
- Normale vassakking, inkrimping of uitsetting.
- Inkrimping of uitsetting van klei en soortgelyke tipes grond weens die klammigheid of waterinhoud daarvan.
- Skade wat voor die begindatum van die polis bestaan het.
- Gevolglike verlies van enige aard, behalwe verlies aan huurgeld.

**Neem asseblief kennis: As ons sê dat dekking volgens hierdie uitbreiding nie van toepassing is nie, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

## Kapitaaltoevoegings

Jy's gedek vir veranderings en verbeterings aan en toevoegings tot die eiendom (behalwe bedryfsvoorraad en -materiaal) vir 'n bedrag van hoogstens 25% van die versekerde bedrag. Jy moet ons asseblief so gou as moontlik van sodanige veranderings, verbeterings en toevoegings laat weet, om daarvoor gedek te word.

## Kleurlotte, kleure, patrone en teksture

Indien 'n eiendom (of deel van die eiendom) die onderwerp van 'n versekeringseis is, en in spesifieke kleurlotte, kleure, patrone of teksture verskaf of vervaardig word; en die eiendom (of deel van die eiendom) wat die onderwerp van die eis is, ten tyde van sodanige eis nie in sodanige kleurlotte, kleure, patrone of teksture beskikbaar is nie (geheel en al of gedeeltelik), sal ons jou net skadeloos stel vir die koste van wat beskikbaar is tot die naaste kleurlot, kleur, patroon of tekstuur en in die nodige hoeveelheid.

## Munisipale planondersoekgelde

Munisipale planondersoekgelde word gedek, met dien verstande dat die totale bedrag wat volgens enige item verhaalbaar is, hoogstens die versekerde bedrag vir die betrokke gebou beloop.

## Onderversekering:
## Nie van toepassing op A. Geboue: Toevallige skade nie

Indien die versekerde eiendom ten tyde van die skade deur ’n versekerde gevaar meer is as die versekerde bedrag, word jy as jou eie versekeraar beskou vir die verskil en sal jy ’n belasbare deel van die verlies dra. Elke item, indien meer as 1, is onderhewig aan hierdie onderworpe.

## Sekuriteitskoste

Jy’s gedek vir die koste wat met ons vooraf toestemming aangegaan word om ’n versekerde eiendom ná ’n versekerde voorval te beskerm of te probeer beskerm. Hierdie bedrag sal betaal word benewens enige ander betaling waarvoor ons volgens hierdie afdeling aanspreeklik kan wees.

**Neem asseblief kennis: Die maksimum wat ons vir enige enkele voorval sal uitbetaal, word in jou polisskedule gemeld.**

## Sekuriteitsmaatskappye:
## D. Regsaanspreeklikheid alleenlik

Indien jy in die loop van jou besigheid ’n kontrak met ’n sekuriteitsmaatskappy aangaan, sal die sekuriteitsmaatskappy se personeel as jou werknemers beskou word en hierdie onderafdeling sal die regsaanspreeklikheid vir verlies of skade veroorsaak deur hierdie werknemers insluit.

## Slopings- en opruimingskoste

Jy’s gedek vir koste ten opsigte van die sloping en afbreking van geboue en masjinerie, die verwydering van puin (insluitend voorraadpuin) en/of verskaffing, oprigting en instandhouding van skuttings wat vereis word tydens sloping, terreinopruiming en/of boubedrywighede. Slopingskoste sluit nie koste in wat aangegaan word vir die verwydering van puin vanaf enige ander terrein behalwe die terrein van die versekerde eiendom en die gebied onmiddellik aangrensend daaraan nie.

## Slotte en sleutels

Jy's gedek vir die koste om slotte en sleutels vir 'n versekerde gebou te vervang nadat 'n sleutel vir sodanige perseel verdwyn het, of as jy goeie rede het om te glo dat 'n ongemagtigde persoon in besit van 'n duplikaatsleutel kan wees.

Jy's ook gedek vir die redelike koste wat in 'n noodgeval aangegaan word om as gevolg van die verlies van sleutels, afstandbeheerders of alarmbeheerders 'n slotmaker te ontbied.

**Neem asseblief kennis: Die maksimum wat ons vir enige enkele voorval sal uitbetaal, word in jou polisskedule gemeld.**

## Spoorweg- en ander subrogasie-klousule

Jy sal nie benadeel word deur die ondertekening van Transnet se besteldiensvrywaringsklousule ten opsigte van gevaarlike persele of ander spesiale ooreenkomste met Transnet oor privaat sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie.

## Tuine, tuinmeubels en waterversierings

Jy's gedek vir koste wat jy aangaan vir die herstel van beskadigde uitgelegde tuine, tuinmeubels en waterversierings na 'n brand, weerlig, donderslag, onderaardse brand, spesiale gevaar (storm, wind, water, hael of sneeu), aardbewing, kwaadwillige beskadiging en ontploffing.

**Neem asseblief kennis: Die maksimum wat ons vir enige enkele voorval sal uitbetaal, word in jou polisskedule gemeld.**

## Tydelike herstelwerk en maatreëls na 'n verlies

Jy's gedek vir redelike koste en uitgawes wat deur jou aangegaan word om sodanige tydelike herstelwerk te laat doen en sodanige tydelike maatreëls te tref as wat redelikerwys nodig kan wees na 'n voorval.

**Neem asseblief kennis: Die maksimum wat ons vir enige enkele voorval sal uitbetaal, word in jou polisskedule gemeld.**

## Tydelike verwydering

Met dien verstande dat dit nie elders verseker is nie, word die verhuurder se los en vaste toebehore gedek terwyl dit tydelik na enige ander perseel verskuif word, insluitend terwyl in transito per pad, spoor of binnelandse waterweg op enige plek binne Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland (Eswatini), Zimbabwe en Malawi.

**Neem asseblief kennis: Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat betaal sou word indien die verlies gebeur het by die perseel waarvandaan die eiendom tydelik verwyder word.**

## Verandering en wanbeskrywing

Die dekking deur hierdie afdeling sal nie benadeel word nie deur enige verandering of wanbeskrywing van okkupasie as gevolg van:

- Die verskuiwing van prosesse of masjinerie.
- Die aanskaffing van bykomende persele.
- Strukturele veranderings of herstelwerk aan geboue, masjinerie of toerusting, met dien verstande dat ons so gou as moontlik daarna in kennis gestel word daarvan.

## Verbandhouerklousule

Die belang van enige verbandhouer volgens hierdie afdeling sal nie benadeel word deur enige handeling of versuim aan die kant van die verbandgewer sonder die verbandhouer se medewete nie.

Die verbandhouer moet ons laat weet sodra hy/sy van enige sodanige handeling of versuim bewus word, en sal verantwoordelik wees vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop enige verhoogde risiko bekend word.

## Vereistes van openbare owerhede

Jy's gedek vir die koste om te verseker dat die gebou aan die vereistes van sentrale of plaaslike regeringsowerhede voldoen, met dien verstande dat dit nie die versekerde bedrag oorskry nie.

Jy's nie gedek nie:

- Indien die gebou voor die voorval nie aan die vereistes voldoen het nie, of waar 'n kennisgewing van nie-voldoening voor die voorval aan jou beteken is.
- Vir enige skade wat nie deur hierdie afdeling verseker word nie.
- Vir onbeskadigde eiendom of dele van die eiendom.
- Waar die gebou nie gebou of herstel kan word waar dit voor die voorval gestaan het nie.
- Vir enige munisipale en ander belastings, ontwikkelings- of ander heffing of aanslag as gevolg van waardevermeerdering.

## Verhindering van toegang:
## C. Huur en alternatiewe perseel alleenlik

Indien eiendom binne ’n omtrek van 50km vanaf die versekerde perseel gedurende die versekeringstydperk verloor word of deur ’n omskrewe gevaar beskadig word, en dit die gebruik van of toegang tot die versekerde eiendom volgens hierdie afdeling verhinder of belemmer, sal ons betaal vir enige verlies aan huurgeld wat jy as gevolg daarvan kan ly, tot en met die bedrag wat in jou polisskedule gemeld word. Die berekening van verlies aan huurgeld sal gebaseer word op die huur wat betaalbaar is onmiddellik voor die voorval, of die ekwivalente huurwaarde daarvan.

## Verlies van water


Jy’s gedek vir kosteheffings deur ’n plaaslike owerheid vir waterverlies as gevolg van lekkende pype op jou eiendom, met dien verstande dat:

- Die verbruikslesing minstens 50% meer as die gemiddelde van die vorige 4 lesings moet wees.
- Jy met die ontdekking van die lekkasie (deur fisiese bewys of by ontvangs van ’n abnormaal hoë waterrekening) onmiddellik stappe doen om die pyp/e te herstel.

**Neem asseblief kennis: Die maksimum wat ons vir enige enkele voorval sal uitbetaal, word in jou polisskedule gemeld.**

Jy’s nie gedek nie:

- Vir die koste om die lekkende pype te herstel.
- Vir meer as 2 afsonderlike voorvalle binne ’n tydperk van 12 maande.
- Vir verlies van water as gevolg van lekkende krane, waterverhittingstoestelle of toiletstelsels.
- Vir verlies van water uit swembadstrukture of inlaat- of uitlaatpype.
- Terwyl die eiendom vir langer as 60 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word.



## Verouderde items

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan:

- Alarms en opsporingstelsels.
- Elektroniese motors.
- Telefoniese kommunikasietoerusting.
- TV-antennes, insluitend TV-transmissie- en ontvangstoerusting.
- Kring-kameras en -monitors.
- Veiligheidsbeheertoerusting (insluitend kameras).
- Enige toebehore in verband daarmee.

Indien die toerusting waarvoor geëis word nie onmiddellik vervang kan word nie, of as die agentskap of verskaffer in Suid-Afrika opgehou het om sodanige toerusting in te voer, en met dien verstande dat sodanige toerusting nie herstel kan word nie, sal sodanige eiendom as verouderd beskou word.

Indien die eiendom as verouderd beskou word, sal ons die opsie hê om die eis in kontant te betaal, wat die oorspronklike koopprys of berekende koste daarvan sal wees, minus 'n waardeverminderingskoers, gebaseer op 'n oplopende koers van 20% per jaar, vanaf die aankoop- of installeringsdatum.

Die dekking sal slegs van toepassing wees op die fisiese koste van hierdie eiendom soos gemeld in jou polisskedule, en sal enige installerings- of arbeidskoste uitsluit.

Wanneer ons instem om jou volgens hierdie klousule te betaal, sal ons die reg hê om die toerusting waarvoor geëis word te verwyder en by ons te laat aflewer voordat ons betaal. Die verwyderings- en afleweringskoste sal met ons ooreengekom en deur ons betaal word.

## Verslegting van voedsel

Jy's gedek vir die toevallige verslegting van voedsel weens enige oorsaak behalwe:

- Skade as gevolg van die opsetlike weerhouding van krag deur 'n voorsieningsowerheid.
- Gevolglike verlies.
- Die eerste bedrag betaalbaar soos in jou polisskedule gemeld word.

**Neem asseblief kennis: Die maksimum wat ons vir enige enkele voorval sal uitbetaal, word in jou polisskedule gemeld.**

## Verwydering van bome

Jy's gedek vir die koste om bome te verwyder wanneer hulle as gevolg van 'n versekerde gevaar omgeval het, indien hulle skade aan die versekerde eiendom veroorsaak het.

## Alle opsies

# Opsionele dekking

## Dek meer. Betaal 'n bietjie meer

**Jy kan kies om die volgende opsies by jou basiese 'Geboue omvattend'-dekking te voeg. Indien jy enige opsie byvoeg, sal dit slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisskedule aangeteken is en 'n bykomende premie betaal word.**

## Eskalasie

Gedurende elke versekeringstydperk sal die versekerde bedrag/bedrae volgens 'A. Geboue' verhoog word met die gedeelte van die persentasie wat in jou polisskedule gemeld word. Tensy anders ooreengekom, sal hierdie bepalings slegs van toepassing wees op die versekerde bedrag/bedrae wat aan die begin van die versekeringstydperk van krag is.

Op elke hernuwingsdatum moet jy ons in kennis stel van die bedrag/ bedrae wat vir die komende versekeringstydperk verseker moet word, en die persentasieverhoging wat vir daardie tydperk nodig is. Indien jy versuim om dit te doen, sal die bepalings van hierdie klousule steeds geld volgens die persentasies van die vorige tydperk, totdat kennis gegee word van 'n verandering vir die nuwe hernuwingstydperk.

## Gastehuise: Verblyf en losies

Jy's gedek vir:

- Die uitloop van water uit wasmasjiene en skottelgoedwassers, en die bars of oorloop van watertenks, waterapparaat of waterpype, insluitend skade aan die watertenks, waterapparaat of waterpype, en die toevallige lekkasie van olie uit vaste verhittingsinstallasies wat met olie gestook word.
- Die ineenstorting of onklaarraking van antennes en satellietskottels, asook skade aan hierdie items, indien hulle 'n vaste deel van die versekerde gebou uitmaak en die skade deur versekerde gevare veroorsaak is.

Jy's gedek vir toevallige skade aan:

- Vaste glas en spieëls teen mure, in vensters, deure, boligte, dakvensters, sonkrag-verhittingstelsels, vaste uithangborde en verandas, stoofglasblaaie, vaste wasbakke, baddens, voetstukke, opwasbakke, latrinebakke en spatskerms (maar met uitsluiting van afsplintering, krapmerke en ander ontsiering) wat 'n vaste deel van die versekerde gebou uitmaak.
- Vaste swembad- en borrelbadmasjinerie, en boorgatpompe wat vir huishoudelike gebruik is (windpompe uitgesluit), elektriese hekke en motorhuisdeure wat by die versekerde gebou geïnstalleer is.


**Neem asseblief kennis:**

- **Slytasie word uitgesluit.**
- **Die maksimum wat ons vir enige enkele voorval sal uitbetaal, word in jou polisskedule gemeld.**

Jy's gedek vir:

- Toevallige uitloop of lekkasie uit brandblusinstallasies of -toestelle.
- Die totale of gedeeltelike onderbreking van die openbare kragtoevoer na die versekerde perseel, maar met uitsluiting van verlies of skade wat direk of indirek veroorsaak word deur:
  - 'n Brandstof- of watertekort.
  - 'n Fout in enige deel van die installasie wat aan die perseel behoort.
  - 'n Owerheid wat wettiglik elektrisiteit voorsien, se uitoefening van sy mag om die toevoer te weerhou of te beperk, tensy sodanige besluit direk toe te skryf is aan skade aan die owerheid se eiendom.

**Neem asseblief kennis: Ons is nie aanspreeklik nie, tensy hierdie onderbreking of steuring langer as 24 uur duur.**



Jy's gedek vir:
- Die verlies van of skade aan voorraad in yskaste en vrieseenhede by die versekerde perseel weens verslegting of verrotting wat veroorsaak word deur:
  - 'n Temperatuurverandering as gevolg van:
    - Die onklaarraking van die eenheid of die faling (weens 'n inherente oorsaak) van 'n termostaattoestel wat die toerusting beheer, of die onklaarraking van die bedrading vanaf die hoofskakelaar na hulpskakelaars of kragproppe, en tussen hulpskakelaars en kragproppe, en die dryfmotor, insluitend die onklaarraking van kragproppe en skakelaars.
    - Onderbreking van die openbare toevoer van elektrisiteit of gas by die eindpunte van die voorsieningsowerheid se toevoerlyne na die versekerde perseel.
    - Verkeerde stelling van 'n termostaattoestel, insluitend die toevallige afskakeling van die toevoer wat die toerusting beheer.
  - Die werking van verkoelingsdampe wat uit die eenheid ontsnap het, met uitsluiting van verlies of skade veroorsaak deur 'n opsetlike daad deur die voorsieningsowerheid of die uitoefening van sy mag om die toevoer van elektrisiteit of gas te weerhou of te beperk.

**Neem asseblief kennis: Die maksimum wat ons vir enige enkele voorval sal uitbetaal, word in jou polisskedule gemeld.**

Jy's gedek vir diefstal of poging tot diefstal wat met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die versekerde gebou gepaardgaan, en diefstal of poging tot diefstal wat volg op geweld of 'n dreigement van geweld.

Jy's nie gedek nie indien 'n versekerde gebou of 'n gebou wat versekerde eiendom bevat onbewoon gelaat word vir 31 opeenvolgende dae, behalwe as jy ons skriftelike toestemming gekry het voor 'n voorval. Indien wel:
- Sal jy aanspreeklik wees vir 20% van die eiskoste (voordat enige bybetaling afgetrek word) met 'n minimum van R2,500 vir elke eis vir skade wat gedurende hierdie 31 dae gebeur.
- Is ons aanspreeklikheid vir skade wat gedurende hierdie 31 dae gebeur, beperk tot 25% van die versekerde bedrag.
- Indien die eiskoste hoër is as jou 20% van die koste plus ons 25% van die versekerde bedrag, is jy vir die verskil aanspreeklik.

## Geisers en waterpype: Nie slytasie nie

Jy’s gedek vir die lek, bars of oorloop van waterverhittingstelsels (wat geisers, sonkrag-waterverhittingstelsels en stoomketels insluit), wateropgaartenks, spoelbakke en drukwaterpype wat ’n vaste deel van die gebou uitmaak.


Ander onroerende eiendom soos vaste en los toebehore en verbeterings (bv. plafonne, matte en kaste) wat in dieselfde voorval beskadig word, word gedek tot die maksimum bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

Jy’s nie gedek nie:

- Indien die bars of lek veroorsaak of aangehelp is deur slytasie, geleidelike agteruitgang, roes, verrotting, kraking, verdeling, gebrekkige materiaal/ vakmanskap of latente defekte.
- Vir rioolpype.

## Geisers en waterpype: Slytasie

Jy’s gedek vir die lekkasie, bars of oorloop van waterverhittingstelsels (wat geisers, sonkrag-waterverhittingstelsels en stoomketels insluit), wateropgaartenks, spoelbakke en drukwaterpype wat ’n vaste deel van die gebou uitmaak, as gevolg van slytasie, geleidelike agteruitgang, roes, verrotting, kraking, verdeling, gebrekkige materiaal/ vakmanskap of latente defekte, tot die perk wat in jou polisskedule gemeld word.



## Geld

Jy's gedek vir skade wat deur 'n versekerde gevaar veroorsaak word aan kontant, bank- en valutanote, tjeks, posorders, poswissels, geldige verhandelbare pos-, inkomste- en vakansieseëls, kredietkaartbewyse en dokumente, sertifikate of ander instrumente van 'n verhandelbare aard wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is, tot en met die bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

## Getrouheidswaarborg

Jy's gedek vir eiendom en/of geld wat aan 'n deeltitel behoort of waarvoor die deeltitel verantwoordelik is, wat deur 'n verkose trustee of 'n werknemer van die deeltitel gesteel word of verlore is as gevolg van bedrog of oneerlikheid van 'n verkose trustee of 'n werknemer van die deeltitel, wat lei tot oneerlike persoonlike finansiële gewin vir die betrokke trustee of werknemer.

Dit moet gedurende die versekeringstydperk gebeur, en moet gedurende die versekeringstydperk ontdek word, of binne 12 maande na die beëindiging van:
- Hierdie versekering, of hierdie versekering ten opsigte van 'n versekerde trustee en/of werknemer wat by die verlies betrokke is.
- Die diens van die versekerde trustee en/of werknemer, of die laaste van die versekerde trustees en/of werknemers wat by die verlies betrokke is, wat ook al eerste gebeur.

**Neem asseblief kennis: Die maksimum wat ons vir enige enkele voorval sal uitbetaal, word in jou polisskedule gemeld.**

## Insakking en grondverskuiwing

Verlies of skade wat aan die versekerde eiendom veroorsaak word deur insakking, as gevolg van afwaartse of sywaartse beweging van die grond wat dit ondersteun, weens natuurlike verskuiwings of menslike aktiwiteit. Hierdie dekking is onderworpe daaraan dat die gebou se fondament en konstruksie deur 'n gelisensieerde strukturele ingenieur ontwerp en goedgekeur moet wees.

Jy's nie gedek vir skade veroorsaak deur:
- Volumeveranderings in kleigrond, of in klip, veroorsaak deur veranderings in die vogvlakke.
- 'n Styging in die watertafel of druk wat daardeur veroorsaak word.
- Uitgrawings (insluitend die verwydering van laterale ondersteuning), behalwe mynboubedrywighede.
- Die verwydering of verswakking van pilare.
- Gebrekkige ontwerp, materiaal en vakmanskap.

- Normale vestiging, inkrimping of uitsetting van die grond wat die strukture ondersteun.
- Swak kompaktering van grond wat gebruik word om ruimtes onder plaveisel en vloere op te vul.
- Bykomende onderstutting van fondamente wat nodig is vir die herstel van die gebou, of om verdere skade te voorkom.
- Dreine, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, hekke, pilare of heinings, tensy spesifiek verseker.
- Werksmense wat besig is met strukturele veranderings, aanbouings of herstelwerk aan 'n gebou wat op die versekerde perseel geleë is.
- Gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld of die koste van alternatiewe verblyf.

**Neem asseblief kennis: Indien jou eis afgewys word omdat ons sê dat 1 of meer van hierdie uitsluitings van toepassing is, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

## Kantoorinhoud

Jy's gedek vir die verlies of skade veroorsaak deur 'n versekerde gevaar:

- Aan die inhoud en dokumente in 'n kantoor, by die versekerde perseel, insluitend elektroniese dataverwerkingstoerusting en die verhuurder se vaste en los toebehore, wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is.
- Aan eiendom wat deur jou trustee of werknemer besit word, terwyl dit op die versekerde perseel is, met dien verstande dat dit nie elders verseker is nie, en tensy anders bepaal in jou polisskedule.

**Neem asseblief kennis: Die maksimum wat ons vir enige enkele voorval sal uitbetaal, word in jou polisskedule gemeld.**

## Kragstuwings

Jy's gedek vir verlies van of skade aan versekerde eiendom wat deur kragstuwings en weerligslae veroorsaak word, tot en met die bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

# Geld

## In kort...

King Price dek jou en jou besigheid indien jy ’n finansiële verlies ly as gevolg van die verlies van, of skade aan, geld wat op jou besigheidsperseel of by jou huis gehou word.

## Wat ons bedoel

**Geld**

Geld is jou kontant, bank- en valutanote, tjeks, posorders, geldige verhandelbare pos- en inkomsteseëls, kredietkaartbewyse en dokumente, sertifikate of ander instrumente van ’n verhandelbare aard. Dit sluit geld in waarvoor jy verantwoordelik is.

## Wat deur die koning gedek word

Indien ’n voorval wat tot die verlies van of skade aan geld lei in Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana, Swaziland (Eswatini), Zimbabwe, Mosambiek en Malawi (behalwe indien anders vermeld in jou polisskedule) voorkom, sal die maksimum bedrag wat ons betaal hoogstens die versekerde bedrag wees wat in jou polisskedule gemeld word nie.

### Houers en klerasie

Jy’s gedek vir die verlies van, of skade aan:

- Enige brandkas, -kluis, -trommel, geldlaai, kasregister, geldkis of ander houer vir geld, asook enige frankeermasjiene.
- Klerasie en persoonlike besittings wat aan jou of jou prinsipaal, vennoot, direkteur, lid of werknemer behoort en wat as gevolg van diefstal of poging tot diefstal van geld verloor of beskadig word.

**Neem asseblief kennis: Jy’s nie gedek vir houers en klerasie wat meer spesifiek elders verseker word nie. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal, word in jou polisskedule gemeld.**

## Lopers

Jy's gedek vir diefstal waar toegang tot die houer deur die gebruik van 'n loper of ander soortgelyke toestel verkry word.

Jy:

- Sal nie gedek wees indien 'n duplikaatsleutel gebruik word om toegang tot die houer te verkry nie.
- Moet tot ons bevrediging bewys dat 'n loper of 'n soortgelyke toestel gebruik is.

**Neem asseblief kennis: Jou dekking is beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.**

## Slotte en sleutels

Jy's gedek vir die koste om slotte en sleutels van 'n versekerde gebou of brandkas te vervang nadat 'n sleutel daarvoor verdwyn het, of as jy goeie rede het om te glo dat 'n ongemagtigde persoon in besit van 'n duplikaatsleutel kan wees.

**Neem asseblief kennis: Elke eis sal beperk word tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.**

# Opsionele dekking

## Dek meer. Betaal 'n bietjie meer

**Jy kan kies om die volgende opsies by jou basiese 'Geld'-dekking te voeg. Indien jy enige opsie byvoeg, sal dit slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisskedule aangeteken is en 'n bykomende premie betaal word.**

## Oproer en staking

Jy's gedek vir verlies van of skade aan die versekerde eiendom weens:

- Burgerlike beroering, arbeidsonrus, oproer, staking of uitsluiting.
- Die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming, onderdrukking of hantering op enige ander wyse van enige gebeurtenis waarna hierbo verwys word.

Jy’s nie gedek nie:

- Waar die skade binne Suid-Afrika of Namibië plaasvind, tensy spesifieke ‘Oproer en staking’-dekking verkry is.
- Vir gevolglike verlies van enige aard, behalwe verlies aan huurgeld of die koste van alternatiewe verblyf.
- Vir verlies weens die terughouding of konfiskering van geld deur enige wettig ingestelde owerheid.
- Vir skade of verlies veroorsaak deur die staking, vertraging of onderbreking van werk of enige proses.
- Vir verlies weens oorlog, optrede van ’n buitelandse vyand, oorlogsbedrywighede (ongeag of oorlog verklaar is of nie) of burgeroorlog.
- Vir verlies weens ’n militêre opstand of magsoorname, krygswet, rebellie of revolusie wat die afkondiging of handhawing van krygswet bepaal.
- Vir verlies weens enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken is om enige staat, regering of provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme, geweld of protes teen hulle omver te werp of te beïnvloed.
- Vir verlies weens enige optrede wat daarop bereken is om verlies of skade te veroorsaak met die voorneme om ’n politieke oogmerk te bevorder, om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring.
- Vir verlies weens enige terreurdaad, insluitend die gebruik van of dreigement om krag of geweld te gebruik, deur enige persoon of groep (ongeag of hulle alleen of namens ’n ander optree), met die voorneme om ’n regering te beïnvloed of die publiek aan vrees te onderwerp.
- Vir verlies weens die optrede van ’n wettige owerheid om op enige ander wyse ’n gebeurtenis te hanteer waarna in enige van die klousules hierbo verwys word.

**Neem asseblief kennis: Indien jou eis afgewys word omdat ons sê dat 1 of meer van hierdie uitsluitings van toepassing is, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

## Persoonlike ongevalle

Jy's gedek vir opsetlike of toevallige, gewelddadige en sigbare, liggaamlike besering aan jou (aanranding) of jou prinsipaal, vennoot, direkteur, lid of werknemer, as gevolg van diefstal of poging tot diefstal van geld, terwyl die beseerde persoon besig is met hul werkpligte in jou diens.

Liggaamlike besering sluit enige besering in wat veroorsaak word deur hongersnood, dors of blootstelling aan die elemente waar die beseerde persoon 'n slagoffer van diefstal of poging tot diefstal is.

Indien jy, jou prinsipaal, vennoot, direkteur, lid of werknemer direk as gevolg van die diefstal of poging tot diefstal nie opgespoor kan word nie, aanvaar ons dat:

- Die vermiste persoon 'n besering opgedoen het wat deur hierdie afdeling gedek word.
- Die besering tot die dood van die vermiste persoon gelei het. Vir die doeleindes van die eis sal daar aanvaar word dat die vermiste persoon dood is, met dien verstande dat indien betaling ten opsigte van 'n eis gedoen word en daar later gevind word dat die vermiste persoon leef, jy die geld wat deur ons betaal is sal terugbetaal.

Ons sal aan jou, die versekerde persoon, of hul boedel die bedrag betaal wat in die tabel hieronder uiteengesit word, indien die besering binne 24 maande na die diefstal of poging tot diefstal tot 'n versekerde besering aan daardie persoon lei.



| Item | Versekerde besering | % van versekerde bedrag of bedrag wat betaal sal word |
|---|---|---|
| 1. | Dood | 100 |
| 2. | Permanente ongeskiktheid veroorsaak deur:<br>• Verlies deur fisieke skeiding by of bo die gewrig of enkel, van 1 of meer ledemate<br>• Permanente en totale verlies van:<br>- Hele oog<br>- Sig in oog<br>- Sig in oog behalwe waarneming van lig<br>• Permanente en totale gehoorverlies in:<br>- Albei ore<br>- 1 oor | <br><br>100<br><br>100<br>100<br>75<br><br>100<br>25 |
| | Permanente en totale spraakverlies | 100 |
| | Beserings wat lei tot permanente, totale onvermoë om jou gewone beroep of enige ander beroep te beoefen waarvoor jy op grond van jou kennis of opleiding toegerus is | 100 |
| | Verlies van 4 vingers | 70 |
| | Verlies van duim: 1 of albei falankse | 25 |
| | Verlies van wysvinger: 1, 2 of 3 falankse | 10 |
| | Verlies van enige ander vinger: 1, 2 of 3 falankse:<br>• Per vinger | <br>6 |
| | Verlies van middelhandbeen (eerste, tweede derde, vierde of vyfde):<br>• 'n Bykomende bedrag van | 5 |
| | Verlies van tone:<br>• Almal aan 1 voet<br>• Groottoon, 1 of albei tone<br>• Ander tone behalwe groottoon, indien meer as 1 verloor: Per toon | <br>30<br>5<br><br>5 |
| 3. | Jou totale en absolute onvermoë om jou gewone besigheid/beroep te beoefen | Die weeklikse bedrag wat in jou polisskedule gemeld word |
| 4. | Mediese, chirurgiese, tandheelkundige, verpleeginrigting- of hospitaalbehandeling (insluitend die koste van kunsmatige hulpmiddels, kunsledemate en nooddienste), aangegaan binne 24 maande na die diefstal of poging tot diefstal | Die redelike uitgawes tot en met die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word |

**Neem asseblief kennis:**

- **Indien 'n besering nie in die tabel hierbo gespesifiseer word nie, kan ons 'n bedrag betaal wat, geheel na ons goeddunke, met 'n besering in die tabel ooreenstem.**
- **Permanente, totale verlies van die gebruik van 'n liggaamsdeel, in die tabel hierbo, sal beskou word as 'n verlies van daardie liggaamsdeel.**
- **Die maksimum bedrag wat ons sal betaal, is die versekerde bedrag wat jy gekies het en wat in jou polisskedule gemeld word, plus enige bedrag wat vir 'n eis volgens items 3 en 4 betaal word.**
- **Die bedrag gespesifiseer by item 3 sal slegs vir die duur van die ongeskiktheid, en vir maksimum 52 weke betaal word. Betalings sal eindig sodra die besering wat die ongeskiktheid veroorsaak het, sover redelikerwys moontlik herstel het, selfs al kan permanente ongeskiktheid daarna voortduur.**
- **Enige bedrag betaalbaar volgens item 4 sal verminder word met bedrae wat volgens enige ongevallewetgewing ontvang word.**
- **Dekking sal slegs van toepassing wees op persone wat tussen 16 en 70 jaar oud is ten tyde van die diefstal of poging tot diefstal.**
- **Indien 'n persoon volgens hierdie afdeling eis, sal daardie persoon tot 'n mediese ondersoek en behandeling wat deur ons gespesifiseer word, moet instem en moet ondergaan. Ons is nie vir enige betaling aanspreeklik nie tensy die persoon hierdie vereiste tot ons bevrediging nagekom het.**
- **Nóg die 'Kernmateriaal'-klousule in die 'Algemene' afdeling, nóg die 'Dubbele versekering'-klousule in die afdeling 'Algemene bepalings en voorwaardes' van hierdie polis, sal op hierdie bykomende dekking van toepassing wees.**
- **Daar is geen dekking vir dood of liggaamlike besering wat direk of indirek veroorsaak word deur of voortspruit uit oorlog, inval, optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (ongeag of oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie of militêre mag of magsoorname nie.**

## Wat NIE deur die koning gedek word nie

### Ander versekering

Jy's nie gedek vir verlies of skade wat voortspruit uit 'n voorval waarvoor jy volgens die koning se 'Getrouheidsdekking', of enige ander getrouheidsversekeringspolis, kan eis, ongeag of jy 'n eis indien of nie.

### Brandkluis wat nie gesluit of bewaak word nie

Jy's nie gedek vir verlies of skade indien die versekerde eiendom gehou word in 'n brandkas of -kluis wat nie gesluit is nie, in 'n deel van die perseel wat nie bewaak word nie, ten tyde van die voorval.

Hierdie uitsluiting sal nie van toepassing wees nie:

- Indien jy tot ons bevrediging kan bewys dat die sleutelhouer die brandkas of - kluis ten tyde van die diefstal opsetlik ongesluit gelaat het met die doel om die diefstal van die geld toe te laat.
- Indien minder as R3,000 gesteel word, in welke geval die bybetaling nie op jou eis van toepassing sal wees nie.

### Fout

Jy's nie gedek vir verlies of skade wat uit 'n tekort weens 'n fout of versuim voortspruit nie.

### Oneerlikheid

Jy's nie gedek vir verlies of skade wat uit die oneerlikheid van 'n prinsipaal, vennoot, direkteur, lid of werknemer voortspruit nie.

Hierdie uitsluiting is nie van toepassing indien die verlies binne 14 werksdae na die diefstal ontdek word nie, in welke geval die bybetaling wat deur jou vir elke eis verskuldig is, 10% van die bedrag van die eis sal wees, of die bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, wat ook al die hoogste is.

## Sleutels

Jy's nie gedek vir verlies of skade wat uit die gebruik van sleutels vir 'n brandkas of -kluis voortspruit nie.

Hierdie uitsluiting sal nie van toepassing wees nie:

- Indien die sleutels met geweld of dreigemente van geweld verkry is.
- Indien die sleutels deur die sleutelhouer (of 'n persoon wat met hom/haar saamspan) gebruik is en jy tot ons bevrediging kan bewys dat die sleutelhouer (of 'n persoon wat met hom/haar saamspan) die sleutels gebruik het om die brandkas of -kluis oop te sluit.
- Indien minder as R3,000 gesteel word, in welke geval die bybetaling nie op jou eis van toepassing sal wees nie.

## Uit motors

Jy's nie gedek vir verlies van of skade aan versekerde eiendom uit of in 'n motor wat deur jou gebruik word nie.

Hierdie uitsluiting sal nie van toepassing wees nie indien jy tot ons bevrediging kan bewys dat jy, jou prinsipaal, vennoot, direkteur, lid of werknemer ten tyde van die verlies:

- Werklik in die motor was, of binne 5m daarvandaan in 'n posisie van waar die motor duidelik sigbaar was.
- Onbevoeg was as gevolg van 'n ongeluk waarin die motor betrokke was.
- Indien minder as R3,000 gesteel word, in welke geval die bybetaling nie op jou eis van toepassing sal wees nie.

# Ons B's en V's

Ons aanspreeklikheid teenoor jou om 'n eis vir die diefstal van 'n tjek ten volle te betaal, geld slegs as jy aan die volgende voorwaardes voldoen. Indien jy nie aan hierdie voorwaardes voldoen nie, sal jou eis met 'n bedrag gelyk aan 25% van die verlies verminder word.

## Tjeks wat deur jou getrek word

'n Tjek moet getrek en gekruis wees presies soos die koning se aanbevole voorbeeld hieronder toon, en die gedrukte gedeelte (in teenstelling met die geskrewe of getikte gedeelte) moet deur die bank self gedruk wees, of deur 'n drukker wat deur die Outomatiese Klaringsburo (ACB) gelisensieer is om tjeks te druk.


'n Tjek mag slegs per gesertifiseerde pos of pos met gelykstaande of beter sekuriteit as gesertifiseerde pos gepos word.

## Tjeks wat deur iemand anders getrek en deur jou ontvang word

Sodra jy 'n tjek ontvang en die trekker van die tjek en die bedrag in jou rekords kan uitken, moet jy die tjek onmiddellik kruis en 'nie verhandelbaar' en 'nie oordraagbaar' merk.

## Tjeks wat jy besit, wat deur iemand anders getrek en aan jou gepos word, maar nie deur jou ontvang word nie

Dit is van toepassing wanneer 'n tjek getrek en presies soos in die koning se aanbevole voorbeeld hieronder gekruis is, en per gesertifiseerde pos of pos met gelykstaande of beter sekuriteit as gesertifiseerde pos aan jou gepos word, maar nie deur jou ontvang word nie.



# Getrouheid

### In kort…

Jy stel elke dag vertroue in jou werknemers… Hulle is immers jou grootste bate. Een vrot appel kan egter al die ander aansteek. In hierdie geval kan jy op die koning staatmaak. King Price se getrouheidsversekering dek jou vir oneerlike en onwettige optrede deur werknemers wat jou besigheid se geldsake of naam skade kan berokken.

## Keuse van dekking

### Jou keuse, ons plesier

**Jy kan kies om op die volgende maniere gedek te word:**
**A. Omvattende grondslag**
**B. Benoemde werknemer/gespesifiseerde pos-grondslag**

**Wat ons met 'omvattende grondslag' bedoel:**
Jy's gedek vir verliese waarby enige werknemer of getal werknemers wat saam optree, betrokke is. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal, word in jou polisskedule gemeld.

**Wat ons met 'benoemde werknemer/gespesifiseerde pos-grondslag' bedoel:**
Jy's gedek vir verliese waarby die gespesifiseerde en benoemde persoon betrokke is, of die persoon wat die gespesifiseerde pos beklee, soos in jou polisskedule gemeld. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal, is die bedrag wat jy vir daardie persoon of pos gekies het, en wat in jou polisskedule gemeld word.

### A. Omvattende grondslag en B. Benoemde werknemer/ gespesifiseerde pos-grondslag

## Wat deur die koning gedek word

Getrouheidsdekking dek jou vir finansiële verlies weens bedrog gepleeg deur, of die oneerlikheid van 'n versekerde werknemer wat lei tot die diefstal van geld of ander eiendom wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is, wat gedurende jou dekkingstydperk voorkom en tot oneerlike persoonlike finansiële gewin vir daardie werknemer lei.

**Wat ons met 'n 'werknemer' bedoel**
Vir die doeleindes van dekking deur hierdie afdeling is 'n werknemer enige persoon wat:
- Volgens 'n diens- of leerkontrak by jou in diens is.
- Deur jou gehuur of aan jou geleen word, en oor wie jy te alle tye in die loop van jou besigheid beheer mag uitoefen en aan wie jy opdragte mag gee in die uitvoering van hul werk.

## Wat ons sal betaal

Waar 'n prinsipaal, vennoot, direkteur of lid direk betrokke is by 'n verlies, sal ons slegs aanspreeklik wees tot die omvang van die deelname of aandeelhouding van enige vennote, prinsipale, direkteure of lede wat nie by die verlies betrokke was nie. Dit geld vir vennootskappe, privaat maatskappye en beslote korporasies.

## Verhaling van verliese

Indien jy 'n verlies gely het waarvoor jy kan eis, en die bedrag van die verlies meer is as die bedrag waarvoor jy verseker is, sal jy geregtig wees op bedrae wat verhaal kan word. Die bedrag wat verhaal word, word soos volg toegedeel:
- Eerstens aan jou, vir die bedrag van jou verlies wat die versekerde bedrag oorskry het, minus die koste wat deur ons aangegaan word (of plus die koste wat deur jou aangegaan word) om die bedrag te verhaal, en minus die bybetaling wat jy betaal het.
- Tweedens, indien enige oorblywende deel aan ons verskuldig is vir die bedrag wat ons ten opsigte van die eis aan jou betaal het, plus enige koste wat deur ons aangegaan word om die bedrag te verhaal.
- Derdens, indien enige oorblywende deel aan jou verskuldig is ten opsigte van die bybetaling wat jy betaal het.

Dit sluit nie verhaling van verliese voortspruitend uit enige borgstelling, versekering, herversekering, sekuriteit of skadeloosstelling wat ons geneem of aangegaan het, in nie.

## Kontrole- en beheerstelsels

Jy moet die kontrole- en beheerstelsels, rekening- en klerklike prosedures en metodes vir die bedryf van jou besigheid, wat jy aan ons voorgelê het toe jy om dekking aansoek gedoen het en op grond waarvan dekking toegestaan is, toepas en in stand hou.

Jy kan die vergoeding en diensvoorwaardes van enige werknemer en die pligte of pos van 'n werknemer wat in jou polisskedule benoem is, verander. Ons moet oor hierdie veranderings ingelig word sodra hulle gebeur.
Onthou, onakkurate besonderhede = ontoepaslike dekking.

## Jou rekeningkundige rekords

Jy moet enige finansiële rekords aan ons verskaf wat ons nodig het om ’n eis te verwerk of te ondersoek.

## Voormalige werknemer

Enige persoon wat nie meer ’n werknemer is nie, word beskou as synde ’n werknemer te wees vir 31 dae nadat hy/sy opgehou het om ’n werknemer van jou maatskappy te wees.

## Verhoging van die versekerde bedrag

Indien jy die versekerde bedrag op enige tydstip verhoog, is die verhoogde bedrag slegs van toepassing op versekerde voorvalle wat plaasvind ná die datum waarop jy die versekerde bedrag verhoog het.

## Ander versekering

Dit is ’n voorwaarde dat geen ander versekering wat dieselfde risiko’s as hierdie afdeling dek van krag is nie, behalwe:

- ’n Geldpolis.
- ’n Polis wat op die aanvangs- of hernuwingsdatum of ten tyde van die indiening van eis aan die maatskappy verklaar is.
- ’n Pensioenfondsgetrouheidspolis wat nie hierdie afdeling te bowe gaan nie.
- Hierdie polis.

## Verpligte bybetaling betaalbaar

Die bedrag betaalbaar in hierdie afdeling ten opsigte van ’n omskrewe gebeurtenis waarby ’n werknemer of enige getal werknemers wat saamspan betrokke is, word verminder met:

- 2% van die totale versekerde bedrag van hierdie afdeling of R60,000, wat ook al die minste is.
- ’n Verdere bedrag van 10% van die netto bedrag betaalbaar na aftrekking van die bedrag wat hierbo gespesifiseer word.

**Neem asseblief kennis: Albei bybedrae moet ten volle deur jou betaal word in die geval van ’n eis.**

## Opsionele dekking

### Dek meer. Betaal ’n bietjie meer

**Jy kan kies om die volgende opsies by jou basiese ‘Getrouheids’-dekking te voeg. Indien jy enige opsie byvoeg, sal dit slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisskedule aangeteken is en ’n bykomende premie betaal word.**

### Rekenaarverliese

Jy’s gedek vir enige verlies wat voortspruit uit die oneerlike manipulasie van, invoering in of onderdrukking van invoering in, vernietiging van of verandering aan enige rekenaarprogram, -stelsel, -data of -sagteware deur ’n versekerde werknemer wat by jou elektroniese dataverwerkingsafdeling of -area in diens is.

### Terugwerkende dekking: Geen vorige versekering van krag nie

Jy’s gedek vir ’n voorval waarvoor jy in hierdie afdeling kan eis en wat gebeur het tot en met 12 maande voordat dekking deur hierdie afdeling begin het.

Jy’s nie gedek vir:
- Enige voorval wat meer as 24 maande voor die ontdekking van die verlies gebeur het.
- Enige verlies wat ontdek word meer as 12 maande voor:
  - Die kansellasie van hierdie afdeling.
  - Die kansellasie van dekking ten opsigte van ’n gespesifiseerde werknemer of pos.
  - Die diensbeëindiging van die werknemer of die laaste van ’n groep werknemers wat by ’n verlies betrokke was, wat ook al eerste voorkom.

### Terugwerkende dekking: Vorige versekering van krag

Jy’s gedek vir ’n voorval waarvoor jy in hierdie afdeling kan eis en wat gebeur het gedurende die versekeringstydperk van ’n vorige polis, en wat in jou polisskedule gemeld word. Dekking word verskaf vir verliese wat betaalbaar sou gewees het, maar waarvoor jy nie volgens die vorige polis kon eis nie omdat die tydperk wat deur die vorige polis vir die ontdekking van die verlies toegelaat word, verstryk het.

Die maksimum bedrag wat ons sal betaal, waar die voorval gebeur het gedurende die versekeringstydperk van:
- Die vorige polis, word beperk tot die bedrag wat in jou polisskedule gemeld word vir hierdie afdeling, of die versekerde bedrag van jou vorige polis, wat ook al die minste is.
- Die vorige polis en hierdie afdeling, word beperk tot die bedrag wat in jou polisskedule gemeld word vir hierdie afdeling.

Jy's nie gedek vir:

- Enige voorval wat gebeur het voor die getal jare, in jou polisskedule gemeld, voordat die dekking van hierdie afdeling begin het.
- Enige voorval wat meer as 24 maande voor die ontdekking van die verlies gebeur het.
- Enige verlies wat ontdek word meer as 12 maande ná:
  - Die kansellasie van hierdie afdeling.
  - Die kansellasie van dekking ten opsigte van 'n gespesifiseerde werknemer of pos.
  - Die diensbeëindiging van die werknemer of die laaste van 'n groep werknemers wat by 'n verlies betrokke was, wat ook al eerste voorkom.

### Terugwerkende dekking: Vorige versekering, verlengde tydperk

Indien jy hierdie dekking gekies het, het jy dieselfde dekking as in 'Terugwerkende dekking... Vorige dekking van krag', maar die 24-maandetydperk waarna verwys word, sal tot 36 maande verleng word.

### Verhalingskoste

Jy's gedek vir die koste om die verlies van die skuldige persoon of persone te verhaal waar jy 'n verlies gely het waarvoor jy kan eis, en die bedrag van die verlies meer is as die bedrag waarvoor jy verseker is. Jou dekking word beperk tot die bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.


### A. Omvattende grondslag en B. Benoemde werknemer/ gespesifiseerde pos-grondslag

## Wat NIE deur die koning gedek word nie

Jy's nie deur getrouheidsversekering (insluitend opsionele dekking) vir 'n finansiële verlies weens die volgende gedek nie:

- Enige voorval wat meer as 24 maande voor die ontdekking van die verlies gebeur het.
- Enige verlies wat ontdek word meer as 12 maande ná:
  - Die kansellasie van hierdie afdeling.
  - Die kansellasie van dekking ten opsigte van 'n gespesifiseerde werknemer of pos.
  - Die diensbeëindiging van die werknemer of die laaste van 'n groep werknemers wat by 'n verlies betrokke was, wat ook al eerste voorkom.
- Oneerlike persoonlike finansiële gewin deur 'n werknemer in die vorm van salaris, salarisverhogings, fooie, kommissies, bonusse, bevorderings of ander inkomste.
- Gevolglike verliese van enige aard ná 'n verlies wat deur hierdie afdeling gedek word.

- Verlies wat veroorsaak word of waartoe bygedra word deur:
  - Jou besigheidsvennoot, in soverre die vennoot by ’n uitbetaling deur hierdie polis sal baat vind.
  - Jou prinsipaal, direkteur of lid, tensy daardie direkteur of lid ook jou werknemer is.
  - ’n Werknemer, vanaf die tydstip waarop jy bewus word dat die werknemer diefstal, bedrog of oneerlikheid gepleeg het.
- Enige maatskappy of ander regsentiteit wat gedurende jou dekkingstydperk verkry word.
- Enige verlies wat voortspruit uit die oneerlike manipulasie van, invoering in of onderdrukking van invoering in, vernietiging van of verandering aan enige rekenaarprogram, -stelsel, -data of -sagteware deur jou versekerde werknemer wat by jou elektroniese dataverwerkingsafdeling of -area in diens is.



# Gewasse: Hael

## In kort...

Kom ons gesels oor die weer. Veral oor hoe die weer jou oeste kan vernietig of laat skade ly... En hoe ons jou ondersteun wanneer dít gebeur. Want wanneer ons sê ‘deur die natuur gekweek, deur die koning beskerm’, bedoel ons dit. Dis juis hier waar die koring van die kaf geskei word. Ons voeg die daad by die woord.

## Wat ons bedoel

**Waar hierdie terme ook al in hierdie polisdokument voorkom, beteken hulle die volgende.**

### Aangeplante area/ha

Die produktiewe area van jou versekerde plaas wat met die versekerde gewas beplant is, soos aangedui op ’n GPS-kaart en uitgedruk in hektaar.

**Neem asseblief kennis:**
- **Dit sluit alle waterkanale, panne, kontoere en toegangspaaie uit.**
- **Somergewasse: Dit kan verander word tot en met 20 Januarie in die ooste, en tot en met 31 Januarie in die weste vir somergewasse.**
- **Wintergewasse kan nie gewysig word nie.**

### Assesseringsprosedure

Die prosedure wat ons volg om die skade te bepaal wanneer ’n eis ingedien word.

### Assessor

Die assessor wat deur ons aangestel word om die ondersoek te doen en die gerapporteerde verliese te assesseer, deur die voorgeskrewe assesseringsprosedure te volg.

### Bedrag betaalbaar

Die totale bedrag betaalbaar word in jou polisbylae gemeld. Hierdie bedrag sal verander as ons instem om die waarde van die opbrengs of die getal hektaar wat verseker word, aan te pas en ’n bygewerkte polisbylae sal uitgereik word.

## Betaaldatum

Betaaldatum is die ooreengekome datum wat op die skedule aangedui word wanneer die dekking sal intree.

## Kwantitatiewe verlies

Slegs kwantitatiewe verliese sal bepaal word. Kwalitatiewe verliese word nie bepaal nie.

## Minimum bedrag betaalbaar

’n Minimum bedrag betaalbaar volgens hierdie versekering sal nie minder wees as R5,500 nie. As jou premiebedrag minder as R5,500 is, sal jou premie outomaties na ’n minimum van R5,500 aangepas word.

## Oes

Kap, sny, oplig of versamel van gewasse op enige manier.

## Oorplantkostes

Indien die geassesseerde verliespersentasie meer as 40% is, mag jy die beskadigde landery oorplant nadat ons jou toestemming gegee het daarvoor.

Jy’s nie gedek as jy ’n beskadigde landery sonder ons toestemming oorplant nie. As ’n landery oorgeplant is en jy wil dit verseker, moet jy by ons aansoek doen om dekking. Ons sal ’n herstellingspremie en die normale aanvaardingsvoorwaardes vir die landery se versekerde waarde toepas.

Gewasse wat voor die begindatum skade gely het, word nie gedek nie, en geen premies sal terugbetaal word nie, tensy die skade verklaar is en ons ’n voorversekeringskade-assessering gedoen het.

## Safex

Die Suid-Afrikaanse Termynbeurs, ’n afdeling van die Johannesburgse Aandelebeurs.

## Skadepersentasie

Verlies of skade soos bepaal deur ons assessor.

## Skaderapport

’n Elektroniese dokument wat die volgende insluit:

- Soort gewas.
- Datum van skade.
- Soort skade.
- Beskadigde beplante area.

## Versekerde opbrengs

Die versekerde opbrengs per hektaar, per versekerde gewas soos aangedui in jou polisbylae en deur ons aanvaar.

Die versekerde opbrengs:

- Kan nie gedurende die versekeringstydperk verlaag word nie.
- Kan verhoog word indien geen versekerbare skade plaasgevind het nie.
- Kan verhoog word nadat skade voorgekom het, maar die verhoging is onderhewig aan ’n voorversekeringstaksasie.
- Kan deur ons aangepas word as jy nie bewys kan lewer van die gemiddelde opbrengs nie.
- Word nie deur hierdie versekering gewaarborg nie.

## Versekerde plaas

Die plaas wat in jou polisbylae gemeld word. Dit is die totale grondoppervlakte wat deur jou besit word en gebruik word om die gewasse te verbou wat deur hierdie versekering gedek word. Besonderhede soos GPS-koördinate word in jou polisbylae gemeld.

## Versekerde prys

Die prys waarteen jy ’n gewas verseker het, aangedui in Rand per ton.

Die versekerde prys:

- Kan nie gedurende die versekeringstydperk verlaag word nie.
- Kan verhoog word indien versekerbare skade nie plaasgevind het nie.
- Kan verhoog word nadat skade voorgekom het, maar die verhoging is onderhewig aan ’n voorversekeringstaksasie.
- Kan na goeddunke deur ons aangepas word.
- Word nie deur hierdie polis gewaarborg nie.

## Versekerde skade

Skade wat veroorsaak word deur versekerde gevare soos gemeld in jou polisbylae.

## Versekerde waarde

Die waarde van die grond of die polis, soos gemeld in jou polisbylae.

Die versekerde waarde van die grond word bereken as:

- Hektaar x versekerde opbrengs x versekerde prys.

Die versekerde waarde van die polis is die somtotaal van die versekerde waardes vir grond.

## Bybetaling

Jou bybetaling is 'n persentasie van die versekerde waarde en kan van toepassing wees per land, plaas of polis, soos aangedui in jou polisbylae.

## Bybetaling per eis

Slegs van toepassing op brand en transito.

| **Voorbeeld** | |
|---|---|
| **10% Bybetaling per eis** | |
| Bybetaling % | 10% |
| Skadebedrag | R40,000 |
| Bybetalingsbedrag: Skadebedrag x bybetaling % | R40,000 x 10% |
| Eisbedrag: Skadebedrag – bybetalingsbedrag | R36,000 |



## Bybetaling per land

| Voorbeelde | |
|---|---|
| **10% Bybetaling** | |
| Versekerde bedrag | R200,000 |
| Bybetalingsbedrag: R200,000 x 10% bybetaling | R20,000 |
| Skade % soos geassesseer | 5% |
| Skadeberekening: Versekerde bedrag x skade % | R10,000 |
| Eisbedrag: Skadebedrag – bybetalingsbedrag | R10,000 – R20,000 = R0 |
| Eisbedrag: Skadewaarde is minder as bybetalingsbedrag | R0 |
| **10% Bybetaling** | |
| Versekerde bedrag | R200,000 |
| Bybetalingsbedrag: R200,000 x 10% bybetaling | R20,000 |
| Skade % soos geassesseer | 20% |
| Skadeberekening: Versekerde bedrag x skade % | R40,000 |
| Eisbedrag: Skadebedrag – bybetalingsbedrag | R40,000 – R20,000 |
| Eisbedrag: Skadewaarde is meer as bybetalingsbedrag | R20,000 |

## Bybetaling per polis

| Voorbeelde | |
|---|---|
| **10% Bybetaling** | |
| Versekerde bedrag | R2,000,000 |
| Bybetalingsbedrag: R2,000,000 x 10% bybetaling | R200,000 |
| Skadeberekening van al die lande op die polis | R100,000 |
| Eisbedrag: Skadebedrag – bybetalingsbedrag | R100,000 – R200,000 |
| Eisbedrag: Eisbedrag is minder as bybetalingsbedrag | R0 |
| **10% Bybetaling per polis** | |
| Versekerde bedrag | R2,000,000 |
| Bybetalingsbedrag: R2,000,000 x 10% | R200,000 |
| Skadeberekening van al die lande op die polis | R400 000 |
| Eisbedrag: Skadebedrag – bybetalingsbedrag | R400,000 – R200,000 |
| Eisbedrag is meer as bybetalingsbedrag | R200,000 |

## Kombinasie: Bybetaling/vrystelling per land

| **Voorbeelde** | |
|---|---|
| **10% Bybetaling met 20% vrystelling** | |
| Versekerde bedrag | R200,000 |
| Vrystellingsbedrag: R200,000 x 20% | R40,000 |
| Bybetalingsbedrag: R200,000 x 10% | R20,000 |
| Skade % soos geassesseer | 15% |
| Skadebedrag: Versekerde bedrag x geassesseerde skade % | R30,000 |
| Berekening van vrystelling: Vrystellingsbedrag is meer as eisbedrag | R0 |
| Berekening van bybetaling: Skadebedrag – bybetalingsbedrag | R0 |
| Eisbedrag | R0 |
| **10% Bybetaling met 20% vrystelling** | |
| Versekerde bedrag | R200,000 |
| Vrystellingsbedrag: R200,000 x 20% | R40,000 |
| Bybetalingsbedrag: R200,000 x 10% | R20,000 |
| Skade % soos geassesseer | 21% |
| Skadebedrag: Versekerde bedrag x geassesseerde skade % | R42,000 |
| Berekening van vrystelling: Vrystellingsbedrag is minder as skadebedrag | R42,000 |
| Berekening van bybetaling: Skadebedrag – bybetalingsbedrag | R42,000 – R20,000 |
| Eisbedrag | R22,000 |

## Vrystelling per land

**Neem asseblief kennis: As die geassesseerde skadepersentasie meer is as die vrystellingpersentasie wat aangedui is in jou polisbylae, sal ons die volle skadepersentasie betaal. Byvoorbeeld, as die vrystellingpersentasie 5% is en die geassesseerde skadepersentasie is 5%, dan sal jou eis nie uitbetaal word nie. Maar as die geassesseerde skadepersentasie 6% is, sal ons jou eis teen 6% uitbetaal.**

| **Voorbeelde** | |
|---|---|
| **10% Vrystelling per land** | |
| Versekerde bedrag | R200,000 |
| Vrystellingsbedrag: R200,000 x 10% | R20,000 |
| Skade % soos geassesseer | 5% |
| Skadebedrag: Versekerde bedrag x geassesseerde skade % | R10,000 |
| Eisbedrag: Vrystellingsbedrag is meer as eisbedrag | R0 |
| **10% Vrystelling** | |
| Versekerde bedrag | R200,000 |
| Vrystellingsbedrag: R200,000 x 10% | R20,000 |
| Skade % soos geassesseer | 20% |
| Skadebedrag: Versekerde bedrag x geassesseerde skade % | R40,000 |
| Eisbedrag: Vrystellingsbedrag is meer as eisbedrag | R40,000 |



## Hoe om te eis

Jy moet jou makelaar, of vir ons, in kennis stel van enige voorval wat tot ’n eis aanleiding kan gee, selfs al besluit jy om nie te eis nie.

Eise moet binne die volgende spertye ingedien word:
- Brand en transito: 24 uur na die voorval.
- Hael: 3 dae nadat die skade voorgekom het.
- Ryp op mielies, graansorghum, sonneblomme, katoen en sojabone: 3 dae nadat die skade voorgekom het.
- Ryp op koring: 14 dae nadat die skade voorgekom het.
- Oormaat reën: Binne 24uur nadat die skade voorgekom het.

**Neem asseblief kennis: Wanneer jy ’n eis indien, moet jou makelaar ’n skaderapport voltooi.**

Skade-assessering:
- Ons sal ’n assessor aanstel om die skadepersentasie volgens ons voorgeskrewe assesseringsprosedure te bereken.
- Jy mag nie met die assesseringsproses inmeng of hindernisse vir die assessor veroorsaak nie.
- Die assessor kan die assessering vertraag totdat die omvang van die skade korrek bereken kan word.
- Ons mag enige assessering hersien, verander of aanpas in die geval van ’n ooglopende fout, die toepassing van die verkeerde assesseringsprosedure, of monsters wat verkeerd geneem is.

**Neem asseblief kennis: Jy’s nie gedek as jy die beskadigde gewas oes, voordat die assessering voltooi is nie.**

## Wat deur die koning gedek word

### Brand

Jy's gedek vir sigbare skade veroorsaak deur brand of weerlig terwyl die gewas nog op die versekerde grond is, en op voorwaarde dat die vereistes van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, wet nr. 101 van 1998, nagekom is.

Brandeise sal betaal word op die grondslag van potensiële inkomste of versekerde inkomste, watter een ook al die laagste is. Potensiële inkomste word bereken op die landery se produksie voor die brand, vermenigvuldig met die Safex-prys op die dag van assessering.

**Neem asseblief kennis: Jy's nie gedek vir brandstigting nie.**

### Hael

Jy's gedek vir sigbare, assesseerbare en kwantifiseerbare skade aan die versekerde gewas veroorsaak deur die direkte meganiese aksie van hael.

**Neem asseblief kennis:**
- **Jy's nie gedek vir gevolglike verlies weens hael nie.**
- **'n Glyskaal is van toepassing op kommersiële mielies, sonneblomme, graansorghum en koring.**
- **Skade vanaf 85% word progressief verhoog na 100%.**

### Transito

Jy's gedek vir die verlies of vernietiging van of skade aan die versekerde gewas as gevolg van brand, botsing en omslaan van die vervoermiddel, terwyl die gewas vervoer word na 'n verspreidingspunt op enige plek binne 'n omtrek van 100km van die versekerde plaas.

**Neem asseblief kennis: Jy's net gedek as jy jou eie voertuig/voertuie gebruik. Jy's nie gedek as jy gekontrakteerde voertuie gebruik nie.**

## Opsionele dekking

### Dek meer. Betaal ’n bietjie meer

**Jy kan kies om die volgende opsies by jou basiese ‘Gewasse: Hael’ te voeg. Indien jy enige opsie byvoeg, sal dit slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisskedule aangeteken is en ’n bykomende premie betaal word.**

### Oormaat reen: Slegs koring

Jy’s gedek vir skade of verlies vir:

- Kwalitatiewe skade a.g.v. uitloop van pitte in die aar en/of gepaardgaande daling in die valgetal wat veroorsaak word deur oormaat reën gedurende normale oestyd.
- Kwantitatiewe skade a.g.v. uitval van pitte en/of lande of gedeeltes van lande wat nie gestroop kan word weens oormaat reën gedurende normale oestyd.

Jy’s gedek vir oormaat reën in die fisiologiese ryp groeistadium met die voorwaarde dat:

- Die polis kan nie afsonderlik uitgeneem word nie.
- Alle lande moet aangebied word vir versekering.
- Die polis kan slegs uitgeneem word tot 1 Augustus.

Jy’s nie gedek vir:

- Enige verlies a.g.v. vreemde materiaal wat teenwoordig mag wees nie.
- Enige verlies a.g.v. die teenwoordigheid van gekrimpte pitte wat ontstaan a.g.v. droogte, ryp, hitte en/of koue skade, insek beskadiging, plantsiektes of enige ander oorsake.
- Verliese wat gely word op enige kultivar wat nie deur die LNR vir verbouing in die spesifieke gebied aanbeveel word nie.
- Skade t.o.v. koring wat nie gestroop is teen normale oestyd nie. Dekking staak 31 Januarie.
- Kwalitatiewe verliese a.g.v. voortydige stroop of waar opberging op plase plaasvind en beskadiging intree.

## Ryp

Jy's gedek vir sigbare, kwantifiseerbare en assesseerbare skade veroorsaak deur die vries van 'n plant of dele van 'n plant.

## Ryp: Koring en gars

Jy's gedek vir sigbare, kwantifiseerbare en assesseerbare skade veroorsaak deur die vries van koringgewasse, met dien verstande dat:

- Dit as 'n opsionele versekerde gevaar verseker is en 'n bykomende premie betaal word.
- Alle plase deur ons verseker word.
- Die grond deel is van 'n geregistreerde besproeiingskema.
- Ons dekking geheel na eie goeddunke kan aanvaar of afwys.

**Neem asseblief kennis:**

- **Geen ander koue-verwante gevare word gedek nie.**
- **Die koring moet binne die LNR se plant riglyne geplant word, die onus rus by jou om te bewys dat dit die geval is.**


# Wat NIE deur die koning gedek word nie

## Chemiese en biologiese besmetting

Jy's nie gedek vir skade wat direk of indirek uit chemiese of biologiese besmetting voortspruit nie.

## Gevolglike verlies

Jy's nie gedek vir enige gevolglike verlies nie.



## Onversekerde risiko's

Jy's nie gedek vir enige van die volgende scenario's nie, hetsy dit deur 'n versekerde voorval veroorsaak word of nie:

- Beheerbare siektes, of plaag- of insekbesmettings.
- Die brand van eiendom op las van 'n openbare, plaaslike of statutêre owerheid.
- Aardbewing.
- Vulkaanuitbarsting of ondergrondse brand.
- Chemiese oorbespuiting.
- Die indringing van vee, wilde diere of voëls.
- Jou versuim om die gewasse te oes wat gereed is vir oes.
- Platgesnyde versekerde gewasse.
- Geoeste gewasse.
- Enige gewas indien goeie boerderypraktyke nie toegepas is nie.
- Versekerde gewasse terwyl dit vervoer word deur 'n gekontrakteerde derde party.
- Jou onvermoë om versekerde gewasse te plant.
- 'n Gewas wat geoes word voordat ons assessor dit kon assesseer.
- Gewasse wat nie opkom nie.
- Enige verlies waarvan jy ons nie binne 7 dae nadat die verlies plaasgevind het, in kennis gestel het nie.
- Die diefstal van versekerde gewasse.
- 'n Tekort aan water vir enige besproeide gewas.
- Ryp op gewasse wat nie gespesifiseer is nie.

# Ons B's en V's

## Betaaldatum

Die betaaldatum(s) word aangedui op die polisskedule. Indien 'n vroeë of standaard betaaldatum gekies is, sal daar 'n korting betrokke wees. Indien die betaaldatum nie nagekom word nie, sal die korting verbeur word en jy sal verantwoordelik wees vir die bedrag betaalbaar voor die korting. Die verskil sal op die polisskedule aangedui word as 'korting verbeur'.

## Bybetalingsbedrae

Die toepaslike bybetalingsbedrae is soos volg:

- Ryp op kommersiële mielies, sojabone, graansorghum en katoen: 10% van die totale versekerde bedrag.
- Hael: Soos in jou polisbylae gemeld.
- Koring: Soos in jou polisbylae gemeld.
- Brand en transito: 10% van elke eis.

Die volgende bybetalings sal van toepassing wees indien ’n eis ingestel is teen oormaat reën:

| **Ha. per polis** | **Bybetaling bedrag per polis** | **Bybetaling bedrag per polis** | **Bybetaling bedrag per polis** |
|---|---:|---:|---:|
| | Versekerde waarde <R9 800 per ha. | Versekerde waarde >R9 800 - >R39 000 per ha. | Versekerde waarde >R39 001 per ha. |
| 0 - 100 | R343,000 | R690,000 | R1,030,000 |
| 100.01 - 200 | R590,000 | R1,200,000 | R1,760,000 |
| 200.01 - 400 | R980,000 | R2,000,000 | R2,940,000 |
| 400.01 - 600 | R1,230,000 | R2,470,000 | R3,700,000 |
| 600.01 - 800 | R1,180,000 | R2,350,000 | R3,500,000 |
| 800.01 – 1,000 | R1,220,000 | R2,450,000 | R3,680,000 |

## Geskilresolusie-/inspeksie-assessering

Indien jy enige geassesseerde verlies of skade wil betwis, moet jy ons binne 3 dae na die assessering in kennis stel van jou voorneme om die geskil deur geskilbeslegting by te lê, en jou deskundige nomineer. Indien die geskil oor ’n boontjiegewas in die R9-groeifase gaan, moet jy binne 6 uur jou voorneme verklaar.

Ons sal ’n deskundige aanstel en die 2 deskundiges sal saam ’n beregter aanstel.

Elke party is verantwoordelik vir die koste van sy eie deskundige. Die party wat die geskil verloor, is verantwoordelik vir die beregter se fooi.

Gedurende die geskilbeslegtingproses mag slegs die deskundiges en die beregter teenwoordig wees. Die geskilbeslegtingproses moet voldoen aan ons assesseringsprosedures.

’n Inspeksie-assessering kan deur jou of jou makelaar aangevra word. ’n Inspeksieassessering wat gedurende ’n geskilresolusieproses gedoen word, sal altyd die oorspronklike assessering vervang.

Indien die inspeksie-assessering en die oorspronklike assessering:
- Minder as 5% verskil, moet die party wat die inspeksie aangevra het, ons R1,000 per uur en R6 per kilometer betaal vir die inspeksie. In hierdie geval, bly die oorspronklike assessering van krag.
- Meer as 5% verskil, is die party wat die inspeksie aangevra het nie vir die koste aanspreeklik nie. In hierdie geval, word die inspeksie-assessering wat gedurende die geskilresolusieproses gedoen is, van krag.

Geskille moet binne 1.5 werksdae opgelos word in die geval van bone in die fisiologiese ryp groeistadium. Enige ander gewas moet binne 5 werksdae vanaf kennisgewing opgelos word. Geskilresolusiebesluite is finaal en bindend op alle partye, en geen appèl kan aangeteken word nie.

## Kansellasie

Jy mag slegs jou polis met ons eksplisiete skriftelike toestemming kanselleer. Ons behou verder die reg voor om hierdie polis onmiddellik te kanselleer, of om die waarde van die dekking wat ingevolge hierdie polis verskaf word, te verminder in die geval van ’n wesenlike wanvoorstelling deur jou.

## Oormaat reën

### Eise voorwaardes

Eise word uitbetaal op die versekerde opbrengs of gelewerde opbrengs plus massaverlies as gevolg van oormaat reën, afhangende van watter een die laagste is, en word bereken teen die ooreengekome waarde. Jy moet alle redelike pogings aanwend om te verseker dat die oes betyds ingesamel word.

Die onderstaande waardes word gebruik in berekening van die eis:

B1 Ooreengekome waarde, waarde waarteen verseker is
B2 Ooreengekome waarde, waarde waarteen verseker is
B3 Ooreengekome waarde, waarde waarteen verseker is
B4 Ooreengekome waarde, waarde waarteen verseker is
UT 60% van ooreengekome waarde
KA 50% van ooreengekome waarde

**Graadverlies**
Graadverlies eise word bereken deur die waardes, soos aangedui onder 'Eise voorwaardes', op werklik gerealiseerde opbrengs.

**Kwalitatiewe skade**
Sodra jy kennis gee van die finale besluit dat lande, of gedeeltes van lande, nie stroopbaar is nie, sal ons 'n inspeksie ter bevestiging uitvoer en die oppervlakte van die nie-gestroopte lande bereken, asook die opbrengs voor skade bepaal.

**Neem asseblief kennis:**

- **Indien jy voortgaan met enige insameling van die oes nadat die opbrengs voor skade bereken is, sal alle eise herbereken word teen die nuwe lewering.**
- **Die berekening en finalisering van skade op nie-gestroopte gedeeltes, sal eers geskied na die insameling omwerk of vernietiging van die oes van daardie gedeeltes.**
- **Pit verlies as gevolg van oormaat reën moet direk voor die betrokke strooptyd bepaal word.**
- **Eise word vergoed op die versekerde oppervlakte of die opgemete oppervlakte, watter een ook al die minste is.**

**Kwantitatiewe skade**
Vir die berekening, sal ons van werklike leweringstrokies gebruik maak wat deur 'n gekwalifiseerde graangradeerder uitgereik is.

**Rapportering van skade**
Kwalitatiewe en kwalitatiewe skade: Skade as gevolg van oormaat reën moet binne 24 uur aangemeld word.

## Versekerde herwinningsregte

Jy mag nie enige ooreenkoms sluit of onderneming gee wat jou regte beperk of uitsluit om skadevergoeding te eis van enige persoon wat verantwoordelik is vir die verlies wat deur hierdie versekering gedek word nie. As jy dit doen, of reeds gedoen het, kan ons jou eis afwys.

## Voorkoming van skade

Jy moet skriftelike rekords hou van algemeen aanvaarde boerderypraktyke wat op jou versekerde plase gevolg word, insluitend:

- Datums.
- Aanplantingskoste.
- Opkomdatums.
- Kilogram saad per hektaar.
- Kultivarkeuse.
- Grondontleding.
- Kunsmis-aanbevelings.
- Plaag- en siektebeheer.
- Finansiële state en verskaffersfakture.

Jy moet:

- Goeie en aanvaarbare boerderypraktyke toepas wat die kweek van jou gewasse betref.
- Verseker dat al jou meganiese toerusting in goeie werkende toestand is om skade aan of verlies van jou versekerde gewasse te voorkom of te beperk.
- Alle redelike stappe doen en voorkomingsmaatreëls toepas om skade aan of verlies van jou versekerde gewasse te voorkom.

## Oorplantingskoste

Indien die geassesseerde verliespersentasie meer as 40% is, mag jy die beskadigde landery oorplant nadat ons jou toestemming gegee het daarvoor.

Jy's nie gedek as jy 'n beskadigde landery sonder ons toestemming oorplant nie. As 'n landery oorgeplant is en jy wil dit verseker, moet jy by ons aansoek doen om dekking. Ons sal 'n herstellingspremie en die normale aanvaardingsvoorwaardes vir die landery se versekerde waarde toepas.

Gewasse wat voor die begindatum skade gely het, word nie gedek nie, en geen premies sal terugbetaal word nie, tensy die skade verklaar is en ons 'n voorversekeringskade-assessering gedoen het.

## Begindatum

Dekking ingevolge hierdie polis begin wanneer die gewasse opkom, of die begindatum van toepassing op versekerde gewasse soos hieronder gemeld.

**Begindatum: Hael, brand en transito**

Dekking van versekerde gewasse begin om 07:00 op die sewende dag na die aanvaarding van die kwotasie.

**Begindatum: Ryp op katoen**

Dekking van versekerde gewasse begin om 07:00 op 1 November, of om 07:00 op die sewende dag na die aanvaarding van die kwotasie, watter datum ook al die laatste is.

**Begindatum: Ryp op kommersiële mielies, graansorghum, sonneblomme en sojabone**

Dekking van versekerde gewasse begin om 07:00 op 10 Oktober, of om 07:00 op die sewende dag na die aanvaarding van die kwotasie, of nadat die gewas opgekom het, watter datum ook al die laatste is.

**Begindatum: Ryp op koring en gars**

Dekking van versekerde gewasse begin om 07:00 op die sewende dag na die aanvaarding van die kwotasie, op voorwaarde dat die groeipunte van die gewas reeds in pypstadium is. Dit sal bepaal word deur 'n opkom-assessering deur 'n aangestelde assessor.

## Einddatum

Rypdekking eindig in die sagte deeg groeistadium van koring en gars.

**Einddatum: Brand**

Branddekking eindig op:

- 31 Augustus vir somergewasse.
- 31 Januarie vir wintergewasse.

**Einddatum: Hael op droë bone en grondbone**

Haeldekking eindig 14 dae na die oes, of sodra saad spontaan begin uitloop, of sodra die oes van die landery verwyder is, watter een ook al eerste gebeur.

**Einddatum: Hael op koring**

Haeldekking eindig op 31 Januarie, of wanneer saad spontaan begin uitloop, of wanneer die normale oestyd verby is, watter een ook al eerste gebeur.

**Einddatum: Hael op mielies en graansorghum**
Haeldekking eindig op 31 Augustus.

**Einddatum: Hael op sojabone**
Haeldekking eindig op 31 Mei, of wanneer saad spontaan begin uitloop, of wanneer die normale oestyd verby is, watter een ook al eerste gebeur.


**Einddatum: Hael op sonneblomme en katoen**
Haeldekking eindig op 30 Junie, of wanneer saad spontaan begin uitloop, of wanneer die normale oestyd verby is, watter een ook al eerste gebeur.


**Einddatum: Oes**
Dekking eindig sodra die gewas geoes, gesny, gepluk, herwerk, opgetel of versamel is op enige moontlike manier. Dekking strek nie later nie as die normale oestyd, soos bepaal deur ons assessor/s per gewas, of op 31 Augustus elke jaar, watter datum ook al eerste is, behalwe as:

- Saad spontaan begin uitloop of spring.
- Gewasse geoes word voor dit geassesseer is.
- ’n Ander einddatum in jou polisbylae gemeld word.

**Einddatum: Ryp**
Rypdekking eindig op 31 Maart vir:

- Mielies.
- Sojabone.
- Sonneblomme.
- Graansorghum.
- Katoen.





# Gewasse: Inkomstewaarborg

## In kort...

Moe-rse goeie nuus! Ons is hier om te beskerm wat jy met moe-ite probeer verdien, ingeval moe-der natuur bietjie moe-ilik raak. Ons is ernstig! Ons maak nie grappies oor die waarborg wat ons aanbied op die inkomste uit die oes waarop jy staatmaak nie.

## Wat ons bedoel

**Waar hierdie terme ook al in hierdie polisdokument voorkom, beteken hulle die volgende.**

### Aangeplante hektare

Die produktiewe area van jou versekerde plaas wat met die versekerde gewas beplant is, soos aangedui op 'n GPS-kaart en uitgedruk in hektaar.

**Neem asseblief kennis:**
- **Dit sluit alle waterkanale, panne, kontoere en toegangspaaie uit.**
- **Dit kan verander word wanneer die opkomverslag afgehandel is.**

### Aanvangsprys

Die prys wat gebruik word vir die aanvanklike berekening van die versekerde bedrag. Dit is die SAFEX-prys van die leweringskontrak vir gewasse op die tydstip wanneer jy om hierdie versekering aansoek doen. Hierdie prys kan verander word terwyl die opkomverslag gefinaliseer word. Jy het egter jaarliks net 1 kans om die prys aan te pas en dit moet voor die eerste Vrydag in Desember plaasvind.

Die aanvangsprys sal bereken word deur 'n gemiddelde SAFEX-prys vir die laaste 31 verhandelingsdae van die maand te gebruik.

Die aanvangsprys per gewas sal soos volg bereken word:

| | |
|---|---|
| SAFEX-prys: Mielies | Einde Julie |
| SAFEX-prys: Sojabone | Einde Mei |
| SAFEX-prys: Sonneblomme | Einde Mei |
| SAFEX-prys: Sorghum | Einde Julie |

### Assesseringsprosedure

Die prosedure wat ons volg om skade te bepaal wanneer ’n eis ingedien word.

### Assessor

Die assessor wat deur ons aangestel word om die ondersoek te doen en die gerapporteerde verliese te assesseer, deur die voorgeskrewe assesseringsprosedure te volg.

### Bedrag betaalbaar

Die totale bedrag betaalbaar word in jou polisbylae gemeld. Hierdie bedrag sal verander as ons instem om die waarde van die opbrengs of die getal hektaar wat verseker word, aan te pas en ’n bygewerkte polisbylae sal uitgereik word.

### Bedrag betaalbaar: Minimum

Die minimum bedrag betaalbaar volgens hierdie polis is R5,500. As jou premie op minder as R5,500 uitwerk, sal jou premie outomaties na die minimum bedrag van R5,500 aangepas word.

### Berekende eiswaarde

Gewaarborgde of herberekende gewaarborgde inkomste minus die berekende inkomste.

### Betaaldatum

Betaaldatum is die ooreengekome datum wat op die skedule aangedui word wanneer die dekking sal intree.

### Droogte

Die gebrek aan grondvog wat nodig is vir optimale groei in alle ontwikkelingsfases van ’n gewastipe.

### Gewasprestasie

Die werklike tonnemaat van die geoeste versekerde gewas, soos deur ons bepaal, en volgens die voorgeskrewe assesseringsprosedure geoes.

### Hittegolf

Temperature van 38°C of hoër wat 10+ dae aaneen voortduur.

## Inkomste: Bereken

Die berekende inkomste word soos volg bepaal:
- Tonnemaat geoes x SAFEX-prys (R/ton) + enige uitbetaling deur die 'Hael'-afdeling van hierdie versekering.

| | |
|---|---|
| SAFEX-prys: Mielies | Gemiddelde van laaste 30 dae in Julie |
| SAFEX-prys: Sojabone | Gemiddelde van laaste 30 dae in Mei |
| SAFEX-prys: Sonneblomme | Gemiddelde van laaste 30 dae in Mei |
| SAFEX-prys: Sorghum | Versekerde prys/ton soos in jou polisbylae gemeld |

## Inkomste: Gewaarborg

Die gewaarborgde inkomste sal soos volg bereken word:
- Verwagte inkomste x waarborgpersentasie, soos deur ons goedgekeur.

Die gewaarborgde inkomste van die versekerde gewas per polis sal soos volg bereken word:
- Totale versekerde getal hektaar x verwagte inkomste per hektaar x gewaarborgde persentasie per versekerde gewas.

Die gewaarborgde inkomste per gewas word in jou polisbylae gemeld.

Gewastipes kan na goeddunke saamgevoeg word en in sulke gevalle sal 'n gekombineerde gewaarborgde inkomste in jou polisbylae gemeld word.

**Neem asseblief kennis:**
- **Ten tyde van 'n eis sal die berekende inkomste op die gekombineerde gewaarborgde inkomste gebaseer word.**
- **Eise sal gebaseer word op die enkele gekombineerde gewaarborgde waarde.**

## Inkomste: Verwag

Die verwagte inkomste per hektaar sal soos volg bereken word:
- Aanvangsprys van versekerde gewas (R/ton) x langtermyn gemiddelde opbrengs (ton/hektaar), soos deur ons goedgekeur.

Die verwagte inkomste van die versekerde gewas per polis sal soos volg bereken word:
- Totale versekerde getal hektaar x verwagte inkomste per hektaar.

## Kwantitatiewe verlies

Slegs kwantitatiewe verliese sal bepaal word. Kwalitatiewe verliese word nie bepaal nie.

## Langtermyn gemiddelde opbrengs (LGO)

Gemiddelde boerdery-opbrengs/hektaar oor die afgelope 10 jaar.

## Oes

Kap, sny, oplig of versamel van gewasse op enige wyse.

## Safex

Die Suid-Afrikaanse Termynbeurs, ’n afdeling van die Johannesburgse Aandelebeurs.

## Skadepersentasie

Verlies of skade soos bepaal deur ons assessor.

## Skaderapport

’n Elektroniese dokument wat die volgende insluit:

- Soort gewas.
- Datum van skade.
- Soort skade.
- Beskadigde beplante area.

## Versekerde land

’n Land wat in jou polisbylae gemeld word. Lande moet duidelik geskei wees deur ’n heining, pad, kontoerwal, of iets soortgelyk. As daar nie ’n duidelike skeiding is nie, kan ons assessors die grond (wat moontlik uit verskeie lande bestaan) as ’n enkele entiteit assesseer.

## Versekerde plaas

Die plaas wat in jou polisbylae gemeld word. Dit is die totale grondoppervlakte wat deur jou besit en gebruik word om die gewasse te verbou wat deur hierdie polis gedek word. Besonderhede soos GPS-koördinate word in jou polisbylae gemeld.

## Versekerde skade

Skade wat veroorsaak word deur versekerde gevare soos gemeld in jou polisbylae.

## Waarborgpersentasie

Die persentasie, soos deur ons toegelaat, wat gewaarborg sal word vir die gewas per polis.

## Hoe om te eis

Jy moet jou makelaar, of ons, in kennis stel van enige insident wat tot 'n eis aanleiding kan gee, selfs al besluit jy om nie daarvoor te eis nie.

Die geoeste opbrengs moet 10% laer as die goedgekeurde LGO wees om 'n geldige eis te hê.

Eise moet binne die volgende spertye ingedien word:

- Brand en transito: Binne 24 uur na die insident plaasgevind het.
- Hael: Binne 3 dae van die skade plaasgevind het.
- Ryp op mielies, graansorghum, sonneblomme, katoen en sojabone: Binne 3 dae nadat die skade plaasgevind het.
- Ryp op koring: Binne 14 dae nadat die skade plaasgevind het.
- Droogte: Binne 14 dae nadat die skade plaasgevind het.
- Hittegolf: Binne 7 dae nadat die skade plaasgevind het.
- Oormatige reënval: Binne 3 dae nadat die skade plaasgevind het.
- Oorstroming: Binne 3 dae nadat die skade plaasgevind het.
- Onbeheerbare plantsiektes en plae: Binne 14 dae nadat die skade plaasgevind het.

Wanneer jy 'n eis indien, moet jou makelaar 'n skadeverslag voltooi en 'n skadeassessering sal gedoen word:

- Ons sal 'n assessor aanstel om die persentasie skade volgens ons voorgeskrewe assesseringsprosedure te bereken.
- Jy mag nie met die assesseringsproses inmeng of hindernisse vir die assessor veroorsaak nie.
- Die assessor kan die assessering uitstel totdat die omvang van die skade korrek bereken kan word.
- Ons kan enige assessering nagaan, hersien of aanpas in die geval van 'n ooglopende fout, die toepassing van die verkeerde assesseringsprosedure, of monsters wat verkeerd geneem word.

**Neem asseblief kennis:**

- **Jy's nie gedek as jy die beskadigde gewas oes voordat hierdie assessering afgehandel is nie.**
- **Jy moet ons 14 dae voordat jy beplan om die beskadigde gewas te oes, laat weet.**
- **Ons sal 'n assesseringskoste van R1,000 per uur en R6 per kilometer wat deur ons assessor afgelê word, vra indien die gemelde oesdatum uitgestel word omdat:**
  - **'n Stroper nie beskikbaar is nie of gedurig onklaar raak.**
  - **Daar nie genoeg vragmotors/waens beskikbaar is om die geoeste graan te verwyder nie.**
  - **Die gewas te nat is om te oes.**

## Wat deur die koning gedek word

### Brand

Jy's gedek vir sigbare skade veroorsaak deur brand of weerlig terwyl die versekerde gewas nog op versekerde lande is, en op voorwaarde dat die bepalings van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, Wet 101 van 1998, nagekom is.

### Droogte

Jy's gedek vir sigbare, assesseerbare en kwantifiseerbare skade aan die versekerde gewas weens droogte.

**Neem asseblief kennis: Hierdie dekking word uitgesluit deur die 'Besproeiingstelsels'-afdeling van hierdie versekering.**

### Graadverlies

Jy's gedek vir graadverlies as gevolg van risiko's wat nie beheer kan word deur normale goeie boerderypraktyke en voldoende insek- en siektebeheer toe te pas nie.

**Neem asseblief kennis:**
**Jy's nie gedek vir graadverlies weens die volgende nie:**
- **Gebreekte sade of pitte.**
- **Vreemde stowwe.**
- **Hoë voginhoud.**
- **Scleractinia.**

### Hael

Jy's gedek vir sigbare, assesseerbare en kwantifiseerbare skade aan die versekerde gewas veroorsaak deur die direkte meganiese aksie van hael.

### Hittegolf

Jy's gedek vir onherstelbare skade wat gedurende die groei- of ontwikkelingsfases van versekerde gewasse veroorsaak word deur langdurige of voortgesette hittegolwe wat die drempels van die betrokke gewasse oorskry.

### Onbeheerbare plantsiektes en plae

Jy's gedek vir verlies of skade veroorsaak deur plae en siektes wat nie deur die toepassing van voldoende insek- en siektebeheer en normale goeie boerderypraktyke beheer kan word nie.

### Oormatige reënval

Jy's gedek vir kwalitatiewe en kwantitatiewe skade,vandat die opkoms verslag aanvaar is, wat direk veroorsaak word deur abnormale reënvlakke oor 'n kort tydperk en lei tot uitgeloopte sade, kleiner saadgewig en lande wat nie geoes kan word nie.

### Oorstroming

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan versekerde gewasse weens riviere of strome wat hul walle oorstroom as gevolg van oormatige reënval in die opvanggebied, met dien verstande dat ons aanspreeklikheid beperk word tot gewasse wat bo die vloedlyn is.

### Ryp

Jy's gedek vir sigbare, kwantifiseerbare en assesseerbare skade veroorsaak deur ryp op 'n plant of dele van die plant.

### Transito

Jy's gedek vir die verlies of vernietiging van of skade aan die versekerde gewas as gevolg van brand, botsing en omslaan van die vervoermiddel, terwyl die gewas vervoer word na 'n verspreidingspunt op enige plek binne 'n omtrek van 100km van die versekerde plaas.

**Neem asseblief kennis: Jy's net gedek as jy jou eie voertuig/voertuie gebruik. Jy's nie gedek as jy gekontrakteerde voertuie gebruik nie.**

## Wat NIE deur die koning gedek word nie

### Chemiese en biologiese besoedeling

Jy's nie gedek vir verlies of skade wat direk of indirek uit chemiese en biologiese besmetting voortspruit nie, ongeag die oorsaak.

### Oorplanting

Jy's nie gedek as jy 'n beskadigde land sonder ons toestemming oorplant nie.

## Onversekerde risiko's

Jy's nie gedek vir enige van die volgende scenario's nie, hetsy dit deur 'n versekerde insident veroorsaak word of nie:

- Beheerbare siektes, of plaag- of insekbesmettings.
- Die brand van eiendom op las van 'n openbare, plaaslike of statutêre owerheid.
- Aardbewing.
- Vulkaanuitbarsting of ondergrondse brand.
- Chemiese oorbespuiting.
- Die indringing van vee, wilde diere of voëls.
- Jou versuim om die gewasse te oes wat gereed is vir oes.
- Geoeste gewasse.
- Enige gewas indien goeie boerderypraktyke nie toegepas is nie.
- Versekerde gewasse terwyl dit vervoer word deur 'n gekontrakteerde derde party.
- Jou onvermoë om versekerde gewasse te plant.
- 'n Gewas wat geoes word voordat ons assessor dit kon assesseer.
- Gewasse wat nie opkom nie.
- Enige verlies waarvan jy ons nie binne die toegelate spertyd laat weet het nie.
- Die diefstal van versekerde gewasse.
- Ryp op gewasse nie gespesifiseer is nie

# Ons B's en V's

## Betaaldatum

Die betaaldatum(s) word aangedui op die polisskedule. Indien 'n vroeë of standaard betaaldatum gekies is, sal daar 'n korting betrokke wees. Indien die betaaldatum nie nagekom word nie, sal die korting verbeur word en jy sal verantwoordelik wees vir die bedrag betaalbaar voor die korting. Die verskil sal op die polisskedule aangedui word as 'korting verbeur'.

## Begindatum

Dekking deur hierdie polis begin tydens ons ontvangs en aanvaarding van die opkomverslag, of tydens die aanvangstydperk wat in jou polisbylae gemeld word, watter datum ook al die laatste is.

### Begindatum: Alle ander gevare

Dekking van versekerde gewasse begin na die laatste van:

- Mielies en sorghum: V3-groeifase.
- Sojabone en sonneblomme: V4-groeifase.
- Wanneer ons die skriftelike opkomverslag ontvang en aanvaar het.

**Begindatum: Hael, brand en transito**
Dekking van versekerde gewasse begin om 07:00 op die sewende dag na die aanvaarding van die kwotasie. Dekking onderhewig aan aanvaarding van opkomsverslag. Waar die land nie aanvaar word vir inkomstewaarborg versekering nie het die kliënt die geleentheid om daardie land aan te bied vir haelversekering.

**Begindatum: Ryp**
Dekking van versekerde gewasse begin om 07:00 op 10 Oktober, of om 07:00 op die sewende dag na die aanvaarding van die kwotasie, watter datum ook al die laatste is.

## Einddatum

Dekking eindig sodra die gewas geoes, gesny, gepluk, herwerk, opgetel of versamel is op enige moontlike manier. Dekking strek nie later nie as die normale oestyd, soos bepaal deur ons assessor/s per gewas, of 31 Augustus elke jaar, watter datum ook al eerste is, behalwe as gewasse geoes word voor dit geassesseer is.

**Einddatum: Brand**
Branddekking eindig:
- Op 31 Augustus vir somergewasse.

**Einddatum: Transito**
Dekking eindig:
- Sodra 'n versekerde gewas verder as 100km van die versekerde plaas af is.
- 31 dae na die oes.

## Berekende inkomste

Indien die berekende inkomste meer as die gewaarborgde waarde is, is daar geen eis nie.

Indien die berekende inkomste minder as die gewaarborgde waarde is, moet ons die eis goedkeur.

Indien daar opgemerk word dat die versekerde gebied groter as die beplante gebied is, sal ons die skade op grond van die beplante gebied bepaal en geen premieterugbetaling sal gedoen word nie.

Berekende inkomste = oesopbrengs x SAFEX-prys.

Indien jou graan afgegradeer word weens 'n versekerde gevaar, sal die oeswaarde soos volg bereken word:
- YM2: Sal geag word YM1 te wees.
- YM3: Sal geag word die SAFEX-prys op die gedegradeerde graan minus die standaardvermindering per ton te wees.
- Ondergraad: Ons sal met jou oor 'n waarde per ton ooreenkom.

Plus enige eise bepaal vir:

**Brand**
Brandskade word gedek deur die versekerde waarde of potensiële inkomste, wat ook al die kleinste is.

Potensiële inkomste word omskryf as die opbrengs wat op ’n bepaalde land verkry sou word as dit nie vir die brandskade was nie, vermenigvuldig met die potensiële prys.

Potensiële prys is die prys per ton wat ten tyde van die brand verkry sou word as die brand nie voorgekom het nie.

**Hael: Gedek deur ’n inkomstewaarborgpolis**
’n Skade-assessering sal vir rekorddoeleindes gedoen word, en daar is geen dekking ingevolge hierdie versekering nie. Die assessering sal ’n oes-assessering wees en gedurende oestyd gedoen word.

**Hael: Gedek onder ‘Gewasse: Hael’**
Die goedgekeurde LGO sal verminder word met die gemiddelde berekende persentasie vir hael- en rypskade soos bepaal op die versekerde gewasse. Die gewaarborgde inkomste sal dan herbereken word deur die gewysigde LGO te gebruik.

**Neem asseblief kennis: Aanvullende haeldekking word uitgesluit ingevolge hierdie klousule.**

**Oorplanting**
Die bedrag wat vir oorplantingskoste betaal word.

**Transito**
Dit word bereken as gewig verloor, vermenigvuldig met die waarde per ton soos gemeld in jou polisbylae, minus die toepaslike bybetaling.

## Geskilresolusie-/inspeksie-assessering

Indien jy enige geassesseerde verlies of skade wil betwis, moet jy ons binne 3 dae na die assessering in kennis stel van jou voorneme om die geskil deur arbitrasie by te lê, en jou deskundige nomineer. Indien die geskil oor ’n boontjiegewastipe in die R9-groeifase gaan, moet jy binne 6 ure jou voorneme verklaar.

Ons sal ’n deskundige aanstel en die 2 deskundiges sal saam ’n arbiter aanstel. Elke party is verantwoordelik vir die koste van sy eie deskundige. Die party wat die geskil verloor, is verantwoordelik vir die beregter se fooi.

Gedurende die arbitrasieproses mag slegs die deskundiges en die arbiter teenwoordig wees. Die arbitrasieproses moet aan ons assesseringsprosedures voldoen.

’n Inspeksie-assessering kan deur jou of jou makelaar aangevra word. ’n Inspeksieassessering wat gedurende ’n geskilresolusieproses gedoen word, sal altyd die oorspronklike assessering vervang.

Indien die inspeksie-assessering en die oorspronklike assessering:
- Minder as 5% verskil, moet die party wat die inspeksie aangevra het, ons R1,000 per uur en R6 per kilometer vir die inspeksie betaal. In hierdie geval, bly die oorspronklike assessering van krag.
- Meer as 5% verskil, is die party wat die inspeksie aangevra het nie vir die koste aanspreeklik nie. In hierdie geval, bly die inspeksie-assessering wat gedurende die geskilresolusieproses gedoen is, van krag.

Geskille moet binne 1.5 werksdae opgelos word. Geskilresolusiebesluite is finaal en bindend op alle partye, en geen appèl kan aangeteken word nie.

## Kuilvoer

Indien lande sonder ons toestemming vir kuilvoer gesny word, sal ons die opbrengs van die gesnyde land beskou as die goedgekeurde LGO plus 50% van die LGO.

Indien lande met ons toestemming gesny word en jy nie vir ons die tonnemaat van die gesnyde kuilvoer kan gee nie, sal ons die oesbare prestasie bereken as die berekende geraamde opbrengs, soos oesskatting, plus 25% van die geraamde opbrengs.

Indien lande met ons toestemming gesny word en jy vir ons die tonnemaat van die gesnyde kuilvoer kan gee, sal ons die oesbare prestasie bereken as die geweegde tonnemaat van die kuilvoer gedeel deur 4.

## Oes-assesseringsprosedure

Ons assessor sal die werklike opbrengs van versekerde gewasse bepaal deur ons oesassesseringsprosedure te volg.

Jy moet 'n betroubare stroper wat in goeie werkende toestand is aan ons assessors gee, sodat ons jou oes akkuraat kan beoordeel. Indien die stroper nie in 'n aanvaarbare werkende toestand is nie, kan ons 'n oeskontrakteur aanstel om die prosedure te voltooi, en hierdie koste sal deur jou betaalbaar wees.

Indien jy lande of dele van lande oes voordat ons prosedure gedoen is, sal hierdie lande/dele geag word teen die aanvaarbare LGO geoes te wees.

Indien die prosedure begin het en nuwe skade voorkom, moet dit onmiddellik gestaak word, en die nuwe skade moet aan ons gerapporteer word. Ons assessor sal dan die opbrengs van die lande wat nog nie geoes is nie, by wyse van 'n geoeste assessering bepaal. Die geoeste gebied sal gemeet word, en die opbrengs daarvan sal hetsy op grond van die LGO of die werklik geoeste tonnemaat bepaal word, wat ook al die hoogste is. Indien jy nie oesdepositostrokies aan ons verskaf om die geoeste opbrengste te bereken nie, sal ons die LGO met 50% verhoog.

## Polisuitleg

Jou versekering bestaan uit hierdie polisdokument, jou polisbylae en enige GPSkoördinaat, grondmonster, addendum, endossement en assesseringsprosedure. GPSkoördinate wat in jou polisbylae gemeld word, word as korrek beskou.

## Oorplantkoste

Indien die geassesseerde verliespersentasie meer as 40% is, mag jy die beskadigde land oorplant nadat ons jou toestemming gegee het om dit te doen.

Jy's nie gedek as jy 'n beskadigde land sonder ons toestemming oorplant nie. As 'n land oorplant word en jy wil dit verseker, moet jy by ons aansoek doen om dekking. Ons sal 'n herstellingspremie en die normale aanvaardingsvoorwaardes vir die land se versekerde waarde toepas.

Gewasse wat voor die begindatum skade gely het, word nie gedek nie, en geen premies sal terugbetaal word nie tensy die skade verklaar is en ons 'n voorversekeringskade-assessering gedoen het.

## Verslae

Verslae kan enige tyd en sonder jou toestemming gedoen word. ’n Opkomverslag verifieer die grootte van die beplante gebied, die aanplantingsdatums en die toestand van die gewas wat opgekom het. Dit sluit ’n kaart van die versekerde eiendom in. Indien hierdie verslag ’n land vir multi-inkomstedekking diskwalifiseer, moet jy die land teen hael verseker.

’n Vorderingsverslag verifieer jou boerderypraktyke en kan daartoe lei dat jou versekering gekanselleer word, indien daar gevind word dat jy nie normale boerderypraktyke toepas nie. In hierdie geval sal jou premie nie terugbetaal word nie. Jou haeldekking sal onveranderd bly.

’n Oesskattingsverslag toon die verwagte opbrengs van ’n versekerde gewas, en dui aan of die moontlikheid van ’n eis bestaan.

’n Skadeverslag is ’n elektroniese verslag wat die volgende bevat:
- Tipe gewas.
- Datum van skade.
- Tipe skade.
- Beskadigde beplante gebied.

## Voorkoming van skade

Jy moet skriftelike rekords hou van algemeen aanvaarde boerderypraktyke wat op jou versekerde plase gevolg word, insluitend:
- Aanplant datums.
- Aanplantingskoste.
- Opkomdatums.
- Kilogram saad per hektaar.
- Kultivarkeuse.
- Grondontleding.
- Kunsmis-aanbevelings.
- Plaag- en siektebeheer.
- Finansiële state en verskaffersfakture.

Jy moet:
- Goeie en aanvaarbare boerderypraktyke toepas wat die kweek van jou gewasse betref.
- Seker maak dat al jou meganiese toerusting in goeie werkende toestand is om skade aan of verlies van jou versekerde gewasse te voorkom of te beperk.
- Alle redelike stappe doen en voorkomingsmaatreëls toepas om skade aan of verlies van jou versekerde gewasse te voorkom.

## Kansellasie

Jy mag slegs jou polis met ons eksplisiete skriftelike toestemming kanselleer. Ons behou verder die reg voor om hierdie polis onmiddellik te kanselleer, of om die waarde van die dekking wat ingevolge hierdie polis verskaf word, te verminder in die geval van 'n wesenlike wanvoorstelling deur jou.



# Gewasse: Vrugte

**In kort...**

Ongeag watter vrugte jy groei, ons is die 'smoothie' wat sal verseker dat dit gedek is vir skade en verlies wat voorkom as gevolg van brand, hael, asook tydens transito.

## Wat ons bedoel

**Waar hierdie terme ook al in hierdie afdeling voorkom, is dít wat hulle beteken:**

### Aangeplante ha/gebied/bome

Die produktiewe area van jou versekerde plaas wat met die versekerde gewas beplant is, soos aangedui op 'n GPS-kaart en uitgedruk in hektaar of aantal bome.

**Neem asseblief kennis: Dit sluit alle waterkanale, kontoere en toegangspaaie uit.**

### Assesseringsprosedure

Die prosedure wat ons volg om skade te bepaal wanneer 'n eis ingedien word.

### Assessor

Die assessor wat deur ons aangestel word om die ondersoek te doen en gerapporteerde verliese te assesseer, deur die voorgeskrewe assesseringsprosedure te volg.

### Bedrag betaalbaar

Die totale bedrag betaalbaar word in jou polisbylae gemeld. Hierdie bedrag sal verander as ons instem om die waarde van die opbrengs of die hektare/bome wat verseker word aan te pas, en 'n bygewerkte polisbylae sal uitgereik word.

### Betaaldatum

Betaaldatum is die ooreengekome datum wat op die skedule aangedui word wanneer die dekking sal intree.

## Kwalitatiewe verlies

Wanneer vrugte afgegradeer word volgens die graderingsregulasies van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye as gevolg van versekerbare risiko's, sal 'n waardeaanpassing gedoen word volgens die assesseringsprosedure van die onderskrywende bestuurder.

## Kwantitatiewe verlies

Verlies aan massa as gevolg van 'n versekerde risiko.

## Kaart/boordplan

'n Kaart van jou versekerde eiendom wat al die areas aandui waar die versekerde vrugte geplant is.

## Minimum bedrag betaalbaar

'n Minimum bedrag betaalbaar volgens hierdie versekering sal nie minder wees as R5,500 nie. As jou premiebedrag minder as R5,500 is, sal jou premie outomaties na 'n minimum van R5,500 aangepas word.

## Oes

Kap, sny, oplig of versamel van gewasse op enige wyse.

## Skadepersentasie

Verlies of skade soos bepaal deur ons assessor.

## Skaderaport

'n Elektroniese verslag wat die volgende insluit:

- Tipe gewas.
- Datum van skade.
- Tipe skade.
- Beskadigde beplante gebied.

## Versekerde opbrengs

Die versekerde opbrengs per hektaar of kilogram per boom, per versekerde gewas soos aangedui in jou polisbylae en deur ons aanvaar.

Die versekerde opbrengs:

- Kan verlaag word gedurende die versekeringstydperk tot 31 Desember.
- Kan verhoog word indien geen versekerbare skade plaasgevind het nie.
- Kan nie verhoog word nadat skade voorgekom het nie.

- Kan deur ons aangepas word as jy nie bewys kan lewer van die gemiddelde opbrengs nie.
- Word nie deur hierdie versekering gewaarborg nie.

Oorversekering van opbrengste: Eise sal vergoed word op die basis van die getakseerde opbrengs of die versekerde opbrengs, welke een die minste is. Geen premie terugbetaling word gemaak ten opsigte van oorversekering van opbrengs nie.

## Versekerde plaas

Die plaas wat in jou polisbylae gemeld word. Dit is die totale grondoppervlakte wat deur jou besit en gebruik word om gewasse te verbou wat deur hierdie versekering gedek word. Besonderhede soos GPS-koördinate word in jou polisbylae gemeld.

## Versekerde prys

Die prys waarteen jy ’n gewas verseker het, aangedui in rand per ton of prys per kilogram.

Die versekerde prys:

- Kan nie gedurende die versekeringstydperk verlaag word nie.
- Kan nie verhoog word indien versekerbare skade nie plaasgevind het nie.
- Kan volgens ons diskresie aangepas word.
- Word nie deur hierdie polis gewaarborg nie.

Die versekerde prys kan verhoog word tot en met 31 Desember indien geen versekerde insident plaasgevind het nie.  Dit kan slegs met ons skriftelike toestemming gebeur.

## Versekerde vrugte

Vrugte wat gedek word deur hierdie versekering, soos gemeld in jou polisbylae.

## Versekerde skade

Skade wat veroorsaak word deur versekerde risiko’s soos gemeld in jou polisbylae.

## Versekerde land/boord

’n Landery of boord wat in jou polisbylae gemeld word. Landerye/boorde moet duidelik geskei wees deur ’n heining, pad, waterkanaal, of so iets. As daar nie ’n duidelike skeiding is nie, kan ons assessors die grond (wat moontlik uit verskeie landerye bestaan) as ’n enkele entiteit assesseer.

### Versekerde waarde

Die waarde van die land/boord en/of die polis, soos gemeld in jou polisbylae.

Die versekerde waarde van die grond word bereken as:

- Hektaar/bome x versekerde opbrengs (ton/ha of kg/boom) x versekerde prys (R/ton of R/kg).

Die versekerde waarde van die polis is die somtotaal van die versekerde waardes per land/boord soos aangedui in jou polisbylae.

## Bybetaling

Bybetaling word uitgedruk as 'n persentasie van die versekerde waarde en kan toegepas word per landery/boord, plaas of per polis soos aangedui in die polisbylae. Daar is 4 bybetalingsopsies.

### Bybetaling per land

| **Voorbeelde** | |
|---|---|
| **10% Bybetaling** | |
| Versekerde bedrag | R200,000 |
| Bybetalingsbedrag: R200,000 x 10% bybetaling | R20,000 |
| Skade % soos geassesseer | 5% |
| Skadeberekening: Versekerde bedrag x skade % | R10,000 |
| Eisbedrag: Skadebedrag – bybetalingsbedrag | R10,000 – R20,000 = R0 |
| Eisbedrag: Skadewaarde is minder as bybetalingsbedrag | R0 |
| **10% Bybetaling** | |
| Versekerde bedrag | R200,000 |
| Bybetalingsbedrag: R200,000 x 10% bybetaling | R20,000 |
| Skade % soos geassesseer | 20% |
| Skadeberekening: Versekerde bedrag x skade % | R40,000 |
| Eisbedrag: Skadebedrag – bybetalingsbedrag | R40,000 – R20,000 |
| Eisbedrag: Skadewaarde is meer as bybetalingsbedrag | R20,000 |

## Bybetaling per polis

| Voorbeelde | |
|---|---|
| **10% Bybetaling** | |
| Versekerde bedrag | R2,000,000 |
| Bybetalingsbedrag: R2,000,000 x 10% bybetaling | R200,000 |
| Skadeberekening van al die lande op die polis | R100,000 |
| Eisbedrag: Skadebedrag – bybetalingsbedrag | R100,000 – R200,000 |
| Eisbedrag: Eisbedrag is minder as bybetalingsbedrag | R0 |
| **10% Bybetaling per polis** | |
| Versekerde bedrag | R2,000,000 |
| Bybetalingsbedrag: R2,000,000 x 10% | R200,000 |
| Skadeberekening van al die lande op die polis | R400,000 |
| Eisbedrag: Skadebedrag – bybetalingsbedrag | R400,000 – R200,000 |
| Eisbedrag is meer as bybetalingsbedrag | R200,000 |

## Bybetaling per eis

Slegs van toepassing op brand en transito.

| Voorbeeld | |
|---|---|
| **10% Bybetaling per eis** | |
| Bybetaling % | 10% |
| Skadebedrag | R40,000 |
| Bybetalingsbedrag: Skadebedrag x bybetaling % | R40,000 x 10% |
| Eisbedrag: Skadebedrag – bybetalingsbedrag | R36,000 |

## Kombinasie: Bybetaling/vrystelling per land

| **Voorbeelde** | |
|---|---|
| **10% Vrystelling per veld** | |
| Versekerde bedrag | R200,000 |
| Vrystellingsbedrag: R200,000 x 20% | R40,000 |
| Bybetalingsbedrag: R200,000 x 10% | R20,000 |
| Skade % soos geassesseer | 15% |
| Skadebedrag: Versekerde bedrag x geassesseerde skade % | R30,000 |
| Berekening van vrystelling: Vrystellingsbedrag is meer as eisbedrag | R0 |
| Berekening van bybetaling: Skadebedrag - bybetalingsbedrag | R0 |
| Eisbedrag | R0 |
| **10% Bybetaling met 20% vrystelling** | |
| Versekerde bedrag | R200,000 |
| Vrystellingsbedrag: R200,000 x 20% | R40,000 |
| Bybetalingsbedrag: R200,000 x 10% | R20,000 |
| Skade % soos geassesseer | 21% |
| Skadebedrag: Versekerde bedrag x geassesseerde skade % | R42,000 |
| Berekening van vrystelling: Vrystellingsbedrag is minder as skadebedrag | R42,000 |
| Berekening van bybetaling: Skadebedrag – bybetalingsbedrag | R42,000 – R20,000 |
| Eisbedrag | R22,000 |

## Hoe om te eis


Jy moet jou makelaar, of vir ons, in kennis stel van enige voorval wat tot 'n eis aanleiding kan gee, selfs al besluit jy om nie te eis nie.

Eise moet binne die volgende spertye ingedien word:
- Brand en transito: Binne 24 uur na die voorval plaasgevind het.
- Hael en wind: Binne 3 dae nadat die skade plaasgevind het..

Wanneer jy 'n eis indien, moet jou makelaar 'n skaderapport voltooi.

Skade-assessering:
- Ons sal 'n assessor aanstel om die skadepersentasie volgens ons voorgeskrewe assesseringsprosedure te bereken.
- Jy mag nie met die assesseringsproses inmeng of hindernisse vir die assessor veroorsaak nie.
- Die assessor kan die assessering vertraag totdat die omvang van die skade korrek bereken kan word.
- Ons mag enige assessering hersien, verander of aanpas in die geval van 'n ooglopende fout, die toepassing van die verkeerde assesseringsprosedure, of monsters wat verkeerd geneem is.

**Neem asseblief kennis:**
- **Jy moet genoeg arbeid en masjinerie voorsien om beskadigde vrugte te oes.**
- **Jy's nie gedek as jy die beskadigde gewas oes voordat hierdie assessering afgehandel is nie.**
- **Jy's nie gedek as jy nie hierdie eisprosedure volg nie.**



## Wat deur die koning gedek word

### Brand

Jy's gedek vir sigbare skade veroorsaak deur brand of weerlig terwyl die gewas nog op versekerde grond is, en op voorwaarde dat die vereistes van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, Wet No. 101 van 1998, nagekom is. Brandskade sal vergoed word op die basis van die versekerde opbrengs of potensiële opbrengs, welke die minste, vermenigvuldig met die versekerde prys per ton/kg, welke die minste.

Potensiële opbrengs is die massa op die land/boord indien daar nie brandskade was nie.

**Neem asseblief kennis: Jy's nie gedek vir brandstigting nie.**

### Hael

Jy's gedek vir sigbare, assesseerbare en kwantifiseerbare skade aan die versekerde gewas veroorsaak deur die direkte meganiese aksie van hael.

**Neem asseblief kennis: Jy's nie gedek vir gevolglike verlies weens hael nie.**

### Transito

Jy's gedek vir die verlies of vernietiging van of skade aan die versekerde gewas as gevolg van brand, botsing en omslaan van die vervoermiddel, terwyl die gewas vervoer word na 'n verspreidingspunt op enige plek binne 'n omtrek van 100 km van die versekerde plaas.

**Neem asseblief kennis: Jy's net gedek as jy jou eie voertuig/voertuie gebruik. Jy's nie gedek as jy gekontrakteerde voertuie gebruik nie.**

### Wind

Jy's gedek vir kwantitatiewe skade as gevolg van wind, op voorwaarde dat die direkte meganiese aksie van wind gekoppel is aan haelskade en die gewasse op jou polisbylae aangedui is.

## Wat NIE deur die koning gedek word nie

### Chemiese en biologiese besmetting

Jy's nie gedek vir skade wat direk of indirek uit chemiese of biologiese besmetting voortspruit nie.

### Gevolglike verlies

Jy's nie gedek vir enige gevolglike skade, insluitend vertraagde groei of ontwikkeling en verlies van 'n daaropvolgende seisoen se oes nie.

### Geoeste vrugte in opberging

Jy's nie gedek vir die verlies van of skade aan enige geoeste vrugte wat in opberging is nie (hetsy permanent of tydelik).

### Volgende jaar se oes

Jy's nie gedek vir skade aan volgende jaar se oes nie.

### Onversekerde risiko's

Jy's nie gedek vir verlies of skade as gevolg van:

- Water of klammigheid, insluitend as dit die oopbars of kraak van vrugte veroorsaak.
- Wind kwalitatief en kwantitatief, hetsy met gepaardgaande hael of nie, tensy wind ingesluit is in jou polisbylae.
- Die brand van eiendom op las van 'n openbare, plaaslike of statutêre owerheid.
- Die ineenstorting van enige deel van 'n gebou, tensy dit as gevolg van 'n brand is.
- Aardbewing, vulkaanuitbarsting of ondergrondse brand.
- Siektes (insluitend vrugteverrotting).
- Sonbrand of aardverwarming.
- Geleidelike agteruitgang of verrotting.
- Diere, voëls, termiete, ongedierte, insekte, larwes en mikro-organismes.
- Chemiese behandeling van bome, plante of vrugte.
- Jou versuim om die gewasse te oes wat gereed is vir oes.
- Jou onvermoë om versekerde gewasse te plant.
- 'n Gewas wat geoes word voordat ons assessor dit kon assesseer.
- Enige gewas indien goeie boerderypraktyke nie toegepas is nie.
- Gewasse wat nie opkom nie.
- Ryp.
- Vertraagde groei of verlies van die volgende seisoen se oes.
- Kwalitatiewe verlies op boom neute.

## Ons bepalings en voorwaardes

### Betaaldatum

Die betaaldatum(s) word aangedui op die polisskedule. Indien 'n vroeë of standaard betaaldatum gekies is, sal daar 'n korting betrokke wees, indien die betaaldatum nie nagekom word nie sal die korting verbeur word en jy sal verantwoordelik wees vir die bedrag betaalbaar voor korting. Die verskil sal op jou polisskedule aangedui word as 'korting verbeur'.

### Geskilresolusie-/Inspeksie-assessering

Indien jy enige geassesseerde verlies of skade wil betwis, moet jy ons binne 3 dae na die assessering in kennis stel van jou voorneme om die geskil deur arbitrasie by te lê, en jou deskundige te nomineer.

Ons sal 'n deskundige aanstel en die 2 deskundiges sal saam 'n arbiter aanstel. Elke party is verantwoordelik vir die koste van sy eie deskundige. Die party wat die geskil verloor, is verantwoordelik vir die beregter se fooi.

Gedurende die arbitrasieproses mag slegs die deskundiges en die arbiter teenwoordig wees. Die arbitrasieproses moet aan ons assesseringsprosedures voldoen.

'n Inspeksie-assessering kan deur jou of jou makelaar aangevra word. 'n Inspeksieassessering wat gedurende 'n geskilresolusieproses gedoen word, sal altyd die oorspronklike assessering vervang.

Indien die inspeksie-assessering en die oorspronklike assessering:

- Minder as 5% verskil, moet die party wat die inspeksie aangevra het, ons R1,000 per uur en R6 per kilometer vir die inspeksie betaal. In hierdie geval bly die oorspronklike assessering van krag.
- Meer as 5% verskil, is die party wat die inspeksie aangevra het nie vir die koste aanspreeklik nie. In hierdie geval bly die inspeksie-assessering wat gedurende die geskilresolusieproses gedoen is, van krag.

Geskille moet binne 1.5 werksdae opgelos word. Geskilresolusie besluite is finaal en bindend op alle partye en geen appèl kan aangeteken word nie.

## Kansellasie

Jy mag slegs jou polis met ons eksplisiete skriftelike toestemming kanselleer. Ons behou verder die reg voor om hierdie polis onmiddellik te kanselleer, of om die waarde van die dekking wat ingevolge hierdie polis verskaf word, te verminder in die geval van 'n wesenlike wanvoorstelling deur jou.

## Meer as 1 versekerde eiendom

As jy vrugte op meer as 1 versekerde eiendom verseker, is hierdie dekking afsonderlik op elke versekerde eiendom van toepassing, op grond van die inligting met betrekking tot elke eiendom soos gemeld in jou polisbylae.

## Voorkoming van skade

Jy moet skriftelike rekords hou van algemeen aanvaarde boerderypraktyke wat op jou versekerde plase gevolg word, insluitend:

- Water skedules.
- Krag onderbreking rekords.
- Oesdatumsdatums.
- Kultivarkeuse.
- Grondontleding.
- Kunsmis-aanbevelings.
- Plaag- en siektebeheer.
- Finansiële state en verskaffersfakture.

Jy moet:

- Goeie en aanvaarbare boerderypraktyke toepas wat die kweek van jou gewasse betref.
- Verseker dat al jou meganiese toerusting in goeie werkende toestand is om skade aan of verlies van jou versekerde gewasse te voorkom of te beperk.
- Alle redelike stappe doen en voorkomingsmaatreëls toepas om skade aan of verlies van jou versekerde gewasse te voorkom.

## Begindatum

Dekking onder hierdie polis tree in werking by blom blaar val, volbot of die relevante aanvangsdatum soos gespesifiseer in die polis, welke laaste per gewas.
Versekering van enige gewas wat reeds skade toon as gevolg van 'n versekerde risiko, sal nie geldig wees nie.


**Begindatum: Brand, hael, wind en transito**
Dekking van versekerde gewasse begin om 07:00 op die sewende dag na die aanvaarding van die kwotasie, of wanneer 80% vrugteset bereik word, watter datum ook al die laatste is.

## Einddatum

Dekking eindig:

- Wanneer die versekerde gewas geoes word.
- Wanneer die aanvaarde oestydperk vir die seisoen en versekerde gewas verby is.
- Op die vervaldatum soos gemeld in jou polisbylae.
- Sodra vrugteset vir die nuwe seisoen begin.
- Op 31 Augustus.

Watter een ook al eerste gebeur.



# Glas

### In kort...

Hoewel gebreekte glas miskien nie na ’n duur artikel lyk om te vervang nie, kan spesialiteitglas baie duur wees. Indien die glas en spieëls by jou sakeperseel breek, kan ons nie belowe jy gaan nie 7 jaar teenspoed kry nie (jammer), maar ons kan jou frons in ’n glimlag verander deur seker te maak dit word so gou as moontlik vervang.

## Wat ons bedoel

**‘Glas’-dekking**

Jy’s gedek vir die verlies van of skade aan jou interne en eksterne glas (insluitend weerkaatsende glas of spieëls), letterskilderwerk daarop en die behandeling daarvan, op die versekerde perseel, soos in jou polisskedule gemeld, of waarvoor jy verantwoordelik is.

Met glas verwys ons na vensterglas (insluitend spieëls), wat gewone plaat- of ruitglas is wat nie dikker as 6mm is nie, hetsy bedek deur laag of nie, of gelamineerde veiligheidsglas wat 6.5mm dik is. Indien die glas wat jy deur hierdie afdeling wil dek, anders is as die glas wat hier beskryf word, moet jy ons laat weet.

## Wat deur die koning gedek word

In die ‘Glas’-afdeling is jy gedek vir verlies of skade wat die volgende insluit:

- Die redelike koste van die aanbring van die nodige skuttings.
- Skade aan winkeltoonvensters, rame, vensteruitstallings (insluitend los en vaste toebehore), diefalarmstroke, -drade en -vibrators.
- Die koste van die verwydering en herinstallering van los en vaste toebehore wat nodig is om die glas te vervang.
- Die koste van ’n veiligheidswag voor die vervanging van die glas, die aanbring van skuttings of die herstel van die diefalarmstelsel. Ons is nie hiervoor aanspreeklik indien hierdie koste deur enige ander versekeringspolis gedek word nie.

**Neem asseblief kennis: Die maksimum bedrag wat ons ten opsigte van die glas en ander koste sal betaal, word in jou polisskedule gemeld.**

## Opsionele dekking

### Dek meer. Betaal ’n bietjie meer

**Jy kan kies om die volgende opsies by jou basiese ‘Glas’-dekking te voeg. Indien jy enige opsie byvoeg, sal dit slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisskedule aangeteken is en ’n bykomende premie betaal word.**

### Oproer en staking

Jy’s gedek vir verlies van of skade aan die versekerde eiendom weens:

- Burgerlike beroering, arbeidsonrus, oproer, staking of uitsluiting.
- Die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming, onderdrukking of hantering op enige ander wyse van enige gebeurtenis waarna hierbo verwys word.

Jy’s nie gedek nie:

- Waar die skade binne Suid-Afrika of Namibië plaasvind, tensy spesifieke ‘Oproer en staking’-dekking verkry is.
- Vir gevolglike verlies van enige aard, behalwe verlies aan huurgeld of die koste van alternatiewe verblyf.
- Vir verlies weens die terughouding of konfiskering van geld deur enige wettig ingestelde owerheid.
- Vir skade of verlies veroorsaak deur die staking, vertraging of onderbreking van werk of enige proses.
- Vir verlies weens oorlog, optrede van ’n buitelandse vyand, oorlogsbedrywighede (ongeag of oorlog verklaar is of nie) of burgeroorlog.
- Vir verlies weens ’n militêre opstand of magsoorname, krygswet, rebellie of revolusie wat die afkondiging of handhawing van krygswet bepaal.
- Vir verlies weens enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken is om enige staat, regering of provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme, geweld of protes teen hulle omver te werp of te beïnvloed.
- Vir verlies weens enige optrede wat daarop bereken is om verlies of skade te veroorsaak met die voorneme om ’n politieke oogmerk te bevorder, om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring.
- Vir verlies weens die optrede van ’n wettige owerheid om op enige ander wyse ’n gebeurtenis te hanteer waarna in enige van die klousules hierbo verwys word.

**Neem asseblief kennis: Indien jou eis afgewys word omdat ons sê dat 1 of meer van die uitsluitings hierbo van toepassing is, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

## Spesiale vervanging

Indien jy ná ’n voorval waarvoor jy kan eis, volgens die Nasionale Bouregulasies of soortgelyke wetgewing verplig word om die beskadigde glas deur glas van ’n beter gehalte te vervang, sal ons die hoër vervangingskoste (insluitend rame) dek. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal, word in jou polisskedule gemeld.

## Wat NIE deur die koning gedek word nie

In die ‘Glas’-afdeling (insluitend ‘Opsionele’ dekking) is jy nie gedek nie vir verlies of skade indien die:

- Verlies of skade deur ’n brandversekeringspolis verseker word. Hierdie uitsluiting is nie van toepassing indien jy as ’n huurder vir die glas verantwoordelik is nie.
- Verlies of skade die gevolg is van verbouings of aanbouings aan die versekerde gebou.
- Glas deel uitmaak van jou handelsvoorraad.
- Skade bestaan het voordat jou dekking deur hierdie afdeling begin het.
- Skending of skade, behalwe ’n bars, dwarsdeur die dikte van die glas of enige laminering daarvan is.






# Goedere in transito

## In kort...

Wanneer jou volgelaaide afleweringsvoertuig met 'n waardevolle vrag 'n slaggat tref, het jy omvattende dekking met 'n polis sonder skuiwergate nodig. Ons weet vervoerskade en diefstal gebeur heeltemal te gereeld – of dit nou goedere in jou eie motor is, of goedere wat in jou besigheidsvloot of deur professionele vervoermaatskappye vervoer word. Met die koning se dekking sal hierdie skade nie jou besigheid laat spoed verloor nie.

## Keuse van dekking

### Jou keuse, ons plesier

**In hierdie afdeling kan jy jou goedere in transito op die volgende maniere dek:**

**A. Omvattende dekking**

**B. Brand, ontploffing, botsing, ontsporing en omslaan van vervoermiddel alleenlik**

**C. Brand, ontploffing, botsing, ontsporing, omslaan van vervoermiddel, diefstal en kaping alleenlik**

## Wat ons bedoel

**Goedere in transito**

Jy's ook gedek wanneer jou goedere tydelik met 'n ander vervoermiddel vervoer word as die een wat jy gespesifiseer het, indien:

- Die vervoermiddel wat jy gespesifiseer het tydens transito onklaar geraak het.
- Die vervoermiddel wat jy gespesifiseer het, herstel of versien word.
- Die goedere om enige rede buite jou beheer aan die risiko van verlies of skade blootgestel word.

**Vervoermiddel**

Goedere wat per pad, spoor of lug vervoer word.

**Neem asseblief kennis:**

- **Jy mag slegs eis vir die goedere wat jy gespesifiseer het en wat in jou polisskedule gemeld word.**
- **Die maksimum bedrag wat ons vir enige eis sal betaal, is die bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.**
- **Transito begin met die verwydering (insluitend die dra en laai) van die goedere vanaf die afsender se perseel, duur voort tydens die vervoer van die goedere, en eindig wanneer die goedere afgelaai en afgelewer word by die ontvanger se perseel of die perseel wat deur die ontvanger aangewys is.**
- **Die duur van die vervoer sluit dekking in terwyl die goedere in die loop van die reis tydelik geberg word, vir ’n tydperk van hoogstens 96 uur altesaam.**
- **Transito sluit die terugsending van goedere wat deur die ontvanger geweier word, na die perseel van die afsender in.**
- **Jy’s gedek vir koste wat noodsaaklikerwys aangegaan word ten opsigte van die opruiming en verwydering van puin en brandbluskoste ná skade aan die vervoermiddel of aan die eiendom daarop, beperk tot R10,000 of die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, wat ook al die hoogste is, ten opsigte van enige versekerde voorval.**
- **Jy’s gedek vir goedere wat binne die grense van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland (Eswatini), Zimbabwe, Mosambiek en Malawi is.**

## A. Omvattende dekking

### Wat deur die koning gedek word

Jy’s gedek vir die verlies van of skade aan goedere in transito wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is, wat veroorsaak word deur ’n ongeluk of enige voorval (insluitend brandbluskoste) wat nie deur hierdie afdeling uitgesluit word nie.

## B. Brand, ontploffing, botsing, ontsporing en omslaan van vervoermiddel alleenlik

### Wat deur die koning gedek word

Jy’s gedek vir die verlies van of skade aan goedere in transito wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is, wat veroorsaak word deur brand, ontploffing, botsing, ontsporing en omslaan van die vervoermiddel.

## C. Brand, ontploffing, botsing, ontsporing, omslaan van vervoermiddel, diefstal en kaping alleenlik

### Wat deur die koning gedek word

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan goedere in transito wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is, wat veroorsaak word deur brand, ontploffing, botsing, ontsporing, omslaan van die vervoermiddel, diefstal en kaping.

### Alle opsies

### Opsionele dekking

### Dek meer. Betaal 'n bietjie meer

**Jy kan kies om die volgende opsie by jou basiese 'Goedere in transito'-dekking te voeg. Indien jy dit byvoeg, sal dit slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisskedule aangeteken is en 'n bykomende premie betaal word.**

### Oproer en staking

Jy's gedek vir verlies van of skade aan die versekerde eiendom weens:
- Burgerlike beroering, arbeidsonrus, oproer, staking of uitsluiting.
- Die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming, onderdrukking of hantering op enige ander wyse van enige gebeurtenis waarna hierbo verwys word.

Jy's nie gedek nie:
- Waar die skade binne Suid-Afrika of Namibië plaasvind, tensy spesifieke 'Oproer en staking'-dekking verkry is.
- Vir gevolglike verlies van enige aard, behalwe verlies aan huurgeld of die koste van alternatiewe verblyf.
- Vir verlies weens die terughouding of konfiskering van geld deur enige wettig ingestelde owerheid.
- Vir skade of verlies veroorsaak deur die staking, vertraging of onderbreking van werk of enige proses.
- Vir verlies weens oorlog, optrede van 'n buitelandse vyand, oorlogsbedrywighede (ongeag of oorlog verklaar is of nie) of burgeroorlog.
- Vir verlies weens 'n militêre opstand of magsoorname, krygswet, rebellie of revolusie wat die afkondiging of handhawing van krygswet bepaal.

- Vir verlies weens enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken is om enige staat, regering of provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme, geweld of protes teen hulle omver te werp of te beïnvloed.
- Vir verlies weens enige optrede wat daarop bereken is om verlies of skade te veroorsaak met die voorneme om ’n politieke oogmerk te bevorder, om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring.
- Vir verlies weens enige terreurdaad, insluitend die gebruik van of dreigement om krag of geweld te gebruik, deur enige persoon of groep (ongeag of hulle alleen of namens ’n ander optree), met die voorneme om ’n regering te beïnvloed of die publiek aan vrees te onderwerp.
- Vir verlies weens die optrede van ’n wettige owerheid om op enige ander wyse ’n gebeurtenis te hanteer waarna in enige van die klousules hierbo verwys word.

**Neem asseblief kennis: Indien jou eis afgewys word omdat ons sê dat 1 of meer van die uitsluitings hierbo van toepassing is, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

## Alle opsies

### Wat NIE deur die koning gedek word nie

In die ‘Goedere in transito’-afdeling (insluitend ‘Opsionele’ dekking) is jy nie gedek nie vir verlies of skade:

- As gevolg van slytasie of geleidelike agteruitgang (insluitend die geleidelike werking van lig, klimaats- of atmosferiese toestande), tensy dit volg op ’n ongeluk of voorval waarvoor jy kan eis.
- As gevolg van meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, weiering, brekasie of steuring van die versekerde goedere, tensy dit volg op ’n ongeluk of voorval waarvoor jy kan eis.
- Weens die feit dat goedere tydens transito nie behoorlik met toue vasgemaak en met seil bedek is nie.
- Weens verlies van enige aard, oponthoud, verlies van markte, waardevermindering of veranderings wat deur natuurlike oorsake teweeggebring word, tensy dit volg op ’n ongeluk of teenspoed wat nie uitgesluit is nie.
- Indien die versekerde voertuig in ’n ongeluk betrokke is en dit nie aan die padwaardigheidsvereistes van padverkeerswetgewing voldoen nie.
- As gevolg van ’n ongeluk waar die versekerde voertuig passasiers in ’n voertuig sleep, of ’n vrag goedere of motors dra wat die dravermoë oorskry waarvoor dit gebou of gelisensieer is, tensy anders bepaal in jou polisskedule.

- Aangegaan terwyl jy of enige ander persoon (met jou toestemming en na jou wete) onder die invloed van verdowingsmiddels of alkohol 'n voertuig bestuur, nie gelisensieer is om die voertuig te bestuur nie, 'n bestuurslisensie het wat geëndosseer is vir dronk- of roekelose en nalatige bestuur, of die ongelukstoneel onwettig verlaat.
- Aangegaan terwyl die voertuig bestuur word deur 'n persoon wat nie 'n geldige professionele bestuurspermit (soos vereis deur die Nasionale Padverkeerswet, indien van toepassing) het om die voertuig te bestuur nie.
- Weens die verlies van of skade aan kontant, bank- en valutanote, muntstukke, obligasies, koepons, seëls, verhandelbare instrumente, transportaktes, manuskripte of sekuriteite van enige aard.
- As gevolg van diefstal uit 'n onbewaakte voertuig in jou bewaring of onder jou beheer, of in die bewaring of onder beheer van jou prinsipaal, vennoot, lid, direkteur of werknemer, tensy die goedere gehou word in 'n voertuig wat behoorlik beveilig en gesluit is of die voertuig self gehuisves word in 'n gebou wat veilig gesluit is, en betreding of verlating van die geslote voertuig of gebou met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating gepaardgaan.
- Weens 'n inherente gebrek of defek, ongedierte, insekte, klammigheid, muf of roes.
- As gevolg van jou oneerlikheid of die oneerlikheid van jou prinsipaal, vennoot, lid, direkteur of werknemer, ongeag of die persoon alleen optree of met ander saamspan.
- As gevolg van terughouding, konfiskering of rekwisisie deur doeane of ander beamptes of owerhede.
- Voortspruitend terwyl in transito ter see of via binnelandse waterweg.
- Weens die onklaarraking van verkoelingstoerusting.



# Kantoorinhoud

### In kort...

Soms gaan dit nie net oor wat jy doen nie, maar ook hoe jy dit doen... En het jy al ooit gewonder hoe jy dit gaan doen as al jou goed gesteel of beskadig is? Gelukkig het die koning ’n reserweplan. Ons sal dekking verskaf vir jou kantoorinhoud, huurgeld en alternatiewe perseel, dokumente en regsaanspreeklikheid met betrekking tot dokumente, en verhoogde bedryfskoste, sodat jy jou werk kan voortsit.

## Keuse van dekking

### Jou keuse, ons plesier

**Binne hierdie afdeling kan jy die volgende eiendom dek wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is:**
**A. Kantoorinhoud**
**B. Huur en alternatiewe perseel**
**C. Dokumente**
**D. Regsaanspreeklikheid: Dokumente**
**E. Verhoogde bedryfskoste**

## A. Kantoorinhoud

## Wat ons bedoel

**Kantoorinhoud**
Die kantoorinhoud by jou besigheidsperseel, soos gemeld in jou polisskedule, insluitend:

- Verhuurder se los en vaste toebehore wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is.
- Meubels, roerende eiendom en kantoortoerusting wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is.
- Alle ander inhoud van jou kantoor.

## Wat deur die koning gedek word

Jy's gedek vir verlies of skade as gevolg van:

- Aardbewing (ondergrondse werksaamhede van enige myn uitgesluit).
- Botsing deur diere, bome (behalwe as hulle afgekap word), antennes, satellietskottels en voertuie, maar jy's nie gedek vir skade aan of vir eiendom in of op sodanige voertuie nie.
- Brand, weerlig of donderslag, onderaardse brand of ontploffing.
- Lugvaartuie en ander lugtoestelle, en voorwerpe wat daaruit laat val word.
- Storm, wind, water, hael of sneeu.
- Opsetlike dade.
- Toevallige skade aan of brekasie van spieëlglas, glasblaaie van meubels, of vaste glas wat deel uitmaak van 'n meubelstuk.

# B. Huur en alternatiewe perseel

## Wat ons bedoel

**Huur**
As jy die eienaar van die versekerde gebou is en die versekerde gebou word deur 'n betalende huurder bewoon ten tyde van 'n voorval wat deur hierdie afdeling gedek word, sal jy gedek wees vir jou verlies aan huurinkomste.

**Alternatiewe perseel**
As jy die eienaar en bewoner van die versekerde gebou is ten tyde van 'n voorval wat deur hierdie afdeling gedek word, sal jy gedek wees vir die huurkoste om soortgelyke, alternatiewe verblyf te verkry.

## Wat deur die koning gedek word

Wat huur betref, is jy gedek vir:

- Die bedrag wat jy sou ontvang het gedurende die tyd wat dit verg om die gebou weer bewoonbaar te maak.
- Die maksimum bedrag wat jy werklik ontvang, of tot die redelike markverwante huurwaarde soos deur ons bepaal vir die verhuurde perseel, wat ook al die laagste is.
- Die deel van die gebou wat werklik verhuur word.
- 'n Maksimum van 25% van die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

Wat alternatiewe perseel betref, is jy gedek vir:

- Die werklike huur betaalbaar deur jou gedurende die tyd wat dit verg om die gebou weer bewoonbaar te maak.
- 'n Maksimum van 25% van die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

## C. Dokumente

### Wat ons bedoel

**Dokumente**
Items soos verbandaktes, transportaktes, films, bande, adressograafplate, oordragaktes, volmagte, tenderdokumente en ooreenkomste, aktes, verbandbriewe, sertifikate, testamente, manuskripte, besigheidsboeke, kaarte, planne, tekeninge, uittreksels, spesifikasies, rekenaarprogramme en -rekords (hetsy op papier, mikrofilm, magneetband of skyf, en geskrewe en gedrukte dokumente) in verband met die besigheid, wat deur jou besit word of waarvoor jy verantwoordelik is, en wat normaalweg by die kantoorperseel gehou word, tot en met die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

### Wat deur die koning gedek word

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan dokumente as gevolg van 'n voorval wat nie spesifiek uitgesluit word nie.

**Neem asseblief kennis: Dekking is beperk tot koste, heffings en uitgawes wat aangegaan word om die dokumente te vervang of te herstel.**

## D. Regsaanspreeklikheid: Dokumente

### Wat deur die koning gedek word

Jy's gedek vir regsaanspreeklikheid teenoor ander, wat direk veroorsaak word deur die verlies van of skade aan dokumente waarvoor jy volgens 'C. Dokumente' kan eis.

## E. Verhoogde bedryfskoste

### Wat deur die koning gedek word

Jy's gedek vir bykomende uitgawes as gevolg van 'n voorval waarvoor jy volgens 'C. Dokumente' kan eis, waarvoor nie andersins voorsiening gemaak word nie maar wat aangegaan word om die gewone werksaamhede van die besigheid in stand te hou. Dekking is beperk tot 25% van die versekerde bedrag.

## Alle opsies

## Wat deur die koning gedek word

**Jy's deur 'Kantoorinhoud' (insluitend 'Opsionele' dekking) gedek vir verlies of skade as gevolg van:**

### Alle ander inhoud

Alle ander inhoud waarna in 'A. Kantoorinhoud' verwys word, sluit in, maar is nie beperk nie tot, persoonlike besittings en gereedskap wat aan jou of jou direkteure, lede of werknemers behoort, sover hierdie eiendom nie elders verseker is nie.

Hierdie voordeel is beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule per persoon gemeld word, ten opsigte van eiendom wat verloor of beskadig word terwyl dit op jou kantoorperseel is.

### Beperkings

Ons aanspreeklikheid binne hierdie klousule vir:

- Geld en seëls is beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.
- Dokumente, manuskripte, planne, besigheidsboeke, ontwerpe, patrone, modelle en gietvorms, rekenaarstelsels, -rekords en -media, is beperk tot die koste van materiaal en arbeid.

### Brandbluskoste

Jy's gedek vir redelike koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, met dien verstande dat jy regtens aanspreeklik is vir hierdie koste en dat die versekerde eiendom in gevaar was weens die brand.

## Wat ons bedoel

**Dokumente**
Items soos verbandaktes, transportaktes, films, bande, adressograafplate, oordragaktes, volmagte, tenderdokumente en ooreenkomste, aktes, verbandbriewe, sertifikate, testamente, manuskripte, besigheidsboeke, kaarte, planne, tekeninge, uittreksels, spesifikasies, rekenaarprogramme en -rekords (hetsy op papier, mikrofilm, magneetband of skyf, en geskrewe en gedrukte dokumente) in verband met die besigheid, wat deur jou besit word of waarvoor jy verantwoordelik is, en wat normaalweg by die kantoorperseel gehou word, tot en met die bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

Jy's nie deur 'C. Dokumente' gedek nie vir:
- Geld, geldige pos- of inkomsteseëls, gekanselleerde en ongekanselleerde koepons, sekuriteite, toonderobligasies of tjeks.
- Enige skriftelike opdrag om 'n bedrag geld te betaal, of enige skriftelike bewys van skuld of verpligting.
- Alle eiendom wat vervoer of aangehou word as monsters of vir verkoop of aflewering na verkoop.
- Rekenaarsagteware en rekenaardatadraende media, tensy anders bepaal in jou polisskedule.
- Koste, heffings en uitgawes aangegaan om film- of videotonele en/of klankbane oor op te neem.

## Eiendom wat tydelik verwyder word

Eiendom gemeld in jou polisskedule wat tydelik van die perseel verwyder word, binne Suid-Afrika, Malawi, Namibië, Botswana, Lesotho en Swaziland (Eswatini), word gedek vir verlies of skade wat veroorsaak word deur 'n voorval wat deur hierdie afdeling gedek word.

Die eiendom moet:
- Per pad, spoor of binnelandse waterweg vervoer word.
- Verwyder word met die doel om dit skoon te maak, op te knap of te herstel.

## Herstel en vervanging

Indien die eiendom (behalwe voorraad) beskadig word, sal die bedrag betaalbaar bereken word op grond van die koste van vervanging of herstel met dieselfde tipe eiendom, maar nie beter nie, as die versekerde eiendom toe dit nuut was, op dieselfde perseel, met dien verstande dat:
- Die vervanging of herstel redelik vinnig uitgevoer moet word (dit kan op 'n ander perseel wees, met dien verstande dat ons aanspreeklikheid nie daardeur verhoog word nie).
- Ons eers aanspreeklik sal wees om te betaal nadat koste deur jou aangegaan is om die eiendom te vervang of te herstel.

Waar die versekerde eiendom wat deur 'n omskrewe gevaar beskadig word 'n meetbare werkvermoë het en dit nie moontlik is om sodanige eiendom volgens die herstelwaardevoorwaarde te vervang of te herstel nie, sal ons die koste betaal van vervanging van sodanige eiendom met eiendom van gehalte, kapasiteit, werkvermoë of produksie so na as moontlik aan, maar nie minderwaardig nie in vergelyking met, dié van die oorspronklike eiendom, in ooreenstemming met die herstelwaardevoorwaarde.

## Huurdersklousule

Jou dekking word nie geraak nie deur enige handeling of versuim deur enige eienaar van 'n gebou of enige huurder (behalwe jy) wat sonder jou medewete plaasvind. Jy moet ons in kennis stel sodra jy bewus word van so 'n handeling wat strydig is met enige van die bepalings, uitsonderings of voorwaardes van hierdie afdeling, en jy sal verantwoordelik wees vir enige bykomende premie wat betaalbaar is vanaf die datum waarop 'n verhoogde risiko voorkom.

## Kapitaaltoevoegings

Jy's gedek vir veranderings en verbeterings aan en toevoegings tot die eiendom (behalwe bedryfsvoorraad en -materiaal), beperk tot 25% van die versekerde bedrag. Jy moet ons so gou as moontlik van sodanige veranderings, verbeterings en toevoegings laat weet, om daarvoor gedek te word.

## Kragstuwings weens beurtkrag

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan jou kantoorinhoud, wat veroorsaak word deur 'n kragstuwing wat direk volg op die heraanskakeling van krag nadat geskeduleerde beurtkrag plaasgevind het.

Vir die doeleindes van hierdie dekking is beurtkrag die doelbewuste en georganiseerde optrede van die kragvoorsiener om die voorsiening van krag te verminder met die doel om te verhoed dat 'n kragopwekkingsaanleg oorlaai word.

Jy's net gedek indien jy:

- Toerusting vir beskerming teen kragstuwings installeer ooreenkomstig die SANS 10142-1 Praktykkode.
- 'n Kombinasie van klas 1- en 11-beskermingstoestelle op, of as deel van, die elektriese distribusie- en voorsieningstelsel van die gebou installeer.
- Seker maak dat alle installerings, toestelle, antennes en telefoonlyne goed geaard is, en dat genoeg aardlek-eenhede in verdeelborde geïnstalleer word.

**Neem asseblief kennis: Indien hierdie beskermingstoestelle nie in plek is nie, is ons aanspreeklikheid beperk tot 25% van die eisbedrag.**

## Kwaadwillige skade

Jy's gedek vir eiendom gemeld in jou polisskedule wat opsetlik beskadig word.

Jy's nie gedek vir:

- Skade opsetlik veroorsaak deur jou of, met jou medewete of toestemming, deur jou prinsipale, vennote, lede en direkteure.
- Eiendom wat gesteel word of beskadig word wanneer dit gesteel word.
- Eiendom wat beskadig word terwyl diewe toegang tot die perseel verkry of dit verlaat.
- Die verwydering of gedeeltelike verwydering, sloping, poging tot of gedeeltelike sloping, van jou gebou, indien daar 'n poging tot of suksesvolle diefstal uit jou gebou of enige deel daarvan is.
- Gevolglike verlies, behalwe verlies aan huurgeld of die koste van alternatiewe verblyf.
- Skade of verlies veroorsaak deur die staking, vertraging of onderbreking van werk of enige proses.
- Verlies of skade indien die gebou vir meer as 31 opeenvolgende dae onbewoon gelaat is, of leeg staan of verlate is, tensy anders bepaal in jou polisskedule.

## Lopers

Onderworpe aan bevredigende bewys deur jou dat die versekerde perseel met behulp van 'n loper of ander soortgelyke toestel (behalwe 'n duplikaatsleutel) betree of verlaat is, sal dit vir die doeleindes van 'n versekerde voorval as 'n kragdadige en gewelddadige betreding (of verlating) beskou word.

## Nuwe en bykomende persele

Indien jy kantore of spreekkamers (behalwe dié wat in jou polisskedule gemeld word) in Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland (Eswatini), Zimbabwe, Mosambiek en Malawi okkupeer, sal die versekering volgens hierdie afdeling geld asof hierdie kantore of spreekkamers persele binne die bestek van hierdie afdeling is, met dien verstande dat:

- Jy ons binne 'n redelike tyd na okkupasie daarvan in kennis stel, en dat jy 'n bykomende premie betaal wat proporsioneel bereken word vanaf die tydstip van okkupasie tot aan die einde van die versekeringstydperk wat op daardie tydstip van krag was.
- Hierdie klousule nie van toepassing is op enige verlies in soverre dit andersins verseker is nie.

## Slopings- en opruimingskoste

Jy's gedek vir die redelike en noodsaaklike koste van die sloping of demontering van die eiendom; verwydering van puin; oprigting en instandhouding van skuttings en ander soortgelyke strukture wat vereis word tydens sloping, demontering, puinverwydering en herbouing, beperk tot 15% van die eisbedrag.

## Slotte en sleutels

Jy's gedek vir die koste om slotte en sleutels van 'n versekerde gebou te vervang nadat 'n sleutel vir sodanige perseel verdwyn het, of as jy goeie rede het om te glo dat 'n ongemagtigde persoon in besit van 'n duplikaatsleutel kan wees.

**Neem asseblief kennis: Elke eis sal beperk word tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.**

## Tydelike herstelwerk

Jy's gedek vir die redelike koste wat jy vir tydelike herstelwerk aangaan, en om die tydelike maatreëls te tref wat na 'n versekerde voorval nodig is.

## Veranderings en wanbeskrywings

Die dekking deur hierdie afdeling sal nie benadeel word nie deur enige verandering of wanbeskrywing van okkupasie as gevolg van:

- Die verskuiwing van prosesse of masjinerie.
- Die aanskaffing van bykomende persele.
- Strukturele veranderings of herstelwerk aan geboue, masjinerie of toerusting, met dien verstande dat ons so gou as moontlik daarna in kennis gestel word.

## Verhindering van toegang: Huurgeld

Indien eiendom binne 'n omtrek van 50km vanaf die versekerde perseel soos gemeld in jou polisskedule gedurende die versekeringstydperk verloor word of deur 'n omskrewe gevaar beskadig word, en dit die gebruik van of toegang tot die versekerde eiendom wat deur hierdie afdeling gedek word verhinder of belemmer, sal ons betaal vir enige verlies aan huurgeld wat jy as gevolg daarvan kan ly, tot en met die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

Die berekening van verlies aan huurgeld berus op die huur wat betaalbaar is onmiddellik voor die verlies of voorval, of die ekwivalent daarvan in huurwaarde.

## Alle opsies

## Opsionele dekking

### Dek meer. Betaal ’n bietjie meer

**Jy kan kies om die volgende opsies by jou basiese ‘Kantoorinhoud’-dekking te voeg. Indien jy enige opsie byvoeg, sal dit slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisskedule aangeteken is en ’n bykomende premie betaal word.**

### Diefstal met kragdadige betreding/verlating

Jy’s gedek vir diefstal of poging tot diefstal van jou kantoorinhoud, slegs wanneer daar sigbare, kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die gebou is. Jy’s nie gedek vir diefstal of poging tot diefstal deur ’n prinsipaal, vennoot, lid, direkteur of werknemer nie.

### Diefstal sonder kragdadige betreding/verlating

Jy’s gedek vir diefstal of poging tot diefstal van jou kantoorinhoud. Jy’s nie gedek vir diefstal of poging tot diefstal deur ’n prinsipaal, vennoot, lid, direkteur of werknemer nie.



## Insakking en grondverskuiwing

Jy's gedek vir verlies of skade wat aan jou eiendom veroorsaak word deur insakking, as gevolg van afwaartse of sywaartse beweging van die grond wat dit ondersteun, weens natuurlike verskuiwings of menslike aktiwiteit. Hierdie dekking is onderworpe daaraan dat die gebou se fondament en konstruksie deur 'n gelisensieerde strukturele ingenieur ontwerp en goedgekeur moet wees.

Jy's nie gedek vir skade veroorsaak deur:

- Volumeveranderings in kleigrond, of in klip, veroorsaak deur veranderings in die vogvlakke.
- 'n Styging in die watertafel of druk wat daardeur veroorsaak word.
- Uitgrawings (insluitend die verwydering van laterale ondersteuning), behalwe mynboubedrywighede.
- Verwydering of verswakking van pilare.
- Gebrekkige ontwerp, materiaal en vakmanskap.
- Normale vestiging, inkrimping of uitsetting van die grond wat die strukture ondersteun.
- Swak kompaktering van grond wat gebruik word om ruimtes onder plaveisel en vloere op te vul.
- Bykomende onderstutting van fondamente wat nodig is vir die herstel van die gebou, of om verdere skade te voorkom.
- Dreine, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, hekke, pilare of heinings, tensy spesifiek verseker.
- Werksmense wat besig is met strukturele verbouings, aanbouings of herstelwerk aan 'n gebou wat op die versekerde perseel geleë is.
- Gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld of die koste van alternatiewe verblyf.

**Neem asseblief kennis: Indien jou eis afgewys word omdat ons sê dat 1 of meer van hierdie uitsluitings van toepassing is, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

## Kragstuwing/weerligslag

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan versekerde eiendom, wat deur kragstuwing en weerligslag veroorsaak word, tot en met die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

## Oproer en staking

Jy's gedek vir verlies van of skade aan die versekerde eiendom weens:

- Burgerlike beroering, arbeidsonrus, oproer, staking of uitsluiting.
- Die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming, onderdrukking of hantering op enige ander wyse van enige gebeurtenis waarna hierbo verwys word.

Jy's nie gedek nie:

- Waar die skade binne Suid-Afrika of Namibië plaasvind, tensy spesifieke 'Oproer en staking'-dekking verkry is.
- Vir gevolglike verlies van enige aard, behalwe verlies aan huurgeld of die koste van alternatiewe verblyf.
- Vir verlies weens die terughouding of konfiskering van geld deur enige wettig ingestelde owerheid.
- Vir skade of verlies veroorsaak deur die staking, vertraging of onderbreking van werk of enige proses.
- Vir verlies weens oorlog, optrede van 'n buitelandse vyand, oorlogsbedrywighede (ongeag of oorlog verklaar is of nie) of burgeroorlog.
- Vir verlies weens 'n militêre opstand of magsoorname, krygswet, rebellie of revolusie wat die afkondiging of handhawing van krygswet bepaal.
- Vir verlies weens enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken is om enige staat, regering of provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme, geweld of protes teen hulle omver te werp of te beïnvloed.
- Vir verlies weens enige optrede wat daarop bereken is om verlies of skade te veroorsaak met die voorneme om 'n politieke oogmerk te bevorder, om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring.
- Vir verlies weens enige terreurdaad, insluitend die gebruik van of dreigement om krag of geweld te gebruik, deur enige persoon of groep (ongeag of hulle alleen of namens 'n ander optree), met die voorneme om 'n regering te beïnvloed of die publiek aan vrees te onderwerp.
- Vir verlies weens die optrede van 'n wettige owerheid om op enige ander wyse 'n gebeurtenis te hanteer waarna in enige van die klousules hierbo verwys word.

**Neem asseblief kennis: Indien jou eis afgewys word omdat ons sê dat 1 of meer van hierdie uitsluitings van toepassing is, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

## A. Kantoorinhoud

## Wat NIE deur die koning gedek word nie

Jy's nie gedek vir verlies of skade as gevolg van:
- Veroorsaak deur 'n getygolf as gevolg van 'n aardbewing of vulkaniese uitbarsting.
- Voortspruitend uit 'n proses wat die versekerde perseel ondergaan wat noodwendig die gebruik of aanwending van water behels.
- In die ondergrondse werksaamhede van 'n myn.
- Skade opsetlik veroorsaak deur jou of, met jou medewete of toestemming, deur jou prinsipale, vennote, lede en direkteure.
- Insakking of grondverskuiwing, tensy anders bepaal in jou polisskedule.
- Die verwydering of gedeeltelike verwydering, sloping of poging daartoe of gedeeltelike sloping, van jou gebou, waar daar 'n poging tot of suksesvolle diefstal uit jou gebou of enige deel daarvan is.
- Indien die versekerde perseel onbewoon is vir meer as 31 opeenvolgende dae, of leeg staan of verlate is.
- Motors, soos motorvoertuie, bromponies, karavane, sleepwaens, vliegtuie, vragmotors en watervaartuie, en al hul bykomstighede.
- Vir vooraad of materiale wat gebruik word in besigheid.
- Eiendom wat meer spesifiek elders verseker is.

## Wat ons bedoel

**Elektorniese dataverwerkings toerusting**
Verwys en is beperk tot rekenaars en alle verwante hardeware, toerusting en rekenaarsagteware, en die inligting of data wat daarin of daarop gestoor is.

## C. Dokumente

## Wat NIE deur die koning gedek word nie

Jy's nie gedek vir verlies of skade aan dokumentasie as gevolg van:
- Geleidelike agteruitgang of slytasie.
- Elektriese, elektroniese of magnetiese beskadiging, versteurings of uitwissing van elektroniese of magnetiese opnames, behalwe as dit deur weerlig veroorsaak is.
- Termiete, motte, insekte, ongedierte, inherente foute, of deur die verwerking of kopiëring van ander werk op die dokumente.
- Jou oneerlikheid of die oneerlikheid van jou prinsipaal, vennoot, lid, direkteur of werknemer, ongeag of die persoon alleen optree of met ander saamspan. Hierdie uitsluiting is nie van toepassing indien die lid of direkteur ook jou werknemer is, en jy die reg ten alle tye behou om die werk en prestasie te direkteur.

- Geld, huidige pos- of inkomsteseëls, gekanselleerde en ongekanselleerde koepons, sekuriteite, draereffekte of tjeks.
- Enige skriftelike bevel om ’n bedrag in geld te betaal, of enige skriftelike bewys van skuld of verpligting.
- Alle eiendom wat vervoer of aangehou word as monsters of vir verkoop of aflewering na verkoop.
- Rekenaarsagteware en rekenaardatadraende media, tensy anders bepaal in jou polisskedule.
- Koste, heffings en uitgawes aangegaan om film- of videotonele en klankbane oor op te neem.

## D. Regsaanspreeklikheid: Dokumente

### Wat NIE deur die koning gedek word nie

Jy’s nie gedek vir verlies of skade as gevolg van:

- Aanspreeklikheid wat deur die ooreenkoms aanvaar word, tensy jy steeds aanspreeklik sou gewees het, as die ooreenkoms nie aangegaan is nie.
- Enige regsaanspreeklikheid waar jou eis onder ‘C.Dokumente’ dekking verwerp is.



# Lewende hawe en wild

### In kort...

Van renosters tot rooibokkies het ons jou vee en wild gedek. En omdat ons verstaan dat jou plaas anders is as elke ander boerdery, kan jy die dekking kies wat jy benodig... En nie betaal vir die dekking wat jy nie benodig nie. Hierdie afdeling het egter dekking vir elke geleentheid. Sit dus terug, lees dit deur en besluit watter omslag die beste vir jou is.


## Keuse van dekking

### Jou keuse, ons plesier

**In hierdie afdeling kan jy lewende hawe en wild dek vir die volgende:**

**A. Vang**
**B. Oplaai**
**C. Transito**
**D. Aflaai**
**E. Mortaliteit: Alle risiko's**
**F. Beperkte mortaliteit**
**G. Brand en weerlig**
**H. Veilings**
**I. Bomas: Slegs wild**

**Neem asseblief kennis: Wat wild betref, as jy diere van 1 kamp of plek na 'n ander skuif, het jy bykomende dekking nodig vir vang, oplaai, transito en aflaai. Hervestiging van wild word nie gedek nie, tensy dit spesifiek in jou polisskedule gemeld word en 'n bykomende premie betaal word.**



## A. Vang

### Wat deur die koning gedek word

**Neem asseblief kennis:**
- **Die vangproses mag nie 'n redelike hoeveelheid tyd in enige opeenvolgende 24-uursiklus oorskry nie en mag nie twee keer binne 31 dae uitgevoer word nie.**
- **As jy 'n tweede vangproses wil uitvoer, moet jy weer om dekking aansoek doen. Jy's net gedek as dit in jou polisskedule aangeteken is en 'n bykomende premie betaal word.**
- **Jy moet 'n gesondheidsertifikaat van 'n veearts vir wild, lewende hawe en bokke indien, en ons moet dit goedkeur.**

### Afsonderlike verdowing met pyl

Jy's gedek indien 'n versekerde dier vrek:
- Direk as gevolg van die vangproses, waartydens die dier afsonderlik met 'n pyl verdoof is (chemies geïmmobiliseer) is.
- Binne 24 uur na die vangproses, as gevolg van 'n besering wat opgedoen is in of gedurende die vangproses. Hierdie 24-uurtydperk begin op die tydstip wanneer die vangproses begin.

**Neem asseblief kennis: Dekking eindig onmiddellik nadat die proses van immobilisering omgekeer is deur die dier by te bring, of indien die dier bykom.**

Hierdie dekking sluit die neem van buffelbloedmonsters in (die proses om buffels met pyle te verdoof en hul bloed vir tuberkulose te toets), tot 3 keer binne enige 6-weketydperk. Die opvolgproses (pylverdowing en toetsing) na 3 dae, wat deur wetgewing vereis word, word ook gedek.

Jy's nie gedek vir die vrekte van 'n versekerde dier wat direk of indirek deur die volgende veroorsaak word nie:
- Toediening van enige medikasie, tensy deur 'n veearts.
- Nalatigheid van 'n veearts tydens die behandeling, pylverdowing of vang van die dier. Indien ons aanvoer dat 'n veearts nalatig was, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.

**Wat ons met ‘massavangs’ bedoel**
Dit is om meer as 1 dier op ’n slag te vang of te probeer vang, deur ’n net- of tregterstelsel te gebruik, in plaas van om die diere afsonderlik met pyle te verdoof.

**Wat ons met ‘passiewe vang’ bedoel**
Dit is om meer as 1 dier op ’n slag te vang of te probeer vang, deur ’n kamp op te rig waarin die diere passief kan inbeweeg voordat hulle in nette of vervoereenhede aangekeer word, in plaas van om die diere afsonderlik met pyle te verdoof.

**Massa- en passiewe vangs**
Jy’s gedek vir die vrekte van versekerde diere wat tydens massa- en passiewe vangs voorkom, met dien verstande dat die eerste 10% van die koppetelling uitgesluit sal word.

## B. Oplaai

## Wat deur die koning gedek word

### Versekerde diere laai

Jy’s gedek terwyl versekerde diere op ’n voertuig of in ’n krat gelaai word om vervoer te word. Hierdie dekking eindig wanneer die diere op die voertuig klim of in die krat inloop.

## C. Transito

## Wat deur die koning gedek word

### Dood

Jy’s gedek vir die vrekte van versekerde diere terwyl hulle vervoer word, as gevolg van:
- Besering.
- Die feit dat die voertuig omgeslaan het of by ’n ongeluk betrokke was.
- Diefstal of kaping van die voertuig.
- Brand of weerlig.

Met dien verstande dat:

- Dekking begin nadat die diere op 'n voertuig of in 'n krat gelaai is om per pad, lug of see vervoer te word, en eindig wanneer die diere afgelaai word.
- Indien transito as gevolg van 'n ongeluk, besering of siekte onderbreek word, die vervoerder toesien dat die versekerde diere sodanig versorg word dat dit nie ons aanspreeklikheid aantas nie.
- 'n Ervare hanteerder die diere te alle tye vergesel, en vervoer deur 'n professionele vervoerder verskaf word.
- Genoeg kos en water deurentyd gedurende transito verskaf word, ooreenkomstig met SABS-riglyne.
- Bestuurders ervaring het in die vervoer van diere, nie bestuursveroordelings mag hê nie, en nie onder die invloed van verdowingsmiddels of alkohol mag bestuur nie.
- Die diere te alle tye behoorlike ventilasie het.
- Die voertuig geskik is vir die vervoer van die spesifieke diere wat vervoer word, en so ontwerp is dat die diere binne-in die voertuig gehou word. Die diere se ledemate en koppe mag nie by die kante of bo die voertuig uitsteek nie. Die diere moet genoeg ruimte bokant hê om in 'n natuurlike posisie vervoer te word.
- Verskillende spesies nie op enige tydstip saamgehok mag word nie.
- Die diere so gou as moontlik afgelaai word nadat hulle hul bestemming bereik het.
- Geskikte skuiling tydens vervoer verskaf word. Die diere moet beskerm wees teen uiterste hitte, koue, wind en reën, en moet genoeg skaduwee teen direkte sonlig hê.
- Die diere binne 30 minute na vertrek ondersoek word deur die bestuurder of opsigter, en dat die voertuig minstens elke 2 uur gedurende die reis lank genoeg stilstaan sodat die diere kan herkou.
- Ons 'n veearts-sertifikaat moet ontvang en goedkeur voordat jy versekerde diere mag vervoer.

**Wat ons met 'ongeluk' bedoel**

'n Versekerde dier:

- Wat tydens transito 'n steekbesering opdoen wat deur 'n ander dier veroorsaak word.
- Wat beseer word of vrek terwyl die voertuig waarin dit vervoer word, by 'n ongeluk of botsing betrokke is.

## D. Aflaai

## Wat deur die koning gedek word

**Wat ons met 'aflaai' bedoel**

Die tyd wanneer en plek waar 'n versekerde dier vir die eerste keer afgelaai word van 'n voertuig wat dit van 1 plek na 'n ander vervoer het, tydens 'n versekerde gebeurtenis. Dekking vir stres na vrylating is ingesluit.

## Beperkte risiko's

Dit word beperk tot risikomortaliteitsdekking vir die eerste 14 dae nadat versekerde diere vervoer is. Indien jy 'n langer tydperk as 14 dae kies, sal jou dekking van dag 15 af outomaties 'E. Mortaliteit: Alle risiko's'-dekking word.

**Neem asseblief kennis:**

- **Jy moet 'n geldige permit hê om die versekerde diere aan te hou, en jou eiendom moet aan die minimum vereistes vir grondgrootte voldoen soos deur enige relevante Suid-Afrikaanse departement, owerheid of wetgewing bepaal word.**
- **Dekking vir stres ná vrylating is ingesluit.**

## E. Mortaliteit: Alle risiko's

## Wat deur die koning gedek word

Jy's gedek vir die vrekte van versekerde diere as gevolg van:

- Ongesteldheid en siekte.
- Besering en ongeluk.
- Brand en weerlig.
- Predasie en slangbyt.
- Obstruktiewe kraam of moeilike geboorte (distosie).

## Diefstal en stropery

Jy's gedek vir die verlies van versekerde diere as gevolg van diefstal en stropery.

**Neem asseblief kennis:**
**Jy's gedurende die eerste 14 dae van hierdie versekering nie gedek vir vrekte weens ongesteldheid of siekte, of verlies weens diefstal, nie. Indien die dekkingstydperk minder as 12 maande is, is jy nie gedek vir predasie, diefstal en stropery nie.**

### Veeartskoste

Jy's gedek vir die eerste R5,000 van die veeartskoste indien jy 'n veearts inroep om te kom kyk na 'n versekerde dier wat:

- 'n Ongeluk oorkom, mank is of fisieke ongeskiktheid ondervind.
- Onnatuurlik optree of op 'n manier wat op 'n lewensgevaarlike besering of siekte kan dui, soos om erg mank te loop of herhaaldelik in 'n elektriese heining vas te loop.

Jy moet:

- Ons laat weet binne 24 uur nadat dit gebeur het.
- Toelaat dat die geaffekteerde dier/e vir behandeling weggeneem word indien ons dit verlang.
- Vir ons 'n verslag van die veearts stuur wat bevestig dat die ongesteldheid weens die besering lewensgevaarlik is.

**Neem asseblief kennis: Hierdie dekking is beperk tot 1 voorval in enige 12-maandetydperk, en is beperk tot R5,000 per dier. Jou bybetaling sal 20% van die eisbedrag wees.**

## F. Beperkte mortaliteit

## Wat deur die koning gedek word

### Vrekte

Jy's gedek vir die vrekte van versekerde diere as gevolg van:

- Besering en ongeluk.
- Brand en weerlig.
- Slangbyt.

### Diefstal en stropery

Jy's gedek vir die verlies van versekerde diere weens diefstal en stropery, met dien verstande dat die dekkingstydperk 12 maande of langer is.

**Neem asseblief kennis:**

- **Jy's gedurende die eerste 14 dae van hierdie versekering nie gedek vir vrekte of verlies weens stropery of diefstal nie.**
- **Jy's nie gedek vir vrekte weens ongesteldheid of siekte nie.**
- **Jy's nie gedek vir hipertermie of hipotermie nie, tensy dit in jou polisskedule gemeld word en 'n bykomende premie betaal word.**

## G. Brand en weerlig

### Wat deur die koning gedek word

#### Brand en weerlig

Jy’s gedek vir die vrekte van versekerde diere as gevolg van brand en weerlig.

**Neem asseblief kennis:**

- **Jy moet voor die aanvang van dekking ’n register wat die versekerde diere identifiseer, by ons indien vir goedkeuring deur ons. Ons aanspreeklikheid is beperk tot die diere op die register.**
- **Geen veearts-sertifikaat is nodig nie.**
- **Jy’s nie gedek indien die oorsaak van die vrekte onbekend is nie.**

## H. Veilings

### Wat deur die koning gedek word

#### Openbare veiling

Jy’s gedek vir die verlies van versekerde diere wat jy by ’n openbare veiling koop of verkoop, met dien verstande dat jy die bepalings en voorwaardes vermeld in die veilingkatalogus of die veilingkwotasie wat ons verskaf, nagekom het. Vir hierdie doel word ‘koop’ beskou as ’n aksie wat gebeur wanneer die hamer val, tensy jou polisskedule anders vermeld.

## I. Bomas: Slegs wild

### Wat deur die koning gedek word

#### Wild wat in bomas gehou word

Jy’s gedek vir ‘E: Mortaliteit: Alle risiko’s’ en stres na vrylating terwyl die diere in ’n boma gehou word.

## Alle opsies

## Opsionele dekking

### Dek meer. Betaal ’n bietjie meer

**Jy kan kies om die volgende opsies by jou basiese ‘Lewende hawe en wild’-dekking te voeg. Indien jy dit byvoeg, sal dit slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisskedule aangeteken is en ’n bykomende premie betaal word.**

### Kalwers en lammers

Jy’s gedek vir ’n kalf of tweelingkalwers wat ouer as 24 uur maar jonger as 6 maande is, beperk tot 20% van die versekerde bedrag van die koei. In die geval van ’n suksesvolle eis vir ’n kalf sal die versekerde bedrag op die versekerde koei verminder word met die bedrag wat vir die kalf/kalwers uitbetaal is.

Jy’s gedek vir ’n lam of tweelinglammers wat ouer as 24 uur maar jonger as 3 maande is, beperk tot 10% van die versekerde bedrag van die ooi.

**Neem asseblief kennis:**
- **Dit is slegs van toepassing ten opsigte van versekerde koeie en ooie.**
- **Die kalwers en lammers sal dieselfde dekking as die versekerde koeie en ooie hê.**



## Embrio/fetus

Hierdie uitbreiding sluit embriodekking en fetusdekking in vir 'n versekerede dragtige dier.

## Ongesteldheid en siekte

Jy's gedek vir die volgende ongesteldhede en siektes, met dien verstande dat hulle afsonderlik in jou polisskedule gemeld word en dat 'n bykomende premie vir elkeen betaal word:

- Hartwaterkoors.
- Bloednier.
- Rooiwaterkoors.
- Bloutong.

## Impotensie en onvrugbaarheid: E. Mortaliteit: Alle risiko's

Jy's gedek vir permanente onvrugbaarheid of impotensie van 'n versekerde stamboekbul of ram, met dien verstande dat:

- Jy bevredigende bewys en sertifisering by ons indien.
- Die impotensie of onvrugbaarheid 'n direkte gevolg van 'n eksterne ongeluk of ongesteldheid is wat gedurende die dekkingstydperk gebeur.

**Neem asseblief kennis: Om dekking te kry, moet jy 'n vrugbaarheidsertifikaat wat deur 'n veearts uitgereik is, met 'n datum van nie meer as 14 dae na die begin van hierdie dekking nie, aan ons verskaf.**

## Alle opsies

## Wat NIE deur die koning gedek word nie: Alle opsies

## Gebreekte horing of tand

Jy's nie gedek vir versekerde diere met 'n gebreekte horing of tand nie. Jy kan 'n eis indien wanneer so 'n dier vrek, met dien verstande dat jy 'n verslag van die nadoodse ondersoek van die dier aan ons verskaf.

## Verdwyning, ontsnapping en diefstal

Jy's nie gedek vir die vrekte van of besering aan versekerde diere, wat direk of indirek veroorsaak word deur of gebeur as gevolg van die volgende nie:

- Die ontsnapping of geheimsinnige verdwyning van versekerde diere vanaf die perseel wat in jou polisskedule gemeld word.
- Jou vrywillige afstanddoening van die besit van of reg op die versekerde diere, voortspruitend uit 'n bedrieglike skema, kullery of onder valse voorwendsels.

## Besering en vrekte

Jy's nie gedek vir die vrekte van of besering aan versekerde diere, wat direk of indirek veroorsaak word deur of gebeur as gevolg van die volgende nie:

- Enige chirurgiese operasie, tensy dit deur 'n veearts uitgevoer word, en ons vooraf skriftelike toestemming gegee het vir die prosedure.
- Enige medikasie, tensy dit deur 'n veearts voorgeskryf word.
- Opsetlike vergiftiging van enige aard of toevallige gifblaarvergiftiging.
- Die vernietiging van diere ter voldoening aan enige wet of bevel van 'n staatsdepartement of plaaslike owerheid, ingevolge die Wet op Dieresiektes, Wet 35 van 1984, soos gewysig, of enige ander toepaslike wetgewing.
- Ionisering, uitstraling of kontaminasie deur radio-aktiwiteit afkomstig van enige kernbrandstof of kernafval weens die verbranding van kernbrandstof of 'n kernontploffing.
- 'n Aardbewing, vulkaanuitbarsting of ander natuurramp.
- Enige wettige of onwettige besetting, binnedringing of onteiening van grond.
- Indien daar nie goeie boerderypraktyke toegepas word nie.
- Die doelbewuste en opsetlike optrede van enige persoon wat verlies of skade wil veroorsaak, behalwe as die vrekte of besering uit diefstal, poging tot diefstal of dreigement van diefstal voorspruit.
- Indien die dier nie geskik of in staat is om die funksies of pligte waarvoor dit aangehou word, uit te voer nie.
- Epidemies.
- Nalatigheid, hetsy opsetlik of nie, aan jou kant of dié van 'n verteenwoordiger van jou.
- Gevolglike verlies.
- Regsaanspreeklikheid.

## Ander perseel

Jy's nie gedek vir die vrekte van of besering aan versekerde diere, wat gebeur op 'n ander perseel of plek as die perseel wat in jou polisskedule gemeld word.

## Natuurlike oorsake

Jy's nie gedek vir die vrekte van 'n versekerde dier wat direk of indirek deur natuurlike oorsake veroorsaak word nie, insluitend:

- Ouderdom.
- Droogte.
- Uithongering.
- Predasie, behalwe indien jy gedek is ingevolge 'E. Mortaliteit: Alle risiko's'.
- Hipertermie en hipotermie, tensy dit in jou polisskedule gemeld word en 'n bykomende premie betaal word.

## Nalatigheid

Jy's nie gedek vir verlies wat direk of indirek veroorsaak word deur 'n veearts se nalatigheid tydens die behandeling van 'n versekerde dier nie. Indien ons aanvoer dat die veearts nalatig was, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.

## Voorafbestaande siekte, ongesteldheid of besering

Jy's nie gedek vir die vrekte van versekerde diere as gevolg van 'n voorafbestaande siekte, ongesteldheid of besering.

**Neem asseblief kennis: Indien ons sê dat 'n versekerde dier 'n voorafbestaande siekte, ongesteldheid of besering gehad het, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

## Spesifieke siekte

Jy's nie gedek vir die vrekte van of besering aan versekerde diere, wat direk of indirek veroorsaak word deur of gebeur omdat die volgende opgedoen is:

- Bek-en-klouseer.
- Snotsiekte.
- Hondsdolheid.
- Brusellose.
- Voëlgriep.
- Gasgangreen-kompleks (sponssiekte).
- Enige ander siekte of ongesteldheid wat deur clostridium-bakterieë veroorsaak word, insluitend rooiderm, sponssiekte en dikkop.
- Uitbreek van enige ander aansteeklike siekte wat nie hierbo genoem word nie.

## Diefstal van skape, bokke en varke

Jy's nie gedek vir die diefstal van skape, bokke of varke nie, tensy hulle stamboekdiere is.

## Derde trimester

By die aanvang van hierdie dekking word jy nie deur 'B. Oplaai', 'C. Transito' of 'D. Aflaai' gedek vir diere wat in die laaste trimester van dragtigheid is wanneer hierdie dekking begin nie. Ons sal enige premie wat vir sulke diere betaal is, terugbetaal indien hul toestand bekend word.

## Alle opsies

## Ons B's en V's

## Toegang

Jy moet ons en ons verteenwoordigers en konsultante toegang gee tot jou versekerde diere en perseel, onderworpe daaraan dat ons jou redelike kennis gee.

## Diere se ouderdom

Daar's geen dekking vir lewende hawe wat jonger as 3 maande is nie, behalwe kalwers en lammers en slegs as hulle in jou polisskedule gemeld word en 'n bykomende premie betaal word.

Daar's geen dekking vir wild wat jonger as 6 maande is nie.

**Neem asseblief kennis: Daar's geen dekking vir diere wat ouer as 15 jaar is nie, behalwe buffels en renosters, wat tot op ouderdom 25 gedek sal word.**

## Kansellasieterugbetaling

Jy kan jou polis enige tyd kanselleer, en dit sal onmiddellik van krag wees. Indien jy kanselleer, sal ons die betrokke gedeelte van jou premie minus administratiewe koste terugbetaal, mits geen geldige eis gedurende daardie tydperk ingedien is nie.

| Versekeringstydperk | %-premieterugbetaling |
|---|---|
| Tot en met 3 maande | 60% |
| Tot en met 6 maande | 30% |
| Tot en met 9 maande | 15% |
| Meer as 9 maande | 0% |

## Oorsaak van vrekte

Indien die oorsaak van 'n dier se vrekte onbekend is, sal jou bybetaling 50% van die eisbedrag wees. Jy's nie ingevolge 'G. Brand en weerlig' gedek indien die oorsaak van die vrekte onbekend is nie.

Indien die oorsaak van 'n dier se vrekte 'n geveg of distosie is, sal jou bybetaling 20% van die eisbedrag wees.


## Verandering van besonderhede

Jy moet ons skriftelik in kennis stel as jou besonderhede of dié van enige dier soos gemeld in jou polisskedule gedurende die dekkingstydperk wesenlik verander. Jy moet ons binne 31 dae na die verandering daarvan laat weet.

## Eise

Ons sal hierdie dokumente nodig hê wanneer jy eis:
'n Ingevulde eisvorm.
Die nadoodse verslag, die bloed- en breinsmeermonsters.
Foto's/video's van die karkas.
Bevestiging van mikroskyfie of kenplaatjienommer.
Die oorspronklike sertifikaat van die veearts.
Die koopfaktuur.

**Neem asseblief kennis: Jy's nie gedek indien 'n dier nie uniek geïdentifiseer of nie op die diereregister aangeteken is nie.**



## Aansteeklike siekte

Indien 'n aansteeklike siekte uitbreek op die versekerde eiendom wat in jou polisskedule gemeld word, of op 'n naburige eiendom, moet jy dit by die betrokke owerheid en by ons aanmeld binne 24 uur nadat dit ontdek is.

## Vrekte van versekerde diere

Indien 'n versekerde dier vrek as gevolg van stropery, vergiftiging, siekte, 'n ongeluk, genadedood wat deur ons goedgekeur is, of as gevolg van ander oorsake, moet jy:

- Binne 24 uur, op jou eie koste, reël dat 'n nadoodse ondersoek uitgevoer word, om die oorsaak van die vrekte te bepaal.
- Vir ons die uitslae van die nadoodse ondersoek stuur binne 48 uur nadat dit uitgevoer is.
- Reël dat die dier se karkas in 'n koelkamer gehou word totdat ons skriftelike toestemming gee dat daar ontslae geraak kan word van die karkas.

Indien die eiswaarde van 'n versekerde dier gelyk aan of meer as R500,000 is, moet jy die dier na die Universiteit van Pretoria, Fakulteit Veeartsenykunde, Departement Patologie, Onderstepoort of na enige ander fasiliteit wat ons versoek, vervoer om die nadoodse ondersoek te laat doen.

**Neem asseblief kennis:**

- **Indien die oorsaak van vrekte betwis word, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**
- **Geen nadoodse ondersoek = geen eis nie.**
- **Nadoodse ondersoeke moet uitgevoer word in ooreenstemming met die prosedures wat in hierdie polisdokument uiteengesit word.**
- **Geen karkas = geen eis nie.**
- **Ons kan 'n tweede nadoodse ondersoek aanvra, en ons kan spesifiseer watter veearts dit moet uitvoer. Ons kan ook die karkas na die Patologie-afdeling van Onderstepoort se Fakulteit Veeartsenykunde vervoer vir verdere ondersoek.**
- **Tandslytasie is 'n fisiologiese proses en 'n normale deel van veroudering. Dit word uitgesluit as 'n oorsaak van vrekte.**

## Genadedood

Daar's geen dekking vir ekonomiese genadedood of doelbewuste slagting nie, tensy skriftelik met ons ooreengekom en om menslikheidsredes deur 'n veearts aanbeveel. Indien ons in sulke omstandighede toestemming gee, moet jy die uitslae van die nadoodse ondersoek aan ons verskaf.

## Brandbestrydingstoerusting

Jy moet te alle tye standaard-brandbestrydingsprosedures toepas en standaard-brandbestrydingstoerusting in stand hou vir die beskerming van die versekerde diere.

## Hantering en toerusting

Jy moet jou versekerde diere met die nodige noulettendheid en sorg bestuur. Jy moet ook alle dierehanteringstoerusting behoorlik in stand hou om enige verlies of besering aan die versekerde diere tot die minimum te beperk, te verminder of te vermy.

## Boerderypraktyke

Jy moet skriftelike rekords hou van normale boerderybedrywighede wat met betrekking tot versekerde diere uitgevoer word, insluitend statistieke oor kalwing, mortaliteit, inentings- en dipprogramme, en finansiële rekeninge.

## Identifikasie

Versekerde diere moet deur ’n goedgekeurde mikroskyfie en/of kenplaatjienommer geïdentifiseer word.

## Manlike diere/bulle

Jy mag nie ’n enkellopende of nuwe manlike dier in ’n klein kampie inbring waar daar reeds ’n manlike dier is nie.

## Nie-betaling

Indien ’n aanvanklike bedrag of premie nie betaal word nie, sal daar nie dekking wees nie.

## Eienaarskap

Behalwe waar ‘H. Veilings’-dekking gekies word, moet jy die enigste eienaar van elke versekerde dier wees wanneer hierdie dekking begin. Ons dekking van spesifieke diere eindig onmiddellik indien jy die versekerde diere verkoop of ’n verkoopooreenkoms aangaan, hetsy skriftelik of andersins, of as jy enige belang in die diere oordra, hetsy tydelik of permanent.

**Neem asseblief kennis: Ons kan jou voldoening aan hierdie voorwaarde na eie goeddunke kwytskeld. Sodanige kwytskelding is slegs geldig indien dit skriftelik gegee is.**

## Bewys van eienaarskap

Ons kan enige tyd om bewys van jou eienaarskap van ’n versekerde dier vra.

## Behoorlike sorg en aandag

Jy moet aandag gee aan versekerde diere en hulle versorg, en onder andere toesien dat:

- Hulle vry is van besering of siekte.
- Daar nie konflik tussen of binne spesies is nie.
- Jonger diere nie geboelie word nie.
- Hulle nie ’n swaar luis-, wurm- of ander parasietlas dra nie.
- Hulle genoegsame voeding deur natuurlike plantegroei en/of voer ontvang.
- Daar genoeg water- en voerpunte is om mededinging tussen diere te beperk.
- Die water- en voerpunte gereeld geskuif word om besmetting met luise, haarwurms, wurms en ander parasiete te beperk.
- Die omgewing en habitat geskik is en vry van moontlik skadelike artikels soos draad, tou, glas en plastiek.

Jy moet ook:

- Jou versekerde diere daagliks monitor om vroeë simptome of beserings op te spoor.
- Onmiddellik ’n veearts opdrag gee om ’n aangetaste dier te behandel, en onmiddellik al die nodige stappe doen om die dier se mediese toestand, situasie, omgewing of habitat reg te stel. Jy moet ons binne 48 uur laat weet van sulke voorvalle, en besonderhede verskaf oor die regstellende stappe wat jy gedoen het.

**Wat ons met ‘omgewing’ bedoel**

Die eksterne omgewing waarin ’n dier leef of gehou word, wat die dier se ontwikkeling en gedrag beïnvloed.

**Wat ons met ‘habitat’ bedoel**

’n Dier se natuurlike tuiste.

**Neem asseblief kennis:**

- **Die onus is op jou om te bewys dat jy ten volle aan hierdie vereistes voldoen het.**
- **Indien ’n ekologiese bestuursopname vir jou plaas, habitat, omgewing of versekerde diere opgestel is, sal ons vir jou aanbevelings stuur om die risiko van verlies te verminder, en jy moet al die aanbevelings so gou as prakties moontlik in werking stel. Indien jy ’n eis indien en ons assessor sê dat jy sommige of al hierdie aanbevelings nie in werking gestel het nie, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

## Premie

Hierdie polis moet begin het en jy moet alle verskuldigde premies voor die aanvang van die polis betaal het. In die geval van maandelikse polisse sal die uitstaande bedrag saam met die bybetaling afgetrek word. Die premie op 'n bestaande polis sal nooit styg nie.

## Beskerming

Enige beskerming wat vir die veiligheid van versekerde diere verskaf word, moet goed in stand gehou word en gebruik word wanneer gepas. Sulke beskerming kan nie sonder ons toestemming tot nadeel van ons belang onttrek of verander word nie.

## Berging

Die hele karkas van 'n versekerde dier word ons eiendom, om na ons goeddunke daarvan ontslae te raak.

## Diefstal, verdwyning, onwettige verwydering en stropery

Ons is nie vir die verlies van versekerde diere as gevolg van diefstal, verdwyning, onwettige verwydering of stropery aanspreeklik nie tot 90 dae nadat jy die voorval by ons aangemeld het, met dien verstande dat sulke diere nie gedurende hierdie tyd teruggevind is nie, en onderworpe daaraan dat jy die voorval binne 24 uur by die polisie en by ons aanmeld. Jy moet volledige besonderhede aan ons verskaf, insluitend die dier se waarde en spesie. Die onus is op jou om seker te maak dat ons kennis daarvan ontvang.

Verder moet jy:

- Alle praktiese stappe doen om die skuldige party op te spoor en die versekerde diere terug te kry.
- Kragdadige en gewelddadige betreding (soos 'n stukkende heining of bandmerke) kan bewys.

## Unieke identifikasie

Alle versekerde diere moet uniek geïdentifiseer word om te kwalifiseer vir dekking ingevolge 'B. Oplaai', 'C. Transito', 'D. Aflaai', 'E. Mortaliteit: Alle risiko's', 'F. Beperkte mortaliteit', 'G. Brand en weerlig'.

## Veearts

Dit beteken 'n veearts wat by die Suid-Afrika Veeartsenykundige Raad geregistreer is.

## Veearts-sertifikaat

Jy moet binne 48 uur na die begin van hierdie versekering 'n gesondheidsertifikaat aan ons verskaf wat aandui dat diere vry is van siekte, uitgereik deur 'n veearts vir elke dier wat gedek word. Hierdie sertifikaat moet die volgende insluit:

- Datum.
- Naam van veearts.
- Veearts se praktyknommer.
- Veearts se kontaknommer.

**Neem asseblief kennis: Dit is nie nodig om 'n veearts-sertifikaat te verskaf nie:**

- **Wanneer jy jou polis hernu, met dien verstande dat daar geen onderbreking van dekking is nie.**
- **Indien jy slegs 'G. Brand en weerlig'-dekking het.**

## Veearts se diens en koste

Jy moet onmiddellik en op eie koste 'n veearts aanstel om na versekerde diere te kom kyk indien 'n dier:

- 'n Ongeluk oorkom, mank is of fisieke ongeskiktheid ondervind.
- Onnatuurlik optree of op 'n manier wat op 'n lewensgevaarlike besering of siekte kan dui, soos om erg mank te loop of herhaaldelik in 'n elektriese heining vas te loop.

Jy moet ons binne 24 uur nadat dit gebeur het, laat weet en toelaat dat die geaffekteerde diere vir behandeling weggeneem word indien ons dit verlang.

**Neem asseblief kennis: Indien 'n versekerde dier sterf moet daar 'n nadoodse ondersoek uitgevoer word:**

- **Binne 24 uur van die vrekte**
- **Op jou eie koste**

## Wat ons sal betaal

Jy's gedek vir die versekerde bedrag/bedrae wat in jou polisskedule gemeld word. Dit is die markwaarde van 'n dier, die vervangingswaarde van die dier, of die bedrag wat met ons ooreengekom word wanneer hierdie versekering begin, wat ook al die laagste is. 'Markwaarde' is die huidige gemiddelde prys vir 'n dier van dieselfde spesie wat fisiek dieselfde as of soortgelyk aan die versekerde dier is, volgens gepubliseerde veilingpryse. 'Vervangingswaarde' sluit nie toekomstige verlies van inkomste in nie.

# Motor

## In kort...

Ongeag of jou besigheidsvoertuie deur baie werknemers of net 1 gebruik word, of hulle vir langafstand-ritte gebruik word of net tot by die koöperasie om die draai, en of hulle pad- of veldvoertuie is, jy moet hulle aan die gang hou. Dis hoekom jy motorversekering by King Price nodig het. Ons dek jou vir die verlies van of skade aan jou voertuie weens ongelukke, brand, hael of onregmatige 'bruikleen'. Jy kan besluit of jy spesifieke voertuie of jou hele vloot wil verseker, en ons het ook fantastiese ekstra voordele.

## Wat ons bedoel

**'Motor' en 'voertuig'**

Enige Suid-Afrikaans geregistreerde:

- Privaat tipe voertuie (insluitend stasiewaens, safarivoertuie, karweivoertuie, ens. en soortgelyke voertuie wat ontwerp is met sitplek vir nie meer as 9 persone nie, die bestuurder inkluis).
- Handelsvoertuie, ligte afleweringsvoertuie (LAV's) of paneelwaens met 'n dravermoë van hoogstens 2,000kg, voertuie wat spesifiek aangepas of ontwerp is om kommersiële jag- en wildbesigtigingsaktiwiteite te akkommodeer, en selfaangedrewe woonwaens insluitend al hul permanente vaste en los toebehore, toerusting, gereedskap, matrasse (nie meer as die getal wat deur die vervaardiger gespesifiseer word nie), sytente en motorfietse soos hieronder omskryf.
- Motorfietse, selfaangedrewe driewielmotorfietse, bromponies en vierwielmotorfietse.
- Busse (insluitend voertuie wat vir besigheidsdoeleindes gebruik word en sitplek het vir meer as 9 mense, die bestuurder inkluis).
- Sleepwaens (voertuie sonder selfaandrywing, wat ontwerp is om deur 'n selfaangedrewe voertuig getrek te word), selfaangedrewe grassnyers en selfaangedrewe gholfkarretjies maar met uitsluiting van enige onderdele of toebehore wat nie permanent daaraan vas is nie; nie-selfaangedrewe woonwaens en abbawoonwaens insluitend al hul permanente vaste en los toebehore, toerusting, gereedskap, matrasse (nie meer as die getal wat deur die vervaardiger gespesifiseer word nie) en sytente soos hieronder omskryf.
- Spesiale tipe voertuie soos gemeld in jou polisskedule (besproeiingstelsels op wiele en spilpunte uitgesluit).
- Landbouwerktuie soos gemeld in jou polisskedule (besproeiingstelsels op wiele en spilpunte uitgesluit).

Jy moet die eienaar wees van die voertuig wat gedek moet word, of dit moet ’n voertuig wees wat jy tydelik huur, leen of bruikhuur en wat as ’n vervangingsvoertuig dien vir ’n voertuig wat nie gebruik word nie as gevolg van opknapping, instandhouding en/of instandhoudingsherstelwerk. Die maksimum bedrag wat ons vir die vervangingsvoertuig sal betaal, is hoogstens die markwaarde van die vervangingsvoertuig of die versekerde bedrag van die vervangde voertuig soos gemeld in jou polisskedule, wat ook al die minste is.

**Neem asseblief kennis: Indien jou eis afgewys word omdat ons sê dat 1 of meer van hierdie uitsluitings van toepassing is, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

**Gebruik**
Die gebruik wat jy kies, word in jou polisskedule gemeld. Dit is noodsaaklik dat jy jou voertuig vir die regte gebruik verseker, om seker te maak dat jy genoeg dekking het.

- **Privaat gebruik**
  Privaat of sosiale doeleindes, insluitend om tussen jou huis en gereelde werkplek te ry.
- **Besigheidsgebruik**
  Privaat gebruik met bykomende dekking, byvoorbeeld waar die voertuig ’n noodsaaklike deel van enige werk of funksie is. (Dit kom daarop neer dat jy sonder jou voertuig nie eintlik jou brood kan verdien nie.)
- **Handels- of landbougebruik**
  Privaat en besigheidsgebruik, met bykomende dekking waar die voertuig gebruik word om goedere of voorraad te vervoer wat jy gebruik vir die besigheid wat in jou polisskedule gemeld word.

**Versekerde bedrag**
Die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, verwys na die bedrag waarvoor ’n voertuig gedek is: Hetsy die ooreengekome of kleinhandelswaarde.

In die geval van ’n eis is die maksimum bedrag wat ons sal betaal hierdie versekerde bedrag minus:

- Die basiese bybetaling wat deur jou betaalbaar is, soos in jou polisskedule gemeld vir elke tipe eis.
- Enige bykomende bybetalings wat deur jou betaalbaar is, indien van toepassing, en indien hulle in jou polisskedule gemeld word vir daardie tipe eis.
- Enige dubbele versekering, wat beteken dat indien jy vir dieselfde bedrag deur ’n ander versekeraar gedek word, ons slegs vir ons gedeelte daarvan aanspreeklik is.
- Verbeteringswaardes, indien van toepassing.

Indien die voertuig gefinansier word, sal ons eers die uitstaande bedrag aan die betrokke finansieringsinstelling betaal, tot en met die versekerde bedrag. Dit sluit vereffeningsboetes en rentekoste op agterstallige betalings uit wat jou finansieringsinstelling kan vra. Die oorblywende deel, as daar is, sal aan jou betaal word.

Die versekerde bedrag van jou voertuig en sy toebehore word deur die Auto Dealers' Guide bepaal. Hierdie gids neem die ouderdom, mylafstand en toestand van jou voertuig en sy toebehore in ag. Indien die voertuig nie op die lys in die gids verskyn nie, sal ons die redelike waarde daarvan by 'n geskikte bron verkry.

Indien die voertuig gekaap of gesteel is en nie teruggevind word nie, of as dit afgeskryf is, sal ons die versekerde bedrag betaal, insluitend die waarde van enige gespesifiseerde, nie-standaard, fabrieksgemonteerde toebehore, volgens die waardes soos deur die Auto Dealers' Guide bepaal.

## Keuse van dekking

### Jou keuse, ons plesier

**In hierdie afdeling kan jy kies om jou voertuie te dek as:**
- **Gespesifiseer**
- **Vloot**

## Wat ons bedoel

**Gespesifiseerde voertuig**
Die voertuig wat jy spesifiseer en spesifiek beskryf, word deur die polis gedek. Jy kan 'n 'gespesifiseerde voertuig' soos volg dek:
- **'n Benoemde bestuurder-grondslag**
  Indien die voertuig bestuur word deur 1 persoon wie se besonderhede aan ons bekend gemaak word wanneer jy om dekking aansoek doen. Die voertuig sal nie deur hierdie afdeling gedek word indien dit deur 'n ander persoon bestuur word nie. Die voertuig kan vir privaat en/of besigheids- of handelsdoeleindes gebruik word.
- **'n Gereelde bestuurder-grondslag**
  Indien die voertuig bestuur word deur 'n persoon wat die voertuig gedurende 'n maand meer gereeld as enige ander persoon bestuur. Die voertuig kan ook af en toe bestuur word deur 'n persoon wat gelisensieer is om dit te bestuur. Die voertuig kan vir privaat en/of besigheids- of handelsdoeleindes gebruik word.
- **'n Benoemde multibestuurder-grondslag**
  Indien die voertuig op enige tydstip deur 'n aantal bestuurders bestuur word. Die bestuurders se besonderhede hoef nie bekend gemaak te word wanneer om dekking aansoek gedoen word nie. Die bestuurders sal deur hierdie afdeling gedek word met dien verstande dat hulle gelisensieer is om die betrokke voertuig te bestuur. Die voertuig kan vir privaat en/of besigheids- of handelsdoeleindes gebruik word.

- **’n Multibestuurder-grondslag**
  Indien die voertuig op enige tydstip deur ’n aantal bestuurders bestuur word. Die bestuurders se besonderhede hoef nie bekend gemaak te word wanneer om dekking aansoek gedoen word nie. Die bestuurders sal deur hierdie afdeling gedek word met dien verstande dat hulle gelisensieer is om die betrokke voertuig te bestuur. Die voertuig kan vir privaat en/of besigheids- of handelsdoeleindes gebruik word.

**Neem asseblief kennis: Die hele ‘Motor’-afdeling is van toepassing op albei dekkingskeuses, tensy daar spesifiek na ’n ‘gespesifiseerde’ voertuig verwys word.**

**Vloot**
Die voertuie wat jy in groepe/vlote lys, word deur die polis gedek.

## Keuse van dekking

### Jou keuse, ons plesier

**Jy kan ook kies om jou voertuie op 3 maniere te dek:**
**A. Omvattende dekking**
**B. Derdeparty, brand en diefstal alleenlik**
**C. Derdeparty alleenlik**
**D. Pay as you farm**

### A. Omvattende dekking

## Wat deur die koning gedek word

### Aanspreeklikheid teenoor ander

Jy’s gedek vir enige ongeluk veroorsaak deur, deur middel van of in verband met ’n voertuig wat in jou polisskedule gemeld word of in verband met die laai en/of aflaai van sodanige voertuig ten opsigte waarvan jy en/of ’n passasier regtens aanspreeklik word om koste en uitgawes te betaal vir:

- Die dood of liggaamlike besering van enige persoon, maar met uitsluiting van die dood of liggaamlike besering van enige persoon in jou diens en voortspruitend uit en in die loop van hul diens, of enige lid van jou huishouding.
- Skade aan eiendom behalwe eiendom wat aan jou behoort, deur jou in trust gehou word, of onder jou toesig of beheer of in jou bewaring is, of vervoer word deur, gelaai word op of afgelaai word van die voertuig.

Ons sal ook ooreenkomstig en onderworpe aan die beperkings en doel van hierdie 'Aanspreeklikheid'-dekking:

- Alle koste en uitgawes betaal vir verteenwoordiging by enige doodsondersoek of ondersoek na 'n dood waarvoor jy volgens hierdie dekking eis, of vir verdediging in 'n landdroshof van 'n strafsaak ten opsigte van enige daad wat 'n voorval waarvoor jy geëis het, veroorsaak het of daarmee verband hou. Die totale bedrag wat ons vir die eis sal betaal, saam met enige koste en uitgawes, sal hoogstens die versekerde bedrag wees wat in jou polisskedule vir 'Aanspreeklikheid'-dekking gemeld word.
- Enige persoon dek wat 'n versekerde voertuig volgens jou opdrag of met jou toestemming bestuur of gebruik, met dien verstande dat die persoon:
  - Die uitsluitings en bepalings en voorwaardes van hierdie versekeringsdekking nakom en daaraan onderworpe is soos jy, in soverre hulle van toepassing kan wees.
  - Wat die voertuig bestuur nie enige voertuigversekeringsdekking of hernuwing van dekking deur enige versekeraar (ons ingesluit) geweier is nie.
  - Nie deur enige ander polis gedek word nie, behalwe vir 'n bedrag waarvoor jy nie volgens hierdie polis kan eis nie.
- Jou dek terwyl jy enige privaat tipe voertuig wat nie aan jou behoort nie, en wat nie volgens 'n bruikhuur- of opskortende verkoopsooreenkoms deur jou gebruikhuur of gehuur word nie, self bestuur of gebruik, met dien verstande dat jy 'n individu is en 'n voertuig (behalwe 'n motorfiets, bus of sleepwa) deur hierdie polis verseker het, en met dien verstande dat ons vir skade aan die voertuig self aanspreeklik is.
- Aanspreeklikheid dek wat voortspruit uit die sleep deur 'n voertuig (behalwe teen beloning) vir enige ander voertuig of sleepwa (insluitend aanspreeklikheid in verband met die gesleepte voertuig of sleepwa), met dien verstande dat ons vir skade aan die gesleepte voertuig of sleepwa self, of die eiendom daarin of daarop aanspreeklik is.

**Neem asseblief kennis: Dekking sal nie van toepassing wees op eise deur enige lid van dieselfde huishouding as die bestuurder nie.**

## Brandbluskoste

Jy's gedek vir koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand wat 'n versekerde voertuig bedreig. Sulke koste sal geag word skade aan die voertuig te wees en sal betaalbaar wees benewens enige ander betaling waarvoor ons volgens hierdie afdeling aanspreeklik kan wees, met dien verstande dat jy regtens vir sodanige koste aanspreeklik is. Die bedrag betaalbaar is beperk tot R10,000.

## Kruisaanspreeklikhede

Waar meer as 1 versekerde persoon in jou polisskedule benoem is, sal ons elke versekerde persoon afsonderlik dek, nie gesamentlik nie, en enige aanspreeklikheid wat tussen hulle ontstaan, sal hanteer word asof afsonderlike polisse aan elkeen uitgereik is, met dien verstande dat ons totale aanspreeklikheid hoogstens die skadeloosstellingsperk sal wees wat in jou polisskedule gemeld word.


## Mediese onkoste

Indien 'n insittende op enige plek in 'n versekerde voertuig of sodanige voertuig se permanent omslote passasiersdraende kompartement op gewelddadige, toevallige, uitwendige en sigbare wyse 'n liggaamlike besering opdoen, sal ons jou vergoed vir die mediese onkoste wat as gevolg van die besering aangegaan word, tot en met R2,000 per beseerde insittende.

Ons sal 'n maksimum bedrag van R25,000 in totaal betaal vir alle insittendes wat beseer is as gevolg van 'n voorval of 'n reeks voorvalle wat deur 'n enkele gebeurtenis veroorsaak is. Mediese onkoste sluit enige koste in wat aangegaan word om 'n beseerde insittende uit 'n versekerde voertuig te bevry en die koste om die beseerde insittende te vervoer na 'n plek waar mediese behandeling gegee kan word.

Die bedrag wat ons betaal, sal verminder word met enige bedrag wat ingevolge enige wet ten opsigte van vergoeding vir beroepsbeserings en -siektes of soortgelyke wetgewing verhaalbaar is.

**Neem asseblief kennis: Jy sal dekking vir 'Mediese onkoste' hê slegs as die voertuig wat in die ongeluk betrokke is omvattend deur hierdie polis gedek word vir verlies van of skade aan die voertuig self, en dit 'n privaat tipe voertuig of selfaangedrewe woonwa of enige ander voertuig behalwe 'n bus of taxi is.**



## Skade aan bande

Jy's gedek vir die totale verlies van, en onherstelbare skade aan, die bande en kettingspore van omvattend versekerde voertuie wat in jou polisskedule gemeld word, wat voortspruit uit skade veroorsaak deur ongesiene of verskuilde voorwerpe op 'n pad of ander oppervlak.

Met dien verstande dat:

- Ons aanspreeklikheid beperk is tot 10% van die versekerde bedrag, met 'n minimum van R50,000, per voorval, tensy die totale waarde vir bande of kettingspore wat meer as 10% van die versekerde bedrag is in jou polisskedule gemeld word.
- Al die bande of kettingspore van versekerde voertuie afsonderlik verseker word.
- Jy verantwoordelik is vir 'n bybetaling gelyk aan die eerste 10% van elke eis.
- Daar slegs betaal sal word vir die band of ketting wat beskadig is, nie die stel nie, behalwe as die vervaardiger spesifiseer dat 'n kettingstel vervang moet word, in welke geval jou bybetaling 15% van die eis sal wees.
- Jy op eie koste al die skade en slytasie deur minstens 1 erkende versoler/ hersteller moet laat ondersoek om vas te stel of 'n band of ketting herstel kan word, en wat die omvang van die slytasie is.

**Neem asseblief kennis: Hierdie dekking is slegs van toepassing op omvattend versekerde trekkers, stropers, selfaangedrewe landbouwerktuie en spesiale tipe voertuie wat vir boerdery gebruik word.**

## Verlies of skade

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan die voertuie wat in jou polisskedule gemeld word, ongeag of dit deur 'n ongeluk, diefstal of kaping veroorsaak word, insluitend hul toebehore en onderdele (terwyl dit op of in 'n voertuig is). En, as 'n voertuig nie bestuur kan word nie as gevolg van verlies of skade wat deur hierdie polis gedek word, sal ons die redelike koste vir die berging en insleep van die voertuig na die naaste hersteller betaal.

Ons sal ook die redelike koste van die aflewering van die voertuig aan jou nadat dit herstel is, betaal. Dit sal hoogstens die redelike koste van vervoer na jou vaste adres in Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland (Eswatini), Zimbabwe, Malawi of Mosambiek wees.

## B. Derdeparty, brand en diefstal alleenlik

## Wat deur die koning gedek word

### Aanspreeklikheid teenoor ander

Jy's gedek vir enige ongeluk veroorsaak deur, deur middel van of in verband met 'n voertuig wat in jou polisskedule gemeld word of in verband met die laai en/of aflaai van sodanige voertuig ten opsigte waarvan jy en/of 'n passasier regtens aanspreeklik word om koste en uitgawes te betaal vir:

- Die dood of liggaamlike besering van enige persoon, maar met uitsluiting van die dood of liggaamlike besering van enige persoon in jou diens en voortspruitend uit en in die loop van hul diens, of enige lid van jou huishouding.
- Skade aan eiendom behalwe eiendom wat aan jou behoort, deur jou in trust gehou word, of onder jou toesig of beheer of in jou bewaring is, of vervoer word deur, gelaai word op of afgelaai word van die voertuig.

Ons sal ook ooreenkomstig en onderworpe aan die beperkings en doel van hierdie 'Aanspreeklikheid'-dekking:

- Alle koste en uitgawes betaal vir verteenwoordiging by enige doodsondersoek of ondersoek na 'n dood waarvoor jy volgens hierdie dekking eis, of vir verdediging in 'n landdroshof van 'n strafsaak ten opsigte van enige daad wat 'n voorval waarvoor jy geëis het, veroorsaak het of daarmee verband hou. Die totale bedrag wat ons vir die eis sal betaal, saam met enige koste en uitgawes, sal hoogstens die versekerde bedrag wees wat in jou polisskedule vir 'Aanspreeklikheid'-dekking gemeld word.
- Enige persoon dek wat 'n versekerde voertuig volgens jou opdrag of met jou toestemming bestuur of gebruik, met dien verstande dat die persoon:
  - Die uitsluitings en bepalings en voorwaardes van hierdie versekeringsdekking nakom en daaraan onderworpe is soos jy, in soverre hulle van toepassing kan wees.
  - Wat die voertuig bestuur nie enige voertuigversekeringsdekking of hernuwing van dekking deur enige versekeraar (ons ingesluit) geweier is nie.
  - Nie deur enige ander polis gedek word nie, behalwe vir 'n bedrag waarvoor jy nie volgens hierdie polis kan eis nie.
- Jou dek terwyl jy enige privaat tipe voertuig wat nie aan jou behoort nie, en nie volgens 'n bruikhuur- of opskortende verkoopsooreenkoms deur jou gebruikhuur of gehuur word nie, self bestuur of gebruik, met dien verstande dat jy 'n individu is en 'n voertuig (behalwe 'n motorfiets, bus of sleepwa) deur hierdie polis verseker het, en met dien verstande dat ons vir skade aan die voertuig self aanspreeklik is.

- Aanspreeklikheid dek wat voortspruit uit die sleep deur ’n voertuig (behalwe teen beloning) vir enige ander voertuig of sleepwa (insluitend aanspreeklikheid in verband met die gesleepte voertuig of sleepwa), met dien verstande dat ons vir skade aan die gesleepte voertuig of sleepwa self, of die eiendom daarin of daarop aanspreeklik is.

**Neem asseblief kennis: Dekking sal nie van toepassing wees op eise deur enige lid van dieselfde huishouding as die bestuurder nie.**

## Brandbluskoste

Jy’s gedek vir koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand wat ’n versekerde voertuig bedreig. Sulke koste sal geag word skade aan die voertuig te wees en sal betaalbaar wees benewens enige ander betaling waarvoor ons volgens hierdie afdeling aanspreeklik kan wees, met dien verstande dat jy regtens vir sodanige koste aanspreeklik is. Die bedrag betaalbaar is beperk tot R10,000.

## Kruisaanspreeklikhede

Waar meer as 1 versekerde persoon in jou polisskedule benoem is, sal ons elke versekerde persoon afsonderlik dek, nie gesamentlik nie, en enige aanspreeklikheid wat tussen hulle ontstaan, sal hanteer word asof afsonderlike polisse aan elkeen uitgereik is, met dien verstande dat ons totale aanspreeklikheid hoogstens die skadeloosstellingsperk sal wees wat in jou polisskedule gemeld word.

## Verlies of skade

Jy’s gedek vir die verlies van of skade aan die voertuie wat in jou polisskedule gemeld word, wanneer deur diefstal of kaping veroorsaak word, en hul toebehore en onderdele (terwyl dit op of in die voertuig is). En, as ’n voertuig nie bestuur kan word nie as gevolg van verlies of skade wat deur hierdie polis gedek word, sal ons die redelike koste vir die berging en insleep van die voertuig na die naaste hersteller betaal.

Ons sal ook die redelike koste van die aflewering van die voertuig aan jou nadat dit herstel is, betaal. Dit sal hoogstens die redelike koste van vervoer na jou vaste adres in Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland (Eswatini), Zimbabwe, Malawi of Mosambiek wees.

## C. Derdeparty alleenlik

## Wat deur die koning gedek word

### Aanspreeklikheid teenoor ander

Jy's gedek vir enige ongeluk veroorsaak deur, deur middel van of in verband met 'n voertuig wat in jou polisskedule gemeld word of in verband met die laai en/of aflaai van sodanige voertuig ten opsigte waarvan jy en/of 'n passasier regtens aanspreeklik word om koste en uitgawes te betaal vir:

- Die dood of liggaamlike besering van enige persoon, maar met uitsluiting van die dood of liggaamlike besering van enige persoon in jou diens en voortspruitend uit en in die loop van hul diens, of enige lid van jou huishouding.
- Skade aan eiendom behalwe eiendom wat aan jou behoort, deur jou in trust gehou word, of onder jou toesig of beheer of in jou bewaring is, of vervoer word deur, gelaai word op of afgelaai word van die voertuig.

Ons sal ook ooreenkomstig en onderworpe aan die beperkings en doel van hierdie 'Aanspreeklikheid'-dekking:

- Alle koste en uitgawes betaal vir verteenwoordiging by enige doodsondersoek of ondersoek na 'n dood waarvoor jy volgens hierdie dekking eis, of vir verdediging in 'n landdroshof van 'n strafsaak ten opsigte van enige daad wat 'n voorval waarvoor jy geëis het, veroorsaak het of daarmee verband hou. Die totale bedrag wat ons vir die eis sal betaal, saam met enige koste en uitgawes, sal hoogstens die versekerde bedrag wees wat in jou polisskedule vir 'Aanspreeklikheid'-dekking gemeld word.
- Enige persoon dek wat 'n versekerde voertuig volgens jou opdrag of met jou toestemming bestuur of gebruik, met dien verstande dat die persoon:
  - Die uitsluitings en bepalings en voorwaardes van hierdie versekeringsdekking nakom en daaraan onderworpe is soos jy, in soverre hulle van toepassing kan wees.
  - Wat die voertuig bestuur nie enige voertuigversekeringsdekking of hernuwing van dekking deur enige versekeraar (ons ingesluit) geweier is nie.
  - Nie deur enige ander polis gedek word nie, behalwe vir 'n bedrag waarvoor jy nie volgens hierdie polis kan eis nie.
- Jou dek terwyl jy enige privaat tipe voertuig wat nie aan jou behoort nie, en nie volgens 'n bruikhuur- of opskortende verkoopsooreenkoms deur jou gebruikhuur of gehuur word nie, self bestuur of gebruik, met dien verstande dat jy 'n individu is en 'n voertuig (behalwe 'n motorfiets, bus of sleepwa) deur hierdie polis verseker het, en met dien verstande dat ons vir skade aan die voertuig self aanspreeklik is.

- Aanspreeklikheid dek wat voortspruit uit die sleep deur ’n voertuig (behalwe teen beloning) vir enige ander voertuig of sleepwa (insluitend aanspreeklikheid in verband met die gesleepte voertuig of sleepwa), met dien verstande dat ons vir skade aan die gesleepte voertuig of sleepwa self, of die eiendom daarin of daarop aanspreeklik is.

**Neem asseblief kennis: Dekking sal nie van toepassing wees op eise deur enige lid van dieselfde huishouding as die bestuurder nie.**

## D. Pay as you farm

### In kort...

Soms word jou stroper elke dag vir weke aaneen gebruik, maar vir die res van die jaar word hy veilig in die skuur gestoor. Hoekom moet jy dieselfde premie in beide gevalle betaal? Met ‘pay as you farm’ van King Price word jy altyd omvattend gedek want ons volg jou stroper se bewegings en gebruik hierdie inligting om vir jou ’n jaarlikse korting te gee wat jou verminderde risiko reflekteer.

Vir meer oor ‘Wat deur die koning gedek word’ en ‘Wat NIE deur die koning gedek word nie’, verwys asseblief na ‘A. Omvattende dekking’, want die dekking is presies dieselfde.

### Hoe werk dit

Sodra jy die voertuig gekies het wat jy onder hierdie afdeling wil dek, sal ons ’n opsporingstoestel op die voertuig installeer. Hierdie opsporingstoestel stel ons in staat om dwarsdeur die jaar die voertuig se ligging te bepaal. Met die jaarlikse hernuwing van hierdie dekking, sal ons ‘n korting uitwerk gebaseer op die tyd wat die voertuig binne sekere areas op die plaas spandeer het en die verwante eise ervaring.

## Wat ons bedoel

### Areas op die plaas

Sodra die opsporingstoestel geïnstalleer is, sal ons jou bystaan om jou plaas se profiel op die platform op te stel. Die profiel sal jou plaas se grense insluit en ons sal die verskeie areas, soos die lande, skure, plaaspaaie en omliggende openbare paaie, binne hierdie grense uiteensit.

## Hoe ons rekord hou van jou voertuig se ligging

Die opsporingstoestel sal die tyd wat die voertuig in elke area op die plaas gedurende die jaar spandeer, insamel en rekord hou daarvan. Hierdie data word na ons platform toe gestuur.

**Neem asseblief kennis: Slegs opsporingstoestelle wat deur King Price goedgekeur word, kan gebruik word as deel van hierdie dekking.**

## Maandelikse premie berekening

Gedurende die jaar gaan jou maandelikse premie, soos dit op jou polisskedule verskyn, nie verander nie. Sou ’n korting verskuldig wees aan jou sal daardie bedrag, na jou jaarlikse hernuwing, van jou eerste maandelikse premie afgetrek word.

**Neem asseblief kennis:**

- **Sodra die opsporingstoestel geaktiveer is, sal die verwante aankoop daarvan, installasie en reiskoste ten volle betaalbaar wees met jou eerste premie.**
- **Die toestel se maandelikse data subskripsie-koste sal by jou maandelikse premie ingesluit word.**
- **Vir jaarlikse polisse, sal die aankoop, installasie en jaarlikse data subskripsie-koste vooraf betaalbaar wees, tesame met jou premie.**
- **Sodra hy ten volle betaal is, behoort die opsporingstoestel aan jou.**

## Opsporingstoetstel versuim om te werk

Sou ’n opsporingstoestel versuim om te werk en ons kan nie jou voertuig se ligging opspoor nie, sal ons jou so spoedig moontlik laat weet. Indien die opsporingstoestel binne 72 uur vandat ons jou laat weet het, herstel kan word, sal ons hierdie tyd toeken aan waar die toestel die laaste keer opgetel is, voor dit versuim het om te werk.

Sou ’n opsporingstoestel versuim om te werk en hy is enige tyd, nadat 72 ure verby is herstel, sal ons die nuwe ligging met die laaste bekende ligging vergelyk. As hierdie koördinate met mekaar korreleer, sal ons hierdie tyd wat ons nie kon opspoor nie toestaan aan tyd wanneer die voertuig in die land gebruik is.

## Totale of gedeeltelike verlies

Wanneer ons ’n eis vir totale verlies betaal, kwalifiseer jy nie vir die jaarlikse korting met jou jaarlikse hernuwing nie. Maar, jy mag steeds vir die korting kwalifiseer indien jy vir ‘n gedeeltelike verlies geëis het.

## Ons B's en V's

### Kansellasie van polis

Indien jou polis of dekking onder hierdie afdeling vir enige rede gekanselleer word, met of voor hernuwing, sal jy nie vir die jaarlikse korting kwalifiseer nie.

Verwys asseblief na die 'B's en V's' rakende die hele 'Motor' afdeling.

### Alle opsies

## Opsionele dekking

### Dek meer. Betaal 'n bietjie meer

**Jy kan kies om die volgende opsies by jou basiese 'Motor'-dekking te voeg. Indien jy enige opsie byvoeg, sal dit slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisskedule aangeteken is en 'n bykomende premie betaal word.**

### Aanspreeklikheid teenoor ongemagtigde passasiers

Die dekking wat deur 'Aanspreeklikheid teenoor ander' verskaf word, sluit dekking in vir jou regsaanspreeklikheid vir die dood van of liggaamlike besering aan persone terwyl hulle in of op 'n voertuig vervoer word of daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim, in stryd met 'n opdrag van jou aan jou bestuurder om nie passasiers te vervoer nie.

Indien jy kies om hierdie 'Aanspreeklikheid teenoor ongemagtigde passasiers'-dekking uit te neem, sal die volgende uitsluiting by 'Aanspreeklikheid teenoor ander' nie van toepassing wees nie:

- Die dood of besering van 'n persoon wat in of op 'n voertuig (soos omskryf, maar 'n privaat tipe voertuig uitgesluit) vervoer word of daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim ten tyde van 'n voorval waaruit 'n eis ontstaan (behalwe 'n persoon wat in of op 'n permanent omslote passasiersdraende kompartement van 'n handelsvoertuig, LAV, paneelwa, wildbesigtigings- of jagvoertuig, selfaangedrewe woonwa of plaaswerktuig, soos omskryf, vervoer word of daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim).

**Neem asseblief kennis: Die maksimum bedrag wat ons sal betaal, is die bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.**

## Deel van 'n voertuig

Jy's gedek vir die aanvaarding van betaling om aan passasiers geleenthede te gee in privaat tipe voertuie en LAV's (soos omskryf) as deel van 'n voertuigdelingsooreenkoms vir sosiale doeleindes of vir pendel, met dien verstande dat:


- Die passasiers nie in die loop van 'n passasiersvervoerbesigheid vervoer word nie.
- Die totale betalings wat vir sodanige reise ontvang word nie 'n winselement bevat nie.

## Dood van 'n werknemer as gevolg van 'n voertuigongeluk

Jy's gedek vir die dood van 'n werknemer wat in of op 'n versekerde privaat tipe voertuig, handelsvoertuig, LAV, paneelwa, kommersiële jag- of wildbesigtigingsvoertuig, sleepwa, of selfaangedrewe woonwa, grassnyer of gholfkarretjie (soos omskryf) vervoer word of daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim.

Met dien verstande dat:

- Die voertuig in hierdie afdeling vir boerderydoeleindes verseker is en vir boerdery-aktiwiteite gebruik word ten tyde van die ongeluk.
- Die bestuurder van sodanige voertuig te alle tye ten volle gelisensieer is wanneer hy in beheer is van die voertuig.
- Hierdie opsionele dekking, en bykomende premie, slegs van toepassing is op die voertuig/voertuie wat binne hierdie afdeling in jou polisskedule gemeld word.
- Indien jou werknemer ten tyde van die ongeluk op 'n sleepwa vervoer word, die sleepwa aan 'n ligte afleweringsvoertuig, vragmotor of trekker gekoppel moet wees.
- Alle kante van die laai-oppervlak van die voertuig met relings toegerus is.
- Ons aanspreeklikheid beperk is tot R60,000 per werknemer en R1,000,000 per voorval.



## Elektroniese toerusting wat vir presisieboerdery gebruik word: Trekkers, stropers en landbouwerktuie

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan elektroniese toerusting wat vir presisieboerdery gebruik word, en wat in of op stropers, trekkers of landbouwerktuie geïnstalleer word.

Met dien verstande dat:

- Die voertuig omvattend verseker is deur hierdie afdeling.
- Sodanige elektroniese toerusting langs die voertuig/voertuie in jou polisskedule aangeteken word.
- Ons aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.
- Jy vir 'n bybetaling van R2,000 per voorval aanspreeklik is.
- Jy nie gedek is nie vir voortvloeiende verlies, waardevermindering, ongeag of dit ontstaan weens herstelwerk ná 'n omskrewe voorval of meganiese onklaarraking, slytasie, weierings of brekasies.

## Inhoud van spuittoerusting

Jy's gedek vir die verlies of vernietiging van, of skade aan, die inhoud van 'n tenk met spuittoerusting wat aan jou behoort, met dien verstande dat dit direk veroorsaak word deur brand, botsing of omslaan van 'n voertuig wat omvattend deur ons verseker is, terwyl dit op die voertuig vervoer word. Ons aanspreeklikheid is beperk tot R5,000 per voorval.

## Krediettekort

Indien 'n totale verliesvereffening minder is as die bedrag wat volgens 'n bestaande afbetalings- of bruikhuurooreenkoms aan 'n voertuig se finansier verskuldig is, sal ons aan die finansier 'n bedrag gelyk aan die tekort betaal minus:

- Enige agterstallige paaiemente of huurgeld, insluitend rente betaalbaar op sodanige agterstallige bedrae.
- Alle premieterugbetalings vir die kansellasie van enige versekeringsdekking met betrekking tot die voertuig (privaat tipe voertuie en LAV's alleenlik).
- Die verhoogde paaiement of huurgeld wat betaal sou word indien daar geen reskapitaalwaarde aan die einde van die finansieringstydperk bestaan het nie, bereken tot die maand waarin die eis betaal word.
- Jou bybetaling.

Met dien verstande dat:

- Die maksimum bedrag wat ons vir die voertuig sal betaal, in jou polisskedule gemeld word.
- Dit nie van toepassing is nie op 'n ooreenkoms waarin die bedrag van enige enkele paaiement, behalwe die finale reswaarde-bedrag na die aanvanklike paaiement, met meer as 10% van enige ander paaiement verskil.
- Die tekort nie uit 'n hervoorskot voortspruit nie.

## Kwytskelding van basiese bybetaling: Privaat tipe voertuie, LAV's en paneelwaens

In die geval van 'n eis volgens 'Verlies of skade' vir 'n privaat tipe voertuig, LAV of paneelwa (soos omskryf) sal jy nie vir hierdie bybetalings wat in jou polisskedule gemeld word (soos van toepassing) aanspreeklik wees nie:

- Basiese bybetaling (behalwe diefstal en/of kaping).
- Vervanging van ruit, koplig- of agterligglas, of koplig- of agterligeenhede.
- Herstel van ruit, koplig- en agterligglas.

Met dien verstande dat die bestuurder van die voertuig ten tyde van die voorval ouer as 25 is en reeds meer as 5 jaar 'n geldige bestuurslisensie het.

**Neem asseblief kennis: Die voertuig (en die inhoud daarvan) sal nie geag word in jou bewaring of onder jou beheer te wees nie.**

## Kwytskelding van bybetaling: Kliënte ouer as 55 jaar

Indien jy of jou gade ouer as 55 is en die geregistreerde eienaar van privaat tipe voertuie en LAV's is wat by 'n voorval betrokke is wat tot 'n eis ingevolge hierdie afdeling kan lei, sal die basiese bybetaling kwytgeskeld word, met dien verstande dat hierdie kwytskelding nie in die geval van diefstal of kaping, of vir enige ander persoon sal geld nie.

## Kwytskelding van bybetaling: Noodwiele en gereedskap

Jy sal nie vir die bedrag van die bybetaling wat in jou polisskedule gemeld word aanspreeklik wees nie in die geval van die verlies van of skade aan:

- 'n Noodwiel van 'n omvattend versekerde privaat tipe voertuig, soos omskryf.
- Gereedskap wat as standaardtoerusting deur die vervaardiger van sodanige privaat tipe voertuig ingesluit is.

Met dien verstande dat:

- Sodanige noodwiel en gereedskap nie verloor of beskadig word wanneer die voertuig sonder toesig gelaat word nie, tensy dit gehou word in 'n passasiers- of bagasiekompartement wat toegesluit is en toegang tot sodanige kompartement op sigbare, gewelddadige en kragdadige wyse verkry word.

## Motorhuur: Privaat tipe voertuie en LAV's

Jy kan kies om motorhuurdekking by te voeg sodat ons jou van 'n gehuurde motor kan voorsien indien jou voertuig:

- Beskadig is (gedek deur jou polis) en herstel word.
- Beskadig is (gedek deur jou polis) en nie rybaar is nie.
- Gesteel of gekaap is (gedek deur jou polis).

Jy sal die opsie hê om enige kategorie voertuig te huur, op 'n onbeperkte afstandgrondslag, en die premie dienooreenkomstig betaal.

Indien jy gebruik maak van die gehuurde motor wat ons aanbied terwyl jou voertuig herstel of vervang word, sal jy die volgende moet betaal:

- Die brandstof, sekuriteitdeposito en rykoste, asook die afhaal- en afleweringsgelde.
- Die bybetaling wat betaalbaar is in die geval van 'n eis vir verlies van of skade aan die gehuurde motor.

**Neem asseblief kennis:**

- **Die gehuurde motor is beskikbaar totdat jou eis afgehandel is, of totdat jy jou voertuig terugkry na herstelwerk wat deur ons goedgekeur is, tot 'n maksimum tydperk van 31 dae.**
- **Motorhuur is aan jou omvattende motorversekeringspolis gekoppel. Indien jou voertuig volgens enige ander dekking herstel word, kan jy nie vir motorhuur eis nie.**

## Noodverblyf: Privaat tipe voertuie en LAV's

Ons sal betaal vir noodverblyf vir jou en/of jou gade, asook enige passasier/s wat saam met jou reis, beperk tot R500 per persoon en R3,000 per voorval.

Dit dek 1 nag weg van jou woonplek indien 'n reis nie voltooi kan word nie weens die verlies van of skade aan 'n versekerde privaat tipe voertuig of LAV (soos omskryf), met dien verstande dat die verlies of skade deur hierdie afdeling gedek word.

**Neem asseblief kennis: Hierdie dekking dek nie verblyf in die geval van meganiese of elektriese onklaarraking van 'n versekerde voertuig nie.**

## Ongespesifiseerde landbouwerktuie

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan ongespesifiseerde landbouwerktuie terwyl hulle aan 'n voertuig vas is, met dien verstande dat:

- Die voertuig omvattend verseker is deur hierdie afdeling.
- Ons aanspreeklikheid beperk is tot R20,000 per voorval en die maksimum bedrag wat ons sal betaal, in jou polisskedule gemeld word.
- Jy vir 'n bybetaling van R500 per eis aanspreeklik is.

## Ontvallingskoste: Privaat tipe voertuie en LAV's

In die geval van 'n ongeluk waarby 'n versekerde privaat tipe voertuig en LAV (soos omskryf) betrokke is en wat daartoe lei dat jy en/of jou gade binne 3 maande sterf, sal ons R10,000 aan die boedel betaal as 'n bydrae tot ontvallingskoste.

## Oproer en staking

Dit dek jou vir die verlies van of skade aan jou versekerde eiendom weens:

- Burgerlike beroering, arbeidsonrus, oproer, staking of uitsluiting.
- Die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming, onderdrukking of hantering op enige ander wyse van enige gebeurtenis waarna hierbo verwys word.

Jy's nie gedek nie:

- Waar die skade binne Suid-Afrika of Namibië plaasvind, tensy spesifieke 'Oproer en staking'-dekking verkry is.
- Vir gevolglike verlies van enige aard, behalwe verlies aan huurgeld of die koste van alternatiewe verblyf.
- Vir verlies weens die terughouding of konfiskering van geld deur enige wettig ingestelde owerheid.
- Vir skade of verlies veroorsaak deur die staking, vertraging of onderbreking van werk of enige proses.
- Vir verlies weens oorlog, optrede van 'n buitelandse vyand, oorlogsbedrywighede (ongeag of oorlog verklaar is of nie) of burgeroorlog.
- Vir verlies weens 'n militêre opstand of magsoorname, krygswet, rebellie of revolusie wat die afkondiging of handhawing van krygswet bepaal.
- Vir verlies weens enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken is om enige staat, regering of provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme, geweld of protes teen hulle omver te werp of te beïnvloed.
- Vir verlies weens enige optrede wat daarop bereken is om verlies of skade te veroorsaak met die voorneme om 'n politieke oogmerk te bevorder, om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring.

- Vir verlies weens enige terreurdaad, insluitend die gebruik van of dreigement om krag of geweld te gebruik, deur enige persoon of groep (ongeag of hulle alleen of namens 'n ander optree), met die voorneme om 'n regering te beïnvloed of die publiek aan vrees te onderwerp.
- Vir verlies wat voortspruit uit die optrede van 'n wettige owerheid om op enige ander wyse 'n gebeurtenis te hanteer waarna in enige van die klousules hierbo verwys word.

**Neem asseblief kennis: Indien jou eis afgewys word omdat ons sê dat 1 of meer van hierdie uitsluitings van toepassing is, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

## Parkeergeriewe en verskuiwing van derdeparty-voertuie

Jy's gedek vir ongelukke wat veroorsaak word deur, deur middel van of in verband met die verskuiwing van enige voertuig (wat nie deur jou besit, geleen of gehuur of aan jou verhuur word nie) deur 'n persoon wat in jou diens is of namens jou optree, altyd met dien verstande dat sodanige voertuig verskuif is:

- Met die toestemming van jou huurder, kliënt of besoeker.
- In verband met jou parkeerreëlings.
- Om die bedryf van jou besigheid moontlik te maak.

Jy's nie gedek vir skade aan voertuie wat teen vergoeding geparkeer word nie.

**Neem asseblief kennis: Die voertuig (en die inhoud daarvan) sal nie geag word in jou bewaring of onder jou beheer te wees nie.**

## Passasiersaanspreeklikheid: Busse

Jy's gedek vir die dood of besering van 'n persoon wat in of op 'n versekerde bus (soos omskryf) vervoer word of daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim, met dien verstande dat:

- Ons aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrae wat in jou polisskedule gemeld word ten opsigte van enige enkele passasier en enige enkele eis of reeks eise wat uit 1 voorval voortspruit.
- Hierdie dekking is nie van toepassing op 'n persoon wat op 'n sleepwa vervoer word nie.

## Passasiersaanspreeklikheid: Kommersiële jag- en wildbesigtigingsvoertuie

Jy's gedek vir die dood of besering van 'n persoon wat in of op 'n versekerde kommersiële jag- en wildbesigtigingsvoertuig (soos omskryf) vervoer word of daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim.


Met dien verstande dat:

- Ons aanspreeklikheid beperk is tot die bedrae wat in jou polisskedule gemeld word ten opsigte van enige enkele passasier en enige enkele eis of reeks eise wat uit 1 voorval voortspruit.
- Sodanige voertuie toegerus is met relings aan alle kante van die laai-oppervlak.

## Passasiersaanspreeklikheid: Kommersiële jag- en wildbesigtigingsaktiwiteite uitgesluit

Jy's gedek vir die dood of besering van 'n persoon wat in of op 'n versekerde handelsvoertuig, LAV, paneelwa, selfaangedrewe woonwa, motorfiets, sleepwa, spesiale tipe voertuig of plaaswerktuig (soos hierbo omskryf) vervoer word of daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim ten tyde van 'n voorval waaruit 'n eis ontstaan, met dien verstande dat:

- Sodanige persoon sterf of beseer word terwyl hy in die kajuit van sodanige handelsvoertuig, LAV, paneelwa, selfaangedrewe woonwa, spesiale tipe voertuig of plaaswerktuig vervoer word of daarin of daaruit klim.
- Sodanige persoon sterf of beseer word terwyl hy op 'n handelsvoertuig, LAV, paneelwa, selfaangedrewe woonwa of sleepwa vervoer word of daarop of daarvan af klim, met dien verstande dat sodanige voertuig relings aan alle kante van sy laai-oppervlak het soos vereis word deur die Nasionale Padverkeerswet, Wet 93 van 1996, soos gewysig.
- Ons aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.



## Passasiersaanspreeklikheid: Werknemers

Jy's gedek vir die dood van of liggaamlike besering aan 'n werknemer wat in of op 'n versekerde handelsvoertuig, LAV, paneelwa, kommersiële jag- of wildbesigtigingsvoertuig, sleepwa, of selfaangedrewe woonwa, grassnyer of gholfkarretjie (soos omskryf) vervoer word of daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim.

Met dien verstande dat:

- Die voorval plaasgevind het buite die konteks van hul werk.
- Sodanige voertuie en sleepwaens toegerus is met relings aan alle kante van die laai-oppervlak.
- Ons aanspreeklikheid beperk is tot R250,000 of die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, per voorval.

## Stropergraantafels en -plukkerkoppe

Jy word deur 'Verlies of skade' en 'Aanspreeklikheid teenoor ander' gedek ten opsigte van graantafels en/of plukkerkoppe, ongeag of hulle aan die stroper/s vas is of nie, met dien verstande dat terwyl hulle los is van sodanige versekerde stroper/s, hulle nie aan enige ander (onversekerde) stroper/s vas is nie, en met dien verstande dat sodanige graantafels en/of plukkerkoppe en stroper/s in jou polisskedule gemeld word.

## Trauma: Privaat tipe voertuie en LAV's

In die geval van mediese onkoste wat nie andersins gedek word nie, sal ons maksimum R7,500 per voorval betaal vir traumabehandeling deur 'n sielkundige indien jy en/of jou gade dit nodig het na die kaping of poging tot kaping van 'n omvattend versekerde privaat tipe voertuig of LAV (soos omskryf).

## Verlies van sleutels

Ons sal jou dek vir die koste om slotte en sleutels te vervang, insluitend die afstandalarmbeheerder en, indien nodig, die herprogrammering van 'n gekodeerde alarmstelsel van 'n versekerde voertuig, na die verdwyning van 'n sleutel of alarmbeheerder van die voertuig, of indien jy rede het om te glo dat 'n ongemagtigde persoon in besit kan wees van 'n duplikaat van sodanige sleutel of alarmbeheerder, met dien verstande dat:

- Ons aanspreeklikheid beperk is tot R10,000 per voorval.
- Jy verantwoordelik is vir die bybetaling wat in jou polisskedule gemeld word.

## Verlies van gebruik van voertuig: Trekkers en stropers

Jy's gedek vir die huur van 'n trekker en/of stroper (met bestuurder/s indien nodig) indien dit nodig is weens verlies van die gebruik van 'n trekker en/of stroper wat in jou polisskedule gemeld word, as gevolg van 'n versekerde gevaar waarvoor jy in hierdie afdeling kan eis, beperk tot die getal dae of die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word, en onderworpe daaraan dat jy 'n rekening van die verskaffer of verhuurder aan ons verskaf.

Indien jy in hierdie afdeling eis, moet jy ons 31 dae skriftelike kennis gee wat bereken word vanaf die datum van die voorval.

Ons is geregtig op enige verhaling van derde partye of hul versekeraars ten opsigte van verlies van die gebruik van die versekerde trekker en/of stroper.

Met dien verstande dat ons nie aanspreeklik is nie vir:

- Verlies of skade voortspruitend uit vriesing of meganiese onklaarraking.
- Die voorsiening van 'n trekker en/of stroper.
- Enige verlies van of skade aan 'n trekker en/of stroper wat jy ná jou versekerde verlies of skade huur.

## Verlies van gebruik van voertuig: Vragmotors en voorhakers

Jy's gedek vir die huur van 'n vragmotor en/of voorhaker indien dit nodig is weens verlies van die gebruik van 'n vragmotor en/of voorhaker wat in jou polisskedule gemeld word, as gevolg van 'n versekerde gevaar waarvoor jy in hierdie afdeling kan eis, beperk tot 31 dae of R500 per dag, soos in jou polisskedule gemeld word, en onderworpe daaraan dat jy 'n rekening van die verskaffer of verhuurder aan ons verskaf. Die gehuurde vragmotor en/of voorhaker moet soortgelyk wees aan die versekerde vragmotor en/of voorhaker.

Ons is geregtig op enige verhaling van derde partye of hul versekeraars ten opsigte van verlies van die gebruik van die versekerde vragmotor en/of voorhaker.

Indien jy in hierdie afdeling eis, moet jy ons 31 dae skriftelike kennis gee wat bereken word vanaf die datum van die voorval.

Indien die versekerde voertuig gesteel word, sal dekking vir verlies van gebruik eers in werking tree nadat dit teruggevind is, en dan slegs vir die tyd wat nodig is om dit te herstel.

Met dien verstande dat ons nie aanspreeklik is nie vir:
- Verlies of skade voortspruitend uit vriesing of meganiese onklaarraking.
- Die voorsiening van ’n vragmotor en/of voorhaker.
- Enige verlies van of skade aan ’n vragmotor en/of voorhaker wat jy ná jou versekerde verlies of skade huur.
- Die eerste 5 dae na die datum waarop ons ’n skriftelike kwotasie vir die huur van die vragmotor en/of voorhaker ontvang.

## Verwydering en beskerming: Privaat tipe voertuie en LAV’s

Jy’s gedek vir die koste van verwydering en beskerming in die geval van meganiese of elektriese onklaarraking van ’n versekerde privaat tipe voertuig of LAV (soos omskryf), beperk tot R2,500 en 1 voorval in enige 12 opeenvolgende maande van versekering.

## Voorwaardelike aanspreeklikheid

Jy’s gedek vir die dood of besering van enige persoon wat vervoer word in of op, of klim in, op of uit of afklim van ’n handelsvoertuig, motorfiets, bus of sleepwa wat nie aan jou behoort nie maar wat vir die doeleindes van jou besigheid gebruik word, ten tyde van ’n voorval waarvoor jy sou kon eis indien sodanige voertuig aan jou behoort het, maar met uitsluiting van enige persoon wat in of op ’n permanent omslote passasiersdraende kompartement van sodanige handelsvoertuig vervoer word of daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim.

Met dien verstande dat:
- Ons nie vir die verlies van of skade aan die voertuig self aanspreeklik is nie.
- Die betaling van subsidies of reistoelaes deur jou aan sodanige persoon vir die gebruik van sy eie voertuig vir jou amptelike doeleindes, insluitend die vervoer van mense vir daardie doeleindes, toegelaat word sonder om aan hierdie dekking af te doen.
- Indien jy of sodanige persoon ten tyde van enige ongeluk waarvoor jy volgens hierdie ‘Opsionele’ dekking kan eis, geregtig is om volgens enige ander polis vir dieselfde voorval te eis, ons nie aanspreeklik is vir enige betaling nie, behalwe vir enige bedrag bo die bedrag wat volgens die ander polis betaalbaar is.

**Neem asseblief kennis: Die uitsluitings en bepalings en voorwaardes van hierdie polis geld andersins.**

## Wrakverwydering

Jy’s gedek vir die verlies van of skade aan ’n versekerde voertuig, insluitend die koste en uitgawes wat jy aangaan ten opsigte van die opruiming en verwydering van puin en wrakstukke van die voertuig ná skade in ’n voorval waarvoor jy kan eis, met dien verstande dat ons aanspreeklikheid hoogstens die bedrag sal wees wat in jou polisskedule gemeld word, per voorval.

## Alle opsies

## Wat NIE deur die koning gedek word nie

## Aanspreeklikheid, besering, ongeluk, skade en verlies

Jy’s nie gedek vir enige aanspreeklikheid, besering, ongeluk, skade en verlies nie:

- Indien ’n versekerde voertuig met jou algemene wete en toestemming gebruik word, behalwe vir die gebruik soos in jou polisskedule gemeld word.
- Wat aangegaan word buite Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland (Eswatini), Zimbabwe, Malawi, Mosambiek en Zambië. Jy’s egter gedek vir die verlies van of skade aan enige voertuig terwyl dit in transito per see of lug is tussen hawens of plekke in hierdie gebiede, insluitend laai en aflaai wat gepaardgaan met sodanige transito. In die geval van ’n voorval waarvoor jy kan eis terwyl ’n versekerde voertuig buite Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland (Eswatini), Zimbabwe, Malawi, Mosambiek en Zambië is, is jy op eie koste verantwoordelik vir die repatriasiekoste van die voertuig na ’n land waarin jy gedek is. Geen aanspreeklikheid sal erken en geen betaling sal gedoen word ingevolge hierdie dekking nie tot tyd en wyl die voertuig gerepatrieer is na ’n gebied wat gedek is.
- Vir ’n voertuig wat bestuur word deur:
  - Jou, terwyl jy onder die invloed van drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van ’n lid van die mediese beroep behalwe jouself), terwyl jou bloedalkoholpersentasie die wetlike perk oorskry tydens die voorval, of terwyl jy nie gelisensieer is om die voertuig te bestuur nie.
  - Enige ander persoon wat, met jou algemene toestemming of na jou wete, onder die invloed van drank of verdowingsmiddels is (tensy dit toegedien of voorgeskryf word deur en geneem word in ooreenstemming met die voorskrifte van ’n lid van die mediese beroep behalwe die persoon self), terwyl daardie persoon se bloedalkoholpersentasie die wetlike perk oorskry tydens die voorval, of terwyl daardie persoon nie gelisensieer is om die voertuig te bestuur nie. Dit sal nie van toepassing wees nie indien jy kan bewys dat jy onbewus was dat die bestuurder nie gelisensieer is nie en ook tot ons bevrediging kan bewys dat daar in die normale loop van jou besigheid prosedures geld om te verseker dat slegs gelisensieerde bestuurders toegelaat word om die versekerde voertuie te bestuur.

Met dien verstande dat enige bestuurder geag sal word gelisensieer te wees om ’n voertuig te bestuur indien:

- Hy/sy voldoen aan die lisensiewette met betrekking tot enige van die grondgebiede waarna hierbo verwys word.
- Nie-voldoening aan ’n lisensiewet bloot toe te skryf is aan versuim om ’n lisensie te hernu wat aan periodieke hernuwing onderworpe is.
- ’n Lisensie nie deur die wet vereis word nie.
- Die bestuurder leer bestuur en aan die wette met betrekking tot leerlingbestuurders voldoen.

**Neem asseblief kennis:**

- **Die term ‘gelisensieer’ sluit die vereiste in om benewens ’n bestuurslisensie ook ’n professionele bestuurspermit te hê vir tipes voertuie wat volgens wet sulke permitte vereis.**
- **Indien jy opsionele ‘Verhuurde woonwaens’-dekking het, is jy gedek vir die bestuurder van ’n versekerde voertuig wat ’n versekerde woonwa sleep ten tyde van ’n voorval waarvoor jy kan eis.**

## Aanspreeklikheid teenoor ander

Dekking vir ‘Aanspreeklikheid teenoor ander’ sluit nie dekking in nie vir:

- Enige vergoeding of eis wat binne die bestek van wetgewing ten opsigte van verpligte motorvoertuigversekering val, ongeag of sodanige dekking van krag is of aangegaan is.
- Die dood of besering van ’n persoon wat in of op ’n voertuig soos hierbo omskryf (privaat tipe voertuig, soos omskryf, uitgesluit) vervoer word of daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim ten tyde van ’n voorval waaruit ’n eis ontstaan (behalwe ’n persoon wat in of op ’n permanent omslote passasiersdraende kompartement van ’n handelsvoertuig, LAV, paneelwa, wildbesigtigings- of jagvoertuig, selfaangedrewe woonwa of plaaswerktuig, soos omskryf, vervoer word of daarin, daarop, daarvan af of daaruit klim).
- Aanspreeklikheid wat voortspruit uit die werkverrigting, demonstrasie of gebruik (vir ander doeleindes as die instandhouding of herstel van die voertuig) van enige werktuie of toerusting wat deel uitmaak van of vasgeheg is aan of gebruik word in verband met ’n voertuig of enigiets vervaardig deur of gehou in enige sodanige werktuie of toerusting, behalwe vurkhysers.

**Neem asseblief kennis: Die maksimum bedrag wat ons sal betaal, word in jou polisskedule gemeld.**

## Kontraktuele aanspreeklikheid

Jy's nie gedek vir enige eis wat uit kontraktuele aanspreeklikheid voortspruit, tensy jy aanspreeklik sou gewees het ongeag of die ooreenkoms aangegaan is of nie.

Jy's gedek in soverre dit vereis word deur die voorwaardes van enige kontrak van die Suid-Afrikaanse Federasie vir Boubedrywe en in verband met enige aanspreeklikheid voortspruitend uit die uitvoering van sodanige kontrak, vir enige prinsipaal wat benoem word in sodanige kontrak wat jy vir die doeleindes van die besigheid aangaan. Ons aanspreeklikheid is beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

## Verlies of skade

Dekking vir verlies of skade sluit nie die volgende in nie:

- Gevolglike verlies as gevolg van enige oorsaak hoegenaamd.
- Waardevermindering, ongeag of dit voortspruit uit herstelwerk na 'n eis vir verlies of skade waarvoor jy gedek word, of andersins.
- Slytasie of meganiese, elektroniese of elektriese onklaarrakings, weierings of brekasies.
- Skade aan buitebande as gevolg van rem, of deur lekkasies, snye of barste.
- Skade aan vere/skokbrekers weens swak padtoestande of enige ander oppervlak, of weens slaggate.

## Woonwaens waarin gewoon word

Jy's nie gedek vir enige ongeluk, besering, verlies, skade of aanspreeklikheid ten opsigte van 'n woonwa wat as permanente woonplek gebruik word.

## Alle opsies

## Ons B's en V's

## Afstanddoening van subrogasieregte

Ons doen afstand van alle subrogasie- of gedingvoeringsregte wat ons het of verkry teen enige ander persoon wat deur hierdie afdeling gedek word, en elke persoon moet die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (algemeen sowel as spesifiek) van hierdie afdeling nakom, uitvoer en hulle daaraan onderwerp in soverre dit op hulle van toepassing kan wees.

Hierdie klousule is nie van toepassing nie waar die bestuurder van 'n voertuig ten tyde van 'n voorval waarvoor jy geëis het, onder die invloed van alkohol was, 'n asemklikkertoets gedop het, 'n bloedalkoholvlak bo die wetlike perk gehad het of nie gelisensieer was om die voertuig te bestuur nie.

## Hou dit veilig

Jy sal moontlik ’n beveiligingstoestel in jou voertuig moet installeer, waarvan die besonderhede met jou bevestig sal word wanneer jy jou polis by ons uitneem, en wat ook in jou polisskedule aangeteken sal word. Waar ’n opsporingstoestel ’n dekkingsvoorwaarde is, moet jy die betrokke opsporingsmaatskappy so gou as redelikerwys moontlik laat weet indien ’n diefstal of kaping plaasvind.

## Hou ons op hoogte

Indien jou bestuurslisensie of die bestuurslisensie van jou gemagtigde bestuurder gedurende ’n versekeringstydperk geëndosseer, opgeskort of gekanselleer word, of as jy of jou gemagtigde bestuurder aangekla word vir of skuldig bevind word aan nalatige, roekelose of onbehoorlike bestuur, moet jy ons onmiddellik laat weet sodra jy hiervan te wete kom. Onthou, onakkurate besonderhede beteken ontoepaslike dekking.

## Kullery

Verlies en skade weens kullery of bedrog word uitgesluit. Met ‘kullery’ bedoel ons leuens of bedrog met die doel om jou van eienaarskap, gebruik of genot van enige versekerde eiendom te ontneem.

## Lande waar jy gedek is

Jou voertuig is gedek in Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Mosambiek, Namibië, Swaziland (Eswatini), Malawi en Zimbabwe.

## Onderdele wat nie beskikbaar is nie

Indien ’n onderdeel wat nodig is om ’n voertuig te herstel as deel van ’n eis, nie as ’n standaard-onderdeel in Suid-Afrika beskikbaar is nie, sal ons jou ’n bedrag betaal wat:

- Beperk is tot die vervaardiger se lysprys ten tyde van die verlies of skade.
- Insluitend die redelike koste om die onderdeel na Suid-Afrika te vervoer (behalwe per lug).

## Oortredings

Indien jou bestuurslisensie of dié van ’n gemagtigde bestuurder gedurende die versekeringstydperk geëndosseer, opgeskort of gekanselleer word, of indien jy of ’n bestuurder aangekla word van of skuldig bevind word aan nalatige, roekelose of onbehoorlike bestuur of bestuur onder die invloed van drank, verdowingsmiddels of narkose, of ’n geïdentifiseerde bloedalkoholpersentasie het wat die wetlike persentasieperk oorskry, moet jy ons onmiddellik laat weet.

## Premie-aanpassing

### Nie-gespesifiseerde voertuie

Indien jy nie-gespesifiseerde voertuigdekking kies, moet jy aan die einde van elke versekeringstydperk vir ons 'n verklaring stuur van die totale getal voertuie wat besit, gehuur of verhuur word. By ontvangs van hierdie verklaring sal ons 'n premie-aanpassing doen van 50% van die jaarlikse tarief per voertuig, toegepas op die verskil in die getal voertuie by aanvang of hernuwing en die getal wat verklaar word.

### Gespesifiseerde voertuie

Indien 'n versekerde privaat tipe voertuig, LAV of paneelwa (soos omskryf) gedurende 'n versekeringstydperk van die hand gesit word en deur 'n ander voertuig vervang word, sal geen premie-aanpassing gedoen word nie, met dien verstande dat die versekerde bedrag en uitbreidings van toepassing op hierdie voertuie dieselfde bly. Indien die versekerde bedrae met die vervanging toeneem of afneem, en opsionele dekking bygevoeg of geskrap word,sal die premie dienooreenkomstig aangepas word.

## Vervanging van versekerde voertuie: Privaat tipe voertuie en LAV's

In die geval van privaat tipe voertuie en LAV's (soos omskryf) kan ons, in plaas van 'n geldelike betaling, en onderworpe aan jou toestemming of dié van enige belanghebbende party wat aan ons bekend is, sodanige voertuie deur nuwe voertuie van dieselfde tipe en model vervang (indien beskikbaar) indien sodanige vervanging binne 12 maande na die voertuig se eerste registrasie plaasvind en onderworpe daaraan dat die voertuig nie meer as 30,000km afgelê het nie, indien:

- Die verlies van die voertuig voortspruit uit diefstal en die voertuig nie binne 'n redelike tydperk nadat die diefstal by ons aangemeld is, opgespoor kan word nie.
- Die koste om die skade te herstel meer as 70% van die voertuig se lysprys plus belastings is vir 'n nuwe voertuig. Die skadeloosstellingsgrondslag is die huidige koste van 'n nuwe voertuig van dieselfde of 'n soortgelyke model, onderworpe aan 'n perk van 120% van die versekerde bedrag en minus die bybetaling.

Met dien verstande dat:

- Indien 'n voertuig vervang word soos hierbo beskryf, ons geregtig is op beslaglegging en eienaarskap van die verlore of beskadigde voertuig.
- Ons aanspreeklikheid beperk is tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

## Voertuiginstandhouding

Jy, enigiemand wat namens jou optree en enigiemand wat 'n versekerde voertuig met jou toestemming bestuur of met die toestemming van enigiemand wat namens jou optree, moet alle redelike stappe doen om daardie voertuig teen verlies of skade te beskerm en dit in 'n goeie werkende toestand te hou, met dien verstande dat ons vrye toegang het om sodanige voertuig op enige tydstip na te gaan. In die geval van 'n ongeluk of onklaarraking mag sodanige voertuig nie sonder toesig gelaat word sonder dat behoorlike voorsorgmaatreëls getref word om verdere skade of verlies te voorkom nie. Indien sodanige voertuig bestuur word voordat die nodige herstelwerk gedoen is, is enige toename in of verdere skade aan sodanige voertuig geheel en al op jou eie risiko.

## Wetgewing

Jou dekking onder ons 'Motor'-afdeling is te alle tye onderhewig daaraan dat jy voldoen aan die vereistes van die Nasionale Padverkeerswet nr. 93 van 1996 soos gewysig.



# Onklaarraking van masjinerie

**In kort...**

Masjiene is ’n noodsaaklike komponent van enige vervaardigings- of produksieproses. Sonder hulle sal dit maar moeilik wees om produktief te wees, as dít jou tipe besigheid is. Gelukkig kan King Price jou met dekking vir onklaarraking van masjinerie help om jou gou-gou weer aan die gang te kry. Ons versekering vir onklaarraking van masjinerie verskaf dekking vir onvoorsiene en skielike skade aan die versekerde masjinerie op jou perseel.

## Wat deur die koning gedek word

### Skade aan eiendom

Jy’s gedek vir onvoorsiene en skielike, toevallige fisiese beskadiging van die versekerde eiendom weens enige oorsaak wat nie spesifiek uitgesluit word nie, vir die vervangingswaarde, markwaarde of ooreengekome waarde daarvan, terwyl dit op die perseel is.

Die skade moet voorkom terwyl die versekerde eiendom, nadat die aanvaardingstoetse ten opsigte van verrigting suksesvol voltooi is:

- Binne die perseel geskuif word.
- Gedemonteer word met die doel om skoongemaak of opgeknap te word, of in die loop van hierdie bedrywighede.
- Gehermonteer word.
- In werking is of stilstaan.

Met dien verstande dat hierdie dekking slegs op die versekerde eiendom van toepassing sal wees nadat die werkverrigting-aanvaardingstoetse met welslae voltooi is, of die eiendom nou:

- Daarna weer opgerig word.
- Gedemonteer word met die doel om skoongemaak of opgeknap te word, of in die loop van, hierdie bedrywighede.
- In werking is of stilstaan.
- Verskuif word na ’n ander plek binne die perseel.

## Wat NIE deur die koning gedek word nie

Jy's nie gedek vir:

- Direkte of indirekte verlies van of skade aan:
  - Omruilbare gereedskap (byvoorbeeld matryse, gietvorms of gegraveerde silinders).
  - Onderdele wat as gevolg van hul gebruik of aard aan 'n hoë mate van slytasie onderworpe is (byvoorbeeld, maar nie beperk nie tot, vuurvaste voerings of meulstene en saaglemme).
  - Voorwerpe van glas, bande, toue, drade, rubberbande, en gebruiksmiddels (byvoorbeeld smeermiddels, brandstowwe of katalisators).
- Skade as gevolg van die verkeerde gebruik van gereedskap of toerusting, of as gevolg van eksperimente, opknappings of toetse wat die aanwending van abnormale toestande verg.
- Verlies of skade veroorsaak deur voorvalle wat deur die koning se 'Brand'- afdeling gedek word.
- Verlies of skade waarvoor 'n verskaffer, kontrakteur of hersteller verantwoordelik is, hetsy volgens wet of kontrak.
- Verlies of skade wat direk of indirek veroorsaak word deur foute of defekte waarvan jy tydens die aanvang van hierdie afdeling geweet het, ongeag of hierdie foute of defekte aan ons bekend was of nie.
- Verlies of skade as 'n direkte gevolg van die voortdurende invloed van werkverrigting (byvoorbeeld, maar nie beperk nie tot, slytasie, kavitasie, erosie, korrosie, roes of ketelsteen).

**Neem asseblief kennis: Indien onderdele of gereedskap beskadig word as gevolg van skade aan ander onderdele van jou versekerde masjinerie, is jy gedek vir die reswaarde van daardie onderdele of gereedskap.**

**Skade aan eiendom**

Jy's nie gedek vir skade weens:

- Defekte in die gietsel of materiaal.
- Fisiese ontploffing.
- Foute by die werkswinkel of tydens oprigting.
- Foutiewe ontwerp.
- Gebrekkige vakmanskap, gebrek aan vaardigheid, of nalatigheid.
- Kortsluiting.
- Te min water in stoomketels.
- Uiteenskeuring weens sentrifugale kragte.
- Enige ander oorsaak wat nie spesifiek uitgesluit word nie.

## Ons B’s en V’s

- **Markwaarde**

Dit beteken die huidige aankoopprys van tweedehandse/gebruikte eiendom van gelykstaande werkverrigting of kapasiteit met, en in ’n toestand soortgelyk aan dié van, die verlore of beskadigde eiendom. Waar geen soortgelyke eiendom beskikbaar is nie, word die markwaarde bereken deur van die huidige nuwe vervangingswaarde van die naaste gelykstaande eiendom, ’n bedrag af te trek wat die volgende verteenwoordig:

- 20% vir die eerste jaar na die aankoopdatum.
- 10% per jaar vir elke daaropvolgende jaar.

Dit is onderworpe aan ’n minimum skadeloosstelling van 40% van die huidige nuwe vervangingswaarde van die naaste gelykstaande eiendom.

**Nuwe versekerde eiendom**

Nuwe eiendom beteken eiendom wat nie meer as 3 jaar voor ’n versekerde voorval gekoop is nie. Opgraderings, verbeterings, asook die ouderdom van die eiendom, sal in ag geneem word vir die bepaling van die bedrag wat gedek word.

**Gedeeltelike verlies**

Indien die versekerde eiendom skade opdoen wat herstel kan word, word die bedrag betaalbaar bereken op grond van die uitgawes wat aangegaan word om die beskadigde eiendom tot sy vorige werkende toestand te herstel, met dien verstande dat:

- Die waarde van beskadigde dele wat gebruik kan word, afgetrek sal word.
- Die koste van enige verandering, toevoeging, verbetering of opknapping wat tydens die herstelwerk uitgevoer word, nie binne hierdie afdeling verhaal kan word nie.
- Indien jy noodsaaklike tydelike herstelwerk sonder ons toestemming uitvoer in belang van veiligheid of om verdere verlies of skade aan die versekerde eiendom tot die minimum te beperk, die koste van die tydelike herstelwerk deur ons gedra sal word.
- Indien die tydelike herstelwerk die verlies vererger of bykomende verlies of skade aan die versekerde eiendom veroorsaak, sal enige bykomende koste wat so opgeloop word, of die gevolge wat uit hierdie herstelwerk voortspruit, vir jou rekening wees.
- Indien die skade beperk is tot ’n deel of dele van ’n versekerde item, ons nie aanspreeklik is vir ’n bedrag groter as die waarde van sodanige deel of dele nie.

**Neem asseblief kennis: Indien die herstelwerk uitgevoer word by ’n werkswinkel wat deur jou besit word, sal ons die redelike koste betaal van materiaal en lone wat vir die herstelwerk aangegaan word, plus ’n redelike persentasie om bedryfskoste te dek.**

**Totale verlies**

**Eiendom wat nie nuut is nie, of nie totaal verloor of vernietig is nie**

Die bedrag betaalbaar sal bereken word op grond van die markwaarde van die versekerde eiendom onmiddellik voor die verlies of skade. Eiendom sal na ons goeddunke as totaal vernietig beskou word indien die koste van ’n gedeeltelike verlies gelyk aan of groter as die markwaarde daarvan onmiddellik voor die skade is.

**Nuwe eiendom wat totaal verloor of vernietig is**

Die bedrag betaalbaar sal bereken word op grond van die koste van vervanging of herstel daarvan op dieselfde terrein met eiendom van gelyke werkverrigting of kapasiteit, of van die naaste gelykstaande werkverrigting of kapasiteit, met dien verstande dat:

- Die vervangings- of herstelwerk (wat op ’n ander terrein uitgevoer mag word, met dien verstande dat ons aanspreeklikheid nie daardeur verhoog word nie) binne ’n redelike tyd begin en uitgevoer moet word.
- Ons eers aanspreeklik sal wees om te betaal nadat koste deur jou aangegaan is om die eiendom te vervang of te herstel.

## Ons B’s en V’s

### Argitek- en ander professionele gelde

Professionele gelde wat nodig is vir die herstel of vervanging van die versekerde eiendom, beperk tot 25% van die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.

### Bedryf van beskadigde eiendom

Jou dekking sal staak indien die versekerde eiendom in bedryf gehou word na ’n eis, sonder om tot ons bevrediging herstel te word, of indien tydelike herstelwerk sonder ons toestemming uitgevoer word.

### Bykomende dekking

Die bykomende dekking wat deur hierdie afdeling verskaf word, is onderworpe aan die versekerde bedrae soos in jou polisskedule gemeld teenoor die betrokke items en, waar gepas, sluit dit demontering, heroprigting, vervoer en verwydering van beskadigde versekerde eiendom in, en invoerregte en BTW waar van toepassing.

### Diens- en instandhoudingsrekords

Alle versekerde masjinerie moet in ’n goeie werkende toestand gehou word, en diens- en instandhoudingsrekords moet gehou word.

## Eweredigheid

Indien die eiendom in totaal meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word jy as jou eie versekeraar beskou vir die verskil, en dra jy dienooreenkomstig eweredige deel van die verlies. Elke item, indien daar meer as 1 is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## Kapitaaltoevoegings

Hierdie klousule dek veranderings en verbeterings aan en toevoegings tot die versekerde eiendom vir 'n bedrag van hoogstens 25% van die versekerde bedrag. Jy moet ons asseblief so gou as moontlik van sodanige veranderings, verbeterings en toevoegings laat weet, om daarvoor gedek te word.

## Opruimingskoste

Dit dek die redelike en noodsaaklike koste ten opsigte van die sloping of demontering van die eiendom; verwydering van puin; oprigting en instandhouding van skuttings en ander soortgelyke strukture wat vereis word tydens sloping, demontering, puinverwydering en herbouing, tot hoogstens 15% van die eisbedrag.

## Spoedaflewering en oortyd

Die redelike en noodsaaklike bykomende koste van spoedaflewering, lugvrag, oortyd en Sondag- en vakansieloonkoerse betaalbaar ten opsigte van die herstel of vervanging. Die maksimum bedrag wat ons sal betaal, is 50% van die bedrag wat die herstel of vervanging sou gekos het indien hierdie bykomende koste nie aangegaan is nie.

## Vervaardiger se aanwysings

Jy moet ten alle tye die volgende nakom:

- Die vervaardiger se aanwysings vir die werking, inspeksie en instandhouding van die versekerde eiendom.
- Owerheidsregulasies.
- Wetlike regulasies.
- Munisipale regulasies.
- Alle ander bindende regulasies wat van krag is in verband met die werking en instandhouding van die versekerde eiendom.

# Onklaarraking van masjinerie: Sake-onderbreking

### In kort...

Alle besighede maak staat op toerusting van 'n aard en die meeste versekeraars dek dit. Sommige versekeraars vergeet egter om die finansiële verlies te dek wat die besigheid kan ly indien hierdie masjinerie onklaar raak en jou sakebedrywighede onderbreek word. Met die koning se dekking word jou bruto wins, bruto huurgeld en verhoging in bedryfskoste verseker... Solank die masjinerie wat onklaar raak ook by ons verseker is.

## Keuse van dekking

### Jou keuse, ons plesier

**In hierdie afdeling kan jy kies om die volgende te dek:**
**A. Bruto wins: Verskilgrondslag**
**B. Bruto wins: Byvoegingsgrondslag**
**C. Bruto huurgeld**
**D. Bykomende verhoging in bedryfskoste**

### Alle opsies

## Wat deur die koning gedek word

### Finansiële verlies

Jy's gedek vir jou finansiële verlies weens die onderbreking of belemmering van jou sakebedrywighede na 'n voorval wat verlies of skade veroorsaak aan enige masjinerie wat:

- Deur die koning se 'Onklaarraking van masjinerie'-afdeling gedek word.
- In jou 'Onklaarraking van masjinerie'-polisskedule gemeld word.
- Jy by die perseel vir die besigheid gebruik.

## Wat ons bedoel

**Voorval**
Die onvoorsiene en skielike fisiese beskadiging van die masjinerie wat in jou 'Onklaarraking van masjinerie'-polisskedule beskryf word, weens enige oorsaak wat deur die koning se 'Onklaarraking van masjinerie'-versekering gedek word.

**Bruto wins**
Waar jy goedere verkoop of lewer, of 'n diens lewer in die loop van jou besigheid:

- Is jy gedek vir die bedrag waarmee die bruto winskoers wat jy in die vorige finansiële jaar op jou standaardomset verdien het, verminder word as gevolg van 'n versekerde voorval.
- Is jou standaardomset die omset wat jy behaal in die 12 maande onmiddellik voordat 'n versekerde voorval plaasvind. Indien jy nog nie 12 maande sake doen voordat 'n versekerde voorval plaasvind nie, sal ons die getal maande wat jy reeds sake doen gebruik.
- Sal aanpassings aan jou standaardomset gemaak word om voorsiening te maak vir tendense, veranderings en ander omstandighede wat jou besigheid voor of na die voorval sou geaffekteer het, as dit nie vir die versekerde voorval was nie.
- Sal ons ook in ag neem dat 'n vermindering in jou standaardomset uitgestel kan word, of dat jou standaardomset in stand gehou kan word, deur opgehoopte voorraad of die opbrengs van die bergingsverkoping te gebruik.
- By 'n ander perseel as die perseel wat in jou polisskedule gemeld word, tot voordeel van jou besigheid, en jy of ander dit namens jou doen, sal die geld betaal of betaalbaar vir hierdie verkope of dienste in ag geneem word om die omset te bereken.

Waar jy goedere verwerk of vervaardig in die loop van jou besigheid:

- Is jy gedek vir die bedrag waarmee die bruto winskoers wat jy in die vorige finansiële jaar op jou standaardproduksie verdien het, verminder word as gevolg van 'n versekerde voorval.
- Is jou standaardproduksie die verkoop- of oordragwaarde, soos in jou boeke aangedui, van die goedere wat vervaardig of verwerk is in die 12 maande onmiddellik voordat 'n versekerde voorval plaasvind. Indien jy nog nie 12 maande sake doen voordat 'n versekerde voorval plaasvind nie, sal ons die getal maande wat jy reeds sake doen, gebruik.
- Sal aanpassings aan jou standaardproduksie gemaak word om voorsiening te maak vir tendense, veranderings en ander omstandighede wat jou besigheid voor of na die voorval sou geaffekteer het, as dit nie vir die versekerde voorval was nie.
- Indien goedere by 'n ander perseel as die perseel wat in jou polisskedule gemeld word, tot voordeel van jou besigheid verwerk of vervaardig word, en jy of ander dit namens jou doen, sal die verkoop- of oordragwaarde van hierdie goedere in ag geneem word in die berekening van die produksie.

**Netto wins**
Die netto handelswins (met uitsluiting van alle kapitaalontvangste en kapitaalaanwas en alle uitgawes wat regmatig teen kapitaal vorderbaar is) voortspruitend uit jou besigheid by jou versekerde perseel, nadat behoorlike voorsiening gemaak is vir alle vaste en ander koste, insluitend waardevermindering, maar voor aftrekking van enige belasting wat teen wins vorderbaar is.

**Versekerde vaste koste**
Soos in jou polisskedule gespesifiseer, het die woorde en uitdrukkings wat gebruik word die betekenis wat gewoonlik aan hulle geheg word in jou rekeningboeke.

## A. Bruto wins: Verskilgrondslag

Die bedrag waarmee die som van die omset en die bedrag van die eindvoorraad te kort skiet teenoor die som van die bedrag van die beginvoorraad en die bedrag van die onversekerde koste. Die bedrag van die begin- en eindvoorraad sal bereken word volgens jou gebruiklike rekeningkundige metodes, met behoorlike voorsiening vir waardevermindering.

Die dekking in hierdie afdeling is beperk tot verlies van bruto wins weens 'n vermindering in omset en 'n verhoging in bedryfskoste, en die bedrag betaalbaar as skadeloosstelling is:

- Ten opsigte van vermindering in omset, die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die omset gedurende die tydperk as gevolg van die skade te kort skiet teenoor die standaardomset.
- Ten opsigte van verhoging in bedryfskoste, die bykomende uitgawe noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in omset te vermy of te verminder wat, as dit nie vir daardie uitgawe was nie, gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade sou plaasgevind het, maar hoogstens die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag van die vermindering wat daardeur vermy is.
- Minus enige bedrag wat gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar word ten opsigte van sodanige deel van die koste en uitgawes van die besigheid betaalbaar uit bruto wins wat kan staak of verminder kan word as gevolg van die skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar proporsioneel verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van bruto wins minder is as die bedrag wat verkry word deur toepassing van die bruto winskoers op die jaarlikse omset waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse omset waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

## B. Bruto wins: Byvoegingsgrondslag

Die bedrag wat verkry word deur die bedrag van die versekerde vaste koste by die netto wins te voeg of, indien daar geen netto wins is nie, die bedrag van die versekerde vaste koste minus sodanige deel van enige netto handelsverlies wat ooreenstem met die verhouding waarin die bedrag van die versekerde vaste koste tot al die vaste koste van die besigheid staan.

Die dekking in hierdie afdeling is beperk tot verlies van bruto wins weens ’n vermindering in omset en ’n verhoging in bedryfskoste, en die bedrag betaalbaar as skadeloosstelling is:

- Ten opsigte van vermindering in omset, die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade te kort skiet teenoor die standaardomset.
- Ten opsigte van verhoging in bedryfskoste, die bykomende uitgawe noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in omset te vermy of te verminder wat, as dit nie vir daardie uitgawe was nie, gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade sou plaasgevind het, maar hoogstens die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag van die vermindering wat daardeur vermy is.
- Minus enige bedrag wat gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar word ten opsigte van sodanige deel van die versekerde vaste koste wat kan staak of verminder kan word as gevolg van die skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar proporsioneel verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van bruto wins minder is as die bedrag wat verkry word deur toepassing van die bruto winskoers op die jaarlikse omset waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse omset indien die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry. Indien enige vaste koste van die besigheid nie deur hierdie afdeling verseker is nie, word daar by die berekening van die bedrag wat hiervolgens as verhoging in bedryfskoste verhaalbaar is, slegs daardie deel van die bykomende uitgawe in aanmerking geneem wat ooreenstem met die verhouding waarin die som van die netto wins en die versekerde vaste koste tot die som van die netto wins en al die vaste koste staan.

**Neem asseblief kennis:**

- **Jy's gedek vir die versekerde tydperk wat jy gekies het en wat in jou polisskedule gemeld word.**
- **Jy's gedek tot die maksimum versekerde bedrag wat jy gekies het en wat in jou polisskedule gemeld word, tensy anders bepaal. Die versekerde bedrag wat jy kies, moet genoeg wees om jou potensiële verlies te dek. Dit is raadsaam om ons of jou makelaar om advies te vra wanneer jy hierdie bedrag kies.**
- **Die bedrag wat ons betaal, sal verminder word met enige bedrag ten opsigte van koste of uitgawes wat jy bespaar het of nie uit jou inkomste betaal het nie as gevolg van die versekerde voorval.**
- **Indien jy jou besigheid by takke (insluitend departemente of afdelings) bedryf en finansiële inligting onafhanklik vir elke tak bepaal kan word, is hierdie dekking afsonderlik op elke tak van toepassing.**
- **Vir die doeleindes van eweredigheid, waar van toepassing, indien die versekerde bedrag wat jy gekies het minder is as die totale inkomste van al die takke, sal die bedrag wat ons betaal proporsioneel verminder word, selfs al is ander takke nie deur die versekerde voorval geraak nie.**

## C. Bruto huurgeld

Die versekering vir hierdie item is beperk tot verlies van bruto huurgeld en 'n verhoging in bedryfskoste. Die bedrag betaalbaar as skadeloosstelling is:

- Ten opsigte van verlies van bruto huurgeld, die bedrag waarmee die bruto huurgeld gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade te kort skiet teenoor die standaard bruto huurgeld.
- Ten opsigte van 'n verhoging in bedryfskoste, die bykomende uitgawe noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies van bruto huurgeld te vermy of te verminder wat, as dit nie vir daardie uitgawe was nie, gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade sou plaasgevind het, maar hoogstens die bedrag van die verlies van bruto huurgeld wat daardeur vermy is.
- Minus enige bedrag wat gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar word ten opsigte van sodanige koste en uitgawes van die besigheid betaalbaar uit bruto huurgeld wat kan staak of verminder kan word as gevolg van die skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar proporsioneel verminder sal word indien die versekerde bedrag ten opsigte van bruto huurgeld minder is as die jaarlikse bruto huurgeld waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse bruto huurgeld waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

## D. Bykomende verhoging in bedryfskoste

Die versekering vir hierdie item is beperk tot die redelike bykomende uitgawes (nie verhaalbaar volgens ander items nie) wat met ons toestemming gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade aangegaan word, met die doel om die normale bedryf van die besigheid in stand te hou.

**Neem asseblief kennis:**
- **Jy's gedek vir die versekerde tydperk wat jy gekies het en wat in jou polisskedule gemeld word.**
- **Jy sal gedek word tot die maksimum versekerde bedrag wat jy gekies het en wat in jou polisskedule gemeld word, tensy anders vermeld. Die versekerde bedrag wat jy kies, moet genoeg wees om jou potensiële verlies te dek. Dit is raadsaam om ons of jou makelaar om advies te vra wanneer jy hierdie bedrag kies.**
- **Die bedrag wat ons betaal, sal verminder word met enige bedrag ten opsigte van koste of uitgawes wat jy bespaar het of nie uit jou inkomste betaal het nie as gevolg van die versekerde voorval.**

## Alle opsies

## Wat NIE deur die koning gedek word nie

Jy's nie gedek vir:
- Direkte of indirekte verlies van of skade aan:
  - Omruilbare gereedskap (insluitend, matryse, gietvorms of gegraveerde silinders).
  - Onderdele wat as gevolg van hul gebruik of aard aan 'n hoë mate van slytasie onderworpe is (insluitend, maar nie beperk nie tot, vuurvaste voerings en meulstene).
  - Voorwerpe van glas, bande, toue, drade, rubberbande, en gebruiksmiddels (byvoorbeeld smeermiddels, brandstowwe of katalisators).
- Enige beperkings op herbouing of bedryf wat deur 'n openbare owerheid opgelê word.
- Herstel of vervanging van vernietigde of beskadigde masjinerie, indien jy nie genoeg kapitaal het nie
- 'n Tekort, vernietiging, agteruitgang van of skade aan grondstowwe, halfklaar of klaar produkte of ander materiaal wat nodig is vir behoorlike bedryf, selfs al is daar of kan daar 'n gevolg van wesenlike skade wees aan 'n item soos beskryf in die lys onder die opskrif 'Lys van masjinerie en toerusting' in jou polisskedule vir hierdie afdeling.

- Ons is nie volgens hierdie afdeling aanspreeklik ten opsigte van die verlenging van ’n tydperk van onderbreking of belemmering van die besigheid wat direk of indirek voortspruit uit die toepassing van die volgende nie:
  - Enige afgekondigde wet van Suid-Afrika, insluitend valutabeheerregulasies wat teen enige ander land gemik is.
  - Enige wet van ’n ander land of internasionale wet wat teen Suid-Afrika gemik is.
  - Enige ekonomiese sanksies, konvensies, handelsverbiedings, boikotte, stakings of aksies wat teen Suid-Afrika gemik is, behalwe wat binne die grense van Suid-Afrika gebeur.
- Skade as gevolg van die verkeerde gebruik van gereedskap of toerusting, of as gevolg van eksperimente, opknappings of toetse wat die aanwending van abnormale toestande verg.
- Verlies of skade veroorsaak deur voorvalle wat deur die koning se ‘Brand’- afdeling gedek word.
- Verlies of skade waarvoor ’n verskaffer, kontrakteur of hersteller verantwoordelik is, hetsy volgens wet of kontrak. Indien ons op grond van hierdie bepaling aanvoer dat ’n verlies of eis nie deur hierdie afdeling gedek word nie, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.
- Verlies of skade wat direk of indirek veroorsaak word deur foute of defekte waarvan jy tydens die aanvang van hierdie afdeling geweet het, ongeag of hierdie foute of defekte aan ons bekend was of nie.
- Verlies of skade as ’n direkte gevolg van die voortdurende invloed van werkverrigting (byvoorbeeld, maar nie beperk nie tot, slytasie, kavitasie, erosie, korrosie, roes of ketelsteen).
- Verlies van of skade aan masjinerie, meganiese installasies en hul bykomende installasies of ander items, wat nie in die lys onder die opskrif ‘Lys van masjinerie en toerusting’ in jou polisskedule vir hierdie afdeling beskryf word nie, selfs al is daar of kan daar ’n gevolg van wesenlike skade wees aan ’n item soos in hierdie lys beskryf.
- Verlies van besigheid weens oorsake soos opskorting, verstryking of kansellasie van ’n bruikhuurooreenkoms, lisensie of bestelling, wat gebeur nadat masjinerie en toerusting wat deur ’n voorval geraak is weer in ’n werkende toestand is en die besigheid hervat sou kon word indien die bruikhuurooreenkoms, lisensie of bestelling nie opgeskort is, verstryk het of gekanselleer is nie.

**Neem asseblief kennis: Indien ons aanvoer dat enige van bogenoemde klousules van toepassing is, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys ten opsigte van jou eis.**

## Ons B’s en V’s

### Departementklousule

Indien die besigheid in departemente bedryf word (waarvan die onafhanklike handelsresultate bepaalbaar is), sal dekking afsonderlik geld vir elke departement wat deur die voorval geraak word. Indien die versekerde bedrag vir die betrokke item egter minder is as die totaal van die bedrae wat verkry word deur die bruto winskoers vir elke departement van die besigheid (ongeag of dit deur die voorval geraak is of nie) op die relatiewe jaarlikse omset daarvan toe te pas, sal die bedrag betaalbaar proporsioneel verminder word.

### Herstelling van verlies

Die versekerde bedrag sal nie met die bedrag van ’n verlies verminder word nie, maar jy sal proporsioneel vanaf die datum van die voorval tot die hernuwing van die dekking ’n bykomende premie op die bedrag van sodanige verlies betaal.

### Ophoping van voorraad

Met die bepaling van enige verlies, sal ons ’n billike toegewing in ag neem indien enige tekort in omset as gevolg van ’n voorval uitgestel word omdat die omset gedurende die dekkingstydperk tydelik in stand gehou word uit opgehoopte voorraad klaar produkte in pakhuise of depots. Enige bykomende uitgawe wat aangegaan word om sodanige voorraad te vervang, sal as ’n verhoging in bedryfskoste (soos omskryf) beskou word.

### Premieterugbetaling

Indien die bruto wins wat gedurende die rekeningkundige tydperk van 12 maande (wat die naaste saamval met enige versekeringstydperk soos gesertifiseer deur jou professionele rekenmeesters) verdien word minder is as die versekerde bedrag, sal ’n proporsionele premieterugbetaling van hoogstens 50% van die betaalde premie ten opsigte van die verskil gedoen word. Waar die skadeloosstellingstydperk meer as 12 maande is, sal die bedrag van die bruto wins vir die doeleindes van hierdie berekening aangepas word in die verhouding wat die skadeloosstellingstydperk tot 12 maande staan.

## Professionele rekenmeestersverslag

Enige gegewens of besonderhede (vervat in jou rekeningboeke of ander besigheidsboeke of dokumente) wat ons nodig kan hê om enige eis te ondersoek of te verifieer, kan deur professionele rekenmeesters gelewer word indien hulle op daardie tydstip gereeld as sodanig namens jou optree, en hul verslag sal beskou word as prima facie-bewys van die gegewens en besonderhede waarop die verslag betrekking het.

## Reserwemasjinerie

Jy waarborg dat enige item van versekerde toerusting of masjinerie waarlangs die woord 'Reserwe' in jou polisskedule verskyn, in gereedheid gehou sal word as reserwemasjinerie wat vir onmiddellike gebruik beskikbaar is in die geval van onklaarraking van die toerusting of masjinerie waarvoor dit op reserwe gehou word.

## Skadeloosstellingstydperk

Die tydperk waartydens die resultate van die besigheid as gevolg van 'n voorval geraak word, wat begin met die getal ure/dae na die voorval, soos gemeld in jou polisskedule, en eindig nie later nie as die verstryking van die tydperk na sodanige voorval, soos gemeld in jou polisskedule.

**Neem asseblief kennis: Dekking deur hierdie afdeling sal staak indien die besigheid gelikwideer of deur 'n likwidateur of geregtelike bestuurder voortgesit word, of permanent gestaak word, behalwe met ons skriftelike toestemming.**

## Toevoegings, veranderings en verbeterings

Jy's nie gedek nie ten opsigte van enige deel van 'n onderbreking of belemmering weens toevoegings, veranderings of verbeterings wat aan die beskadigde item aangebring word wanneer dit herstel word. Die dekkingstydperk sal enige tyd wat op grond van hierdie klousule afgetrek is, uitsluit.

## Verkope en dienste

Indien goedere of dienste óf deur jou óf deur ander namens jou gedurende die versekeringstydperk op 'n ander plek as by die perseel verkoop of gelewer word tot voordeel van die besigheid, sal die geld betaal of betaalbaar ten opsigte van sodanige verkope of dienste in berekening gebring word om die omset gedurende die dekkingstydperk te bereken.

# Onklaarraking van masjinerie: Verslegting van voorraad

**In kort...**

Met King Price sal jy nie 'n tekort aan dekking hê vir wat gebeur as die ligte doodgaan nie. Jy kan op ons betroubaarheid staatmaak om jou besigheid te beskerm indien goedere weens sekere onbeplande voorvalle versleg.

## Wat deur die koning gedek word

### Verslegting van goedere

Jy's gedek vir die verslegting van die goedere wat in jou polisskedule beskryf word, in die koelkamer/s op jou perseel, weens enige voorval wat nie spesifiek uitgesluit word nie, voortspruitend uit die:

- Kontaminasie deur koelmiddels, as gevolg van fisiese skade aan die verkoelingsinstallasie.
- Onvoorsiene en skielike, toevallige fisiese beskadiging van die versekerde eiendom wat in jou polisskedule gemeld word.
- Skielike en onvoorsiene onderbreking van die openbare kragvoorsiening by die eindpunte van die voorsieningsowerheid se toevoerlyne by die perseel.

Jy's deur hierdie afdeling gedek met dien verstande dat:

- Die verkoelingsmasjinerie deur ons 'Onklaarraking van masjinerie'-afdeling gedek word.
- Die versekerde verkoelingsmasjinerie gekoppel is aan 'n outomatiese alarmstelsel by 'n plek wat onder toesig is.
- Die voorraad nie in koelkamers met beheerde atmosfeer geberg word nie.
- Die goedere ten tyde van die verlies of skade in die koelkamers geberg is.
- 'n Vaste reëling getref word dat bekwame deskundiges die masjinerie gereeld in stand hou en aanpas, of dat die masjinerie deur jou eie instandhoudingspersoneel in stand gehou word.
- Jy daaglikse voorraadrekords hou wat die tipe, hoeveelheid en waarde van die goedere wat geberg word, en die begin en einde van die bergingstydperk afsonderlik vir elke koelkamer meld.
- Skriftelike rekords van inspeksies en herstelwerk gehou word.

## Opsionele dekking

### Dek meer. Betaal ’n bietjie meer

**Jy kan kies om die volgende opsie by jou basiese ‘Onklaarraking van masjinerie: Verslegting van voorraad’-dekking te voeg. Indien jy dit byvoeg, sal die opsie slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisskedule aangeteken is en ’n bykomende premie betaal word.**

### Kontaminasie en besoedeling van wynvoorraad

Jy’s gedek vir die skielike en toevallige besoedeling van wyn (insluitend verpakking) voortspruitend uit:

- Faling van die verkoelingseenhede of koelkamers om teen hul normale effektiwiteit te funksioneer.
- Faling van kragvoorsiening.
- Fout en/of versuim van enige van jou werknemers.
- Foutwerking van die beheerde omgewingstelsel.
- Ontsnapping van koelmiddel of kontaminasie van die versekerde eiendom om die doeltreffendheidsvlak te funksioneer.
- Skielike en onvoorsiene elektriese en/of meganiese skade aan die beheerde omgewingstelsel.
- Vernietiging op grond van ’n gesondheidsgevaar of ’n bevel van ’n regering of plaaslike owerheid.

Met dien verstande dat:

- Die maksimum bedrag wat ons sal betaal, in jou polisskedule gemeld word.
- Ons nie vir gevolglike verlies of aanspreeklikheid weens, of voortspruitend uit, die verslegting of verrotting van goedere aanspreeklik is nie.

**Neem asseblief kennis: Vir die doeleindes van hierdie dekking word die verkoopprys as die waardasiegrondslag vir wyn beskou.**



## Wat NIE deur die koning gedek word nie

### Boetes, gevolglike verlies en aanspreeklikheid

Jy's nie gedek vir boetes weens vertraging, gevolglike verlies of skade, of aanspreeklikheid van enige aard hoegenaamd nie.

### Krimping, en inherente en natuurlike oorsake

Jy's nie gedek vir verlies weens krimping, inherente foute of siektes, natuurlike agteruitgang of natuurlike verrotting nie.

### Onbehoorlike berging en beskadigde verpakking

Jy's nie gedek vir verlies wat direk of indirek voortspruit uit onbehoorlike berging, skade aan verpakkingsmateriaal, onvoldoende lugsirkulasie of onegalige temperatuur nie.

### Onderbreking van kragtoevoer

Jy's nie gedek vir 'n skielike en onvoorsiene onderbreking van die openbare kragvoorsiening wat veroorsaak word deur:

- Beurtkrag.
- 'n Opsetlike daad deur jou of enige openbare kragvoorsieningsowerheid.
- Droogte of brandstoftekort by enige kragstasie.

### Opsetlike dade

Verlies of skade veroorsaak deur jou opsetlike daad, of opsetlike nalatigheid van jou verteenwoordigers.

### Tydelike herstelwerk

Jy's nie gedek vir verlies wat direk of indirek veroorsaak word deur tydelike herstelwerk wat sonder jou toestemming op die verkoelingsmasjinerie uitgevoer word nie.

## Verkeerde bergingstemperatuur

Binne die geeneistydperk wat in jou polisskedule gemeld word, is jy nie gedek vir die verlies van goedere in jou koelkamers weens 'n afwyking van die voorgeskrewe koelkamertemperatuur nie, tensy:

- Die verslegting veroorsaak word deur kontaminasie as gevolg van 'n lekkasie van koelmiddel.
- Die verslegting deur toevallige bevriesing van goedere veroorsaak word.
- Vars goedere wat nog nie die voorgeskrewe verkoelingstemperatuur bereik het nie, geaffekteer word.


**Neem asseblief kennis: Die geeneistydperk is die tydperk onmiddellik na die beëindiging van verkoeling waartydens geen verslegting plaasvind indien die koelkamer geseël bly nie.**

## Verslegting of verrotting

Jy's nie gedek vir die verslegting of verrotting van voorraad in die koelkamer van enige diepvries-eenheid wat toe te skryf is aan 'n temperatuurstyging of -daling as gevolg van:

- 'n Owerheid wat wettiglik elektrisiteit voorsien, se uitoefening van sy mag om die toevoer te weerhou of te beperk.
- Skade wat deur enige ander afdeling van hierdie polis, of deur enige ander versekeringspolis gedek word.

**Neem asseblief kennis: Ons is nie aanspreeklik vir die eerste R5,000 van elke eis nie, en ons aanspreeklikheid is beperk tot R20,000 ten opsigte van enige enkele voorval.**



# Rekeninge ontvangbaar

## In kort...

King Price dek jou besigheid teen enige verliese weens die onvermoë om betaling van ’n kliënt in te vorder danksy ’n verskeidenheid redes.

## Wat ons bedoel

**Rekeninge ontvangbaar**
Hierdie versekering beskerm jou besigheid teen finansiële verliese weens skade aan jou rekeninge ontvangbaar rekords. Die verlies aan rekeninge ontvangbaar kan beteken dat jy nie die geld kan insamel wat kliënte jou skuld nie.

**Neem asseblief kennis: Jy moet daagliks reserwekopieë van jou rekeninge-inligting maak.**

## Wat deur die koning gedek word

- Jy’s volgens ‘Rekeninge ontvangbaar’ gedek vir verlies van of skade aan jou rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords wat daartoe lei dat jy nie jou uitstaande debietsaldo’s kan naspoor of bepaal nie:
  - By jou perseel.
  - By die woning van ’n direkteur, lid, vennoot, werknemer of rekenmeester.
  - In transito na of vanaf die perseel of woning van jou direkteur, lid, vennoot of werknemer of rekenmeester.
- Jy’s gedek vir die redelike verhoogde invorderingskoste en -uitgawes wat jy as gevolg van die verlies of skade aangaan.
- In die geval van ’n eis sal ons jou die uitstaande bedrag betaal wat deur jou kliënte aan jou verskuldig is, soos op die laaste dag van die maand onmiddellik voor die verlies, aangepas of verminder met enige:
  - Slegte skulde.
  - Bedrae gedebiteer (of gefaktureer maar nie gedebiteer nie) en gekrediteer (insluitend kredietnotas en kontant wat nie ten tyde van die skade in die boeke opgeneem is nie) teen kliënte se rekeninge in die tydperk tussen die laaste dag van die maand onmiddellik voor die verlies en die datum van die verlies.
  - Abnormale handelstoestande wat ’n wesenlike invloed op jou besigheid gehad het.

- Bedrae wat deur kliënte aan jou betaal is.
- Geïdentifiseerde bedrae wat deur kliënte aan jou verskuldig is.
- Redelike verhoogde invorderingskoste en -uitgawes.
- Eweredigheid wat van toepassing kan wees.


Die maksimum bedrag wat ons sal betaal, sal nie meer wees as die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word nie. Jy moet enige finansiële rekords aan ons verskaf wat ons nodig het om 'n eis te verwerk of te ondersoek.

## Wat NIE deur die koning gedek word nie

Jy's nie gedek vir verlies van of skade aan jou rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords as gevolg van:

- Slytasie of geleidelike agteruitgang.
- Motte of ongedierte.
- Terughouding of konfiskering deur enige wettig ingestelde owerheid.
- Terughouding of konfiskering voortspruitend uit 'n hofbevel of toekenning deur 'n bevoegde regsowerheid.
- Elektriese, elektroniese of magnetiese beskadiging, tensy jy duplikaatrekords in stand hou op 'n ander perseel as waar die oorspronklike rekords gehou word.
- Bedrog of oneerlikheid van jou prinsipaal, direkteur, lid, vennoot of werknemer.

Waar hierdie uitsluiting in jou polisskedule aangeteken is, sal jy nie dekking hê vir enige verlies of skade volgens hierdie afdeling nie, tensy jou rekeningboeke (insluitend rekenaar digitale reserwekopieë en elektroniese weergawes van hierdie rekords) of ander besigheidsboeke of -rekords buite kantoorure in 'n vuurvaste kluis, kabinet of brandkluis gehou word. Wanneer hierdie uitsluiting in jou polisskedule aangeteken is, sal dit nie geld wanneer daar aan jou rekeningkundige rekords gewerk word of wanneer die rekords vir onmiddellike verwysing benodig word nie.





# Sake: Alle risiko

## In kort...

King Price se versekering vir 'Sake: Alle risiko' sal jou dek vir die verlies van of skade aan versekerde items op enige plek in die wêreld... Solank hierdie items net in jou polisskedule aangeteken is.

## Wat deur die koning gedek word

### Jou eiendom

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan die eiendom wat in jou polisskedule gemeld word, op enige plek in die wêreld, weens 'n ongeluk of voorval wat nie andersins uitgesluit word nie. Hierdie dekking is beperk tot die versekerde bedrag/bedrae vir hierdie items.

### Jou gaste se eiendom

Jy's gedek vir die verlies van of skade aan die eiendom van jou gaste en kliënte, soos gemeld in jou polisskedule, wat veroorsaak word deur 'n ongeluk of teenspoed voortspruitend uit toevallige omstandighede met betrekking tot kommersiële jag en wildbesigtiging, solank sodanige ongeluk of teenspoed nie andersins uitgesluit word nie. Hierdie dekking is beperk tot maksimum R3,000 per gas of kliënt, en R25,000 per voorval.

**Neem asseblief kennis: Vuurwapens word uitgesluit.**

## Opsionele dekking

### Dek meer. Betaal ’n bietjie meer

**Jy kan kies om die volgende opsies by jou basiese ‘Sake: Alle risiko’-dekking te voeg. Indien jy enige opsie byvoeg, sal dit slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisskedule aangeteken is en ’n bykomende premie betaal word.**

### Nie-kragdadige en nie-gewelddadige betreding

Jy’s gedek vir verlies van of skade aan goedere in die kajuit of kattebak van ’n geslote voertuig waar daar geen bewyse van kragdadige of gewelddadige betreding of verlating van die voertuig is nie, met dien verstande dat:

- Jy die polisiesaaknommer aan ons verskaf.
- Die eiendom waarvoor geëis word, in jou polisskedule gemeld word.

**Neem asseblief kennis: Jy’s nie gedek vir items wat gehou word in ’n ruimte van die voertuig waar dit vir verbygangers sigbaar is nie.**

### Oproer en staking

Dit dek jou vir die verlies van of skade aan jou versekerde eiendom weens:

- Burgerlike beroering, arbeidsonrus, oproer, staking of uitsluiting.
- Die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming, onderdrukking of hantering op enige ander wyse van enige gebeurtenis waarna hierbo verwys word.

Jy’s nie gedek nie:

- Waar die skade binne Suid-Afrika of Namibië plaasvind, tensy spesifieke ‘Oproer en staking’-dekking verkry is.
- Vir gevolglike verlies van enige aard, behalwe verlies aan huurgeld of die koste van alternatiewe verblyf.
- Vir verlies weens die terughouding of konfiskering van geld deur enige wettig ingestelde owerheid.
- Vir skade of verlies veroorsaak deur die staking, vertraging of onderbreking van werk of enige proses.
- Vir verlies weens oorlog, optrede van ’n buitelandse vyand, oorlogsbedrywighede (ongeag of oorlog verklaar is of nie) of burgeroorlog.
- Vir verlies weens ’n militêre opstand of magsoorname, krygswet, rebellie of revolusie wat die afkondiging of handhawing van krygswet bepaal.

- Vir verlies weens enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken is om enige staat, regering of provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme, geweld of protes teen hulle omver te werp of te beïnvloed.
- Vir verlies weens enige optrede wat daarop bereken is om verlies of skade te veroorsaak met die voorneme om 'n politieke oogmerk te bevorder, om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring.
- Vir verlies weens enige terreurdaad, insluitend die gebruik van of dreigement om krag of geweld te gebruik, deur enige persoon of groep (ongeag of hulle alleen of namens 'n ander optree), met die voorneme om 'n regering te beïnvloed of die publiek aan vrees te onderwerp.
- Vir verlies wat voortspruit uit die optrede van 'n wettige owerheid om op enige ander wyse 'n gebeurtenis te hanteer waarna in enige van die klousules hierbo verwys word.

**Neem asseblief kennis: Indien jou eis afgewys word omdat ons sê dat 1 of meer van hierdie uitsluitings van toepassing is, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

## Verhoging in bedryfskoste

Dit dek die bykomende koste wat jy noodsaaklikerwys en redelikerwys aangaan met die uitsluitlike doel om die normale bedryf van jou besigheid in stand te hou, en wat nie andersins deur hierdie afdeling gedek word nie.

## Wat NIE deur die koning gedek word nie

Jy's nie gedek vir verlies van of skade aan die eiendom onder dekking vir 'Sake: Alle risiko' ('Opsionele' dekking uitgesluit) wat voortspruit uit of veroorsaak word deur:

- Diefstal van die eiendom uit 'n onbewaakte voertuig in jou bewaring of onder jou beheer, of dié van jou prinsipaal, vennoot, lid, direkteur of werknemer, tensy die eiendom gehou word in 'n voertuig wat behoorlik beveilig en gesluit is, of die voertuig self gehuisves word in 'n gebou wat veilig gesluit is, en betreding of verlating van die geslote voertuig of gebou met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating gepaardgaan.
- 'n Skoonmaak-, herstel-, kleur-, bleik-, verbouings- of herstelproses wat dit ondergaan.
- Inherente gebrek of defek, ongedierte, insekte, vogtigheid, skimmel of roes.
- Die oneerlikheid van jou prinsipaal, vennoot, direkteur, lid of werknemer.
- Terughouding, konfiskering of rekwisisie deur doeane of ander beamptes of owerhede.

- Slytasie of geleidelike agteruitgang (insluitend die geleidelike werking van lig, klimaats- of atmosferiese toestande), tensy dit volg op 'n ongeluk of voorval wat nie andersins uitgesluit word nie.
- Meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, faling, brekasie of versteuring, tensy dit veroorsaak word deur 'n ongeluk of voorval wat nie andersins uitgesluit word nie.
- Kontant, bank- en valutanote, muntstukke, obligasies, koepons, seëls, verhandelbare instrumente, transportaktes, manuskripte of sekuriteite van enige aard.
- Goedere wat volgens 'n vragbrief versend word.

## Ons B's en V's

### Gebiedsgrense


Die gebiedsgrense van toepassing op hierdie afdeling is enige plek in die wêreld.

### Gesertifiseerde vloeibare stikstof-inseminasiefles

Jy's gedek vir verlies van of skade aan 'n gesertifiseerde vloeibare stikstof-inseminasiefles en die inhoud daarvan, wat ontstaan uit die lekkasie van die fles weens vakuumverlies.

**Neem asseblief kennis:**

- **Jy's nie gedek vir enige geleidelike agteruitgang nie, insluitend die werking van lig, en atmosferiese of klimaatstoestande.**
- **Jy moet streng aan die flesvervaardiger se spesifikasies voldoen.**
- **Die fles en die inhoud daarvan moet in jou polisskedule gemeld word.**



# Sake-onderbreking

## In kort...

Selfs die geringste onderbreking in jou besigheid kan tot 'n groot verlies lei. Jy het versekeringsdekking nodig wat jou besigheid sal beskerm teen die finansiële verlies wat jy kan ly as dit gebeur. Die koning se sake-onderbrekingsdekking sorg nie net dat jy gedek is nie, maar beskerm ook jou besigheid elke tree van die pad.

## Keuse van dekking

### Jou keuse, ons plesier

**In hierdie afdeling kan jy dekking kry vir die volgende:**

**A. Bruto wins:**
- **Verskilgrondslag**
- **Byvoegingsgrondslag**

**B. Bruto huurgeld**

**C. Inkomste**

**D. Bykomende verhoging in bedryfskoste**

**E. Lone: Getal weke as grondslag**

**F. Boetes en strafheffings**

## Wat ons bedoel

**Sake-onderbrekingsdekking**

Jou finansiële verlies weens die onderbreking of belemmering van jou sakebedrywighede, na 'n verlies of skade waarvoor jy binne die volgende afdelings van hierdie polis geëis het:

- Brand.
- Geboue omvattend.
- Kantoorinhoud.
- Alle ander materiële skadeversekering wat jou belange dek, is slegs op hierdie polis.

Maar slegs ten opsigte van gevare wat verseker word deur die 'Brand'-afdeling hiervan (wat 'skade' genoem word).

Die verlies of skade moet voorkom op die perseel wat deur bogenoemde afdelings gedek word, en dit moet gebeur binne die versekeringstydperk wat deur hierdie afdeling gedek word.

Dekking deur hierdie afdeling en die betaling van 'n eis is te alle tye aan die volgende voorwaardes onderworpe:

- Daar's geen dekking indien jou besigheid gelikwideer of deur 'n likwidateur of geregtelike bestuurder voortgesit word, aan sakeredding onderwerp word of permanent beëindig word nie, tensy ons skriftelik anders ooreenkom.
- As jy 'n eis indien, of van plan is om 'n eis in te dien, moet jy onmiddellik met behoorlike sorg optree en stappe tot asksie toelaat, om sodoende enige onderbrekings of steurings in jou besigheid tot 'n minimum te beperk.
- Jy moet alle finansiële rekords aan ons verskaf wat ons nodig het om 'n eis te verwerk of te ondersoek.
- Indien 'n eis as gevolg van hierdie voorwaardes afgewys word, sal jy enige bedrag wat ons tydens die verwerking van die eis namens jou betaal het, moet terugbetaal.

**Bruto wins**

Waar jy goedere verkoop of lewer, of 'n diens lewer in die loop van jou besigheid:

- Is jy gedek vir die bedrag waarmee die bruto winskoers wat jy in die vorige finansiële jaar op jou standaardomset verdien het, verminder word as gevolg van 'n versekerde voorval.
- Is jou standaardomset die omset wat jy behaal in die 12 maande onmiddellik voordat die versekerde voorval plaasvind. Indien jy nog nie 12 maande sake doen voordat 'n versekerde voorval plaasvind nie, sal ons die getal maande wat jy reeds sake doen gebruik.
- Sal aanpassings aan jou standaardomset gemaak word om voorsiening te maak vir tendense, veranderings en ander omstandighede wat jou besigheid voor of na die voorval sou geaffekteer het, as dit nie vir die versekerde voorval was nie.
- Sal ons ook in ag neem dat 'n vermindering in jou standaardomset uitgestel kan word, of dat jou standaardomset in stand gehou kan word deur opgehoopte voorraad of die opbrengs van die bergingsverkoping te gebruik.
- By 'n ander perseel as die perseel wat in jou polisskedule gemeld word, tot voordeel van jou besigheid, en jy of ander dit namens jou doen, sal die geld betaal of betaalbaar vir hierdie verkope of dienste in ag geneem word om die omset te bereken.

Wanneer jy goedere verwerk of vervaardig in die loop van jou besigheid:

- Is jy gedek vir die bedrag waarmee die bruto winskoers wat jy in die vorige finansiële jaar op jou standaardproduksie verdien het, verminder word as gevolg van 'n versekerde voorval.
- Is jou standaardproduksie die verkoop- of oordragwaarde, soos in jou boeke aangedui, van die goedere wat verwerk of vervaardig is in die 12 maande onmiddellik voordat die versekerde voorval plaasvind. Indien jy nog nie 12 maande sake doen voordat 'n versekerde voorval plaasvind nie, sal ons die getal maande wat jy reeds sake doen gebruik.
- Sal aanpassings aan jou standaardproduksie gemaak word om voorsiening te maak vir tendense, veranderings en ander omstandighede wat jou besigheid voor of na die voorval sou geaffekteer het, as dit nie vir die versekerde voorval was nie.
- En die goedere by 'n ander perseel as die perseel wat in jou polisskedule gemeld word, tot voordeel van jou besigheid verwerk of vervaardig word, en jy of ander dit namens jou doen, sal die verkoop- of oordragwaarde van hierdie goedere in ag geneem word in die berekening van die produksie.

## A. Bruto wins

**Byvoegingsgrondslag**

Die bedrag wat verkry word deur die bedrag van die versekerde vaste koste by die netto wins te voeg of, indien daar geen netto wins is nie, die bedrag van die versekerde vaste koste minus sodanige deel van enige netto handelsverlies wat ooreenstem met die verhouding waarin die bedrag van die versekerde vaste koste tot al die vaste koste van die besigheid staan.

Die versekering volgens hierdie item word beperk tot verlies van bruto wins weens 'n vermindering in omset en 'n verhoging in bedryfskoste, en die bedrag betaalbaar as skadeloosstelling is:

- Ten opsigte van 'n vermindering in omset, die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade te kort skiet teenoor die standaardomset.
- Ten opsigte van 'n verhoging in bedryfskoste, die bykomende uitgawe noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in omset te vermy of te verminder wat, as dit nie vir daardie uitgawe was nie, gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade sou plaasgevind het, maar hoogstens die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag van die vermindering wat daardeur vermy is.

- Minus enige bedrag wat gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar word ten opsigte van die versekerde vaste koste wat kan staak of verminder kan word as gevolg van die skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar proporsioneel verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van bruto wins minder is as die bedrag wat verkry word deur toepassing van die bruto winskoers op die jaarlikse omset waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse omset waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry. Indien vaste koste van die besigheid nie volgens hierdie afdeling verseker is nie, word daar met die berekening van die bedrag wat hiervolgens as 'n verhoging in bedryfskoste verhaalbaar is, slegs daardie verhouding van die bykomende uitgawe in aanmerking geneem waarin die som van die netto wins en die versekerde vaste koste staan tot die som van die netto wins en al die vaste koste.

**Neem asseblief kennis:**

- **Jy's gedek vir die versekerde tydperk wat jy gekies het en wat in jou polisskedule gemeld word.**
- **Jy sal gedek wees tot die maksimum versekerde bedrag wat jy gekies het en wat in jou polisskedule gemeld word, tensy anders bepaal. Die versekerde bedrag wat jy kies, moet genoeg wees om jou potensiële verlies te dek. Dit is raadsaam om ons of jou makelaar om advies te vra wanneer jy hierdie bedrag kies.**
- **Die bedrag wat ons betaal, sal verminder word met enige bedrag ten opsigte van koste of uitgawes wat jy bespaar het of nie uit jou inkomste betaal het nie as gevolg van die voorkoms van die versekerde voorval.**
- **Indien jy jou besigheid by takke (insluitend departemente of afdelings) bedryf en finansiële inligting onafhanklik vir elke tak bepaal kan word, is hierdie dekking afsonderlik op elke tak van toepassing.**
- **Vir die doeleindes van eweredigheid, waar van toepassing, indien die versekerde bedrag wat jy gekies het minder is as die totale inkomste van al die takke, sal die bedrag wat ons betaal proporsioneel verminder word, selfs al is ander takke nie deur die versekerde voorval geraak nie.**

**Verskilgrondslag**

Die bedrag waarmee die som van die omset en die eindvoorraad die som van die beginvoorraad en die onversekerde koste oorskry. Die bedrag van die begin- en eindvoorraad sal bereken word in ooreenstemming met jou gebruiklike rekeningkundige metodes, met behoorlike voorsiening vir waardevermindering.

Dekking volgens hierdie opsie word beperk tot verlies van bruto wins weens ’n vermindering in omset en ’n verhoging in bedryfskoste, en die bedrag betaalbaar as skadeloosstelling is:

- Ten opsigte van vermindering in omset, die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die omset gedurende die tydperk as gevolg van die skade te kort skiet teenoor die standaardomset.
- Ten opsigte van ’n verhoging in bedryfskoste, die bykomende uitgawe noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in omset te vermy of te verminder wat, as dit nie vir daardie uitgawe was nie, gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade sou plaasgevind het, maar hoogstens die bedrag wat verkry word deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag van die vermindering wat daardeur vermy is.
- Minus enige bedrag wat gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar word ten opsigte van sodanige deel van die koste en uitgawes van die besigheid betaalbaar uit bruto wins wat kan staak of verminder kan word as gevolg van die skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar proporsioneel verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van bruto wins minder is as die bedrag wat verkry word deur toepassing van die bruto winskoers op die jaarlikse omset waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse omset waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

## B. Bruto huurgeld

Die versekering vir hierdie item word beperk tot verlies van bruto huurgeld en ’n verhoging in bedryfskoste. Die bedrag betaalbaar as skadeloosstelling is:

- Ten opsigte van verlies van bruto huurgeld, die bedrag waarmee die bruto huurgeld gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade te kort skiet teenoor die standaard bruto huurgeld.
- Ten opsigte van ’n verhoging in bedryfskoste, die bykomende uitgawe noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies van bruto huurgeld te vermy of te verminder wat, as dit nie vir daardie uitgawe was nie, gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade sou plaasgevind het, maar hoogstens die bedrag van die verlies van bruto huurgeld wat daardeur vermy is.
- Minus enige bedrag wat gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar word ten opsigte van die koste en uitgawes van die besigheid betaalbaar uit bruto huurgeld wat kan staak of verminder kan word as gevolg van die skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar proporsioneel verminder sal word indien die versekerde bedrag ten opsigte van bruto huurgeld minder is as die jaarlikse bruto huurgeld waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse bruto huurgeld waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

## C. Inkomste

Die versekering vir hierdie item word beperk tot verlies van inkomste en ’n verhoging in bedryfskoste. Die bedrag betaalbaar as skadeloosstelling is:

- Ten opsigte van verlies van inkomste, die bedrag waarmee die inkomste gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade te kort skiet teenoor die standaardinkomste.
- Ten opsigte van ’n verhoging in bedryfskoste, die bykomende uitgawe noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies van inkomste te vermy of te verminder wat, as dit nie vir daardie uitgawe was nie, gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die skade sou plaasgevind het, maar hoogstens die bedrag van die verlies van inkomste wat daardeur vermy is.
- Minus enige bedrag wat gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar is ten opsigte van die koste en uitgawes van die besigheid betaalbaar uit inkomste wat kan staak of verminder kan word as gevolg van die skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar proporsioneel verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van inkomste minder is as die jaarlikse inkomste waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die jaarlikse inkomste waar die maksimum skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

**Neem asseblief kennis:**

- **Jy’s gedek vir die bedrag waarmee jou inkomste as gevolg van ’n versekerde voorval verminder word in vergelyking met jou standaardinkomste.**
- **Jou standaardinkomste is die inkomste wat jy verdien in die 12 maande onmiddellik voordat die versekerde voorval plaasvind. Indien jy nog nie 12 maande sake doen voordat die versekerde voorval plaasvind nie, sal ons die getal maande wat jy reeds sake doen gebruik.**
- **Aanpassings sal aan jou standaardinkomste gemaak word om voorsiening te maak vir tendense, veranderings en ander omstandighede wat jou besigheid voor of na die voorval sou geaffekteer het, as dit nie vir die versekerde voorval was nie.**
- **Ons sal ook in ag neem dat ’n vermindering in jou standaardinkomste uitgestel kan word, of dat jou standaardinkomste in stand gehou kan word deur opgehoopte voorraad te gebruik.**
- **Indien goedere verkoop of gelewer of dienste gelewer word by ’n ander perseel as die perseel wat in jou polisskedule gemeld word, tot voordeel van jou besigheid, en jy of ander dit namens jou doen, sal die geld betaal of betaalbaar vir hierdie verkope of dienste in ag geneem word om die inkomste te bereken.**

## D. Bykomende verhoging in bedryfskoste

Hierdie dekking is beperk tot redelike bykomende uitgawes (nie verhaalbaar volgens ander items nie) wat met ons toestemming gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die versekerde skade aangegaan word, met die doel om die normale bedryf van jou besigheid in stand te hou.

**Neem asseblief kennis:**

- **Jy's gedek vir die versekerde tydperk wat jy gekies het en wat in jou polisskedule gemeld word.**
- **Jy sal gedek word tot die maksimum versekerde bedrag wat jy gekies het en wat in jou polisskedule gemeld word, tensy anders bepaal. Die versekerde bedrag wat jy kies, moet genoeg wees om jou potensiële verlies te dek. Dit is raadsaam om ons of jou makelaar om advies te vra wanneer jy hierdie bedrag kies.**
- **Die bedrag wat ons betaal, sal verminder word met enige bedrag ten opsigte van koste of uitgawes wat jy bespaar het of nie uit jou inkomste betaal het nie as gevolg van die voorval.**

## E. Lone: Getal weke-grondslag

Hierdie dekking is beperk tot die verlies wat jy ly, vir die betaling van lone vir die tydperk wat met die voorkoms van die skade begin, en nie later nie as die gespesifiseerde getal weke daarna eindig.

Die bedrag wat ons sal betaal, is die werklike bedrag wat jy as lone vir dié tydperk sal betaal aan werknemers wie se dienste as gevolg van die skade glad nie deur jou gebruik kan word nie. Ten opsigte van die lone wat jy vir hierdie tydperk betaal aan werknemers wie se dienste as gevolg van die skade nie ten volle aangewend kan word nie, sal die bedrag betaalbaar proporsioneel verminder word. Indien die versekerde bedrag minder is as die totale bedrag van die lone wat gedurende die gespesifiseerde getal weke onmiddellik na die skade betaal sou gewees het indien die skade nie voorgekom het nie, sal 'n eweredige deel betaalbaar wees.

**Neem asseblief kennis:**

- **Jy's gedek vanaf die dag waarop die versekerde voorval gebeur tot die dag waarop die dienste van jou werknemers weer gebruik kan word.**
- **Waar jou werknemers se dienste glad nie gebruik kan word nie, sal ons die werklike bedrag aan lone betaal wat jy aan hulle betaal.**
- **Waar jou werknemers se dienste gedeeltelik gebruik kan word, sal ons 'n eweredige deel (soos deur ons bepaal) betaal van die bedrag aan lone wat jy aan hulle betaal.**
- **Die term 'lone' sluit nie salarisse in wat jy aan jou vaste werknemers betaal nie.**
- **Jou dekking is beperk tot die maksimum getal weke wat jy kies om gedek te wees, en wat in jou polisskedule gemeld word, of vir die duur van die uitwerking van die versekerde voorval, wat ook al die kortste is.**
- **Jy sal gedek word tot die maksimum versekerde bedrag wat jy gekies het en wat in jou polisskedule gemeld word. Hierdie versekerde bedrag moet genoeg wees om jou potensiële verlies te dek. Dit is raadsaam om ons of jou makelaar om advies te vra wanneer jy hierdie bedrag kies.**

## F. Boetes en strafheffings

Hierdie dekking is beperk tot boetes of strafheffings vir kontrakbreuk. Die bedrag wat as skadeloosstelling hiervolgens betaalbaar is, is die bedrag wat jy regtens aanspreeklik is om te betaal en sal betaal vir die vereffening van boetes of strafheffings wat aangegaan word uitsluitlik as gevolg van skade ten opsigte die nie-uitvoering of laat uitvoering van bestellings.

**Neem asseblief kennis:**

- **Jy moet regtens aanspreeklik wees om die boete of strafheffing te betaal.**
- **Ons kan ons subrogasieregte uitoefen om jou regsaanspreeklikheid vir 'n boete of strafheffing te betwis.**
- **Jy's gedek tot die maksimum versekerde bedrag wat jy gekies het en wat in jou polisskedule gemeld word. Hierdie versekerde bedrag moet genoeg wees om jou potensiële verlies te dek. Dit is raadsaam om ons of jou makelaar om advies te vra wanneer jy hierdie bedrag kies.**

## Wat ons bedoel

**Netto wins**
Die netto handelswins (met uitsluiting van alle kapitaalontvangste en kapitaalaanwas en alle uitgawes wat regmatig teen kapitaal vorderbaar is) voortspruitend uit jou besigheid by die versekerde perseel, nadat behoorlike voorsiening gemaak is vir alle vaste en ander koste, insluitend waardevermindering, maar voor aftrekking van enige belasting wat teen wins vorderbaar is.

**Versekerde vaste koste**
Soos in jou polisskedule gemeld, het die woorde en uitdrukkings wat gebruik word die betekenis wat gewoonlik aan hulle geheg word in jou rekeningboeke.

## Alle opsies

## Wat deur die koning gedek word

**'Sake-onderbreking' dek jou ook vir finansiële verlies as gevolg van:**

### Ander perseel

Jy word deur hierdie afdeling gedek vir sake-onderbreking weens verlies of skade as gevolg van 'n versekerde voorval met betrekking tot:

- Jou eiendom, terwyl dit geberg word of in transito is per lug, pad, spoor of binnelandse waterweg.
- Jou motorvoertuie op 'n ander plek as die perseel wat deur jou geokkupeer word.
- Eiendom wat deur jou gebruik word op 'n kontrakperseel wat geleë is in Suid- Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland (Eswatini), Zimbabwe, Mosambiek en Malawi.

### Rekeninge ontvangbaar

Benewens die dekking wat ons in hierdie afdeling verskaf, sal jy ook die volle dekking soos voorsien in die 'Rekeninge ontvangbaar'-afdeling van hierdie polis hê, tot 'n maksimum van R100,000.

## Verhindering van toegang

Jy's gedek vir sake-onderbreking wat veroorsaak word deur verlies of skade weens 'n versekerde voorval aan eiendom binne 'n omtrek van 50km van die perseel wat in jou polisskedule gemeld word, wat die gebruik van of toegang tot jou perseel verhinder, ongeag of jou perseel of eiendom beskadig is of nie.

Dekking is beperk tot die bedrag/bedrae wat in jou polisskedule gemeld word. Die eiendom moet geleë wees in Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland (Eswatini), Zimbabwe, Mosambiek of Malawi.

## Verhindering van toegang tot ander persele

Jy's gedek vir sake-onderbreking wat veroorsaak word deur verlies of skade weens 'n versekerde voorval aan eiendom binne 'n omtrek van 50km van die perseel wat in jou polisskedule gemeld word, wat die gebruik van of toegang tot daardie perseel verhinder, ongeag of die perseel of eiendom beskadig is of nie.

**Neem asseblief kennis: Dekking is beperk tot die bedrag/bedrae wat in jou polisskedule gemeld word.**

## Alle opsies

## Opsionele dekking

## Dek meer. Betaal 'n bietjie meer

**Jy kan kies om die volgende opsies by jou basiese 'Sake-onderbreking'-dekking te voeg. Indien jy enige opsie byvoeg, sal dit slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisskedule aangeteken is en 'n bykomende premie betaal word.**

## Bewaarskool of kleuterskool

Jy's gedek vir alle bedrae, insluitend regskoste wat van jou verhaalbaar is, en enige ander uitgawes wat met ons toestemming aangegaan word, wat jy regtens aanspreeklik is om te betaal ten opsigte van skade of besering, beperk tot R50,000 vir enige enkele gebeurtenis en R100,000 in enige enkele jaarlikse versekeringstydperk.

**Neem asseblief kennis: Jou bewaarskool of kleuterskool moet 'n wettig geregistreerde entiteit wees.**

## Gastehuise: Verblyf en kos

Hierdie opsionele dekking verseker jou teen verlies of skade weens:

- Diefstal (sien bladsy 105).
- Goedere in transito (sien bladsy 219).
- Die besoedeling van enige see, strand of waterweg binne 15km van die versekerde perseel.
- Verhindering van die gebruik van of toegang tot die versekerde perseel na ’n bomdreigement, na die eerste 6 uur na sodanige bomdreigement.
- Aanval deur wilde diere, haai-aanval of haai-alarm.
- Opskorting of verbeuring van jou wettige dranklisensie volgens die bepalings van die wetgewing wat sulke lisensies beheer, of weiering deur die betrokke owerheid om dit te hernu, op enige tydstip gedurende die versekeringstydperk, en omdat sodanige opskorting, verbeuring of geweierde hernuwing toe te skryf is aan oorsake buite jou beheer:
  - Indien jy geregtig is op betaling van vergoeding volgens die bepalings van enige parlementswet met betrekking tot die weiering om die lisensie te hernu, sal geen eis betaalbaar wees nie.
  - In die geval van die dood, bankrotskap of onbevoegdheid van, verlating van die versekerde perseel deur, of skuldigbevinding aan enige oortreding wat die karakter of reputasie van die persoon wat skuldig bevind is, raak ten opsigte van die eerlikheid, morele status of nugterheid van, die huurder, bestuurder, bewoner of lisensiehouer, moet jy waar prakties moontlik en op ons versoek ’n geskikte plaasvervanger kry aan wie die regter die lisensie sal oordra of by wyse van hernuwing sal toestaan.
  - Indien jy van die volgende bewus word, moet jy ons onmiddellik skriftelik daarvan laat weet, en enige bykomende inligting verskaf en hulp verleen wat ons redelikerwys kan verlang:
    - ’n Klagte teen die versekerde perseel of die beheer daarvan.
    - Regstappe teen of skuldigbevinding van die lisensiehouer, bestuurder, huurder of bewoner van die perseel vir enige oortreding van die lisensiëringswette of enige ander kwessie waardeur die karakter of reputasie van die betrokke persoon aangetas word ten opsigte van hul eerlikheid, morele status of nugterheid.
    - Die oordrag of voorgenome oordrag van die lisensie.
    - Enige verandering in die doel waarvoor die perseel gebruik word.
    - Enige beswaar teen die hernuwing, of ander omstandighede wat die lisensie of hernuwing daarvan kan bedreig.

Jy's ook gedek vir:

- Die uitbraak van 'n aanmeldbare oordraagbare of andersins gevaarlike menslike siekte of toestand by die versekerde perseel, of die ontstaan van 'n situasie wat tot so 'n siekte of toestand kan lei, en wat tot die sluiting of gedeeltelike sluiting van, of ander belemmering van, die besigheid lei, in opdrag van die staat of regering, 'n plaaslike regering of enige ander bevoegde owerheid. Wesenlike skade hoef nie aanwesig te wees om te eis nie.
- Moord, selfdood of voedselvergiftiging by die versekerde perseel. Wesenlike skade hoef nie aanwesig te wees om te eis nie.

**Neem asseblief kennis: Ons aanspreeklikheid is beperk tot die versekerde bedrag wat in jou polisskedule gemeld word.**

## Gespesifiseerde kliënte

Jy's gedek vir sake-onderbreking wat veroorsaak word deur verlies of skade, weens 'n versekerde voorval, aan die perseel van jou direkte kliënte, wat jy in jou polisskedule gespesifiseer het.

Dekking is beperk tot die bedrag/bedrae wat in jou polisskedule gemeld word, wanneer op enige plek in die wêreld.

## Gespesifiseerde verskaffers en subkontrakteurs

Jy's gedek vir sake-onderbreking wat veroorsaak word deur verlies of skade, weens 'n versekerde voorval, aan die perseel van jou direkte verskaffers en subkontrakteurs, wat jy in jou polisskedule gespesifiseer het.

Dekking is beperk tot die bedrag/bedrae wat in jou polisskedule gemeld word, wanneer op enige plek in die wêreld.

**Neem asseblief kennis: Jy's nie gedek vir enige sodanige voorval by 'n openbare voorsieningsmaatskappy wat elektrisiteit, gas of water voorsien nie.**

## Ongespesifiseerde verskaffers en subkontrakteurs

Jy's gedek vir sake-onderbreking wat veroorsaak word deur verlies of skade, weens 'n versekerde voorval, aan die perseel van jou direkte verskaffers, vervaardigers of verwerkers van komponente, goedere of materiaal.

Dekking is beperk tot die bedrag/bedrae wat in jou polisskedule gemeld word, wanneer op enige plek in die wêreld.

**Neem asseblief kennis: Jy's nie gedek vir enige sodanige voorval by 'n openbare voorsieningsmaatskappy wat elektrisiteit, gas of water voorsien nie.**

## Openbare dienste: Ander oorsake

Jy's gedek vir sake-onderbreking wat veroorsaak word deur verlies van of skade aan die eiendom van 'n openbare owerheid wat elektrisiteit, gas of water vir verbruik deur die publiek verskaf en wat tot die algehele of gedeeltelike faling van elektrisiteit-, gas- of watertoevoer na jou perseel lei.

Dekking is beperk tot die bedrag/bedrae wat in jou polisskedule gemeld word. Die openbare owerheid moet geleë wees in Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland (Eswatini), Zimbabwe, Mosambiek of Malawi.

Jy's nie gedek vir sake-onderbreking wat direk of indirek veroorsaak word deur:
- Droogte.
- Waterbesoedeling.
- 'n Brandstof-, gas- of watertekort.
- 'n Fout in enige deel van die installasie wat aan jou perseel behoort.
- Doelbewuste en georganiseerde stappe wat deur 'n telekommunikasieverskaffer gedoen word om die verskaffing van dienste te weerhou of te verminder, tensy die doelbewuste en georganiseerde stappe gedoen word as gevolg van verlies van of skade aan die perseel van die telekommunikasieverskaffer wat deur 'n versekerde voorval veroorsaak word.
- Toevallige skade, tensy jy die toepaslike opsionele dekking gekies het.

Oproer, oorloë, politieke optrede, terrorisme of enige pogings daartoe, of kernmateriaal.

**Neem asseblief kennis: Waar sake-onderbreking veroorsaak word deur die verlies van of skade aan die eiendom van 'n openbare owerheid en dit uit meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking voortspruit, sal jy nie vir die eerste 24 uur van die sake-onderbreking gedek wees nie.**

## Openbare telekommunikasie: Ander oorsake

Jy's gedek vir sake-onderbreking wat veroorsaak word deur verlies van of skade aan die eiendom van 'n verskaffer wat volgens wet gemagtig is om 'n telekommunikasiefasiliteit aan jou perseel te verskaf.

Dekking is beperk tot die bedrag/bedrae wat in jou polisskedule gemeld word. Die verskaffer moet geleë wees in Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland (Eswatini), Zimbabwe, Mosambiek of Malawi.

Jy's nie gedek vir sake-onderbreking wat direk of indirek veroorsaak word deur:

- Droogte.
- 'n Fout aan enige deel van die telekommunikasiefasiliteit wat aan jou perseel behoort.
- Doelbewuste en georganiseerde stappe wat deur 'n telekommunikasieverskaffer gedoen word om die verskaffing van telekommunikasie te weerhou of te verminder, tensy die doelbewuste of georganiseerde stappe gedoen word as gevolg van verlies van of skade aan die perseel van die telekommunikasieverskaffer wat deur 'n versekerde voorval veroorsaak word.
- Toevallige skade, tensy jy die toepaslike opsionele dekking gekies het.
- Oproer, oorlog, politieke optrede, terrorisme of enige poging daartoe, of kernmateriaal.

**Neem asseblief kennis: Waar sake-onderbreking veroorsaak word deur die verlies van of skade aan die eiendom van 'n openbare owerheid en dit uit meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking voortspruit, sal jy nie vir die eerste 24 uur van die sake-onderbreking gedek wees nie.**

## Openbare telekommunikasie: Versekerde voorvalle alleenlik

Jy's gedek vir sake-onderbreking wat veroorsaak word deur verlies of skade, weens 'n versekerde voorval, aan die eiendom van 'n verskaffer wat volgens wet gemagtig is om 'n telekommunikasiefasiliteit aan jou perseel te verskaf.

Dekking is beperk tot die bedrag/bedrae wat in jou polisskedule gemeld word. Die verskaffer moet geleë wees in Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland (Eswatini), Zimbabwe, Mosambiek of Malawi.

## Oproer en staking

Jy's gedek vir verlies van of skade aan jou versekerde eiendom weens:

- Burgerlike beroering, arbeidsonrus, oproer, staking of uitsluiting.
- Die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming, onderdrukking of hantering op enige ander wyse van enige gebeurtenis waarna hierbo verwys word.

Jy's nie gedek nie:

- Waar die skade binne Suid-Afrika of Namibië plaasvind, tensy spesifieke 'Oproer en staking'-dekking verkry is.
- Vir gevolglike verlies van enige aard, behalwe verlies aan huurgeld of die koste van alternatiewe verblyf.
- Vir verlies weens die terughouding of konfiskering van geld deur enige wettig ingestelde owerheid.
- Vir skade of verlies veroorsaak deur die staking, vertraging of onderbreking van werk of enige proses.
- Vir verlies weens oorlog, optrede van 'n buitelandse vyand, oorlogsbedrywighede (ongeag of oorlog verklaar is of nie) of burgeroorlog.
- Vir verlies weens 'n militêre opstand of magsoorname, krygswet, rebellie of revolusie wat die afkondiging of handhawing van krygswet bepaal.
- Vir verlies weens enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken is om enige staat, regering of provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme, geweld of protes teen hulle omver te werp of te beïnvloed.
- Vir verlies weens enige optrede wat daarop bereken is om verlies of skade te veroorsaak met die voorneme om 'n politieke oogmerk te bevorder, om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring.
- Vir verlies weens enige terreurdaad, insluitend die gebruik van of dreigement om krag of geweld te gebruik, deur enige persoon of groep (ongeag of hulle alleen of namens 'n ander optree), met die voorneme om 'n regering te beïnvloed of die publiek aan vrees te onderwerp.
- Vir verlies wat voortspruit uit die optrede van 'n wettige owerheid om op enige ander wyse 'n gebeurtenis te hanteer waarna in enige van die klousules hierbo verwys word.

**Neem asseblief kennis: Indien jou eis afgewys word omdat ons sê dat 1 of meer van hierdie uitsluitings van toepassing is, is dit jou verantwoordelikheid om dit anders te bewys.**

## Toevallige skade

Jou finansiële verlies weens die onderbreking of belemmering van jou sakebedrywighede, na 'n verlies of skade waarvoor jy binne die 'Toevallige skade'-afdeling van hierdie polis geëis het.

- Die verlies of skade moet voorkom op die perseel wat deur die 'Sake-onderbreking'-afdeling gedek word, en dit moet gebeur binne die versekeringstydperk wat deur hierdie afdeling gedek word.
- Eweredigheid sal nie ten opsigte van hierdie dekking geld nie.
- Die maksimum bedrag wat ons vir 'n eis in hierdie afdeling sal betaal (selfs as dit gekombineer word met 'n eis volgens die 'Toevallige skade'-afdeling), is die bedrag wat in jou polisskedule gemeld word in die 'Toevallige skade'-afdeling.

## Alle opsies

## Ons B's en V's

## Berging en transito

Verlies of skade wat voortspruit uit die onderbreking of belemmering van die besigheid weens versekerde gevare, sal geag word verlies te wees voortspruitend uit skade aan eiendom:

- By die perseel waar jy eiendom berg of tydelik bewaar (hetsy vir verwerkings- of bergingsdoeleindes) of 'n kontrak uitvoer.
- Terwyl dit per lug, pad, spoor of binnelandse waterweg vervoer word.
- Wat jou motorvoertuie is op 'n ander plek as by jou perseel.
- By die perseel van jou geassosieerde en filiaalmaatskappye.

## Braaikuikens

## Wat ons bedoel

**Verkoopprys**

Indien jy 'n skriftelike kontrak met 'n koper van braaikuikens het, is die 'verkoopprys' die ooreengekome kontrakprys op die leweringsdatum. Indien jy nie 'n skriftelike kontrak het nie, word die 'verkoopprys' soos op die datum van die verlies bereken.

**Koopprys**
Indien jy 'n skriftelike kontrak met 'n verskaffer van dagoud-braaikuikens het, is die 'koopprys' die ooreengekome kontrakprys. Indien jy nie 'n skriftelike kontrak het nie, word die 'koopprys' soos op die datum van die verlies bereken.

**Neem asseblief kennis: Die normale mortaliteitskoers van braaikuikens sal in ag geneem word wanneer ons bereken hoeveel ons sal uitbetaal.**

Inkomste uit die verkoop van braaikuikens is beperk tot:
- Verlies van inkomste.
- Verhoogde bedryfskoste.

Die bedrag wat ons met betrekking tot die verlies van bruto inkomste sal betaal, is beperk tot die verkoopprys van die besending wat gelewer is, of sou gewees het, ten tyde van die verlies, indien die besending nie op die ooreengekome leweringsdatum afgelewer kon word nie as gevolg van 'n versekerde voorval, minus:
- Enige besparing in uitgawes betaalbaar uit inkomste ontvang of ontvangbaar deur jou.
- Verhalingskoste.

Die bedrag wat ons sal betaal met betrekking tot die besending wat normaalweg gelewer sou word na die besending waarna hierbo verwys word, maar wat nie op die normale leweringsdatum afgelewer kon word nie as gevolg van 'n versekerde voorval, is beperk tot die verkoopprys van die besending, minus:
- Die koopprys van 'n besending.
- Koste van veevoer, verhitting en beligting.
- Enige besparing in uitgawes betaalbaar uit inkomste ontvang of ontvangbaar deur jou.

Die bedrag wat ons met betrekking tot verhoogde bedryfskoste sal betaal, is beperk tot die bykomende uitgawes wat noodsaaklikerwys en redelikerwys deur jou aangegaan word met die uitsluitlike doel om 'n verlies van inkomste te vermy of te verminder wat, as dit nie vir die uitgawes was nie, sou voorgekom het as gevolg van die versekerde skade, maar hoogstens die bedrag van die verlies aan inkomste wat vermy is. Die bedrag wat ons sal betaal, sal proporsioneel verminder word indien die versekerde bedrag minder as jou jaarlikse inkomste uit die verkoop van braaikuikens is.

## Opgehoopte voorraad

Met die berekening van ’n verlies word dit in ag geneem, en ’n billike voorsiening word gemaak, indien ’n tekort in omset weens die skade uitgestel word omdat die omset tydelik uit opgehoopte voorraad in stand gehou word.

## Ouditeure

Enige besonderhede in jou rekeningboeke of ander besigheidsboeke of dokumente wat ons nodig kan hê om ’n eis te ondersoek of te staaf, kan deur jou ouditeure of professionele rekenmeesters gelewer en gesertifiseer word, en hul sertifikaat is prima facie bewys van die besonderhede waarop die sertifikaat betrekking het.

## Subkontrakteurs

Jy’s nie gedek vir aanspreeklikheid wat voortspruit uit werk wat deur subkontrakteurs gedoen word nie, tensy anders bepaal in jou polisskedule.



# Toevallige skade



### In kort...

Om 'n besigheid te bedryf is riskant, en ongelukkig gebeur ongelukke. Daarom het jou besigheid King Price agri-versekering se dekking vir toevallige skade nodig om dit teen onverwagte teenspoed te beskerm.

## Wat ons bedoel

**Toevallige skade**
Jy kan enige tasbare eiendom op 'n perseel wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is, teen toevallige, fisiese verlies of skade verseker.

## Wat deur die koning gedek word

Jy's gedek vir die toevallige, fisiese verlies van of skade aan die versekerde eiendom by die perseel wat in jou polisskedule gemeld word, wat uit 1 oorspronklike oorsaak voortspruit. Die maksimum bedrag wat ons vir 'n eis sal betaal, word in jou polisskedule gemeld en sal gebaseer word op herstellings- en/of vervangingswaardes.

Indien jy 'n eis vir die verlies van of skade aan die versekerde geboue, toerusting en masjinerie ingedien het, sal jy dekking hê vir addisionele koste:

- Gelde vir die ondersoek van munisipale of ander planne.
- Koste wat aangegaan word vir die noodsaaklike sloping, puinverwydering (insluitend onbeskadigde inhoud) en oprigting en instandhouding van skuttings gedurende die sloping en herbouing.
- Die professionele gelde van argitekte, bourekenaars en ander konsultante.
- Brandweerkoste.
- Enige koste wat aangegaan word weens die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies van 'n openbare owerheid.

## Bydrae

Jy mag nie binne hierdie afdeling eis om by te dra tot 'n eis vir 'n voorval waarvoor die eiendom meer spesifiek verseker is nie.

### Dokumente en rekords

Waar jy vir die diefstal van dokumente, manuskripte, besigheidsboeke, rekenaarstelselrekords en -media, planne, ontwerpe, patrone, modelle en gietvorms eis, word jou eis beperk tot die waarde van die materiaal en koste wat vir arbeid betaal is.

### Stelle en pare

Waar jy vir die verlies van of skade aan ’n versekerde item binne hierdie afdeling geëis het wat deel uitmaak van ’n stel, paar of versameling, sal ons nie vir meer as die afsonderlike waarde van die beskadigde of verlore item aanspreeklik wees nie. Enige spesiale waarde wat jy heg aan die feit dat die item deel van ’n paar, stel of versameling is, sal nie in ag geneem word nie.

## Opsionele dekking

### Dek meer. Betaal ’n bietjie meer

**Jy kan kies om die volgende opsies by jou basiese ‘Toevallige skade’-dekking te voeg. Indien jy enige opsie byvoeg, sal dit slegs gedek word as dit afsonderlik in jou polisskedule aangeteken is en ’n bykomende premie betaal word.**

### Eiendom wat jy nie wil dek nie

Die eiendom wat in jou polisskedule gelys is, word spesifiek van dekking deur hierdie afdeling uitgesluit en sal nie in ag geneem word wanneer die versekerde bedrag bepaal en die eweredigheidsbeginsel toegepas word nie.

### Lekkasie

Jy’s gedek vir die toevallige fisiese verlies van of skade aan die versekerde eiendom wat veroorsaak word deur die uitloop of lekkasie van tenks, sprinkelaars, drenkstelsels, brandblustoerusting of pype, of die verskyning van chemikalieë, olies, vloeistowwe, gasse of dampe (insluitend die verlies van hierdie chemikalieë, olies, vloeistowwe, gasse of dampe).

Jy’s nie gedek nie:

- Indien slytasie of enige ander geleidelik werkende oorsaak die uitloop, lekkasie of verskyning veroorsaak het of daartoe bygedra het.
- Indien jy nie toerusting gereeld en volgens aanbevole of ’n deskundige se spesifikasies in stand hou nie.

## Wat NIE deur die koning gedek word nie

Jy's nie gedek vir verlies van of skade aan die versekerde eiendom volgens 'Toevallige skade' weens:

- Enige versekerde voorval wat uitgesluit is.
- Terughouding, konfiskering of rekwisisie deur doeane of ander beamptes of owerhede.
- Enige onverklaarde verdwyning, verlies of tekort wat eers tydens of na 'n opname van foute of weglatings in kwitansies, betalings of boekhouding, of verkeerde liassering of verlegging van inligting, aan die lig kom.
- Normale vestiging, rysing, verswakking of verwydering van die grond wat 'n gebou stut.
- Kraking van enige struktuur.
- Onderbreking of opsetlike weerhouding van, of gebrek aan, toevoer van water, stoom, gas, elektrisiteit, brandstof of verkoelingsmiddel.
- Ineenstorting van toerusting en masjinerie, geboue en strukture (behalwe rakwerk of stoorplatforms).
- Verlies of skade:
  - Aan chemikalieë, olies, vloeistowwe, gasse of dampe weens lekkasie of uitloop uit die houer waarin dit gehou word, tensy anders ooreengekom en in jou polisskedule gemeld.
  - Voortspruitend uit lekkasie of uitloop van chemikalieë, olies, vloeistowwe, gasse of dampe.
- Enige bedrieglike skema, skelmstreek, plan of valse voorwendsel waarvan jy (of enige persoon onder wie se toesig die versekerde eiendom is) die slagoffer is.
- Bedrog deur, of die oneerlikheid van, jou prinsipaal, werknemer of agent.
- Oorverhitting, inploffing, kraking, brekasie, sweisbreuk, nippellekkasie of ander gebrek. Hierdie uitsluiting is slegs van toepassing op houers, pype, buise en soortgelyke apparaat.
- Onklaarraking, elektriese, elektroniese en/of meganiese steuring.
- Verandering, bleiking, skoonmaak, kleuring, vervaardiging, herstel, opknapping, versiening, restourasie, toetsing of enige ander werk daarop of daaraan.
- Foutiewe of gebrekkige ontwerp, formule, spesifikasie, tekening, plan, materiale, vakmanskap of professionele advies, gewone instandhouding, geleidelike agteruitgang, waardevermindering, korrosie of roes.
- Oksidasie of ander chemiese werking of reaksie, ryp, verandering in temperatuur, uitsetting of vogtigheid, gisting of ontkieming, klammigheid, droogheid, nat of droë verrotting, krimping, verdamping, gewigsverlies, kontaminasie, besoedeling, verandering in kleur, geur, tekstuur of afwerking, of eie slytasie.
- Duike, afsplintering, krapmerke of kraking wat nie die werking van die item affekteer nie.
- Termiete, motte, insekte, ongedierte, inherente foute, dampe, gebreke, latente defekte, wisseling in atmosferiese of klimaatstoestande, of die werking van lig.
- Eiendom wat meer spesifiek elders verseker is, of eiendom waarvoor dekking beskikbaar is (ongeag of jy die dekking het of nie) volgens enige afdeling (behalwe 'Besigheid alle risiko') van hierdie polis.

Jy's ook nie gedek vir:

- Munte (insluitend Krugerrande en soortgelyke munte), bank- en valutanote, reisigers- en ander tjeks, poswissels en -orders, pos- en inkomsteseëls, kredietkaartstrokies en ander sertifikate, dokumente of verhandelbare instrumente.
- Pelse, juweliersware, muntmetaal, edel- en halfedelmetale en -stene, rariteite, skaars boeke en kunswerke.
- Eiendom in transito per lug, via binnelandse waterweg of ter see.
- Spoorweglokomotiewe, rollende materiaal en ander spoorwegeiendom, lugvaartuie, vaartuie, meganies of elektries aangedrewe voertuie, motorfietse, mobiele toerusting, woonwaens en sleepwaens.
- Staande of afgekapte bome, gesaaides, diere, grond (insluitend bogrond, opvulling, dreinering en duikslote), opritte, sypaadjies, paaie, aanloopbane, damme, opgaartenks, kanale, pyplyne (buite die perseel), tonnels, kabels (buite die perseel), sweefspore, brûe, dokke, seehoofde, kaaie, landingsplekke, uitgrawings, eiendom onder die grond en plofstowwe.
- Elektroniese dataverwerkingstoerusting en eksterne datamedia (ponskaarte, bande, skywe en dies meer) en die inligting daarop.
- Eiendom in die loop van konstruksie, oprigting of aftakeling, insluitend materiale of voorraad wat daarmee verband hou.
- Eiendom in besit van jou kliënte volgens bruikhuur-, huur-, krediet- of opskortende verkoopsooreenkomste.
- Glas, porselein, erdeware, marmer en ander breekbare of brose artikels, tensy anders ooreengekom en in jou polisskedule gemeld.

Ons sal nie koste of uitgawes ten opsigte van die volgende dek nie:

- Verwydering van puin behalwe vanaf die terrein van die eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied onmiddellik aangrensend aan die terrein.
- Voorvalle voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie deur hierdie polis/afdeling verseker word nie.
- Enigiets ten opsigte waarvan kennis aan jou gegee is voor die voorval wat die verlies of skade veroorsaak het.
- Enige koste waar 'n gebou nie gebou of herstel kan word waar dit voor die voorval gestaan het nie.
- Enigiets in verband met onbeskadigde eiendom of onbeskadigde dele van eiendom.
- Munisipale en ander belastings, ontwikkelings- en ander koste wat volgens die gemelde regulasies betaalbaar is as gevolg van waardevermeerdering van die versekerde eiendom.

# Vaartuie

## In kort...

Kry jou boot in die water, onthou die sonbrandroom, en daar gaan jy, reg? Ongelukkig nie! Daar's baie wat kan skeefloop wanneer jy op die water is, en ook wanneer jy nog op pad is soontoe. Daarom bied die koning omvattende dekking aan vir jou vaartuie, en aanspreeklikheidsdekking ingeval dinge erg skeefloop. (Onthou nog steeds die sonbrandroom.)

## Wat ons bedoel

**Vaartuig**
Enige Suid-Afrikaans geregistreerde boot wat vir plesier, sosiale of huishoudelike doeleindes op water gebruik word, en vir die doel waarvoor dit ontwerp is, soos 'n motor-, ski- of roeiboot, rubberboot, seiljag of waterponie. Dit sluit die romp, enjins en masjinerie in.

Die vaartuie wat jy by ons verseker het, soos gemeld op jou polisskedule. Vaartuie wat vir enige van die volgende gebruik word, word nie deur die koning gedek nie:

- As taxi of vir vervoer van betalende passasiers.
- Huisboot of permanente woonplek.
- Nooddienste.
- Om inkomste van enige aard te verdien.
- Seerowery.
- Sleep van ander vaartuie.
- Wedrenne.
- Wetstoepassing.

**Neem asseblief kennis:**

- **'n Voorwaarde vir dekking is dat jou vaartuig die nodige veiligheids- en brandblustoerusting aan boord moet hê.**
- **Jou veiligheidstoerusting en toebehore wat deel van die vaartuig uitmaak, kan ook verseker word, maar dit sal teen 'n bykomende maandelikse premie wees en hierdie items moet afsonderlik in jou polisskedule gespesifiseer word.**
- **Items soos waterski's, waterskaatsplanke, visstokke, duikpakke, duiktoerusting, visopspoorders en GPS-/navigasietoerusting moet afsonderlik as draagbare besittings verseker word.**
- **Enige sleepwa wat gebruik word om vaartuie te vervoer, moet afsonderlik deur die koning se sleepwa-afdeling verseker word.**

## Wat dit werd is

Die ooreengekome waarde wat in jou polisskedule verskyn, verwys na die bedrag waarvoor jou vaartuig gedek is. Hierdie ooreengekome waarde moet, soos dit aandui, deur jou en ons ooreengekom word, en moet die nie-standaard gemonteerde ekstras en toebehore insluit. 'n Vaartuig se ooreengekome waarde word bereken met inagneming van die koste om die vaartuig te vervang met dieselfde fabrikaat en model, in dieselfde toestand en met soortgelyke myle, en die waarde van enige gespesifiseerde toebehore word dan bygevoeg.

Hierdie ooreengekome waarde sal nie verminder nie, en daarom sal jou vaartuigpremie nie maandeliks afneem nie. Dis jou verantwoordelikheid om hierdie ooreengekome waarde minstens elke 6 maande te hersien.

In die geval van 'n eis wat jy indien, sal die maksimum bedrag wat ons betaal die ooreengekome waarde van jou vaartuig wees, minus:

- Die basiese bybetaling wat deur jou betaalbaar is, soos in jou polisskedule gemeld vir elke tipe eis.
- Enige bykomende bybetalings wat deur jou betaalbaar is, indien van toepassing, en indien hulle in jou polisskedule gemeld word vir daardie tipe voorval.
- Enige dubbele versekering, wat beteken dat indien jy vir dieselfde vaartuig deur 'n ander versekeringsmaatskappy gedek word, ons slegs vir ons gedeelte van 'n eis aanspreeklik is.
- Verbeteringswaardes, indien van toepassing. Jy's nie gedek vir koste wat as verbetering beskou word nie. Indien herstelwerk nuwe of ruilbare onderdele vereis wat na ons mening meer is as wat nodig is, sal jy moontlik tot die herstelkoste moet bydra.

Indien jou vaartuig gefinansier word, sal ons eers die uitstaande bedrag aan die betrokke finansieringsinstelling betaal, tot en met die ooreengekome bedrag.
Dit sluit vereffeningsboetes en rentekoste op agterstallige betalings uit wat jou finansieringsinstelling kan vra. Die oorblywende deel, as daar is, sal aan jou betaal word.

Indien jou vaartuig gekaap of gesteel word en nie herwin word nie, of as dit afgeskryf word, sal ons die ooreengekome waarde betaal, insluitend die waarde van enige nie-standaard of fabrieksgemonteerde toebehore wat in jou polisskedule gemeld word.


## Jou uitbetaling

Die ooreengekome waarde moet die redelike markwaarde van jou vaartuig wees. Dit beteken die bedrag wat dit jou ten tyde van 'n eis sal kos om jou vaartuig te vervang.

## Verstaan onderversekering

Indien jy jou vaartuig verseker vir ’n bedrag wat minder as die redelike markwaarde daarvan is, sal ons jou eis proporsioneel uitbetaal. As die waarde van jou vaartuig byvoorbeeld R400,000 is en jy verseker dit net vir R200,000, sal jy net vir 50% van jou verlies vergoed word.

**Versekerde bedrag**
**- Bybetaling**
**- Dubbele versekering, indien van toepassing**
**- Onderversekering, indien van toepassing**




## Hou jou vaartuig veilig

Daar’s geen dekking vir die verlies van of skade aan ’n vaartuig wat sonder toesig gelaat is nie. Jy’s gedek indien die vaartuig binne ’n aangewese en beveiligde gebied vasgemeer is, of in ’n geregistreerde beskermde fasiliteit of geslote motorhuis gehou word.

Daar’s geen dekking indien die enjin nie ooreenkomstig die vervaardiger se instruksies aan die romp vasgeheg is nie. Diefstal van enjins sal slegs gedek word indien daar duidelike tekens van kragdadige of gewelddadige betreding van die vaartuig of die bergplek is.

**Neem asseblief kennis: Indien ’n enjin in water beland, moet jy seker maak dat dit onmiddellik gedreineer en weer aangesit word – indien moontlik, deur ’n gekwalifiseerde hersteller.**

## Lande waar jy gedek is

Jou vaartuig is gedek in Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Mosambiek, Swaziland (Eswatini), Malawi en Zimbabwe.

Die vaartuig is gedek wanneer dit:

- In Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Swaziland (Eswatini) en Zimbabwe aan land is.
- Op binnelandse waters of kuswaters binne 20km van die kus van Suid-Afrika, Namibië en Mosambiek is.
- Op land of ter see vervoer word.

**Neem asseblief kennis: Dekking buite Suid-Afrika is beperk tot eie skade alleenlik.**

## Repatriasieklousule

Indien ’n voorval waarvoor jy kan eis, plaasvind terwyl jou versekerde vaartuig buite Suid-Afrika is, is jy verantwoordelik om die repatriasie van die vaartuig na Suid-Afrika te reël. Jy’s gedek vir repatriasiekoste tot ’n maksimum van R15,000.

Betaling ingevolge hierdie dekking sal eers gedoen word wanneer die vaartuig na Suid-Afrika gerepatrieer is.

## Sleepwerk en berging

Indien jou versekerde vaartuig in ’n ongeluk betrokke is terwyl dit agter jou voertuig gesleep word, moet jy King Price se noodbystandlyn skakel voordat dit deur ’n insleep-operateur van die ongelukstoneel af gesleep word. Ons sal die insleep van die versekerde vaartuig (en die voertuig en sleepwa indien hulle ook by ons verseker is) reël en magtig. Indien jy nie hieraan voldoen nie, sal jy persoonlik verantwoordelik wees vir die insleep, berging en herwinning van die items wat ons verseker.

Indien dit na ’n ongeluk vir jou of die persoon wat die vaartuig op daardie tydstip bestuur het, onmoontlik is om ons te kontak voordat die vaartuig ingesleep word, sal jy gedek word vir die redelike koste om die vaartuig te berg, of na die naaste King Price-goedgekeurde bergplek in te sleep.

Indien jou eis afgewys word of daar ten tyde van die voorval geen versekeringskontrak was nie, sal jy geen dekking hê nie en sal jy persoonlik verantwoordelik wees vir die insleep-, bergings-, herwinnings- en alle ander koste wat aangegaan word.

Indien ons die insleep en berging magtig, en daar later vasgestel word dat die versekeringskontrak ongeldig was, sal jy vir die redelike insleep- en bergingskoste verantwoordelik wees.

**Neem asseblief kennis: In die geval van ’n ongeluk moet jy King Price se noodbystandlyn skakel en die aanbevole insleep-operateur en bergplek gebruik. As jy dit nie doen nie, sal jy vir die koste aanspreeklik wees. Laai dus sommer nou die nommer van ons noodbystandlyn op jou foon: 0860 50 50 50.**

### Wie die skipper van jou vaartuig is

Die gereelde skipper (stuurman of ryer) is die persoon wat die meeste aan die stuur van die vaartuig is gedurende enige maandelikse tydperk, en wat as sodanig in jou polisskedule aangeteken is. Jy moet ons onmiddellik laat weet as die gereelde skipper verander, soos wanneer jou gade of kinders begin om die vaartuig meer te gebruik as jy.

## Wat deur die koning gedek word

### Jy’s gedek vir die verlies van of skade aan jou vaartuig wat:

- Toevallig veroorsaak word.
- Doelbewus veroorsaak word deur iemand anders as jy, ’n lid van jou huishouding of die gereelde skipper, solank dit sonder jou medewete of toestemming gebeur.
- Deur diefstal, kaping en seerowery veroorsaak word, insluitend poging tot diefstal, kaping en seerowery.
- Deur brand, ontploffing, aardbewing, storm, oorstroming, vriesing of sneeu veroorsaak word.
- Deur diere veroorsaak word, met uitsluiting van huisdiere en troeteldiere.

### Aanspreeklikheid

Jy, en enige ander wettig gelisensieerde persoon wat die versekerde vaartuig met jou toestemming stuur, is gedek vir regsaanspreeklikheid na ’n ongeluk waarby die versekerde vaartuig betrokke is, wat skade aan ander mense of hul eiendom veroorsaak, terwyl die versekerde vaartuig op die water is.

Dit sluit regskoste in wat iemand anders van jou kan verhaal, en waartoe ons instem, om ’n eis teen jou te skik of te verdedig.

**Neem asseblief kennis: Die maksimum bedrag wat jy vir 1 ongeluk mag eis, word in jou polisskedule gemeld.**

## Haelskade

Jy's gedek vir haelskade aan jou vaartuig.

## Onderdele wat nie beskikbaar is nie

Indien 'n onderdeel wat nodig is om jou vaartuig ná 'n versekerde verlies of skade te herstel nie as 'n standaard (pasklaar) onderdeel in Suid-Afrika beskikbaar is nie, sal ons 'n bedrag gelyk aan die waarde van die onderdeel op die tydstip toe die verlies of skade voorgekom het, betaal. Die waarde van die onderdeel sal bepaal word ooreenkomstig die prys wat in die vaartuigvervaardiger se jongste katalogus of pryslys aangegee word, plus die redelike koste om die onderdeel te vervoer (behalwe per lug).

# Wat NIE deur die koning gedek word nie

## Buurlande

Jy's nie gedek vir aanspreeklikheid vir sterfte, liggaamlike besering of emosionele skok nie.

Hierdie dekking is gewoonlik nodig wanneer jy na buurlande reis en kan deur jou reisagentskap gereël word, voordat jy reis of wanneer jy die land binnegaan.

## Diefstal en poging tot diefstal

Jy's nie gedek vir diefstal of poging tot diefstal van vaste toebehore, los toebehore, toerusting of 'n enjin/s:

- Wat nie behoorlik aan die vaartuig vasgeheg is nie.
- Uit huishoudelike buitegeboue wat nie met 'n privaat woning verbind is nie.

## Eise wat afgewys is

Jy's nie gedek vir enige voorval wat skade aan ander mense se eiendom of besering aan hulle veroorsaak nie, indien jou eis vir die verlies van of skade aan die vaartuig self nie geldig is nie.

## Gebruik sonder jou toestemming

Jy's nie gedek vir die verlies van of skade aan jou vaartuig wanneer enige lede van jou huishouding jou vaartuig sonder jou toestemming of medewete gebruik, en die verlies of skade nie gedek sou gewees het as jy toestemming verleen het om dit te gebruik nie.

## Lisensies

Jy's nie gedek vir die verlies van of skade aan jou vaartuig:

- Wanneer jy sonder 'n geldige skipperslisensie soos die wet vereis, aan die stuur van 'n vaartuig is.
- Indien die persoon aan die stuur van die vaartuig jonger as 16 jaar is.
- Wanneer jy 'n motor bestuur wat die vaartuig sleep:
  - Met 'n geëndosseerde lisensie vir dronk of roekelose en nalatige bestuur.
  - Sonder 'n geldige rybewys.
  - Met 'n buitelandse lisensie, tensy die bestuurder 'n geldige internasionale bestuurspermit of 'n geldige rybewys het wat in die bestuurder se land uitgereik is. Die lisensie moet in Engels wees (of in Engels vertaal wees deur die owerheid van daardie land), met 'n foto van die bestuurder, en dit moet 'n rybewys wees vir 'n ekwivalente voertuig in Suid-Afrika. Enige persoon wat permanent in Suid-Afrika woon, moet 'n Suid-Afrika lisensie kry binne 'n jaar nadat die persoon 'n permanente inwoner geword het. Indien die buitelandse lisensie 'n voorlopige of leerlinglisensie is, moet die persoon 'n geldige Suid-Afrika bestuurslisensie kry.

## Meganiese onklaarraking

Jy's nie gedek vir meganiese onklaarraking van enjins nie.

## Onder die invloed

Jy's nie gedek vir verlies of skade wat veroorsaak word tydens bestuur of stuur onder die invloed, insluitend indien die persoon wat die voertuig bestuur wat die vaartuig sleep of die persoon wat die vaartuig stuur:

- Onder die invloed van alkohol of verdowingsmiddels is.
- 'n Bloedalkohol-konsentrasie het wat die wetlike perk oorskry, of nie 'n asemtoets slaag nie.
- Onder die invloed van medikasie is wat strydig met 'n mediese praktisyn of die vervaardiger se instruksies geneem word.
- Weier om 'n asemtoets te ondergaan of 'n bloedmonster te verskaf.

## Opsetlike verlies of skade

Jy's nie vir die verlies van of skade aan jou vaartuig gedek nie indien:

- Dit opsetlik deur jou, deur lede van jou huishouding of deur die gereelde skipper veroorsaak word.
- Dit met jou medewete of toestemming gebeur.

## Sekere gebruike

Vaartuie wat vir enige van die volgende gebruik word, word nie deur die koning gedek nie:

- Nooddienste.
- Wetstoepassing.
- Enige wedrenne.
- Seerowery.
- Sleep van ander vaartuie.
- As taxi of vir vervoer van betalende passasiers.
- Om inkomste van enige aard te verdien.
- Huisboot of permanente woonplek.

## Uitsluitings

Jy's nie gedek vir:

- Skrape, kneusplekke of duike wat tydens transito, met laai of aflaai ontstaan.
- Waardevermindering wat voortspruit uit herstelwerk of andersins.
- Verlies of skade wat veroorsaak word deur kragspronge en uiterste strandlandings.

## Verkeerde brandstof

Jy's nie gedek vir verlies of skade wat veroorsaak word deur die verkeerde brandstof in jou vaartuig te tap nie.

## Verkeerde sleepwa

Jy's nie gedek vir verlies of skade wat deur die verkeerde sleepwa veroorsaak word nie. 'n Voorwaarde vir dekking is dat die betrokke sleepwa wat vir die spesifieke versekerde vaartuig ontwerp is te alle tye gebruik word.

## Verlating van ongelukstoneel

Jy's nie gedek nie indien die motor wat die vaartuig sleep, of die vaartuig self, in 'n ongeluk betrokke is en die persoon wat die motor bestuur of aan die stuur van die vaartuig is die ongelukstoneel onwettig verlaat.

## Verlies of skade


Jy's nie gedek vir aanspreeklikheid wat voortspruit uit die verlies van of skade aan:

- Eiendom wat deur jou besit word of onder jou beheer is.
- Eiendom in die besit van of onder die beheer van enige lid van jou huishouding of enige van jou werknemers.
- Enige vaartuig wat deur jou, enige van jou werknemers of lede van jou huishouding gestuur word, wat nie deur jou of hulle besit word of gehuur is nie.

## Wetgewing

Jy's nie gedek vir aanspreeklikheid wat reeds deur wetgewing of ander versekeringskontrakte gedek word nie, soos:

- Enige verpligte mariene versekeringswet.
- SAMSA-regulasies.
- Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid.
- Die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes.
- Enige ander versekeringskontrak.



Aanhangsel A

# Standaardtegniek vir nadoodse ondersoeke en monsterinsameling

Die veeartspatoloog moet gepaste monsters versamel vir histopatologiese, bakteriologiese, toksikologiese en DNS-bevestiging. Die monsters moet na geakkrediteerde laboratoriums gestuur word om die diagnose te bevestig. DNS-monsters word vereis van alle diere wat vir R500 000 of meer verseker is.

Ongeag die oorsaak van dood, moet die materiaal wat ingestuur word vir ontleding ten minste monsters van die lewer, niere, milt, longe, hart, verskillende dele van die spysverteringstelsel, byniere, rugmurg, limfkliere, been en brein insluit. Dit moet versamel word in ’n 10% gebufferde formalienoplossing vir ondersoek deur die veeartspatoloog.

’n Volledige geskiedenis en foto’s van die karkas en – baie belangrik – letsels moet die patologie-versoekvorm vergesel.

## Eksterne ondersoek

Geen nadoodse ondersoek mag begin word tensy ’n bloedsmeer voorberei en ondersoek is nie, veral om die moontlikheid van miltsiekte en die teenwoordigheid van bloedparasiete uit te sluit.

Kyk na die geskiedenis (en die kliniese diagnose) om nadoodse ondersoeke te vermy op diere wat hondsdolheid gehad het.

- Identifikasie: Die dier se ouderdom, skyfienommer of ander vorm van identifikasie moet vasgestel en aangeteken word, en dit moet op so ’n wyse geïdentifiseer word dat dit nie in ’n geregshof betwis kan word nie.
- Toestand van die karkas: Dit moet geklassifiseer word as oorgewig, baie goed, goed, swak, baie swak (uitgeteer of kagekties).
- Nadoodse veranderinge: Dit moet geklassifiseer word as gering, matig of erg.
- Natuurlike liggaamsopeninge: Ondersoek die ore, neus, bek, anus, geslagsorgane en die hele veloppervlak vir enige letsels of die teenwoordigheid van eksterne parasiete.

## Oopsny van die dier

Verskeie tegnieke word gebruik. Individuele variasies kan ontwikkel word vir 'n bepaalde nadoodse ondersoek. Gebruik altyd gepaste instrumente. Messe, byle en sae moet altyd stewig en skerp wees.

Wanneer monsters vir mikrobiologiese en toksikologiese ontledings nodig is, moet dit so vroeg as moontlik gedurende die nadoodse ondersoek geneem word. Die geskiedenis moet in ag geneem word en die besluit om hierdie monsters in te samel, moet verkieslik geneem word voordat die nadoodse ondersoek begin.

Diere moet op hul regtersy geplaas word. Die prosektor staan gewoonlik aan die abdominale kant van die karkas wat ondersoek word. Alle diere moet heeltemal afgeslag word.

Nadat die dier afgeslag is, die subkutane weefsel ondersoek is en die oppervlakkige limfkliere verwyder is, word die linkervoor- en agterbene losgesny van die liggaam en teruggebuig (die visserale limfkliere moet ondersoek word wanneer die karkas oopgesny en die organe verwyder word).

Doen daarna 'n insnyding langs die ventrale middellyn van die borsbeen (sternum) tot by die rand van die pelvis. Die insnyding moet strek van die pelvis se ingang tot die ruggraat (so na as moontlik aan die kraniale aspek van die agterbeen) en dan kraniaalwaarts langs die ruggraat na en tot by die laaste ribbebeen. Die loshangende buikspier moet nou teruggevou word sodat die topografie van die buikorgane ondersoek kan word, en die aanwesigheid van abnormale buikinhoud bepaal kan word. Die volume abnormale vloeistof (soos askitis/buikvog) moet redelik akkuraat bepaal word.

Penetreer nou die diafragma met 'n skerp mes om die omvang van torakale negatiewe druk te bepaal. Voordat 'n normale diafragma gepenetreer word, is dit konkaaf en styf. Hou dop hoe die negatiewe druk opgehef word, wat behoort te veroorsaak dat die diafragma en longe platval.

### Die ribbekas

Sny die ribbebene met 'n beenskêr of snoeiskêr, kapmes of saag, afhangende van die grootte van die dier. Sny die spiere en diafragma weg van die ribbes. Dit is nou makliker om deur die ribbebene te sny.

Nadat deur die ribbebene aan die linkerkant van die borswand gesny is, naby die werwelkolom en deur die sternum (borsbeen), word die borsholte ontbloot en die borswand volledig verwyder. Ondersoek op hierdie stadium die topografie van die verskillende organe en bepaal die teenwoordigheid van letsels.

Mikrobiologiese monsters moet op hierdie stadium asepties ingesamel word (met steriele instrumente en houers). As hierdie monsters nie onmiddellik na die laboratorium gestuur kan word nie, moet hulle in ’n yskas (nie vrieskas nie) gehou word totdat hulle gestuur kan word.

Voordat enige organe uit die bors- of buikholte verwyder word, moet sekere strukture eers ondersoek word, aangesien dit moeilik is om dit te vind en te ondersoek as die organe eers verwyder is. Dit sluit die (torakale en abdominale) aorta, hartsak, ureters, galblaas, linkerbynier en pankreas in.

## Die aorta

Maak met ’n skerp skêr of mes ’n snit in die torakale aorta aan die onderkant van die hart en sny die aorta in die lengte oop van die hart tot by die iliakbifurkasie.

## Die hartsak

Sny die holte oop en ondersoek die inhoud. In normale omstandighede behoort daar net ’n klein hoeveelheid helder, waterige, bleek, geelbruin vloeistof te wees.

## Die hart

Ondersoek volgende die hart. Nadat die hartsak weggesny is, sny die groot bloedvate (so ver van die hart as moontlik) af met ’n mes of ’n groot skêr.

Die hart moet altyd oopgesny word om die hartkamers en -kleppe te ontbloot vir noukeurige ondersoek. Sny die hart altyd oop op ’n standaardwyse, wat mettertyd tweede natuur sal word.

Begin om die hart oop te sny van die regter kant af. In die geval van klein diere kan die hart in die hand gehou word, maar plaas dit op ’n tafel in die geval van groot diere. Maak met ’n skêr die eerste insnyding in die groot are (posterior en anterior vena cava) en sny oor die atrium om die endokardium te ontbloot. Verwyder op hierdie stadium die nadoodse bloedklont wat teenwoordig sal wees.

Bepaal die openheid van die trikuspidale hartklep. Nadat dit gedoen is, gebruik ’n skêr om ’n insnyding te maak deur die AV-klep en langs die regter longitudinale groef. Hierdie insnyding moet langs die groef tot by die apeks strek, en opwaarts langs die linker longitudinale groef tot by die basis van die pulmonale arterie. Sny ook die pulmonale arterie oop. Na inspeksie van die (AV- en pulmonale) kleppe, chordae tendinea en die endokardium, sny die linkerkant van die hart oop.

Om die linkerkant van die hart oop te sny, sny in die middel van die buitenste wand van die ventrikel. Die snit moet oopgemaak word en die binnekant, kleppe en opening van die kroonare moet ondersoek word. Tensy dit aangedui word, is dit nie nodig om die kroonare oop te sny nie. Nadat al die dele van die hart noukeurig ondersoek is, maak longitudinale snitte in die linker- en regterventrikels deur die wande tot in die septum. Hierdie snitte moet spesifiek ook die papillêre spiere insluit, waar baie miokardiale letsels (hartspierletsels) voorkom.

## Die ureters

Hierdie organe moet ondersoek word vir die teenwoordigheid van openheid, dilatasie en die aanwesigheid van eksudaat van urinêre stene (niersteenafskeiding).

## Die galblaas en galbuis

Veral in ikteriese (geelsugtige) karkasse, maak die duodenum oop en druk op die galblaas om die openheid van die galbuis te bepaal. In gevalle waar die ingewande (intestinale traktus) ondersoek moet word vir die aanwesigheid van en aantal interne parasiete, behoort ’n vry vloei van gal deur die gemeenskaplike galbuis tot in die lumen van die duodenum gesien te word wanneer druk op die galblaas uitgeoefen word.

## Die pankreas

Dit is beter om die pankreas te ondersoek voordat die ingewande verwyder word. Volg die orgaan langs die duodenum en ondersoek die hele oppervlak en hoofbuis. Maak ook insnydings in die pankreasmassa (oorkruis of in die lengte).

## Urienmonsters

Urienmonsters word die beste versamel met behulp van ’n skoon naald en spuit. Die gebruik van dipstokkies (met inagneming van die tyd sedert dood) gee ’n aanvaarbare aanwysing van die meer algemene parameters.

Nadat hierdie strukture ondersoek is, verwyder die buikorgane in die volgorde soos hieronder uiteengesit. Die organe kan onmiddellik ondersoek word sodra hulle verwyder is, of kan eenkant in ’n koel plek gehou word vir latere ondersoek. Dié organe wat vinnige outolise ondergaan, soos die byniere en ingewande, moet egter onmiddellik ondersoek word. Histopatologie-monsters moet ook so gou as moontlik geneem word van hierdie organe.

Die volgorde waarin die spysverteringstelsel (gastro-intestinale traktus) verwyder word, wissel na gelang van die spesie waarmee gewerk word:

- By herkouers moet die dunderm en dikderm van die melkpens (abomasum) geskei word. Verwyder die binnegoed eers nadat die voormae verwyder is
- By perde word die dunderm en dikderm eerste verwyder, waarna die maag verwyder word.
- By die klein enkelmaagdiere, kan die maag en hele ingewandstelsel geheel en al verwyder word.

## Die milt

Sny die milt met 'n skerp mes los van die grootpens (rumen) of buiknetvlies (omentum-aanhegting). Die orgaan moet deeglik betas word vir die aanwesigheid van letsels (wat gewoonlik gelokaliseer is en groter konsistensie veroorsaak) en abnormale grootte. Die rante moet ondersoek word vir skerp kante. Die milt moet dan egalig gesny word (oorkruis oor die orgaan) om parenchiem te ontbloot, wat noukeurig ondersoek moet word. Indien 'n vergroting van enige aard opgemerk word, moet die oorsaak daarvan ondersoek word. Wanneer 'n toename in grootte aangeteken word, is dit nie genoeg om net te meld dat 'n vergrote milt gevind is nie.

## Die voormae

Nadat dubbele steke-afbindings in die distale slukderm (esofagus) gebind is naby die kardia (maagingang), en distaal na die pilorus, verwyder die organe deur tussen die steke-afbindings te sny. Die voormae word verwyder deur hulle eenvoudig te trek en met 'n mes los te sny.

Al die kompartemente van die voormae moet versigtig ondersoek word. Nadat die serosale oppervlak en die limfkliere ondersoek is, ondersoek die mukosa en die inhoud van die grootpens, kleinpensie/netpens (retikulum ), blaarpens (omasum) en melkpens (abomasum) deur die organe oop te sny langs hul groot kromming. Die inhoud moet deeglik ondersoek word, en die pH van die grootpens moet bepaal word. Nadat die inhoud verwyder is, kan die binnekante van die organe uitgespoel word om die ondersoek van die epiteel te vergemaklik. As dit aangedui is, kan die inhoud van die grootpens op hierdie stadium versamel word om toksiene, pH en die aktiwiteit van grootpensflora te bepaal.

## Die ingewande

Na die ondersoek van die mesenteriese bloedvate vir die teenwoordigheid van parasiete en die res van die mesenterium (die limfkliere ingesluit) vir die aanwesigheid van enige ander letsels, moet dit van die ingewande so naby as moontlik aan die wand van die ingewande losgesny word sodat die ingewande in sy volle lengte oopgesny kan word. ’n Stomp of spesiale dermskêr is nodig om die klein en groot ingewande oop te sny.

Nadat die pankreas verwyder is en die mesenterium losgesny is, plaas die ingewandstelsel (intestinale traktus) op ’n tafel en sny dit oop in sy volle lengte. Die hele mukosale oppervlak moet ondersoek word vir die aanwesigheid van letsels of interne parasiete.

Moenie vergeet om die onderste deel van die kolon, die rektum en die anus, te ondersoek nie. Hierdie dele moet saam met die blaas en intra-pelviese voortplantingsorgane uit die pelviskanaal verwyder word.

Moenie die inhoud van die ingewande was of van die oppervlak van die mukosa afskraap as histopatologiese toetse daarop gedoen moet word nie. Indien nodig, kan die inhoud van die ingewande afgewas word deur dit in ’n 10% gebufferde formalienoplossing te spoel.

## Die niere en byniere

Die niere en byniere moet saam verwyder word. Die linkernier kan maklik verwyder word deur dit met ’n skerp mes los te sny. Verwyder ook die bynier saam met die nier. Die regternier en -bynier is styf aan die lewer geheg en moet saam met die lewer op ’n later stadium verwyder word.

### Die niere

Ondersoek die simmetrie van die niere en verwyder dan die vet. Na verdere ondersoek van die buitekant van die nier, plaas dit op ’n plat oppervlak en sny met ’n skerp mes oor die lengte daarvan, om soveel as moontlik van die korteks, medulla en pelvis te ontbloot. Na deeglike ondersoek van die gesnyde oppervlak, verwyder die kapsule van die nier deur ’n tang of die punt van ’n mes te gebruik. Evalueer die konsistensie van die nier soos beskryf vir die lewer.

Albei niere moet ondersoek word.

### Die byniere

Verwyder die vetkapsule van die bynier. Ondersoek die uitwendige oppervlak van die bynier deeglik. Maak dan kruissnitte in beide byniere om soveel van die parenchiem van die bynier as moontlik te ontbloot vir ondersoek.

## Die lewer

Sny die lewer saam met die regternier en -bynier met 'n skerp mes los van die diafragma. Nadat die nier en lewer geskei is, ondersoek die lewer. Ondersoek eers die kapsulêre oppervlak, die galblaas-aanhegting en die hoofgalbuise. Plaas die lewer daarna op 'n tafel met sy diafragma-oppervlak onder. Maak met 'n skerp mes 'n aantal insnydings oor die groot galbuise en in die parenchiem (maak insnydings in al die lobbe van die lewer). Nadat snitte in die lewer gemaak is, druk liggies op die kapsulêre oppervlak sodat enige parasiete (soos Fasciola en Stilezia spp) wat in die galbuise teenwoordig kan wees, uitgedruk word. Alle fokale letsels moet ondersoek en oopgesny word. Druk 'n 1 sentimeter dik reep van die lewer met jou vingers om die konsistensie en die orgaan te evalueer. Indien nodig, moet monsters geneem word vir histopatologiese ondersoek.

## Die diafragma

Sny die diafragma heeltemal los van die ribbekas. Dit word die beste ondersoek deur dit teen die lig te hou, wat ook sal help om letsels uit te wys wat teenwoordig kan wees. Maak ook snitte in die gespierde dele van die diafragma en ondersoek die gesnyde oppervlakke deeglik.

## Die tong, slukderm en longe

Hierdie organe word saam verwyder, tensy die dier se kop afgesny is voor die nadoodse ondersoek. Dit is die beste om 'n baie skerp mes te gebruik, en begin met die verwydering vanaf die mandibel (onderkaak) terugwaarts. Maak 2 insnydings in die lengte, langs die binneste grense van die mandibel en trek die tong uit deur 1 van die insnydings. Verwyder die tragea, slukderm en longe nadat deur die hioïedbeen gesny is. Verwydering van die organe word vergemaklik deur langs die dorsale grens van die organe naby die ruggraat te sny.

### Die tong

Na ondersoek van die epiteel van die tong, maak 'n aantal insnydings in die spier (oorkruis of in die lengte). Ondersoek altyd die insnydings deeglik – moenie net die prosedures volg om die vereistes van die voorgeskrewe tegniek na te kom nie.

### Die slukderm

Ondersoek die slukderm nadat dit in die lengte met 'n skerp skêr oopgesny is (begin by die farinks). Nadat dit ondersoek is, sny dit heeltemal weg om inspeksie van die tragea, skildklier (tiroïed) en paratiroïedklier moontlik te maak.

**Die longe**
Nou word die longe ondersoek. Voordat enige insnydings gemaak word, betas beide longe versigtig om te kyk vir enige afwykings (verandering in konsistensie, fokale of multifokale letsels). Nadat die brongi (brongiale buise) so ver as moontlik met 'n skêr oopgesny is, ondersoek die inhoud en binne-oppervlak deeglik.

## Die farinks, larinks en tragea

Sny die farinks oop met 'n skêr en ondersoek die epiteel en mangelweefsel. Sny daarna die larinks oop met 'n skerp skêr (by groot diere kan dit nodig wees om 'n beentang te gebruik aangesien beenvorming (ossifikasie) kan voorkom in die laringeale kraakbeen (stembandkraakbeen). Sny ook die hele lengte van die tragea en die ekstrapulmonale brongi oop.

## Die skildklier (tiroïed) en paratiroïede

Verwyder op hierdie stadium die skildklier en paratiroïede. Ondersoek die uitwendige oppervlakke en maak 'n aantal insnydings om die parenchiem te ontbloot vir ondersoek.

## Die kop en brein

Nadat die kop van die ruggraat afgesny is (deurgesny by die atlanto-oksipitale gewrig), verwyder die brein soos volg: slag die kopvel af en sny die temporale en ander spiere weg van die skedel. Klem 1 ramus van die onderkaak in 'n skroef. Gebruik 'n skerp slagtersaag om die skedel oop te saag soos gedemonstreer in die opleidingsvideo.

Snitte aan die agterkant moet in die laterale gedeeltes van die foramen magnum wees.

Wanneer in die sykant van die skedel gesaag word, moet die saag loodreg met die binnekant van die skedel gehou word om te verseker dat deur die bene gesaag word. Nadat die snitte gemaak is en die been verwyder is, sal die dura mater gewoonlik nog die grootharsings (serebrum) en kleinharsings (serebellum) bedek. Dit moet met 'n skerp skêr weggesny word nadat die veneuse sinusse ondersoek is. Nadat deur die dura mater gesny is, ondersoek die oppervlak deeglik vir die aanwesigheid van vloeistof, simmetrie en eksudaat. Om die brein uit die skedelholte te verwyder, begin by die voorkant en sny die olfaktoriese lobbe en die kraniaalsenuwees met 'n klein mes of skêr. Die serebrum, serebellum en die medulla oblongata moet heel en ongeskonde verwyder word.

Verwyder die brein versigtig deur die kop om te draai en deur die verskillende senuweewortels te sny; die hipofise kan saam met die brein verwyder word deur hierdie tegniek te gebruik. Saag nou in die lengte deur die kop en ondersoek die tande, verhemelte, mangels, speekselkliere en die neusholte. Sny die nasale septum weg om die turbinate en sinusse te kan ondersoek.

As daar enige geskiedkundige aanduiding is dat letsels in die sentrale senuweestelsel kan voorkom, moet die brein en rugmurg in die geheel vir ’n periode van 24-48 uur in ’n 10% gebufferde formalienoplossing gefikseer word voordat disseksie plaasvind. Hanteer die brein baie versigtig en so min as moontlik om uitwendige versteurings te beperk wat histopatologiese interpretasie kan bemoeilik. Wanneer die brein oopgesny word, gebruik ’n skerp mes en sny oorkruis in dun skywe wat maksimum 4mm dik is. Sodoende kan die hele brein goed ondersoek word vir die aanwesigheid van gelokaliseerde letsels en simmetrie.

In herkouers moet ’n breinsmeer altyd van die hippokampus geneem word om die aanwesigheid van die bakterie Ehrlichis ruminantium uit te sluit/te bevestig. Om die hippokampus op te spoor, maak ’n insnyding in die laterale ventrikels van die brein by die samekoms van die middelste en die agterste derde van die serebrum. Dit ontbloot die hippokampus.

## Die hipofise

Op hierdie stadium moet die hipofise verwyder word van die hipofisiale fossa. Hierdie orgaan word maklik beskadig en moet versigtig verwyder word nadat daar deur die diafragma-sellae gesny is, wat dit in sommige spesies bedek. Die volledige hipofise moet gefikseer word, en gedissekteer word nadat dit in formalien bewaar is.

## Die oë

Die oë word uit die kop verwyder nadat insnydings gemaak is deur die supra-orbitale area van die frontale been. Nadat hierdie deel van die been verwyder is, kan die oog maklik verwyder word nadat die spiere en oogsenuwees deurgesny is. Die oë kan saam met die okulêre senuwees verwyder word deur die been met behulp van ’n klein beensnyer of tandetrekker weg te kalwer van die dorsum van die kanaal. Op hierdie manier kan jy ook die optiese chiasma ongeskonde verwyder. Oë moenie gesny word voordat hulle gefikseer is nie.

## Die skildklier

Sny die skildklier los van die trageale oppervlak. Sny dit oop om die parenchiem te ondersoek of fikseer dit in die geheel. Die paratiroïede is baie klein en gewoonlik ingebed in die skildklier (tiroïed).

## Die pelviese organe

Nadat daar deur die gewrigsholte (asetabulêre gedeelte) van die pubis (skaambeen) en die as van die iskium (sitbeen) aan beide kante van die symphysis pubis gesaag of gesny is, word die gedeelte van die been wat so geïsoleer word, verwyder om die pelviese organe te ontbloot. Die pelvis kan oopgeforseer word, waarna die pelviese organe met ’n skerp mes weggesny word van die wande en dak van die pelviese holte.

Al die organe moet oopgesny word om die lumen te ontbloot. Onthou om die hele voortplantingstelsel, insluitend die bykomstige organe, te ondersoek.

## Die rugmurg

In alle dierspesies moet die ruggraat oopgesny word deur ’n swaar mes of kapmes te gebruik (afhangende van die grootte van die dier). Beide instrumente moet skerp wees om hierdie redelik fisiese operasie te vergemaklik. Nadat die spiere weggesny is van die been, terwyl die dier steeds op sy regtersy lê, word die werwels (vertebrae) gekloof van die pelvis tot by die boonste nekwerwel (atlas). As die geskiedenis die moontlikheid van letsels toon, moet die rugmurg in sy geheel gefikseer word, soos beskryf vir die brein, en ondersoek word met behulp van verskeie disseksies – deur elke segment indien nodig. In al hierdie gevalle behoort die rugmurg histologies ondersoek word.

## Die gewrigte

Die groot gewrigte moet met ’n mes of skêr oopgesny word deur die gewrigskapsel. Ondersoek ook die gewrigoppervlakke nadat hulle oopgesny is. Afhangende van die geskiedenis, kan die aseptiese versameling van gewrigsvloeistof nodig wees vir bakteriese isolasie.

## Die spiere

Insnydings moet gemaak word in al die hoofspiere om soveel van die spier as moontlik te kan ondersoek.

## Die beenmurg

Saag 1 van die femurs (dybene) in die lengte oop om die beenmurg te ontbloot vir ondersoek. Ondersoek die as, metafise en diafise van die verskillende lang beendere. Waar aangedui, moet meer plekke ondersoek word. Waar histologiese ondersoek van die murg vereis word, lewer die sponsbeen van die proksimale epifise die mees verteenwoordigende monster van hemopoïetiese weefsel.

## Die geslagstelsel

Ondersoek die hele geslagstelsel deur strukture en hol organe oop te sny.

## Fetus

### Gedraaide naelstring

Daar kan een, of tot 7, draaie/kinkels in die naelstring van die normale plasenta in vullens voorkom sonder om enige probleme te veroorsaak. Die kinkels kan belangrik word in die geval van oormatige edeem, weefselskeuring van die naelstring, fibrose of uittering van die vul, of enige ander vaskulêre ontoereikendheid in die naelstring, insluitend uragus- en blaasuitsetting in die vul. Indien geen letsels gevind word nie, kan die kinkels as normaal beskou word.

### Plasentale neerslae

Verspreide, ondeursigtige wit neerslae van kalsium, 1-5mm in deursnee, word gereeld gesien op die chorion (buitenste vrugvlies) van koeie, skape en varke. Dit word as normale strukture beskou en kom slegs gedurende sekere fases van dragtigheid voor.

’n Ander algemene verskynsel is die geronde geel-groen tot wit plaak wat gereeld in ’n liniêre rangskikking op die amnion (binneste vrugvlies) van perde, skape en beeste voorkom. Baie is gerond en het ’n ingeduikte sirkelvormige ring in die middel. Dit is algemene verskynsels sonder enige oorsaak of effek. Hulle trek maklik af. Bruinerige plat, rubberagtige massas (hippomanes), van 2-10cm of meer in deursnee, word ook gereeld in die allantoïese vloeistof van perde en koeie aangetref. Gewoonlik word net 1 of 2 gevind en wanneer dit deurgesny word, het baie, maar nie almal nie, ’n sentrale gelamineerde voorkoms wat daarop dui dat hulle bolvormig kon gewees het, maar nou gekollabeer het. Hul oorsprong is nog onbekend.

# Insameling van monsters vir verdere ondersoek/ontleding

Om ’n diagnose te bevestig of in gevalle waar dit nie moontlik is om gedurende die nadoodse ondersoek ’n definitiewe diagnose te maak nie, moet monsters geneem word vir addisionele toetse, insluitend histopatologiese, mikrobiologiese en toksikologiese toetse en/of immunoperoksidasekleuring en bepalings van minerale/spoorelemente.

## Histopatologie

Monsters vir histopatologiese ondersoek moet met ’n skerp mes geneem word en gefikseer word in ’n 10% gebufferde formalienoplossing. Vir voldoende en vinnige fiksering word weefselblokke van ongeveer 2 x 2 x 0.5cm verkies.

Behalwe in ’n paar uitsonderlike gevalle moet die brein in ’n 10% gebufferde formalienoplossing gefikseer word indien die aanwesigheid van letsels vermoed word.

As daar geen aanduidings van ’n moontlike diagnose is nie, word verkies dat verteenwoordigende monsters van ’n reeks organe geneem word.

Die formalienoplossing moet 10 x die volume van die monsters wees. In die geval van hol organe soos die ingewandstelsel, moet monsters geneem word voordat die orgaan oopgesny word. Dit is ook raadsaam om ’n dun repie normale weefsel aan die kant van ’n letsel in te sluit, veral in die geval van neoplastiese en inflammatoriese toestande.

## Mikrobiologie

Monsters vir bakteriologiese en virologiese kulture moet vars wees en asepties versamel word, met geen preservering of gebufferde oplossing nie, en geplaas word in aparte steriele, duidelik gemerkte plastiekhouers. Monsters van eksudate (soos etter) moet in ’n vervoermedium geplaas word.

Hierdie monsters moet eers koud gemaak word (nie gevries nie) by 4 grade Celsius en verpak bo-op gevriesde koelsakkies na die laboratorium gestuur word. Wanneer bakteremie of septisemie vermoed word, moet monsters van ’n reeks organe soos die milt, lewer, long, brein en gedeeltes van die ingewandstelsel (aan beide kante met koord afgebind) geneem word. Let asseblief daarop dat daar spesifieke vereistes is in die geval van bek-en-klouseer, Afrika-varkgriep en hondsdolheid. Kontak die laboratorium vir meer besonderhede.

## Toksikologie

Orgaanmonsters sowel as voer van lekke en bloed kan versamel word vir toksikologiese ontleding. Standaard-orgaanmonsters, wat versamel moet word in aparte houers wat duidelik gemerk is, sluit in: maag/pens (aan beide kante met koord afgebind), lewer en, afhangende van die voorlopige diagnose, vel, vet, niere en/of brein. Die grootte van die orgaanmonsters sal wissel en afhang van die spesifieke toets wat nodig is en die aantal toetse wat aangevra word. Gewoonlik is ongeveer 200g genoeg. Die monsters moet koel gehou word, terwyl gevriesde monsters vir sommige toetse ingestuur kan word. Kontak die laboratorium vir meer inligting.

## Ontleding van minerale/spoorelemente

Die vereistes vir monsters en gebruik van fikseringsoplossings vir die ontleding van minerale/spoorelemente kan verskil volgens die spesifieke laboratorium wat gebruik word. Die meeste laboratoriums verkies vars materiaal. Kontak die betrokke laboratorium vir meer inligting.

# Die polis reis

My polis nr.

| Datum | Rede vir oproep | Naam van konsultant |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |



# Notas